# DIE STAAT, SY TAAK EN ROEPING
# GEBASEER OP 'N SKRIFGEFUNDEERDE ONTOLOGIE

deur

**JACOBUS MARTINUS GERBER**

Akademiese verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Wysbegeerte) aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys, Potchefstroom
Oktober 1979

---

Studieleier: Prof. J.A.L. Taljaard M.A. (S.A.)
Psychol. Drs. D.Phil. (V.U. Amsterdam)

Hulpeksaminatore: Prof. L. Floor TH.D. (PU vir CHO)
Prof. M.E. Botha M.A. (Maarsk. Sorg)
D.Phil. (PU vir CHO), D.Phil.
(Amsterdam)

## WOORD VOORAF

Langs hierdie weg wil ek graag my opregte dank betuig:

- aan my studieleier, prof. dr. J.A.L. Taljaard vir sy prinsipiële en koersvaste leiding en onderrig wat die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het. Hoewel prof. dr. L. Floor en prof. dr. M.E. Botha eers later tot hulp gekom het, betuig ek ook my waardering vir hul begrip, simpatieke leiding en tyd om hierdie werkstuk deur te lees en te beoordeel.

- aan die Hoofbestuur van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys wat drie maande studieverlof aan my toegestaan het en my ook finansieel ondersteun het

- aan hulle wat die naaste aan my staan: my eggenote en kinders vir hulle belangstelling, aanmoediging en inspirasie om hierdie studie te voltooi. Ek dra hierdie werk aan hulle op as teken van my dankbaarheid en waardering

- aan mej. A. Burger vir haar flink en netjiese tikwerk wat hierdie werk 'n plesier gemaak het.

Sonder die gesondheid, krag en genade wat God Drieënig verleen het sou niks hiervan vir my moontlik gewees het nie. As daar iets van waarde in hierdie werkstuk mag wees - aan Hom al die eer en dank!

J.M. GERBER

Bloemfontein
Oktober 1979

**INHOUDSOPGAWE** Bladsy


Woord vooraf

Inleiding ______________________________ 1

Hoofstuk I

Samelewingsleer gebaseer op Skrifgefundeerde ontologie 7

1 Historiese oorsig ______________________________ 7

1.1 Voor sintese ______________________________ 8

1.2 Tydens sintese ______________________________ 8

1.3 Na sintese ______________________________ 9

1.3.1 Antisinteties regse denke ______________________________ 9

1.3.2 Antisinteties linkse denke ______________________________ 12

2 Huidige tendens in die linkse denke oor die samelewing ______________________________ 15

2.1 Maatskappy-kritiek van anti-sinteties linkse denkers ______________________________ 17

2.1.1 Probleemsituasie vir Neo-Marxiste ______________________________ 18

2.1.2 Die blywende maatskaplike toestand wat om beredderіng roep ______________________________ 19

2.1.3 Nuwe ideologiese basis vir die revolusie ______________________________ 20

2.1.4 Nuwe weë en middele om die revolusie te bevorder 23

3 Samelewingsleer vanuit radikaal, anti-sinteties regse standpunt ______________________________ 26

3.1 Ontologiese voorveronderstellinge ______________________________ 28

3.1.1 God Drie-enig ______________________________ 30

3.1.2 Die Geldende wet ______________________________ 34

3.1.3 Die aards-geskape subjek ______________________________ 37

3.1.4 Die mensbeskouing ______________________________ 41

3.2 Samelewingsverbande ____ 63
3.2.1 Afgrensing van eiesoortige verbande ____ 64
3.2.2 Samehang en samewerking tussen eiesoortige verbande ____ 74
3.2.3 Onderlinge samehang tussen verbande met dieselfde subjektiewe identiteit ____ 80
3.2.4 Basiese kenmerke van verbande as skeppings= realiteite ____ 82

Hoofstuk II
Struktuuranalise van die staat by die W d W ____ 100
1 Onderwaardering van die staat as samelewingsverband 100
2 Oorwaardering van die staat as samelewingsverband ____ 102
3 Struktuur en wet ____ 105
3.1 Wat is 'n struktuur ____ 105
3.2 Identifikasie van struktuur en wet by die W d W ____ 106
3.3 Struktuur en wet by Stoker ____ 109
3.4 Probleem van universaliteit en indiwidualiteit i.v.m. struktuur en wet ____ 110
4 Struktuuranalise volgens die W d W ____ 112
4.1 Kritiek van F. Kuyper ____ 115
4.2 Kritiek van A.M. Donner ____ 118
4.3 Kritiese vrae van L.M. du Plessis i.v.m. modale hiërargie: Ante en retrosipasies ____ 122
5 Afgrensing van die staat as eiesoortige verband ____ 126

HOOFSTUK III
Die eiesoortigheid van die staat ____ 129
1 Die staat as skeppingsrealiteit ____ 129
2 State as menslik geaktualiseerde realiteite ____ 135

2.1 Positiverende en konkretiserende aktiwiteit van die mens ____ 137
2.2 Die leiding van die Heilige Gees ____ 139
2.3 Beginsels en norme en die positiverings en konkretiseringsproses ____ 140
2.4 Betekenis van die sentrale religieuse wet ____ 141
2.5 Belangrikheid en futuliteit van menslike instellings ____ 142
2.6 Samevatting ____ 142
3 Die eiesoortigheid van die staat ____ 143
3.1 Kursoriese oorsig oor die natuurregsleer ____ 143
3.2 Poging tot toepassing van 'n Skrifgefundeerde Wetsleer om eiesoortigheid van die staat te bepaal 146
3.3 Eenheid van Goddelike wet as uitdrukking van God se wil ____ 147
3.4 Wet, hart en samelewingsverband ____ 148
3.5 Onderskei mens en verband ____ 150
3.6 Die eiesoortige binding in die staatsverband ____ 151
3.7 Die eiesoortige gesag van die staat ____ 172
3.8 Die eiesoortige struktuur van die staat ____ 182
3.9 Die positiewe wette van die staat ____ 186

HOOFSTUK IV

Basiese kenmerke van die staat met besondere verwysing na: Modaliteit ____ 190
1 Subjektiwiteit en objektiwiteit ____ 190
2 Tydsheid ____ 192
3 Universaliteit ____ 193
4 Genetisiteit ____ 194
5 Waardebepaaldheid ____ 195

6 Modaliteit 198
6.1 Onderskeiding: staat en regsnorme 199
6.2 Koninkryksperspektief op die bestemming van die staat 201
6.3 Die perspektief vanuit die nasionale op die funksionering van die modaliteite 205
6.3.1 Funksionering van die modaliteite onder leiding van die juridiese 205
6.3.2 Funksionering van die modaliteite onder leiding van die ontiese wet vir die staat 206
6.3.2.1 Die aritmetiese (getal) 207
6.3.2.2 Die ruimtelike (kontinuïteit) 210
6.3.2.3 Die kinematiese (beweging) 213
6.3.2.4 Die fisiese (energie) 213
6.3.2.5 Die organiese (vitale) 214
6.3.2.6 Die psigiese (sensitiwiteit) 216
6.3.2.7 Die analitiese (denke) 217
6.3.2.8 Die organiseer-(of kultiveer)bare 219
6.3.2.9 Die linguale (benoembaarheid) 223
6.3.2.10 Die sosiale (omgang) 224
6.3.2.11 Die ekonomiese (huishouding) 226
6.3.2.12 Die estetiese (simboliseerbare) 228
6.3.2.13 Die juridiese (reguleerbare) 230
6.3.2.14 Die etiese (betroubaarheid) 231
6.3.2.15 Die pistiese (waarheid) 233

HOOFSTUK V

Staatstaak 236
1 Staatstaak en owerheidstaak 236

2 Begrensing van die owerheidstaak in die kring van die W d W 243
3 Begrensing van die owerheidstaak by Stoker en L.J. du Plessis 256
4 Staatstaak gebaseer op 'n Skrifgefundeerde ontologie 262
4.1 Inleiding 262
4.1.1 Ontologiese uitgangspunt 262
4.1.2 Struktuuranalise en strukturele begrensing 262
4.1.3 Die nasionale as eiesoortige staatlike binding 263
4.1.4 Strukturele begrensing van die owerheidstaak 263
4.2 Die eiesoortige staatstaak 265
4.2.1 Begrensing van staats- en owerheidstaak 265
4.2.1.1 Die Soewereiniteit van God 266
4.2.1.2 Die sentrale religieuse liefdeswet 266
4.2.1.3 Die ontiese wet van die staat 269
4.2.1.4 Die ontiese wette van anderssoortige verbande 271
4.2.1.5 Begrensing deur burgerlike belange 274
4.2.1.6 Begrensing deur ander gelykwaardige state 277
4.2.2 Die geinstitusionaliseerde geregtigheidslewe van die staatsburger 279

HOOFSTUK VI

Die eiesoortige roeping van die staat 283
1 Die fundering van die eiesoortige roeping van die staat 283
1.1 Die begrip Roeping 283
1.2 Die spreke, die Woord van God 285
1.3 Die Koninkryk van God 289
1.4 Die eie ontiese wet 291
1.5 Die Skrifgeworde Woord van God 299

2 Inhoud van die staat se roeping ____ 308
2.1 Die luister na die sprekende God ____ 308
2.2 Uit sondeslawerny tot gehoorsaamheid ____ 309
2.3 Geroep in 'n konkrete situasie en tydsomstandig=
hede ____ 312
2.4 Staatstaak en staatsroeping ____ 313
2.5 Roeping van die staat t.o.v. sy eie nasionale
bestaan ____ 315
2.6 Staatsroeping t.o.v. anderssoortige verbande en
ander lewensvorme ____ 323
2.7 Staatsroeping op internasionale gebied ____ 334
2.7.1 Staatsroeping en internasionale welvaartsbe=
planning ____ 336
2.8 Staatsroeping in Koninkryksperspektief ____ 341

SUMMARY

VOETNOTE ____ 345

BRONNELYS ____ 363

## INLEIDING

## ANALISE EN BEGRENSING VAN TEMA

In die formulering dat die Staat 'n taak en roeping het wat gebaseer word op 'n Skrifgefundeerde ontologie lê reeds 'n positiewe waardering van die staat as samelewingsverband opgesluit. Hierdie positiewe waardering lê m.i. in lyn met die gedagte-ontwikkeling aangaande die Staat in Calvinis= tiese kringe sedert Groen van Prinsterer soos dit ook verder (en selfs anders genuanseerd) uitgebou is deur manne soos Kuyper, Bavinck, Dooyeweerd e.a. in die kring van die Wysbegeerte van die Wetsidee.[1] Dit wil te kenne gee dat die Staat nie noodwendig 'n instrument van die Bose is of slegs ter wille van die sonde (K. Barth, E. Brunner) daar is nie, maar dat dit 'n skeppingsrealiteit is wat onder die koningsheerskappy van God Drieënig val. As sodanig moet dit ook die Woord van God gehoorsaam - 'n stelling wat egter nader gekwalifiseer moet word.

In hierdie verband verwys ek met instemming na Heyns[2] wat ses Woord-gestaltes onderskei nl. die Skeppingswoord, Voorsienig= heidswoord, Verlossingswoord, Vleesgeworde Woord, Skrifgeworde Woord en Gepredikte Woord. Dit is nie ses verskillende woorde nie, maar één Woord deur één God gespreek met een enkele bedoeling en dit is om gestalte te gee aan Sy Koninkryk op aarde.

Hierby 'n enkele opmerking: Kragtens God se Skeppingswoord is alles uit niks in aansyn geroep en is Sy Skepsels voor ons soos die letters in 'n mooi boek (Ps. 19:2 - 7) waaruit ons kan lees

en, soos Paulus in Romeine 1:20 skryf, Sy onsigbare dinge van die Skepping van die wêreld af in Sy werke verstaan en duidelik sien naamlik Sy ewige krag en goddelikheid. Die Skepping self is dus reeds 'n gehoorsaamheidsgestalte van God se Skeppings=woord en wel in die sin dat dit Sy Woord gehoorsaam het om te wees wat God bedoel en gewil het dat dit moet wees. "Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër....want Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied, en dit staan." (Ps. 33:6 - 9) Dit het dus ook reeds 'n waarde gerealiseer in so 'n mate dat God self alles wat Hy gemaak het gesien het en - DIT WAS BAIE GOED. (Gen. 1:31).

Maar dit is ook 'n gehoorsaamheidsgestalte van Sy Voorsienig=heidswoord, want as God maar die Skepping een oomblik sou loslaat, dan sal dit weer in die niet versink. Nog meer, ook die Verlossingswoord het betekenis vir die ganse skepping daarom lees ons dat God in Christus (die Vleesgeworde Woord) die wêreld met Homself versoen het (II Kor. 5:19) en eindelik sal die nuwe hemel neerdaal op die nuwe aarde en die Koninkryk sal aan God die Vader deur God die Seun oorgegee word sodat God weer kan wees alles en in almal. (I Kor. 15:24 - 28).

Uit die feit dat die Skepping 'n gehoorsaamheidsgestalte van die Woord van God is, kan ons aflei dat die Skeppingswerke van God 'n betroubare bron van kennis is. Dit is ook 'n waarheidsgestalte wat dit vir die mens moontlik maak om be=troubare kennis op te doen om sodoende Sy oorspronklike Skeppingsopdrag ten uitvoer te bring. (Ps. 19). By die betekenis van die Skrifgeworde Woord vir hierdie kennis en waarheid, word later stilgestaan.

'n Belangrike gedagte wat Heyns verder na vore bring, is dat Koninkryk en Kerk nie identies is nie en dat die Kerk slegs een gestalte van die Koninkryk is. Daar is volgens hom ook baie ander gestaltes. Onder die term Koninkryk van God verstaan hy die volgende: die Koninkryk is God se heerskappy oor en die gehoorsame aanvaarding daarvan deur sy onderdane: stof, plant, dier, mens en engele. Nog korter: "die Konin= kryk is die triomf van Gods wil."[3] Wat die positiewe verhou= ding van Koninkryk en Kerk betref sê hy in aansluiting by hier= die omskrywing: "die Koninkryk is daar waar aan Gods heerskappy gehoor gegee word, waar stof, plant en dier hulle aan Gods heer= skappy onderwerp en waar mense hulle in gehoorsaamheid daaraan onderwerp."[4] Die Koninkryk van God is dus so wyd soos die Skepping self. Dit is 'n universele, dinamiese, teenwoordige en toekomstige werklikheid wat die kosmiese werklikheid insluit en wat 'n teen-werklikheid nl. die ryk van die Bose ken. Laas= genoemde dui op die onversoenbare antitese tussen wat Augus= tinus die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis genoem het - 'n antitese wat vir die behandeling van ons onderwerp van die grootste belang is.

Voorop in bostaande omskrywing staan die gedagte dat God Drie= enig absoluut soewerein is oor die ganse Skepping. Hy is die KONING en Hy heers deur Sy Woord oor Sy onderdane en burgers. Tot die burgers word gereken die gelowiges wat Sy heerskappy erken, aanvaar en Sy wil met hulle hele hart ten uitvoer bring waar hulle ook al optree. "Waar die burgers dus indiwidueel of kollektief, binne of buite organisatoriese verband, in die wetenskap en die kuns, in die politiek en die huwelikslewe, in die staat en in die sake-onderneming, ja, waar ook al, buig voor die gesag van God wat deur Sy Woord heers, daar

breek iets deur van die Koninkryk van God. So kry ons dus verskillende gestaltes van die Koninkryk. Want die gehoorsaam= heid aan God in die wetenskap is anders as die gehoorsaamheid in die kuns en anders in die staat as in die huwelikslewe. Nie dat die gehoorsaamheid self anders is nie - dié bly dieselfde - maar die Woord spreek die mens telkens anders aan en daarop word telkens anders,maar steeds in gehoorsaam= heid geantwoord."[5] Tot sover die aanhaling uit hierdie werk van Heyns.

Wanneer ons egter in hierdie verband praat van die Staat dan is die bedoeling nie om die struktuur van die samelewingsver= band geheel-en-al los te dink van sy lede nie, maar juis om struktuur en lede steeds in onverbreeklike korrelasie met mekaar te sien. Ons gaan wel struktuur en lede onderskei en ook meer klem lê op die strukturele aspek van die verband, maar ons gaan van die beginsel uit dat struktuur nêrens an sich bestaan nie en dat die mens ook nêrens buite verband bestaan nie. Mens en verband is nie identiek nie, maar ook nie te skei van mekaar nie. Dit is nie die verband as sodanig wat deur God geroep of aangespreek word nie, maar die mens as religieuse wese binne die verband. Die struktuur of bouvorm van die verband is, na sy wetsy gesien, 'n skeppingsgegewene en na sy subjeksy gesien die menslike antwoord (positivering of konkretisering) op die spreke (die Woord, die Wet) van God.

Die staat (die owerheidsampsdraers en burgers) word dus in bogenoemde sin deur die Woord van God opgeroep om in gehoorsaam= heid, 'n eiesoortige antwoord te gee op die spreke van God Drieënig met ander woorde om op tipies staatlike wyse antwoord te gee in 'n ver-ant-woordelike of normatiewe staatstruktuur,

staatsbestel en staatslewe. Dit kan uiteraard alleen geskied wanneer owerheid en onderdaan (oor die algemeen gesproke) allereers burgers van Gods Koninkryk is wat buig voor die koningsheerskappy van die God van die Heilige Skrifte. Uiter= aard kry ons dit nêrens - nie eers in die Kerk - dat alle lede hoof vir hoof burgers van Gods Koninkryk is nie. Tog doen dit nie af aan die feit dat so 'n verband nogtans christelik genoem kan word nie.

Besondere klem sal voorts gelê word op die feit dat die mens 'n religieuse wese is wat as sodanig nie prefunksioneel dit wil sê wat sy "HART" betref deur enige besondere verband opge= eis kan word nie en dat die binding binne die samelewingsver= bande ook nie sy subjektiewe identiteit as religieuse wese ophef of vernietig nie. Hy bly steeds persoonlik aanspreek= baar en verantwoordelik binne elke lewensverband. So is die lewe binne elke lewensverband dan ook in 'n besondere sin religieus bepaald, want ons het te doen met die mens met 'n "hart" wat, volgens von Meyenfeldt,[6] die "brandpunt van die religie is of (volgens Vollenhoven) "die religieuse rigting= bepalende sentrum", "die punt waar die ganse menslike bestaan homself konsentreer in die religieuse wortel van ons hele menslike bestaan" (Spier). Dit kom daarop neer dat religie nie met godsdiens sondermeer vereenselwig moet word nie en allermins met die Christelike godsdiens. Religie dui op die rigting van die menslike HART en dit kan tweërlei rigting wees nl. òf dit is op die ware God gerig soos Hy Homself in Sy Woord geopenbaar het òf die hart kan van die ware God afgerig en op 'n afgod gerig wees. Die rigting (en gesteld= heid) van die hart is voorts bepalend vir al die doen en late van die mens, want uit die hart is die oorspronge van die

lewe. (Spreuke 4:23) Die mens het nie net uit die hart lief nie, hy dink ook uit sy hart, beoefen kuns uit sy hart, spreek reg uit sy hart - al sy doen en late is harte-aktiwiteite en as sodanig dus religieus bepaald. Die religie sny dus ook deur die hele staatslewe heen en is bepalend vir die roepingsvervulling van die staat op elke terrein en t.o.v. elke aspek van die staatslewe. Die burgers van die Staat (owerheid sowel as onderdane) word dan ook deur God se alles=dekkende Wetswoord opgeroep en opgeëis vir God, as soewereine Koning, se diens en namate daar in die staatslewe deur die burgers gehoorsaamheid betoon word, word die staatslewe geheilig tot GODS-DIENS d.i. diens aan God en Sy Koninkryk.

Die vraag is dus ten slotte hoe 'n staat georden en gestruktu=reer moet wees om 'n gehoorsaamheidsgestalte van die Woord te konkretiseer in die werklikheid. Hoe sal so 'n staat in die praktyk daar uitsien, nie alleen wat sy owerheidsektor of gesagstruktuur betref nie, maar ook wat die lewe van sy burgers betref.

Ten slotte moet daarop gewys word dat die nadere uitwerk van hierdie tema slegs 'n paar versigtige en huiwerige treetjies op die weg is om in Skriflig en gebaseer op 'n Skrifgefundeerde Ontologie (soos aangebied deur Prof. dr. J.A.L. Taljaard in sy publikasie Polished Lenses (Pro Rege, Pers Potchefstroom, 1976) hierdie omvangryke onderwerp te benader en hopelik 'n stimulus vir verdere denke en studie te verskaf.

## HOOFSTUK I

## SAMELEWINGSLEER GEBASEER OP 'N SKRIFGEFUNDEERDE ONTOLOGIE

Die Reformatoriese beskouing van die staat as 'n eiesoortige samelewingsverband berus allereers op 'n analise van die same= lewing in die lig van die Skrifgeworde Woord van God. Laas= genoemde nl. ons analise van die eiesoortige samelewingsstruk= ture wortel weer op sy beurt in 'n Skrifmatige werklikheidsleer (ontologie) en antropologie waardeur die dualisme en spanning tussen enkeling en gemeenskap, wat so eie aan sintese-denkers is, opgehef word.[1] Waar daar nie duidelikheid by 'n denker is oor die eiesoortige samelewingsverbande in hulle onderlinge samehang met mekaar nie, kan daar ook nie 'n juiste waardering van die staat wees nie. Dit is omdat daar in Calvinistiese kringe 'n terugkeer was na 'n Skrifmatige, d.w.s. antisinteties regse denke dat daar ook gaandeweg 'n positiewe waardering vir die staat as eiesoortige samelewingsverband gegroei het. Dit het voortgekom uit 'n werklikheidsbeskouing, mensbeskouing en samelewingsbeskouing wat op die Skrif gegrond was. Ter stawing van hierdie stelling word 'n kort historiese skets in hierdie verband gegee, daarna word die huidige feitlike situasie in oënskou geneem waarna 'n kort uiteensetting van enkele grondlyne van 'n Skrifmatige samelewingsleer gebied word.

### 1 HISTORIESE OORSIG

Volgens D.J. de Groot[2] het daar in Christelike kringe nie altyd 'n positiewe waardering van die staat bestaan nie. Die positiewe waardering het eers gekom met die Reformasie van die 16de eeu en is in die historiese lyn van die

Calvinistiese Reformasie uitgebou deur manne soos Groen van Prinsterer, Kuyper, Bavinck, Dooyeweerd e.a. Wanneer die Reformasie die staat en die staatkunde positief gaan waardeer en leer dat die Christen daarin God regstreeks kan en moet dien, breek hulle met 'n eeue-oue en taaie tradisie.

Hierdie breuk met die tradisie was eintlik 'n breuk met 'n bepaalde vorm van sintese-denke ten gunste van 'n anti-sinteties regse, d.w.s. Bybelse denke. Vollenhoven[3] het die perspektief geopen dat die geskiedenis van die Wysbe= geerte, vanuit 'n Skrifmatige visie, ingedeel kan word volgens die denker se verhouding tot die Woordopenbaring. Hiervolgens is daar die volgende periodisering van die geskiedenis van wysgerige denke nl. die periodes 1 <u>voor</u>, 2 <u>tydens</u> en 3 <u>na</u> die opkoms en bloei van die sintese filosofie.

1.1 Die eerste van hierdie periodes omvat die geskiedenis van die wysbegeerte voordat die Evangelie buite Israel (± 40 n C) opnuut bekend geword het. Die wysheid onder die Ou Verbond, wat verkry is deur besinning oor die Wet en die Evangelie het mettertyd slegs by Israel bekend gebly. Die wysheid van die ander volke was van die lig van die Woordopenbaring grotendeels verstoke en het dus 'n sterk paganistiese karakter gedra.

1.2 Deur die prediking van die Evangelie aan die volkere kom hulle in aanraking met oplossings van probleme wat deur die Woordopenbaring gebied word. Dan vind daar bewus of onbewus 'n verbinding plaas van resultate van wysgerige besinning oor die kosmos in die lig van die Evangelie met die ou paganistiese filosofie. Hierdie periode kan ons

karakteriseer as die tydperk van die opkoms en bloei van die sintese filosofie (± 40 n C tot laat Humanisme).

1.3 Die insig dat so 'n sintese innerlik onmoontlik is het veral sedert die Renaissance en Reformasie gelei tot meer konsekwente anti-tetiese ontwikkeling sowel Skrif=tuurlik as van anti-Skriftuurlike denke, d.w.s.:

1.3.1 Antisinteties regse, d.w.s. Bybelse denke wat in meerdere of mindere mate deur die Reformasie van die 16de eeu en daarna gestalte gegee is.

1.3.2 Antisinteties linkse denke d.w.s. met ignorering of verwerping van die Woordopenbaring soos verteenwoordig deur die Humanistiese denke met al die uitlopers daarvan. Ons let veral op hierdie laaste twee strominge.

1.3.1 Antisinteties regse denke

Die positiewe waardering van die staat vloei daaruit voort dat die Calvinistiese Reformasie op grond van die Woordopenbaring in hulle denke uitgegaan het van die erkenning van die absolute soewereiniteit van God oor die ganse skepping en met name ook oor die staat en die konsekwensies daarvan getrek het. Hulle het in hulle denke verby die Skolastiek en sintese-denke van die Middeleeue teruggegaan na die suiwere bron van die Woordopenbaring (Sola Scriptura) en daaruit gaan put. Dit het hulle in staat gestel om te breek met die dualistiese wêreldbeeld van natuur en bonatuur (natuur-genade skema) van die Skolastiek. So kon hulle weer 'n juister siening kry op die samelewing as eiesoortige, onderling-samehangende verbande wat

elk, "soewerein in eie kring", naas mekaar bestaan en nie piramidies gerangskik is met òf die kerk òf die staat as oorkoepelende (en verslawende) magstruktuur bo andere nie.

Dit het die gesigspunt geopen dat die gelowige geroepe is om God in alle samelewingsverbande te dien en so die lewe te heilig. Die staat is hoog gewaardeer omdat die owerheid deur God ingestel is (Rom. 13) en die karakter dra van deur God ingestelde amptelike diens.

Staatsleer en Regsfilosofie is in lyn met die Calvinistiese Reformasie veral kragtig en breed uitgebou in Nederland deur manne soos Groen van Prinsterer, H. Bavinck, A. Kuyper, H. Dooyeweerd e.a. in die kring van die Antirevolusionêre Staatkunde. Veral prof. dr. H. Dooyeweerd het in sy Wysbegeerte der Wetsidee en daaropvolgende werke in hierdie opsig baanbrekerswerk verrig waarby die student in Staatsleer, Regswetenskappe en die Christelike Wysbegeerte nie kan verbygaan nie. Mekkes sê tereg in hierdie verband: "Wij wagen het daarom neer te schrijven, dat het voeren van een Christelijke Staatkunde in de toekomst niet meer mogelijk zal zijn, zonder dat men zich van de structuur van de menselijke samenleven tot in haar fundamenten rekenschap geeft. Het is de Wysbegeerte der Wetsidee, die, vanuit Skriftuurlijk uitgangspunt de eerste ernstige poging tot deze bezinning heeft gedaan..."[4]

Dit is vir ons doel hier nl. om die positiewe waardering van die staat as eiesoortige lewensverband in Calvinistiese kring kortliks aan te toon genoegsaam om

ten slotte Dooyeweerd self sprekend in te voer. In Verkenningen[5] stel hy die saak soos volg:

"Die Christelijke religie schenkt, in aansluiting aan de oud-Testamentische openbaring, een nieuw religieus grondmotief aan de bezinning op de grondslag der menselijke samenleving, dat van schepping, zondeval en verlossing door Christus Jezus, in de gemeenschap van de Heilige Geest. Zij openbaart de religieuze wortelgemeenschap van het mensengeslacht in de schepping, in de solidariteit van die zondeval en in het geestelijk koninkrijk Gods in Christus Jezus (het Corpus Christi), en breekt daarmee principieel af iedere aanspraak van een tijdelijke gemeenschap, om heel het menselijk leven in totalitaire zin te omvatten. Zij eist voor de Kerk interne zelfstandigheid tegenover de staat en scherpt het oog voor de eigen aard der levenskringen. Nieuwe probleme worden daarmede voor de samenleving gesteld..."

Inderdaad is dit ook so dat Dooyeweerd en Vollenhoven se mede-standers en studente nie by hulle leermeesters se insigte bly staan het nie, maar nog steeds reformatories voortwerk - juis op grond van die Reformatoriese beginsel van voortdurende reformasie. Belangrike vordering is ook gemaak wat bestaande insigte verder uitgewerk en denkend verfyn het en nuwe insigte het na vore gekom op fondamente wat daar reeds gelê is. Die aandrang waaruit hierdie voortgaande reformatoriese denke voortkom is die oortuiging dat daar nader beweeg moet word na anti-sintetiese regse of dan Skrifmatige denke wat gesuiwer is van Grieks-wysgerige, skolastieke

en links-radikale reste wat daar nog in die reformatories-wysgerige denke moontlik oorgebly het.

1.3.2 <u>Anti-sinteties linkse denke</u>

Soos reeds daarop gewys breek die antisinteties linkse denke met die Woord-openbaring en dit ten gunste van die sg. vryheid en outonomie van die mens met sy "Rede". Die Humanisme as nuwe geestesmag wat die mens en sy Rede sentraal stel, het so gedurende die tydperk van die Rennaissance en Reformasie (15de en 16de eeu) sy intrede gedoen en sy beslag begin kry.

Die antisinteties linkse denke kan histories gesien uit twee hoofoorsake verklaar word nl.:

1.3.2.1 Die dualistiese skeiding tussen natuur en bonatuur deur die Skolastieke denke van die Middeleeue. Hierdie valse wêreldbeeld het die ganse werklikheid in twee gedeel met 'n denkbeeldige horisontale lyn wat die natuur onder plaas en die terrein van die bonatuur of genade daarbo. Op die terrein van die natuur is die menslike verstand outonoom verklaar, maar ook beskou as ongeskonde deur die sonde en gevul met redewette wat die moontlikheid van suiwere kennis op die terrein van die natuur (redelik-kenbare) inhou. Andersyds is die Woordopenbaring verbind aan die terrein van die bonatuur of die genade en op hierdie terrein funksioneer die geloof. Dit het voorts meegebring dat die geloof die primaat het oor die Rede en dit te bowe gaan. In ooreenstemming hiermee is die geloofsverband nl. die kerk die primaat toegeken oor alle ander verbande en met name ook die Staatsverband

en moes die keiser sy kroon uit die hand van die pous ontvang. Die Kerk het so die heilige terrein uitge=maak terwyl die wêreld die terrein van die profane (saeculum) was. Die Woordopenbaring en die uitleg en verklaring daarvan was die prioriteit van die kerk alleen. Die Katolieke Kerk is beskou as alles-oor=koepelende verband wat ook vereenselwig is met die Corpus Christi en dus sodoende feitlik gelykgestel is aan die Koninkryk van God.

1.3.2.2 Hierdie valse dualisme sou funeste gevolge hê vir die verdere historiese gang van sake, want dit het die kiem en moontlikheid van wat nou inderdaad ook gevolg het in sigself gedra nl. die proses van sekularisme.[6] Sekularisasie moet van sekularisme onderskei word. Sekularisasie het 'n positiewe en gunstige betekenis as 'n proses wat juis die gevolg en vrug is van suiwere onderskeidinge op grond van die Woordopenbaring. Die Woordopenbaring leer ons suiwer onderskei tussen God en Sy Skepping en laat ons 'n visie kry op die deur God geskape oorspronklike, eiesoortige en samehangende verskeidenheid. Dit laat ons besef dat die wêreld en God nie dieselfde is nie; dat God nie deel van die wêreld en die wêreld nie God of 'n deel van God is nie. Dit open ons oë om te sien dat die wêreld sy eie Godgegewe struktuur en Wetsorde het. Die Woord=openbaring soos dit deur die Reformatore herontdek is, het dus wel sekularisasie in gunstige sin moontlik gemaak. Dit het die magstruktuur wat deur die Roomse Kerk-instituut opgerig is allerweë oopgebreek en weer die Woordopenbaring sowel as die verslaafde mens vry=

sekularisme

gemaak tot die vryheid wat daar in Christus Jesus is. In hierdie sin het A. Kuyper sekularisasie aange=prys as vrug van die evangelie wat perspektiewe open vir 'n suiwerder siening van die verhouding tussen eiesoortige samelewingsverbande.[7] Dit het ook die "ontmitologisering" (in gunstige sin) van die werklik=heid meegebring en bygeloof, wat natuurkragte met gode vereenselwig het, verbreek. Die mens kon nou sy God-gegewe verhouding tot die skepping bepaal nl. die van ondersoeker, naamgewer, bewaker, bewerker en heerser. Hy kon sy vrees vir die natuur (gode) afskud en bewerker van die natuur word. Sy oorspronklike skeppings- en kultuuropdrag kon nou tot sy reg kom en dit alles was winste wat deur sekularisasie in Refor=matoriese lyn meegebring is.

Hierteenoor staan egter die sekularisme wat nie alleen die valse denkkonstruksies van die Roomse Skolastiek weggebreek het om bevryding te bring deur die Woord nie, maar wat tesame met die valse denkskemas juis ook die Woordopenbaring self en die God van die Woord=openbaring, uit die wortel van die afvallige geloof, verwerp het en die MENS met sy REDE op die troon verhef het. Dit is immers al wat oorgebly het: DIE MENS MET SY REDE SOEWEREIN OP DIE TERREIN VAN DIE NATUUR. Hiervandaan sou die sekularisme sy loop neem en nie alleen die filosofie en vakweten=skappe deurdring nie, maar ook die "teologie"[8] totdat nie alleen die wêreld volkome gesekulariseer is nie, maar God ook dood verklaar en die Christus van God volkome verwêreldlik is tot 'n blote mens, diensbaar

aan die mens se laagste aspirasies soos revolusie, terreur en geweld.

## 2 HUIDIGE TENDENS IN DIE LINKSE DENKE OOR DIE SAMELEWING

Soos hierbo geskets wil dit voorkom dat ons te doen kry met 'n positiewe en 'n negatiewe waardering van die same= lewing as resultaat van enersyds radikaal antisinteties regse of Skrifmatige denke wat eersgenoemde betref en ander= syds radikaal antisinteties linkse denke wat die negatiewe betref. So word die antisinteties regse denke geopenbaar as reformatoriese en konstruktiewe denke terwyl die antisin= teties linkse denke negatief, destruktief en revolusionêr blyk te wees.

Tereg merk Taljaard[10] op dat die modewoord in die moderne wêreld vandag "revolusie" is. Die vraag is egter of ons met revolusie as algemene denkpatroon te doen het en of ons nie dieper moet delf na die wortel waaruit die revolusie= gedagte opkom nie. Nou is dit moeilik om te onderskei of die voorstanders van en pleitbesorgers vir revolusie dit nie inderdaad tot 'n beginsel verhef en daarvan uitgaan in hulle denke en weer daarheen terugkeer nie. Dan gaan dit vir hulle eintlik om die ewige revolusie of revolusie t.w.v. revolusie (verandering t.w.v. verandering). Tog lê daar aan so 'n denkkonstruksie ook 'n diepere filosofiese idee ten grondslag. Dit is ten slotte op sy beurt religieus bepaald m.a.w. dit is produk van die religieuse gerigtheid van die hart van die denker.

Instede van die revolusie-gedagte te neem as algemeen

voorkomende verskynsel wat 'n kenmerk van die moderne same= lewing geword het, skyn dit vir ons doel met hierdie studie meer voor die handliggend en verhelderend te wees om die aandag te vestig op wat genoem word "MAATSKAPPYKRITIEK" en die MAATSKAPPY KRITIESE DENKE van die "New Left" wat deur Taljaard ook op talle plekke in Polished Lenses be= skryf word. (Vgl. sy sakeregister p. 303.) Hierdie gedagte sluit aan by die verskynsel van sekularisme as uitvloeisel van die linkse denke. Die linkse denke open= baar sigself in een of ander filosofiese idee of religieuse uitgangspunt wat ten grondslag lê aan die maatskappykritiek; daarna word die samelewing in die lig van die religieuse uitgangspunt ontleed of denkend geanaliseer en ten slotte word 'n terapie of "geneesmiddel" vir die siek samelewing voorgeskryf, wat in die geval van die antisinteties linkse denke die revolusie is. Dit kan ook nie anders nie, want soos hierbo reeds opgemerk, is die resultaat van die linkse denke altyd negatief en destruktief.

Die begrip "Maatskappykritiek" leen hom dus daartoe dat dit wel ook in die kader van die anti-sinteties regse denke geplaas kan word, terwyl dit m.i. nie die geval is met die revolusieverskynsel nie. Revolusie het hierdie negatiewe konnotasie en belading dat dit histories nog altyd met geweld, verwoesting, wanorde en bloedvergieting gepaard gegaan het. Maatskappykritiese denke en analise kan (en moet) ook wel in die lig van die Woordopenbaring, volgens Skrifnorme geskied met reformasie en vernuwing as eind= resultaat daarvan. "Maatskappykritiek" is dus nie noodwen= dig boos en afbrekend nie. Dit kan en moet ook steeds 'n opgaaf wees vir radikaal Bybelse denke as antwoord op die

destruktiewe en vernietigende aanslag van die linkse denke.

## 2.1 Maatskappykritiek van antisinteties linkse denkers

Soos hierbo aangedui, is die verskynsel van maatskappy=kritiek allereers ideologies begrond m.a.w. dit gaan uit van 'n voorafingenome filosofiese uitgangspunt wat op sy beurt die produk is van die rigting van die denker se hart. Nou is dit opvallend dat maatskappykritiek wat revolusie propageer vanuit die afvallige geloof voortkom en eintlik 'n nuwe soort godsdiens propageer. De Ru[11] verbind die verskynsel aan 'n soort joodse messianisme wat met 'n beroep op begrippe soos menslikheid en gereg=tigheid veel verder reik as 'n aantal geïsoleerde figure van die huidige generasie. Dan gaan hy voort: "Bij monde van theologen als W.A. du Pree, G.H. ter Schegget e.a. - achter wie wij weer onmiskenbaar de stemmen horen van K. Marx, E. Bloch, R. Shaull, H. Cox, J. Molt=mann, J.B. Metz, D. Sölle - wordt het in nauw verband met maatschappij critische beschouwingen gepropageerd als een nieuw soort godsdienst...De classiek christelijke geloofsbelydenis wordt vervangen door nieuwe geloofsbe=lydenissen als:
"Ik geloof in de mens en in een wereld, waarin het voor de hele mensheid goed is te leven; en dat het onze taak is om zulk een wereld te scheppen. Ik geloof in gelijke rechten voor alle mensen; in liefde, gerechtigheid, ver=geving, vrede. Dit geloof is pas geloof als het daad is..."

Hierdie daad beteken 'n voortdurende protes teen die ou onregverdige orde, die "status quo" soos dit gestalte

gekry het in die samelewingsstrukture. Dit moet oopge= breek word, verbreek word en daar moet "vernuwing" kom - 'n openheid in die rigting van die toekoms.

Die aandag word allereers gevestig op die humanistiese godsdiens en die verabsolutering van die mens as vrye indiwidu waarvan in die linkse maatskappykritiese denke uitgegaan word. Die radikaal anti-christelike karakter van hierdie beweging blyk reeds duidelik hier in sy be= ginsel-grondslae. Tog lê hierdie religieuse uitgangspunt nie oop en bloot voor die oë van die leser nie. Dit word bedek deur allerlei sg. "Wetenskaplike apriori's" waarmee ge-opereer word en die hele denksisteem is ook nie so eenvoudig nie. Aan die hand van Marcuse se <u>One Dimensional Man</u> word 'n paar gesigspunte na vore gebring.

### 2.1.1 <u>Probleemsituasie vir Neo-Marxiste</u>

Die probleemsituasie vir die Neo-Marxiste, so wil dit voorkom, is dat die teorieë van die klassieke Marxisme i.v.m. die kapitalistiese samelewing nie meer geldig is nie, maar dat die huidige wetenskaplike en tegnolo= giese welvaartgemeenskap blykbaar daarin geslaag het om teenoorgestelde kragte met mekaar te integreer. Die moderne "affluent society" slaag daarin om in die arbeider se basiese behoeftes te voorsien, vir hom 'n gemaklike en gerieflike lewe van oorvloed te verskaf en enige protes wat daar moontlik nog mag opklink deur sy massamedia stil te maak. Die algemene welsyn van die geheel domineer in so 'n mate dat die individu dit ook aanvaar as algemene belang en daarmee konformeer. Dit loop dus mis met die revolusie volgens die ou Marxistiese teorieë van die klassestryd en daar moet 'n nuwe

uitweg gesoek word.

Herbert Marcuse[12] gee m.i. getuienis van hierdie gedag=tegang as hy sê:

"But here, advanced industrial society confronts the critique with a situation which seems to deprive it of its very basis. Technical progress, extended to a whole system of domination and coordination, creates forms of life (and of power) which appear to reconcile the forces opposing the system and to defeat or refute all protest in the name of the historical prospects of freedom from toil and domination...This containment of social change is perhaps the most singular achieve=ment of advanced industrial society; the general acceptance of the National Purpose, bipartisan policy, the decline of pluralism, the collusion of Business and Labour within the strong state testify to the integration of opposites which is the result as well as the pre-requisite of this achievement".

2.1.2 <u>Die blywende maatskaplike toestand wat om bereddering roep</u>

Tog het ons binne hierdie sisteem van die tegnologiese industriële, welvaartgemeenskap, waarin die meeste mense blykbaar tevrede en gelukkig is, 'n skreiende nood. Dit is nl. die nood van die onderdrukte, ver=slaafde, van sy vryheid beroofde massamens wat in hierdie welvaartmaatskappy van sy menslikheid beroof is (natuurlik t.w.v. die voordeel van die kapitalis of dan ook van die magstruktuur as geheel). Daarom word maatskappykritiek gerig teen die MAATSKAPLIKE STRUKTURE

as dwang-vorme van geïnstitueerde geweld. "A comfort= able, smooth, reasonable, democratic unfreedom prevails in advanced industrial civilization, a token of technical progress".[13]

Hoewel ons vanuit radikaal Bybelse standpunt ook beswaar moet maak teen die oorheersende en verslawende mag van bv. die welvaartstaat wat dreig om alle persoonlike vryheid van die mens en ander verbande te vernietig, spruit die kritiek uit die radikaal regse denke nie alleen uit 'n ander uitgangspunt nie, maar dui dit ook iets anders aan as geneesmiddel vir hierdie siek ge= meenskap. Ons het by die Neo-Marxisme te doen met subjektivistiese denke wat tot uiting kom in Indiwi= dualisme[14] waarin die indiwidu met sy vryheid in voort= durende spanning met die geheel (staat of gemeenskap) verkeer. Hierdie spanning kan volgens hulle alleen verbreek word deur die oopbreek van die "establishment" deur die revolusie, maar watter ander soort "establish= ment" in die plek van die oue gestel moet word, is nie duidelik nie.

2.1.3 <u>Nuwe ideologiese basis vir die revolusie</u>

Die Neo-Marxis kan die toedrag van sake nie aanvaar nie, al is die meeste mense gelukkig en tevrede onder die heersende omstandighede. Die mense is net nie bewus van hulle ware behoeftes nie. Massamedia indok= trineer die massa om valse behoeftes te aanvaar en daarvoor bevrediging te soek. Hulle moet geleer word om tussen die ware en valse te onderskei en "nee" te sê teenoor die valse, maar hulle is onderwerp aan 'n proses van repressie tot die mate dat hulle tevrede

is "and capable of delivering the goods".

"Confronted with the total character of the achieve= ments of advanced industrial society critical theory is left without the rationale for transcending this society. The vacuum empties the theoretical structure itself, because the categories of a critical social theory were developed during the period in which the need for refusal and subversion was embodied in the action of effective social forces. These categories were essentially negative and oppositional concepts, defining the actual contradictions in nineteenth century European society..."[15]

Die Marxistiese teorieë het dus verouderd geword en deug nie meer nie. Nuwe uitgangspunte en teorieë het vandag nodig geword. Dit blyk volgens Marcuse "to be regression from a theory joined with historical practice to abstract, speculative thought: from the critique of political economy to philosophy. This ideological character of the critique results from the fact that the analysis is forced to proceed from a position "outside" the positive as well as negative, to pro= ductive as well as destructive tendencies in society".[16]

Binne die gemeenskap is twee teencorgestelde kragte werksaam nl. die gevorderde industriële gemeenskap huisves in hom kragte wat in staat is om kwalitatiewe verandering in die voorsienbare toekoms teweeg te bring en daar is ander kragte wat eersgenoemde kan breek en die gemeenskap laat ontplof. Dit sal bepaal word deur die krag wat 'n gegewe tydperk oorheersend aanwesig is.

Volgens Heyns[17] gaan Marcuse in sy denke uit van 'n dinamiese ontwikkelende werklikheid. Tot hierdie werk=likheid moet gereken word die wese en gestalte[18] van die dinge en albei is in 'n proses van voortdurende wording. Die openbaringsgestalte van die wesenlike op 'n gegewe historiese moment is altyd onvolmaak en on=volledig. Daar moet dus 'n proses van voortdurende, voortskreidende verandering as 'n proses van die toekoms plaasvind. Die feitelike situasie van bestaande maatskaplike toestande en strukture kan dus nie aan=vaar word as die finale nie. Daarteen moet "nee" gesê word en dit moet onderwerp word aan negatiewe kritiek en aangeval word met die daad om dit oop te breek na die toekoms. So word die verslaafde massas bevry van hulle "salige" en "gerieflike" slawerny in die wel=vaartmaatskappy. Heyns[19] som m.i. die situasie reg op as hy sê: "Die fundamentele instelling van verset teen die bestaande spreek hy hier as prinsipiële standpunt uit, en nie nadat hy die sosiale werklikheid, dit wil sê die maatskappy van ons dag, ontleed en daarin be=paalde foute gevind het nie".

Dit is volgens Marcuse met name die taak van die filosofie om die kritiek op die bestaande te verwoord, die onaanvaarbaarheid daarvan aan te toon en 'n oplos=sing voor te stel deur die empiriese werklikheid met die ryk van die moontlike te konfronteer. Die filosofie as dialektiese logiese denke, word dus geroep tot negatiewe en ontkennende denke.[20]

Weliswaar sal hierdie kritiek, volgens Marcuse ook volgens bepaalde standaarde plaasvind. "Certainly

value judgements play a part".[21] Historiese objekti= witeit is 'n vereiste van hierdie kritiese analise en dit sluit volgens hom 'n tweërlei waarde-oordeel in nl.

- "the judgement that human life is worth living... it is the apriori of social theory...

- the judgement that, in a given society, specific possibilities exist for the amelioration of human life and specific ways and means of realizing these possibilities".[22]

2.1.4 Nuwe weë en middele om die revolusie te bevorder

Die huidige industriële samelewing neig daartoe om totalitêr te wees. Dit is nie alleen 'n terroristiese politieke koördinasie van die gemeenskap nie, maar 'n nie-terroristiese ekonomies-tegniese koördinasie wat deur die manipulasie van die behoeftes van die meerder= heid opereer. Die beproefde metode van die revolusie deur die arbeiders-proletariaat geld vandag nie meer nie. Tog dra die gemeenskap die destruktiewe kragte in hom= self, dit moet net gemobiliseer word. Nuwe modi moet aangewend word en daar moet begin word met die ontken= ning van die bestaande modi. "Thus economic freedom would mean freedom from the economy - from being con= trolled by economic forces and relationships; freedom from the daily struggle for existence, from earning a living. Political freedom would mean liberation of the individuals from politics over which they have no effective control. Similarly, intelectual freedom would mean the restoration of individual thought now absorbed by mass communication and indoctrination,

abolition of 'public opinion' together with its makers."[23] Hoe meer rasioneel, produktief, tegnies en totaal die onderdrukkende administrasie van die gemeenskap word hoe meer irrasioneel en onvoorstelbaar moet die weë en middele wees wat aangewend word om die onderdrukking te verbreek sodat die onderdruktes hulle vryheid kan gryp. Die eerste fase van die revolusie moet in die gees van die mense wat bevry moet word, plaasvind. Die kritiek word gerig teen die struktuur van die gemeen= skap as sodanig[24] omdat dit "wesenlik" vyandig is. "The totalitarian universe of technological rationality is the latest transmutation of the idea of Reason".[25] Verskillende fases van ontwikkeling word deur Marcuse uiteengesit waarop nie nader ingegaan word nie (p. 105 - 119).

Vir die verbreking van hierdie geïnstitusionaliseerde geweld wat in die "strukture" van die samelewing inge= bou is, het Marcuse net een middel en dit is revolusie, maar dan 'n totale en permanente revolusie. Die ganse samelewing moet tot die grond toe afgebreek word en weer van die grond af begin word, maar die omgekeerde gemeenskap sal voortdurend omgekeer moet word in 'n dinamiese proses van voortdurende verandering. Hier kan ons die deurwerking van sy filosofiese uitgangs= punt van 'n dinamies ontwikkelende werklikheid sien.

Die siek pasiënt, die onderdrukte verslaafde massamens van die welvaartmaatskappy moet egter eers van sy kwaal en ellende bewus gemaak word en hierdie bewus= makingsproses kan nie nou soos in vorige revolusies

by die arbeiderproletariaat begin nie, (hulle het te welvarend geword), maar dit moet begin by die nog nie gevestigde intelligensia nl. die studente, die kunste=naars en die hippiejeug en dan verder by die sosiaal-ekonomies nog nie gevestigdes - die mense van die derde wêreld. (Negers, Swart mense en nie-besitters). Hulle is nog nie so besmet deur die siekte van die welvaartmaatskappy nie. Hulle opstand moet die meerder=heid bevry om 'n nuwe sosialistiese samelewing tot stand te bring waarin 'n nuwe mensetipe lewe - 'n mens wat bevry is van die huigelagtige puriteinse moraal en wat biologies nie in staat is om oorlog te voer of om lyding te veroorsaak nie.[26]

Met hierdie doel voor oë en in hierdie proses is letter=lik alle metodes en middele geoorloof: breinspoeling, die afbreek van nasionalisme by die jeug, die onder=grawing en omkering van aanvaarde norme in die same=lewing, sedelike norme, norme in die kuns e.d.m. "This movement uses any type of weapon to achieve its aim. The most dreadful weapons used are perhaps sex=perversion and drugs. In disrupting the foundation of civilization the end of civilization in its existing form is in sight. This is the reason why the contem=porary forces of technology, science, and organization are coherently used by adherents of the new revolution. And this is why one should take careful notice of modern trends in the New Left action. It intends the death of a civilization with the death of its culture".[27]

Hierdie stelling mag met die eerste aanhoor alarmisties

klink, maar wie die moeite wil doen om die verskynsel van antisinteties linkse maatskappykritiek te bestudeer sal spoedig tot die besef kom dat hier slegs op sobere wyse 'n feit gekonstateer word. Gevolglik verg hierdie denkrigting beslis verdere bestudering vanuit Christelik-wysgerige kring.

## 3 SAMELEWINGSLEER VANUIT RADIKAAL, ANTI-SINTETIES REGSE STANDPUNT

In die vorige afdeling het ons kennis gemaak met die ant=woord op die sekularistiese, tegnologiese welvaartmaatskappy vanuit radikaal linkse standpunt. Hierdie antwoord het geblyk te wees 'n negatiewe, afbrekende maatskappykritiek wat net een geneesmiddel ken en aanbeveel en dit is voort=durende revolusie wat die dood van die moderne beskawing en kultuur sal meebring.

Die vraag is nou: Wat is die antwoord hierop van die kant van die radikaal antisinteties regse denke oor die same=lewing? Taljaard,[28] skryf in hierdie verband:

"What the world is looking for is an analyses of communal life in the light of the inscripturated Word of God, rooted in an Ontology and Anthropology where the dualistic problems are overcome by a rejection of solutions given by synthetical thinkers, and where secularization is rejected in favour of religiously determined living directed towards the God of Holy Scripture on account of the redemptive work of Jesus Christ and the guidance of the Holy Spirit. Radical biblical thinking in the New Right way aims to supply an answer to community problems, a religious answer to secularization, an answer which will

try to distinguish between radically different created realities, determining their mutual coherence between the various forms of communual life in their separate unique= ness."

Die voorafgaande uiteensetting is bedoel om o.a. die be= langrikheid daarvan te beklemtoon dat ons in ons radikaal Bybelse denke die werklikheid en stand van sake deeglik in ag moet neem en rigtinggewende antwoorde na vore moet bring op die brandende vraagstukke en problematiek van die heden= daagse en toekomstige samelewing. Indien daar by diegene wat hulle op Bybelse standpunt stel nie egte priesterlike bewoënheid is oor die lot van ontelbare armes, hongeriges, vertraptes, gefolterdes in die wêreld, om die dood van duisende en tienduisende "onskuldige" kinders, om die wrede geweld, wat sonder ophou woed en mense neerdruk in 'n voortdurende slawerny nie dan sal hulle ook nie profeties kan getuig en werk om God se Koninkryk gestalte te gee in hierdie wêreld nie.[29] Dan moet daar nie verbasing wees as ons die ryk van die anti-chris met sy anti-kultuur die oorhand sien kry nie. Rigtinggewende, koersaanduidende antwoorde beteken nie resepmatige oplossings vir elke probleem nie, maar wel beginselriglyne wat vir die praktyk betekenis moet hê. Dit moet betekenis hê vir strukturele hervorming en vernuwing van samelewingsverbande wat eintlik wil sê dat ons nader moet beweeg aan die geldende wette vir die verbande en dit positiveer en uitleef as diens aan en tot eer van God Drie-enig. So 'n samelewingsleer kan alleen uitgebou word op grond van 'n Bybels gefundeerde ontologie en Antropologie, want dit is alleen op grond hiervan dat ons insig kan kry in die eiesoortigheid sowel as onderlinge

samehang van die oorspronklik geskape konkrete realiteite.

3.1 Ontologiese voorveronderstellinge

Die vraag na dit wat is, kan as basiese vraag van die wysgerige denke beskou word. Vollenhoven het reeds in 1919 gewys op "de noodzaak achter het kennen door te stoten naar het zijn, waarvan ook het kennen een onderdeel is. En dan niet alleen voor het funderen van het eigen visie, maar ook voor het verstaan van anderen".[30]

Vir die Skrifgelowige spreek dit haas vanself dat hy hierdie vraag nie voldoende kan afmaak met 'n kosmologie nie, maar dat hy ruimte moet maak vir 'n Ontologie of Synsleer. Taljaard[31] wys m.i. tereg daarop dat die term lewens- en wêreldbeskouing wat eers laat in die geskiedenis van die Westerse kultuur ge-yk is nie ruimte laat vir 'n visie waarin ook plek vir die vernaamste en allesbepalende realiteit nl. God is nie. Dit handel prakties alleen met die skepping en die mens se plek in die skepping; in sommige gevalle sonder om te erken dat die heelal die skepping van God is. Hy verkies die omskrywing: "Voorwetenskaplike visie van die werklikheid in onderlinge samehang" en wys daarop dat die werklikheid in onderlinge samehang God, Sy Wet en Sy Skepping insluit - laasgenoemde in verbondsverhouding tot God. "In this way a pre-scientific view or reality in mutual coherence can be linked to a pair of spectacles through which the heart looks at things and through which all its activities flows."[32]

Met die Geneefse Hervormer Johannes Calvyn erken ons dat die kennis van die Onsienlike ons selfkennis sowel

as die kennis van die sienlike bepaal. Die verhouding waarin die denker tot die Woord-openbaring en tot die God van die Woord-openbaring staan, is van beslissende betekenis vir sy kennis van die aards-geskape subjekte. Kennis is dus religieus bepaald d.w.s. bepaal deur die rigting van die hart, en dit nie alleen wat voorweten= skaplike uitgangspunte betref nie, maar ook wat die wetenskaplike kennis self betref. As die "tegnologie" selfs deur 'n Neo-Marxis soos Marcuse[33] nie as "neutraal" beskou word nie, hoeveel te meer nie die wetenskaplike denke en kennis wat uit en uit ook harte-aktiwiteite is nie? Dit sal dus aan die wetenskaplike kennis self verskil maak indien die denker God as Skepper erken en dus die skepping sien in die kreatuurlikheid daarvan al dan nie.

Die antwoord op die vraag na dit wat is, kan egter nie deur die onselfgenoegsame denke en kenne van die mens self gegee word nie. Dit is alleen deur die geloof op grond van God se Woord-openbaring en deur die verlig= tende werking van die Heilige Gees dat ons 'n antwoord op hierdie grondliggende vraag kan gee - 'n antwoord waarin die bestaan van God gelowig bely word. So alleen kan ons kom tot die basiese onderskeiding: GOD, WET EN SKEPPING - radikaal onderskeie, tog in onderlinge same= hang, korrelaat aan mekaar en onderskeibaar.

Volgens Vollenhoven[34] e.a. leer die Heilige Skrif die regstreekse soewereiniteit van die God wat Hom in Sy Woord geopenbaar het oor alle dinge in watter verband en op watter terrein ook en onderskei in ooreenstemming

daarmee helder tussen God as die Soewereine en die Skepping. Die soewereiniteit van God dui meer aan as Sy Skepperwees. Dit sê ook meteens dat God Wetgewer is en dat Hy al die geskapene aan sy geldende wet of allesdekkende Wetsorde onderwerp het. Die skepping is dus Gode-subjek in onderworpenheid aan die gestelde geldende wet (WETSUBJEK).

Op grond hiervan moet ons onderskei tussen die syn van God as Skepper en Wetgewer en die syn van die Wet nl. GELDING en die syn van die skepping (WET-SUBJEK) en kan ons die bestaan van die een nie tot die ander herlei of in die ander laat opgaan nie.[35]

### 3.1.1 GOD DRIE-ENIG

Die Heilige Skrif leer die absolute en regstreekse soewereiniteit van God oor alle dinge in watter verband en op watter terrein ook al m.a.w. die soewereiniteit van God word ook oor alle samelewingsverbande en same= lewingsvorme as skeppingsrealiteite geproklameer.[36] As Taljaard sê dat samelewingsvorme en samelewings= verbande "skeppingsrealiteite" is, wil dit nie sê dat die ryklik gedifferensieerde samelewing wat ons vandag ken van die begin van die skepping af reeds gekonkre= tiseerd bestaan het nie. Die bedoeling is wel dat al hierdie samelewingsverbande en samelewingsvorme van die begin af ingeslote was in die allesinsluitende aarde ("In die begin het God die hemel en die aarde geskape" Gen. 1:1) en dat dit histories, mede deur die mens se positiverende en konkretiserende aktiwiteit, onder die leiding van die Heilige Gees ontstaan het. God het

vir hierdie verbande van die begin af sy Wet gestel en die mens het deur die eeue iets van Sy geldende Wet raakgesien, omdat God dit aan hulle geopenbaar het, en die Wet dan op een of ander wyse gepositiveer en so 'n gestalte gegee aan die lewensvorme en lewensverbande. "In this way historical development is never to be secularized from God, but also never to be identified with God. God is the directing Spirit behind this development, but the development is man's fulfilment of his mandate on earth, and is as such religiously determined".[37]

Die besondere verhouding waarin God en mens tot mekaar staan word in die Bybel met die begrip verbond weerge= gee. Maar ons mag die mens in hierdie opsig nie isoleer van die res van die skepping nie. God se verbond bestaan ook met die res van die skepping. Fundamenteel en prinsipieel gesien kan God in geen ander verhouding tot die aardse skepping (stof, plant, dier en mens) staan as 'n verbondsverhouding nie. Die verbond is dus nie slegs daar a.g.v. die sonde nie maar was aan die mens voor die sondeval reeds bekend.[38] God Drie-enig is BONDGENOOT van Sy ganse skepping waarvan Hy die soewereine Heer en Koning is. Weliswaar is God en skepsel nie gelyke deelgenote in hierdie verbondsverhouding nie net soos 'n koning en sy dienaars nie gelyke deelgenote in hulle onderlinge bondgenootskap op aarde is nie.

Die verbond gaan van God uit na die mens, want Hy is die God van die verbond. Hy spreek en handel. Dit

is nie iets wat in die hart van die mens ontstaan het nie, maar in die "hart", "gedagte" van God, m.a.w. dit is uitvloeisel van Sy ewige welbehae en Raad. Die mens is in die verbondsverhouding primêr hoorder en antwoorder. Die mens moet gehoorsaam en so in geloof, liefde en oorgawe antwoord met sy hele hart en hele siel en hele krag.[39]

Hierdie, volgens Kuitert[40], allesomvattende raam waarin die hele getuienis van die Skrif gespan is, is van besondere belang vir ons onderwerp. Dit laat ons besef dat God Drie-enig nie 'n swygende HEERSER is wat in stilte, afsondering en van ver af Sy skepping volgens vaste wetmatigheid regeer nie. So 'n gedagte is vreemd aan die Heilige Skrif. Die verbondsgedagte beklemtoon die dinamiek in die Godsregering. Hy roep die skepping toe, Hy spreek en handel dinamies met die mens en met Sy skepping. (Ps. 29, 50 en 104) God die Heilige Gees speel op die wêreldrond en Sy verlustiging is met die mensekinders (Spreuke 8:31). En die mens reageer en antwoord op die handelinge en spreke van God. Ten spyte van die Bose en sonde is God besig om Sy Koninkryk te laat kom op aarde.

Die mens word dus deur die God van die verbond geroep om die samelewingsverbande gehoorsaam en verantwoordelik te positiveer en te konkretiseer en wel in ooreenstemming met die Koning se wil soos dit in Sy Wet(te) aan hom geopenbaar is. Maar meer nog: die Middelaar, Christus sowel as die Heilige Gees is werksaam in hierdie ver=bondsverhouding. In die Middelaar Christus is al die verbondsbeloftes van God Drie-enig vervul, het die

verbondsliefde en verbondstrou gestalte gekry, is die verbondsgeregtigheid volkome volbring en deur die Heilige Gees word Christus en al Sy weldade die deel gemaak van God se nuwe volk. Hierdie nuwe volk wat Christene genoem word is medegesalfdes van Christus en word nou as profete, priesters en konings in die Koninkryk van die drie-enige God geroep en toegerus en gebruik om 'n gehoorsaamheidsgestalte van die Woord van God op aarde te realiseer onder leiding van die Heilige Gees. So word hulle lewe godsdiens en kan ons met Taljaard saamstem as hy sê: "New Right thinking is the death of secularization because in it there is no distance between God and his creation. There is a radical difference between them but no gap or cleft. His omnipresence guarantees this as well as his Covenant."[41]

Hieruit trek ons voorlopig die gevolgtrekking dat die staatsverband 'n konkreet geskape realiteit is; dat God absoluut soewerein is oor die staat met sy gesag-ontsag korrelasie; dat die staat en staatsgesag Gode-subjek is en dat die mens as burger deur die Woordopenbaring opgeroep word om uitvoerder te wees van die wil van God vir die staatslewe.

In die uitvoering van hierdie opdrag is God Drie-enig die mens se BONDGENOOT en die mens Sy medewerker om onder leiding van die Heilige Gees God se Wette vir die verbande gehoorsaam en verantwoordelik te positi=veer en te konkretiseer.

3.1.2 Die geldende Wet

Die soewereiniteit van God oor die ganse geskapene hou in dat Hy Wetgewer is. Hy het die konkreet geskape realiteite aan Sy Wette onderwerp. Wet en subjek is korrelaat aan mekaar m.a.w. die wet geld altyd vir 'n besondere realiteit. Die Heilige Skrif gee daarvan getuienis dat God gedurende die ses skeppingsdae plante en diere volgens hulle soorte (eiesoortig) geskep het en telkens gesien het dat dit goed was. (Gen. 1:31). Dit beteken dat hierdie eiesoortige geskape realiteite voldoen het aan Gods wil vir Sy Skepping: dit was in ooreenstemming met die besondere wet wat geld vir die besondere realiteit. Op hierdie wyse is besondere waardes gerealiseer.

Net so het God die mens geskape na Sy beeld en gelykenis, maar God het gesê: "dit is nie goed dat die mens alleen is nie, Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas" (Gen. 2:18). God het die mens man en vrou gemaak en hulle in die huweliksgemeenskap met mekaar verbind: twee mense wat een geword het met behoud van hulle besondere indiwidualiteit. Uit die huwelik het die gesin, die familie en die volk ontwikkel. Verdere divergering het spoedig plaasgevind: die stad wat Kain gaan stig het, die Kerk (Kultus) toe mense begin het om God aan te roep, ook die bedryf en industrie (Gen. 4).

Die verbandslewe is so onder leiding van die Heilige Gees deur die vormingsaktiwiteit van die mens weliswaar op gebrekkige wyse ontwikkel. Daar het telkens 'n

eiesoortige lewensvorm ontstaan wat struktureel van die ander verskil het. Hierdie eiesoortige verbande of lewensvorme is deur God van die begin af in Sy oorspronk= like Skepping ingesluit en dit het later uit die vroeër-ingeslotene ("die aarde") onder leiding van die Heilige Gees na vore gekom (ge-evolveer). Daar is dus ook besondere God-gestelde wette vir die besondere verbande. Toe God aan die eerste mensepaar die opdrag gegee het om die aarde te vul, was dit deel van hulle opdrag om die besondere wette vir die besondere verbande raak te sien en dit te positiveer en te konkretiseer vir die verbande, altyd egter onder leiding van die sentrale liefdesgebod wat God op die hart van die mens gerig het. In hierdie samelewingsverbande as oorspronk= lik geskape, eiesoortige en onderlinge samehangende realiteite openbaar God aan ons ook iets van Sy ewige krag en goddelikheid (Rom. 1:21) en by die ontwerp van 'n Skrifgefundeerde samelewingsleer moet ons hierdie realiteite in die lig van Gods Woord bestudeer om vas te stel waarin elkeen se eiesoortigheid sowel as samehang met die ander geleë is.

Volgens Taljaard[42] kan 'n verskeidenheid van ontiese wette onderskei word nl.:

3.1.2.1 Wette geldig vir die twee verskillende skeppinge nl. hemel en aarde.

3.1.2.2 Wat die aardse skepping betref:

3.1.2.2.1 Wette vir die geskape DINGE of DINGWETTE d.w.s. vir alles wat God geskep het selfs die

mens, die samelewingsverbande en maatskaplike ver= houdinge. Voorts onderskei hy dingwette geldig vir stoflike dinge, plante, diere en vir mense. Hiernaas ook dingwette om te onderskei tussen die verskeidenheid eiesoortige samelewingsverbande. Elkeen van hulle is onderworpe aan sy eie insti= tusionele wette. God se soewereiniteit is ook oor die verbande geproklameer.

3.1.2.2.2 Ander ontiese wette onderskeie van voorgenoemde maar tog in relasie daarmee is die <u>OBJEK-WETTE</u>. Hiermee word bedoel dat ons kan onderskei tussen 'n ding en sy <u>kwaliteite</u> wat nooit sonder of los van die geskape realiteit bestaan nie. Daar is bv. 'n verskil in kwaliteit wat betref vyeblare en dierevelle wanneer die mens vir homself klere wil maak en die Skepper het die mens ook geleer om hierdie verskil in kwaliteit op te merk en te benut in die uitvoering van sy kultuurtaak.

3.1.2.2.3 <u>Struktuurwette</u>

Struktuur is die wyse waarop 'n voltooide geheel saamgestel is of is die geheel van die essensiële dele van enigiets. Die essensiële dele wat so onderskei kan word, sal vir ons die struktuur van die geskape realiteit openbaar. In hierdie verband verwys Taljaard na die Modaliteiteleer van Stoker, Vollenhoven en Dooyeweerd wat 'n besondere bydrae was tot ons kennis van die struktuurwette.[43]

3.1.2.2.4 Gepositiveerde wette

Dit is die wette wat deur die mens gemaak word vir die besondere verbande waarin hy optree en lewe.

Elke lewensverband het sy eie ontiese en besondere struktuurwette wat sy eiesoortigheid en die besondere funksionering van sy struktuurwette bepaal. Elke vorm van gemeenskapslewe veronderstel die saamlewe van twee of meer persone met een of ander vorm van gesag, 'n gesag wat bepaal en gekarakteriseer word deur die ontiese wet waaraan hierdie vorm van gemeenskapslewe onderwerp word. "The authorities regulate living in their peculiar domain by means of constitutions, rules and regulations, i.e. by positivizing laws which are valid for every aspect of their domain."[44]

3.1.2.2.5 Norme en beginsels

Norme en beginsels is inherent verbonde aan wette, is in wette gefundeer en vertoon dieselfde karak= tertrekke of eienskappe as wette. "Norms and principles are also valid, but their validity is dependent upon human development in culture."[45]

By die behandeling van die staatsverband word weer teruggekom op hierdie wetsleer om te sien hoedat die beginsels wat hierin vervat is, vrugbaar gemaak kan word vir ons tema.

3.1.3 Die aards-geskape subjek

Waar daar onderskei kan word tussen hemelse en aardse

skepping word die aandag hier slegs op die aardse skepping gevestig. Die aardse skepping is aan die mens as opdrag toevertrou om hier te leef, te woon, te werk en die skepping te kultiveer tot eer van God. In die oorspronklike skeppingsopdrag is die ganse aardsgeskape heelal aan die mens se sorg en heerskappy toevertrou en dit is hier waar die mens sy taak en roeping moet vervul as diens aan die Koninkryk van God.

Die prinsipiële uitgangspunte wat gehuldig word t.o.v. die aardsgeskape heel-al is veral van betekenis vir die verbandsleer omdat die lewensverbande net soos die res van die skepping, skeppingsrealiteite is. (Sien 3.1.1 hierbo.) As sodanig is dit aan die geldende Wet van God onderworpe en wet en subjek is korrelaat met mekaar en val met mekaar saam. Die wet kan gevolglik nêrens anders of elders bestudeer word as in of aan die bestaande subjekte nie. Tog mag wet en subjek nie tot mekaar herlei of gereduseer word nie. Die subjekte het dus 'n eie bestaanswyse in onderworpenheid aan die geldende wette.

Kyk ons nou na die skepping tref 'n onoorsigtelike veelheid en verskeidenheid van dinge (ditte en datte) ons. Die vraag is dus allereers hoe ons met ons verstand 'n greep op hierdie veelheid en verskeidenheid kan kry wat dit vir ons moontlik sal maak om dit te oorsien en 'n totaliteitsvisie van die aardsgeskape heelal te kry.

Wat die kosmiese verskeidenheid betref onderskei

Dooyeweerd[46] drie dimensies van die menslike ervarings=horison nl. dié van tyd, van modaliteite en individuali=teitstrukture waaronder hy die menslike samelewingskringe tuisbring.

Stoker[47] onderskei eerstens die Ryke van stof, plant, dier en mens - 'n onderskeiding wat ons kan handhaaf maar wat, volgens Stoker, ons nie ver bring nie. Om verder te kom moet daar o.a. onderskei word tussen die Ryke en hulle eienskappe, funksies, aktiwiteite en onderlinge relasies. Die Ariadné-draad wat hom uit die doolhof van baie moontlike onderskeidinge kan voer, is die onderskeid tussen partikuliere en universele onderskeidings. Met universele onderskeidings bedoel hy "kosmiese dimensies". Dit is vir hom universele kante of aspekte van die kosmos en dit bied universele gesigspunte waarvolgens die hele kosmos oorsien kan word. Stoker onderskei vier kosmiese dimensies nl. die van MODALITEITE, INDIWIDUELE EN SOSIALE STRUKTURE, GEBEURTENISSE EN WAARDES.

Die modaliteiteleer by die Dooyeweerd c.s. en Stoker kom in 'n groot mate ooreen en bied waardevolle insigte. By Dooyeweerd c.s. word 15 Modaliteite of Wetskringe onderskei wat van die eenvoudigste tot die mees gekompliseerde gerangskik is naamlik:

Die Aritmetiese (getal)
Die Ruimtelike (voortgang)
Die Kinematiese (beweging)
Die Fisiese (energie)
Die Organiese (lewe)

Die Psigiese (gevoel)
Die Analitiese (denke)
Die Historiese (vorming)
Die Linguale (taal)
Die Sosiale (omgang)
Die Ekonomiese (besparing)
Die Estetiese (harmonie)
Die Juridiese (reg)
Die Etiese (liefde)
Die Pistiese (geloof)

Die historiese en sosiale ontbreek egter in Stoker se skema van modaliteite. Die historiese behandel hy onder die kosmiese dimensie van gebeurtenisse en die sosiale onder die kosmiese dimensie van (indiwiduele en sosiale) strukture.

Taljaard[48], by wie ek graag vir my uiteensetting wil aansluit, het m.i. 'n meer volledige onderskeiding en het 'n stap verder gevorder om 'n duideliker visie op die aardsgeskape subjekte te bied. Benewens die vier Ryke van stof, plant, dier en mens op aarde onderskei hy ses basiese eksistensiale of basiese kenmerke van die aardsgeskape subjek en ek haal aan:

"Starting from the most comprehensive that can be said of the earth, one proceeds to less comprehensive features in which the previous ones are presupposed. In this order the following basic features will be treated as constructing what is called the earth:

(1) subjectivity and objectivity

(2) timeliness

(3) universality and individuality

(4) geneticity

(5) valuableness and

(6) modality.

They can also be called the existentials of the existent "earth".[49]

Nadat Taljaard 'n uiteensetting van hierdie eksisten= siale gegee het, behandel hy vervolgens die leer aan= gaande die Dinge (ditte en datte), die ryke, samele= wingsvorme (Forms of communual life), modale subjekte en kulturele subjekte. Ten slotte gee hy aandag aan die onderlinge samehang op aarde, tussen hemel en aarde, tussen God, wet en skepping (w.o. die VERBOND en RELIGIE).

Samelewingsverbande is net soos die res van die skepping geskape realiteite en as sodanig het dit deel aan al die basiese kenmerke van die skepping. Ten einde oor= vleueling te voorkom word hierdie basiese kenmerke nie hier nader behandel nie, maar staan dit oor tot aan die slot van hierdie hoofstuk waar dit op die same= lewingsverbande betrek sal word.

### 3.1.4 Die mensbeskouing

#### 3.1.4.1 Die samehang tussen werklikheidsbeskouing, same= lewingsleer en mensbeskouing

Die mensbeskouing wat deur 'n denker gehuldig word, gaan enersyds terug op sy werklikheidsbeskouing (ontologie of kosmologie) en andersyds bepaal dit in noue samehang met voorgenoemde ook sy siening van

die samelewing w.o. die staat. Ons kry hier dus te doen met 'n vervlegte problematiek waarin werklik=heidsbeskouing, samelewingsleer en mensbeskouing (antropologie) in onlosmaaklike verband met mekaar gesien moet word. Dit is so omdat die mens net soos die res van die skepping 'n skepsel (kreatuurlik) is, as sodanig aan die soewereine Skepper onderwerp is (Wet-subjek), in 'n samehangende verskeidenheid van verhoudings (tot God, die Wet, die mens en die res van die skepping), verbonde is en deel het aan 'n verskeidenheid van handelings (w.o. aktes, funksies en take).[50] Ons het wat die samelewingsverbande betref in die eerste plek te doen met MENSE en mense is unieke skepsels en die uniekheid van hierdie skepsels bepaal saam met die ontiese wet die unieke eie-aard of eiesoortigheid sowel as funksies van die verbande.

Om terug te kom op die eerste deel van die stelling nl. dat die mensbeskouing van 'n denker enersyds saamhang met die werklikheidsbeskouing en andersyds met sy staatsbeskouing word kortliks verwys na Plato, Aristoteles en Thomas van Aquino.

<u>Plato (427 - 347 v C)</u>[51] wat die vader van die filoso=fiese realisme is, het volgens Vollenhoven[52] drie periodes in sy denke deurloop nl. die <u>nie-realistiese</u>, <u>semi-realistiese</u> en <u>volledig-realistiese</u>. Gedurende die eerste periode het hy reeds die indiwidualisme van Socrates prysgegee en 'n aanhanger van die par=siële universalisme geword. Dit beteken dat hy naas die een makrokosmos veel mikrokosmoi erken het. Die

belangrikste vir Plato is hiervolgens die makrokosmos waar hy die vastigheid soek, maar gedurende hierdie periode is hy nog objektivis - hy soek die wet in die kwaliteite van die dinge.

Gedurende die tydperk van sy semi-realisme soek hy die wet in 'n eie gebied buite die kosmos nl. die terrein van die intelligibele waar die drie idees van die GOEIE, die WARE en die SKONE, as norme vir alles wat in die wêreld góed en waar en mooi is, bestaan. Die wet word so 'n eie realiteit toegeken wat van beide die subjek en die objek onderskei moet word. Hy het dus in sy soeke na vastheid nl. om die deugde bo alle willekeur te verhef 'n stap verder gevorder en dit in die agtergrond van die kosmiese werklikheid denkend veranker.

'n Kenmerk van die volledige realisme is, volgens Vollenhoven, dat die intelligibele nie uitsluitend meer bestaan uit die drie ideë van die goeie-self, die ware-self en die skone-self nie, maar dat die ideë in die agtergrond aangevul word met die GETALLE-SELF as die ONVERANDERLIKE WETTE wat die objekte binne die kosmos metries bepaal. Die ideë bepaal hiervolgens die meerdere of mindere goedheid, waar=heid en skoonheid van alle subjekte - mense en dinge - in die voorgrond. Maar ook die objekte het nou hulle buite-kosmiese vastheid in die getalle self omdat dit die hoogste maatstaf is vir die metriese begrensing van die kwaliteite.

Vir ons doel hier is veral Plato se periode van

dualisme (as volledige realis) van belang. Dit beteken dat daar deur die makro- en mikrokosmos 'n horisontale lyn loop wat 'n skerp skeiding maak tussen die hoëre as die goddelike en die laere as die nie-goddelike. Volgens Plato is die goddelike in die mens die DENKSIEL wat alleen by leiers gevind word. Die siel het nog twee ander dele ook nl. die van moed of dapperheid en die van begeerte. Die denksiel word goddelik en laasgenoemde twee deugde nie-goddelik (en verganklik) genoem. Korrelaat hiermee is in die wêreld van die intelligibele die idee van die ware self wat goddelik is en die ander twee wat nie-goddelik is. Later vind daar by Plato 'n verskuiwing in die horisontale lyn na benede plaas sodat ook moed of dapperheid goddelik geag word.

Hier kan nou op treffende wyse opgemerk word hoedat werklikheidsbeskouing mensbeskouing en staatsbeskouing onderling met mekaar saamhang. Die drie sieledele sien Plato in die verskillende dele van die menslike liggaam geïnkorporeer nl. die hoogste (DENKSIEL) in die kop; moed of dapperheid in die bors en die begere in die laere buik en bene. Hiervolgens deel hy ook die staat in. Die regeerders is die filosowe wat deel het aan die goddelike (DENKSIEL). Hulle is die kop van die staatsliggaam. Die soldate is die manne van moed en dapperheid wat die staatsliggaam moet beskerm en verdedig. Hulle is die borsgedeelte van die staatsliggaam. Die werkers is op behoefte=bevrediging d.w.s. produksie ingestel en hulle is die buik en bene. Elke groep dien die staatsliggaam

volgens eie aanleg en talente wat hulle ontvang het. As dit gebeur dan is daar harmonie en geregtigheid in die staatslewe. Slegs die filosowe en soldate is egter volledig mense, want hulle het ook deel aan die denksiel wat hulle deel gee aan die goddelike.

Hierdie ideale staat is wat sy vorm betref aristo=kraties opgebou. Die regeerders het absolute mag en hulle word in die uitoefening van hulle mag verlig deur kennis van die ideë. Die soldaat en beamptes staan hulle in die bestuur van die staatslewe en verdediging teen vyande by en die derde stand het geen ander taak as om te sorg dat elkeen van die nodige lewensonderhoud voorsien word nie.

Volgens Spier[53] is die makrokosmos vir Plato ook 'n lewende wese wat uit 'n liggaam en drie-delige siel bestaan. Die drie ideë in die intelligibele is korrelaat met die drie dele van die wêreldsiel. Die rangskikking van die ideë volgens die dele van die siel word dus nou van bo na onder:

Die ware-self is korrelaat met die denke
die goeie-self is korrelaat met dapperheid
die skone-self is korrelaat met die begerende siele=deel (wat alleen nie-goddelik is).

In hierdie hele dualistiese opvatting van Plato is daar 'n demiurg, 'n boumeester van die heelal nodig om die twee komponente wat aan mekaar wesensvreemd is (goddelik en nie-goddelik) saam te bind.

Aristoteles (384 - 322 v C), Plato se grootste en beroemdste leerling, het sy leermeester ongeveer die eerste dertien jaar in sy wysgerige denke nagevolg, maar uiteindelik net die teenoorgestelde ontwikkelings=gang deurgemaak. Vollenhoven onderskei by hom die periodes van volledige realis, gedeeltelike realis en objektivis.

Aanvanklik was Aristoteles volledig realis wat die tweeheid van ideë en getalle self in die intelligibele gehandhaaf het. Hy bly ook parsiële universalistiese monis met die makro-mikrokosmostema. Die verskil met Plato het gelê in sy opvatting oor die hoëre en laere en hulle verhouding tot mekaar. Die hoëre vereenselwig hy met die menslike denkgees en die laere met die psigiese gevoelslewe wat organies of anorganies kan wees. Tussen die hoëre en die laere is daar wisselwerking. Die hoëre sowel as die laere besit kwaliteite wat metries bepaalbaar is, dus in die intelligibele agtergrond van getalle self veranker is. In hierdie periode gebruik hy reeds die twee terme vir die hoëre en laere wat later sy hele ontologie gaan beheers nl. stof (of materie) en vorm. (Hulémorfisme).

Die ARCHé of oorsprong van alles noem hy die vormlose stof, die ongevormde natuur wat uit sigself in die ontwikkelingsproses opdeel in die hoëre en laere.

Ongeveer 346 (v C) breek Aristoteles met die opvat=ting van die drie ideë as verhewe voorbeelde vir die Makro-mikrokosmos in die intelligibele, maar hy hand=

haaf nog die getalle-self as reële dinge in die on=
waarneembare wêreld. Hy laat ook die wisselwerkings=
teorie vaar en bring in die plek daarvan die paralle=
lisme. Hy handhaaf nog 'n monisme m.a.w. die vorm=
lose natuur verdeel in hoëre en laere vorme maar
oefen wedersyds op mekaar geen invloed uit nie -
wat in die laere gebeur, vind op analoë wyse in die
hoëre plaas. Daar is egter ook 'n tweedeling in
sowel die hoëre as die laere. Albei bestaan van bo
na onder uit bewussyn en gevoel onderskeidelik. Dit
geld vir beide die organiese en anorganiese in die
laere die organiese het net behalwe gevoel boonop
ook bewussyn.

By die drie elemente van die aarde voeg Aristoteles
nou nog 'n vierde nl. die quinta essentia (eter van
onafgebroke beweging). Die makrokosmiese denkgees,
die wêreldverstand sowel as hemelliggame bestaan
uit hierdie stof.

Plus minus 333 (v C) word Aristoteles objektivis en
gee hy die hele wêreld van die ideë en getalle-self
prys. Hy soek voortaan die wet nie meer buite nie,
maar binne die kosmos en wel in die objek, in die
kwaliteite waarvan hy die metriese bepaaldheid
prysgee. Voorts verwissel hy die monisme vir 'n
dualisme (daar is 'n oorspronklike tweeheid, nie
te herlei na 'n diepere eenheidsbeginsel nie). Hy
handhaaf 'n Parsiële universalisme maar nie meer in
die Makro-mikrokosmos skema wat naas mekaar staan nie,
maar nou 'n skema van hoër en laer. Die hoëre word

nou gesien as die indiwiduele en die laere as die universele.

Volgens Spier[54] sien Aristoteles die werklikheid nou soos volg:

Die laere is die gebied van die elemente waaruit die liggaam by plant, dier en mens saamgestel is. Hierdie laere is die universele, die algemene d.w.s. die indiwidualiteit van die dinge kom van die hoëre wat indiwidueel is. Die hoëre by plant, dier en mens is die siel. Dit druk sy stempel of indiwidualiteit op die liggaam af.

Dienooreenkomstig bestaan alle dinge - nie alleen die lewende nie - uit die twee-eenheid van iets laers wat algemeen is en iets hoërs wat indiwidueel is, maar alleen by lewende dinge kan hierdie bestand=dele liggaam en siel genoem word. (By plante: die vegetatiewe siel; by diere: die psigies-gevoelige siel en by die mens: die denksiel). Hiermee word die begrippepaar: vorm en materie so verbind dat die vorm slaan op die hoëre (indiwiduele) en die materie die laere (universele) omvat. Die sin, bedoeling en bestemming van 'n ding is in sy vorm, dus in die hoëre geleë en dit sal beteken dat die doel van die menslike lewe in die denksiel (menslike denke) geleë is.

In alles wat konkreet bestaan in die tweeheid van vorm en materie is steeds 'n proses van aktualisering aan die gang. Die materie streef na sy vorm, omdat die ding (plant, dier, mens) sy moontlikhede wil

verwerklik deur aan sy bestemming te beantwoord. So het die mens potensie tot denke en hy strewe na die denkende mensebestaan (immanente doelmatigheid).

In sy laaste fase vind daar egter nog verandering in sy konsepsie plaas. Die vorm, die siel wat tot nou toe die goddelike uitgemaak het verhuis nou na benede en vorm saam met die laere die liggaam. Hulle vorm nou saam as die nie-transendente 'n nouere eenheid waarby die wesensvorm die essensiële van die mens en ding bly. Voorts geld nie slegs die materie meer as die universele nie, maar die hele terrein van die laere - siel en liggaam beide is nou individueel en as sodanig potensieel. Om egter aan die aktuele 'n plek in hierdie skema te gee, voer Aristoteles die begrip van 'n bopersoonlike algemene DENKGEES in. Uit die denkgees word die indiwiduele denkende siel van die mens geaktualiseer d.w.s. tot denke gewek deur die denkgees. Die inhoud van die denke vloei egter nie uit die denkgees nie, maar word ver=kry uit die empiriese waarneming.

Hoewel die denkgees goddelik is, het Aristoteles 'n aparte plek vir sy godheid nl. bo alle dinge, bo die aarde bo die universele denkgees, ook bo die talryke hemelsfere langs watter bane die son, maan, planete en sterre ewig beweeg as besielde substansies. Bo dit alles is god as onbeweeglik beweger (Causa finalis) as suiwer denke of denke van die denke wat alles soos 'n magneet na hom toe as hoogste doeloor=saak aantrek.[55]

Die heelal is dus hierargies georden. Op die onder= ste trap is die suiwer materie wat vormloos is ('n abstraksie, die basis van die konsepsie); dan volg die fisiese dinge wat gevormde materie is; plante wat fisiese materie en 'n vegetatiewe siel het; die dier wat organiese materie en 'n psigies gevoelige siel het; die mens met 'n psigies gekwalifiseerde liggaam en 'n denksiel het. Daarbo volg die universele denkgees, die hemelliggame en die godheid (die Monarg) as hoogste top. Aristoteles eindig dus in sy denke by 'n louter kosmologies, dualistiese objektivisme verbonde met 'n parsieel universalistiese visie in die skema: hoër en laer.[56]

Hierdie werklikheidsbeskouing (Monargianisme) en mensbeskouing het direkte invloed uitgeoefen op Aristoteles se staatsbeskouing, maar ook op die denke van die sintesedenkers uit Christelike kring soos bv. Thomas Aquinas en via hom ook op Calvinistiese denkers, selfs tot vandag toe.[56a] Binne hierdie skema word die staat deur Aristoteles teleologies beskou as die hoogste bestemmingsverwesenliking vir die indiwiduele mens op aarde. Die mens vind sy geaktualiseerde <u>vorm</u> eers in sy burgerskap van die staat buite watter verband hy nie 'n sinvolle bestaan op aarde kan hê nie. 'n Mens kan dus sê dat sy burgerskap voorafgaan aan sy menswees en dat die mens se bestaan alleen sin en betekenis binne die staatsverband kry. Dit spreek vanself dat die staats= verband so as die hoogste, allesoorkoepelende verband op aarde beskou sal word. Die mens kan voorts

ook slegs langs die stygende trappe van die hierar=giese leer opklim tot hoëre aktualiteit of vormver=wesenliking in die rigting van die intellektualistiese en monargianistiese godheid wat die hoogste vorm van alle syn is. Op hierdie weg bereik hy ook menslike deug (eudaimonia) wat enersyds intellektualisties en andersyds moreel gedui word. ('n Redelike beginsel en praktiese wysheid). Maar uiteindelik word alle deug in die "staatsdeug" van "geregtigheid" saamge=vat.[57]

Wat egter vir ons belangriker is, is dat hierdie denk=skema die moontlikheid tot sintesedenke open. Hierdie sintesedenke het seker sy sterkste historiese uit=drukking gevind in Thomas van Aquino (1225 - 1274 n C). Op die omvattende ontologie van Thomas kan nie hier ingegaan word nie, maar moet slegs op gewys word dat die skema van hoër en laer by hom uitkristaliseer in die twee-terreine leer van natuur en genade (natuur en bo-natuur). In die plek van Aristoteles se Monarg kom by Thomas die God van die Bybel. Die werklikheid word voorts ook horisontaal in twee gedeel. Die mens met sy rede (waarin die lex naturalis vanuit die lex aeterna neerslag gevind het) is soewerein op die terrein van die natuur. Maar nou ruim Thomas 'n plek vir die geloof in en dit is die terrein van die bo-natuur of die genade waar die Bybel relevant is en waar ons te doen kry met die hoëre sieledeugde. Daarby leer Thomas dat die onderdeel in verhouding tot die geheel staan as dit wat onvolmaak is tot dit wat volmaak is. So is die enkeling 'n onderdeel

van die volmaakte staatlike geheel. "Thomas gee Aristoteles dus volmondig gelyk in sy kontensie dat perfecta..communitas civitas est ("die volmaakte... gemeenskap die staat is") Summa Theologica 1 2 9 90 a 2."[58]

Siende egter dat die geloof die rede en die genade die natuur te bowe gaan, verhef Thomas die Roomse Kerkinstituut (as genadeinstituut) bo die staat en moet die keiser sy kroon uit die hand van die pous ontvang. Sy dualistiese werklikheidsvisie speel dus ook hier deur. Aardse regeerders behoort hulle te onderwerp aan kerklike regeerders vir sover dit dié sake raak wat op die ewige lewe betrekking het. Volgens du Plessis steun hierdie argument by Thomas op die premisse dat dit die oogmerk van die aardse regering behoort te wees om 'n deugdelike lewe by sowel die individuele onderdaan as die communitas as 'n geheel te verseker en die aardse regeerder het gevolglik die hoogste gesag t.o.v. die aangeleenthede wat met die bereiking van hierdie oogmerk in verband staan; maar die lei van 'n deugdelike lewe het ook 'n hoëre doel in die Hiernamaals (die Ewige Lewe), dit wil sê in Christus, en dit is die kerklike regering wat die weg na hierdie allerhoogste doel=stelling moet aandui. "Die implikasie van hierdie opvatting van Thomas is redelik duidelik: die kerklike gesag oordeel in finale instansie oor die houdbaarheid van aardse wetgewing en aardse regering en vir die doeleindes van hierdie oordeel moet die "prins" hom aan die "priester" onderwerp".[59]

Die verhouding tussen die werklikheidsbeskouing, mensbeskouing en staatsbeskouing kan ook by die Humanisme (wat subjektivisties is) met sy verskillende vertakkinge opgemerk word. Dit word bepaal deur die verabsolutering van een of ander aspek van die werklikheid.[60]

So kry ons te doene met die Eksistensialistiese mensbeskouing wat die mens beskou as homo viator - die mens op weg na selfrealisering in die toekoms. Dit bring die gedagte van altyddurende vernuwing deur revolusie mee. (Indiwidualisties.)

Die Liberalistiese[61] mensbeskouing wat die vryheid van die indiwiduele mens verabsoluteer en die staat gevolglik alleen kan sien as 'n sosiale kontrak tussen vrye indiwidue (Indiwidualisme).

Nasionaal-sosialistiese mensbeskouing wat die kollek=tiwiteit van ras en volk verhef met sy ideologiese basis van die mite van biologies-superieure ras wat geroep is om die ander te regeer en te lei. Die volk word hier tot geheel-organisme verhef wat alle verbande omsluit (universalisme).

Die Kommunistiese[62] mensbeskouing wat uit die materia=lisme opkom en die mens beskou as homo laborans en homo faber en daarop hulle staatsbeskouing van die diktatuur van die proletariaat grond. (Historiese materialisme wat ewe-eens universalisties is.)

Die Egalitarisme wat uitgaan van die natuurlike gelykheid van alle mense en die gelykheidsbeginsel

verabsoluteer ongeag beskawingsontwikkeling het aanleiding gegee tot die radikale demokrasie van die V V O, die V S A e.a. Westerse lande. Hier is die slagspreuk "een mens een stem" en burgerlike vryheid en mense-regte word hoofsaaklik aan een maatstaf gemeet en dit is politieke medeseggenskap. Miskien kan 'n mens 'n laaste fase in hierdie ont=wikkelingsgang voorsien waarin die derde en laaste deel van die slagspreuk van die Franse Revolusie die grootste klem sal ontvang nl. die BROEDERSKAP van alle mense ongeag geloofsoortuigings, godsdiens, kultuur, beskawing, ras of wat ook al. Hierdie broederskap kan gegrond word in medemenslikheid wat die nuwe godsdiens van die Humanisme is. Die ryk van die Anti-chris kom so tot openbaring as die Koninkryk van die OUTONOME MENS wat in die Skrif die wettelose, die mens van sonde, genoem word. (Vgl. II Thess. 2).

Saam met Heyns[63] kan ons bogenoemde soos volg saamvat:

"In die dualistiese mensbeskouing is die mens ten diepste 'n nie-aardse wese. Hy is nie in die wêreld nie en selfs nie in sy eie liggaam tuis nie. Die mens is wesenlik 'n geestelike wese en as sodanig is hy van 'n ander wêreld afkomstig. Vir die Humanisme is die mens weer volledig tuis in hierdie wêreld. So tuis dat hy alléén in hierdie wêreld kan regkom. Hy ontdek nie sin en betekenis in die wêreld rondom hom nie, maar hy ken dit aan die wêreld toe. In die Eksistensialisme is die mens self die skepper

van die inhoud van sy lewe. Die mens is sy eie wetgewer en sy eie wet en is so steeds op weg na homself. In die Liberalisme gaan dit om die onge= bonde, in vryheid handelende indiwiduele mens - die mens wat nie wesenlik met andere verbonde is nie, maar in homself genoegsaam is. Hiermee kan die Nasionaal Sosialisme nie saamstem nie, want, so word beweer, die enkeling het sin en waarde enkel en alleen in soverre hy, en solank hy lid van sy volk is. Aan die gedagte van die kollektiewe verbondenheid van die enkeling gee die kommunisme 'n metafisiese grondslag: alles is uit materie opgebou, so is die mens ook wesenlik stof - na liggaam en siel - en daarom moet hy, om 'n gelukkige en menslike mens te wees, die stof bearbei."

Sekere waarheidsmomente in sommige van bogenoemde gedagtes kan ons op Skrifgronde ook toegee, maar dan word dit in 'n totaal ander verband en 'n totaal ander perspektief geplaas. Volgens Heyns kan die raamwerk waarbinne en die gesigshoek van waaruit die mens in die Bybel geplaas en besien word in een woord saamgevat word nl. die Koninkryk van God. Heyns tipeer die mens as "<u>KONINKRYKSWESE</u>".[64] Dit sluit aan by ons uitgangspunt en dit sal hierna duidelik word wat daarmee bedoel word.

Dit is egter vir ons doel nie nodig om breed op die Bybelse mensbeeld in te gaan nie. Slegs enkele aspekte wat relevant geag word vir ons samelewings= leer en staatsbeskouing word kortliks aangestip:

3.1.4.2 Wat ons allereers moet raaksien is dat die mens 'n unieke wese is wat in 'n besondere verhouding tot God, sy Skepper, staan. As skepsel is hy, soos die res van die Skepping, aan Gods Wet onderworpe en as sodanig Gode-subjek, Wet-subjek en dit is hierdie mens wat in die verbande lewe en optree. Trouens die samelewingsvorme word uit mense deur onderlinge saamlewe eers moontlik gemaak.

Maar dit is duidelik dat die uniekheid van die mens nie soseer daarin geleë is dat hy wet-subjek is nie, want dit is die res van die Skepping ook. Die uniek= heid van die mens in verhouding tot die Skepper is daarin geleë dat God die mens geskape het, op grond van Sy besondere besluit, na Sy beeld en gelykenis. Dit beteken o.a. dat God in VADER-KIND verhouding tot die mens staan en die mens tot God in die KIND-VADER verhouding. Hierdie verhouding word deur die Skrif uitgedruk met die term VERBOND. Volgens Vollenhoven[65], soos reeds daarop gewys, beskou die Heilige Skrif die religie as 'n VERBOND (unio foederalis) wat aan die menslike geslag reeds voor die sondeval bekend was deur die Woordopenbaring. Die mens het dus sy bestaan oorspronklik binne die verbond en onder die goddelike wet. Hy was oorspronk= lik as kind gehoorsaam aan sy Vader. Sy HART en LEWE het volkome aan God behoort. Na die sondeval het die verbond sowel as die verbondswet egter van Gods kant ongeskonde bly voortbestaan, maar die mens het in opstand en ongehoorsaamheid die verbond van

sy kant verbreek en die wet oortree en so in sonde sowel as ellende geval. Sedert die sondeval het daar dus 'n tweërlei rigting van die menslike hart t.o.v. God Drie-enig (Sy verbond en verbondswet) ingetree nl. dié van geloofsgehoorsaamheid in en deur Christus Jesus in gemeenskap met die Heilige Gees enersyds en dié van 'n natuurlike ongehoorsaam=heid en afvalligheid van God Drie-enig. In laasge=noemde geval is die hart in afvallige geloof op 'n vermeende god of afgod gerig (= radikaal linkse rigting).

Onder die term religie verstaan ons dus die tweërlei rigting van die menslike hart in verhouding tot die God van die Woordopenbaring en tipeer ons die mens na sy eintlike menswees as 'n religieuse wese.

Die menselewe is, bewus of onbewus, in die hart en dus radikaal en totaal beheers deur die religie en dit het besondere betekenis vir sy hele lewe in watter verband hy ook al optree. Onder die term hart verstaan ons dan "die brandpunt van die religie" (Von Meyenfeldt); die religieuse rigtingbepalende sentrum (Vollenhoven), die punt waar die ganse menslike bestaan hom konsentreer in die religieuse wortel van ons hele menslike bestaan (Spier) of ook representatief gesproke: die egte, die onvervalste, die eintlike van die mens soos hy in werklikheid is, soos hy voor God is. In hierdie sin gryp die religie die mens in sy eintlike bestaan aan en wil jy die mens verstaan dan moet jy hom in sy religie ken.

Die religie is nie net 'n saak van een van die mens se vermoëns, funksies of belewenisse nie, "maar de religie is zaak van de autentieke, de onvervalschte mens m.a.w. de religie is zaak des HARTEN".[66]

Die sondeval en verlossing deur Christus Jesus in gemeenskap met die Heilige Gees het gevolglik ook besondere betekenis vir die verbandslewe. Die verlossing maak die sondeverslaafde mens weer vry om God in gehoorsaamheid te dien. "This man, with all his activities emerging from his heart, is now enabled to serve God anew in all his doings. From his heart also flows his life within all forms of communal life. His life within the variety of communities in which he is separately and uniquely united should therefore also be a life of worship".[67] So word die mens vrygemaak om as Koninkrykswese die Koning en Sy Koninkryk op aarde te dien met sy hele hart.

Hierdie siening van die religie stel ons in staat om in te sien dat alle handelinge van alle mense primêr religieus bepaald is - ook die van die heiden en Godloënaar. Tereg merk Vollenhoven op dat die tweeheid van rigting die eenheid van die struktuur van die religie nie ophef nie. Die pretensie van neutraliteit op watter terrein en in watter verband ook al is hiermee reeds by die wortel afgesny en as 'n valse pretensie aangetoon.[68]

3.1.4.3 'n Tweede belangrike relasie waarin die mens as BONDELING staan, is dié tot die <u>res van die aardse</u>

skepping. Hier moet ons egter die mens se verhouding tot stof, plant en dier onderskei van sy verhouding tot homself en sy medemens.

In sy verhouding tot stof, plant en dier is die mens kroon en koning van die aardse skepping. Met kroon word bedoel dat die res van die skepping ook via die hart van die mens op God en Sy Koninkryk gerig is. Met die Koningskap van die mens word bedoel dat die mens in die amp van koning geplaas is en as sodanig "heenwyser na, verteenwoordiger van, ambassadeur en saakgelastigde vir God op aarde is".[69] Uiteraard moet hierdie koningsmens sy koninklike amp gestalte gee langs die weg van die verbondsgehoorsaamheid en in hierdie gehoorsaamheid is hy nie net koning nie, maar ook priester en profeet. Hy moet langs die weg van die uitvoering van die oorspronklike skeppingsopdrag kom tot beheersing van en regering oor die res van die skepping met die doel om die ganse aardse skepping heen te lei tot die diens en verheerliking van God, Sy Vader en Koning. Die oorspronklike skeppingsopdrag moet dan nie verkeerdelik spiritualisties gedui word nie, maar moet gesien word in die allesomvattende betekenis daarvan. Dit moet die arbeid op alle terreine en in alle verbande insluit (Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde, bewaak en bewerk die tuin, benoem die diere, beheers die aardse skepping en HEERS oor die werke van my hande).

SAMEVATTEND: die koningsmens (Ps. 8) moet as

koninkryksmens (mens van God: II Tim. 3:17) gehoor=saamheidsgestaltes (in antwoord op die Woord van God) aan die Koninkryk van God gee, op elke terrein en in elke lewensverband waarin hy optree. Hy moet dit nie doen met 'n slawe-mentaliteit nie, maar hy moet kinderlik-gelowig, liefdevol, gehoorsaam en met vreugde uitvoering gee aan die wil en welbehae van Sy HEER en KONING.

Ook hier sal die sondeval en verlossing egter verreken moet word. Ek haal in hierdie verband Taljaard aan:[70]

"Die mens is bondeling. En as die mens die kind-Vader relasie verbreek, in sonde val, dan vervloek God die hele aardse skepping. Ook stof, plant en dier word hierdeur getref - so handhaaf God in die gevalle wêreld weer die harmonie en verskeur God die mens nie, in dié sin dat dit wat hy gemeen=skaplik, maar anders, met stof, plant en dier besit nie deur die sonde getref word nie. Die verlossing en heerskappy bevestig hierdie relasie, want deur die tweede Adam word ook weer die res van die skepping van hierdie sondevlek rein gewas. So STAAN ALLEEN DIE MENS IN REGSTREEKSE RELASIE TOT GOD. SO STAAN STOF, PLANT EN DIER VIA DIE MENS IN RELASIE TOT GOD."

Die verbondswet (die religieuse liefdesgebod) het gevolglik sentrale betekenis beide vir die mens en vir die res van die aardse skepping. Dit bind ook

die verbande o.a. aan die geskrewe wet van God in die Woordopenbaring. Die aard en betekenis van hierdie binding moet egter nog verder uitgewerk en gepresiseer word.

### 3.1.4.4 Die mens in verhouding tot sy naaste

Wanneer Heyns[71] sê: "Menswees as geskapewees deur God, is nie alleenwees nie, maar saamwees met die medemens", kan dit die indruk skep dat die indiwi=dualiteit van die mens onderskat word en dat "mede=menslikheid" verhef word tot die eintlike menswees. Hierteen moet egter gewaak word, want iemand se menswees mag nie afhanklik gemaak word van sy mede-mens wees nie. Adam was eerste geskape en was al besig met sy taakvervulling toe hy die gemis aan 'n mede-mens ontdek het en die vrou is juis ook in die eerste plek gemaak as hulp om by hom te pas (Gen. 2:18). Die mens bly ook steeds persoonlik geroepe, persoonlik verantwoordelik en sal persoonlik gaan rekenskap gee aangaande sy lewe binne alle lewens=verbande (vgl. Jeremia 1:5).

Die vrou is nou egter ook uit die man geformeer sodat daarmee die eenbloedigheid van die menslike geslag aangedui en gewaarborg is. Verder het God die vrou na die man gebring in die huweliksbetrekking en "hulle twee het een vlees geword". (Gen. 2:24). Die huwelik is so 'n intieme lewensvereniging dat dit met die uitdrukking "een vlees" aangedui word. In hoeverre hierdie intieme lewensgemeenskap ook betrekking het op die sg. kultuurverbande in onder=

skeiding van natuurlike verbande (bloedverbande) moet nog gesien word, maar wat hier beklemtoon word, is dat mense mekaar nodig het, verantwoordelik is vir mekaar se welsyn en tot 'n eenheid in samelewings= vorme saamgesnoer word sonder om mekaar se indiwi= dualiteit daarmee op te hef of te vernietig.

As koningsmens is hy, wat die samelewingsvorme betref, toegerus om leiding en vorm te gee aan die lewens= verbande wat in die loop van die geskiedenis uit die oorspronklik ingeslotene sou voortkom nl. wanneer die mens die skeppingsopdrag uitvoer om die aarde te vul en wat daarmee saamhang. Die feit dat die man sy vader en sy moeder moet verlaat en sy vrou aan= kleef dui alreeds op die proses van divergering en differensiëring wat sou intree en inderdaad inge= tree het. Dit dui ook op 'n besondere orde-reëling wat selfs afgesien van die sonde nog deel van die aardse skepping in die toestand van regtheid (of goedheid) sou wees. Nog te meer word dit noodsaak= lik na die sondeval en dui die aankondiging van die "heersersamp" van die man op die noodsaaklikheid van gesag in die samelewingsverbande (Gen. 3:16). "This authority should be seen as belonging to the structure of man and the peculiarity of the community, and should never be reduced to the sovereignty of God. God also proclaimed his sovereignty over this authority."[72] Ons praat gevolglik nie van afgeleide of gedelegeerde menslike gesag nie. Uiteraard is die mens se wil net soos die res van die mens en die mens in sy totaliteit ook aan God se wil onder=

worpe. Kragtens die toerusting wat die mens van God ontvang het, word hy as koningsmens deur God aange=stel in die AMP om vir die verskeidenheid eiesoortige verbande gesagstrukture daar te stel en onder leiding van die sentrale liefdesgebod, wat God op sy hart gerig het, die wette vir die eiesoortige verbande te positiveer. Daardeur word die verbandslewe gereël, gereguleer en ge-orden. Hierin kom ook 'n besondere faset van Gods beeld na vore nl. dié van wetgewer en orde-skepper (I Kor. 14:33 & 40). Die mens moet dus AMPSGESAG uitoefen, AMPSGEHOORSAAMHEID aan die dag lê en waak teen AMP-SKENDING. Hy moet as aan=gesprokene en geroepene van God gehoorsaam antwoord gee en uitvoering gee aan Gods soewereine wil. Die hervormer Calvyn het in hierdie verband treffend opgemerk: "Die grootste konings is slegs hande van God - werktuie van Sy onbeperkte mag. Hy self bly steeds die soewereine Heerser oor alle mense."[73]

## 3.2 <u>Samelewingsverbande</u>

Waar ons samelewingsverbande as skeppingsrealiteite beskryf het, het ons daarmee nog geen aanduiding gegee van die eiesoortige karakter van 'n verband nie. Aller=mins het ons 'n onderskeidende kriterium aangedui waarvolgens ons verbande onderling van mekaar kan onder=skei. Ons het daarmee nog slegs gewys op die gemeen=skaplike wat ook die lewensverbande met alle ander geskape realiteite in gemeen het. Tog is hierdie basiese kenmerke wat eie is aan alle geskape realiteite ook van die grootste belang om die aard en funksie van die ver=

bande beter te verstaan.

### 3.2.1 Afgrensing van eiesoortige verbande

Die vraag wat hier eerste aan die orde kom is: Wat is die tipiese eie-aard van 'n verband wat hom afgrens van die talle verhoudings waarin 'n mens tot sy medemens kan staan? Daar is 'n haas on-oorsigtelike veelheid van intermenslike verhoudings waarin die een mens tot die ander kan staan bv. die huwelik, gesin, familie, volk, staat, bedryf, baie ander sosiale, ekonomiese en vriendskaplike verhoudings, verenigings, klubs en talle losse verhoudings soos die van kennisse, buurskappe, kopers, verkopers en dergelike meer.

Daar bestaan dus 'n behoefte om op 'n prinsipieel begronde wyse te kan onderskei tussen hierdie ver=skeidenheid van menslike verhoudinge indien ons 'n juiste siening op die samelewing as sodanig en die onderlinge verhoudinge van samelewingsverbande wil kry. Dit is van meer as net teoretiese belang om in hierdie opsig suiwer te onderskei. Dit word vir die doel van hierdie studie as genoegsaam beskou om net kortliks te let op bydraes in hierdie verband deur enkele eksponente van die Christelike wysbegeerte.

3.2.1.1 Dooyeweerd[74] maak gebruik van die struktuur-teoretiese ondersoek-metode om te kom tot die onderskeiding van tipiese struktuur prinsipes wat die konstante innerlike aard van die onderskeie samelewingsverhou=dinge bepaal. Die religieuse grondmotief van die Christendom wat met die Reformasie weer sterk na

vore gekom het nl.: skepping, sondeval en verlossing - openbaar die religieuse wortelgemeenskap van die menslike geslag in die skepping in die solidariteit van die sondeval en in die geestelike Koninkryk van God in Christus Jesus en verbreek daarmee prinsipieel elke aanspraak van 'n tydelike geméenskap om die hele menselewe te omvat en te beheers. Dit eis vir die kerk bv. interne selfstandigheid teenoor die staat en skerp die oog vir die eie aard en soewereiniteit in eie kring van die lewenskringe. Hierdie insig wat uit die 16de eeuse Reformasie voortgevloei het, was alreeds 'n belangrike wins.

Conditio sine qua non vir die insig in die tipiese struktuurprinsipes is vir Dooyeweerd die insig in die onderskeie modale aspekte of transendente ervaringswyse van die samelewingsverhoudinge. Hulle besit self 'n onveranderlike modale struktuur waarin hulle plek in die tydelike orde van die aspekte tot uitdrukking kom. Die ordening van die modale aspekte of wetskringe met hulle kernmomente, (sinkerne) antesipasies, retrosipasies leidende funksies en funderings funksies speel nou verder 'n belangrike rol in Dooyeweerd se metode om die strukturele eieaard van die samelewingsverbande te verklaar.

'n Samelewingsverband is volgens hom 'n sosiale individualiteitstruktuur en laasgenoemde word in die eerste plek gekenmerk deur 'n tipiese groepering van modale aspekte wat die algemene tydelike volgorde van laasgenoemde nie verbreek nie, maar ook nie

daaruit af te lei is nie. Die tipiese groepering is so gegee dat daarin 'n bepaalde aspek as die kwalifiserende binne die indiwidualiteitstruktuur optree. In hierdie kwalifiserende aspek is die sg. interne bestemmingsfunksie van die indiwiduele geheel ingesluit. Hierdie interne bestemmingsfunksie het 'n tipiese rigtinggewende en leidende rol binne die indiwidualiteitstruktuur. Dit ontsluit alle vroeëre aspek-funksies van die geheel en rig dit op die tipiese innerlike bestemming van die laaste. Al hierdie vroeëre funksies ontsluit hierby hul antisiperende modale struktuurmomente. Op hierdie wyse kom 'n tipiese interne struktuurgeheel tot openbaring. So word 'n plant bv. deur die organiese lewensfunksie as sy interne bestemmingsfunksie gekwalifiseer. Die fisies-, chemiese-, ruimtelike- en getalsfunksies word nou ook in die tipiese bestemmingsfunksie ontsluit.

Maar daar is ook 'n retrosiperende of terugwysende tipe in die kwalifiserende aspek van 'n samelewings=verhouding wat teruggaan op die funderingsfunksie daarvan. "Wij zullen deze beide karakteriserende structuur functies naar haar modaal karakter de radicaal functies van een sociale individualiteits=structuur noemen. Het aldus gekarakteriseerde structuurtype drukt zich nu in al zijn modale aspecten zonder onderscheid uit."[75]

Verder kry ons die verskynsel van onderlinge ver=vlegting tussen radikaal onderskeie, verbande wat

deur die W d W 'enkapsis' genoem word bv. die ver=
vlegting van gesin, staat en kerk.

Op grond van bogenoemde (hier slegs kursories aange=
bied) onderskei Dooyeweerd die volgende samelewings=
ordeninge nl. verbande, gemeenskappe en maatskappe.

Die verbandstrukture word gekenmerk deur 'n interne, solidêre, eenheidskarakter onafhanklik van die wisseling van hulle lede en deur 'n permanente gesagstruktuur waardeur die verbandslewe in 'n onderlinge gesagsverhouding tot mekaar georden word. Hiervolgens is verbande: die kerk, die staat, die gesin en die skool.

In die gemeenskapstruktuur is die lede in 'n eenheid verbind wat ondanks die veelheid van interne betrek=
kinge nietemin 'n wesenlike interne eenheid vorm. Dit word egter van 'n verbandstruktuur daarin onder=
skei dat dit nie 'n bepaalde georganiseerde karakter dra nie, bv. 'n huwelik, 'n familie en 'n volk. Hierdie gemeenskapstrukture word as "natuurlike" verbande beskou (bioties gefundeer en eties gekwali=
fiseer) en is nie-institutêr van aard.

In die maatskapstruktuur tree mense met mekaar in verhouding sonder om 'n wesenlike georganiseerde eenheid te vertoon. Hulle verhouding is een van samewerking, neutraliteit of selfs opposisie bv. vriendskap, buurskap, bedryf e.d.m.

3.2.1.2 Volgens Stoker[76] omvat die menslike samelewing die volgende:

o <u>PRIMêRE KRINGE</u> soos huwelik, gesin, volk, staat en die kerk (as instituut);

o <u>SEKONDêRE KRINGE</u> soos 'n skool, 'n fabriek, 'n hospitaal, 'n kunstenaarsvereniging, 'n politieke party, 'n skaakklub, ens.

o die <u>LOSSE VERBANDE</u> van indiwidue soos 'n vriende=kring, buurskap, ens. (Laasgenoemde twee word deur Stoker saamgevat onder die term "maatskappy".)

Elk van hierdie kringe het deel aan alle modaliteite waarvan een 'n leidende funksie het. By 'n skool onderskei Stoker egter twee leidende funksies nl. die logiese (vorming van kennis) en die sedelike (vorming van sedelike karakter). Die primêre kringe het 'n funderende modaliteit, maar van die ander kringe kon hy geen funderende modaliteit vasstel nie. In die struktuurverbinding speel die gesagsverhouding (ouers - kinders; onderwyser - leerlinge; staatsower=heid - onderdane; werkgewer - werknemer; kerkraad - gemeente) 'n essensiële rol. Die gesagsverhouding in 'n betrokke samelewingskring word gekwalifiseer deur die modaliteit wat daarin 'n leidende funksie het.

Die erkenning van die strukturele verskeidenheid van samelewingskringe ag Stoker van besondere belang. Hy praat verder van 'die indiwidualiteit van die eie struktuur' om die verskeidenheid in die kosmiese dimense van (indiwiduele en sosiale) strukture uit te druk. Dit laat ook die strukturele eenheid van

elk tot sy reg kom. Verder onderskei hy die ver=skynsel van enkaptiese vervlegting.

In hoofsaak is daar dus 'n ooreenstemming by Dooye=weerd en Stoker wat betref hulle siening van indiwi=dualiteitstrukture. Stoker verskil van Dooyeweerd (volgens eie erkenning) daarin dat hy net 12 modali=teite (teenoor Dooyeweerd se 15 wetskringe) aanvaar; nie by alle kringe 'n funderende modaliteit vind nie; by die analise van die struktuur van samelewingskringe ook gebruik maak van heenwysings na die kosmiese dimensie van gebeurtenisse en dat hy naas die hier gegewe tipe struktuurbepalings nog 'n ander (die m.b.t. lede) aanvaar.[77]

3.2.1.3 Vollenhoven[78] op sy beurt, lê die volgende riglyne waarvolgens samelewingsverbande onderskei kan word, neer:

"Hulle berus op historiese basis, bevat behalwe die historiese altyd ook die linguale en sosiale funksies en beoog samewerking in bo-linguale sin. Dienooreenkomstig vertoon al hierdie verbande die volgende trekke:

- o Kragtens hulle historiese basis is hulle almal magsverbande;
- o hulle medelinguale karakter kom daarin uit dat oorleg, oortuiging en oorreding hier as konstituerende faktore optree;
- o aan die sosiale ontleen hierdie verbande die gemeenskaplike trek van aanwesigheid van die

korrelasie GESAG-ONTSAG.

o verder bepaal die leidende (prevalerende) funksie die bestemming daarvan;

o terwyl ten slotte die gesagsdraers die wet, wat vir die betrokke verband geld, moet positiveer en handhaaf."

Volgens Vollenhoven staan SAMELEWING EN GEORDENDE SAMEWERKING by hierdie verbande op die voorgrond. Daarom domineer die intermenslike relasie (subjek-subjek) in hulle terwyl die subjek-objek relasie ook nie ontbreek nie.

3.2.1.4 Taljaard[79] onderskei basies net twee soorte samele=wingsverbande nl. dié waarin 'n mens normaalweg gebore word buite jou eie keuse om, wat bedoel is om jou hele lewe of die grootste gedeelte van jou lewe te omvat en die waarby jy, op grond van vrywillige toetrede, aansluit. Eersgenoemde is die institusio=nele verbande soos die gesin, die kerk en die staat en die tweede is die nie-institusionele verbande soos vrye verenigings of vrywillige organisasies wat georganiseer word deur die opstel van 'n konstitusie rondom 'n bepaalde belangstelling en behoefte. By laasgenoemde word o.a. Bedryfs- en arbeidsorganisa=sies, die skool en universiteit ingedeel. Organisasie speel hier 'n groot rol. "The organized unity then becomes a separate reality with its own community life to regulate. In all existing Communities organization continues to play a very important part.

Actually no community can stay in existence without being well organized by its authorities".[80]

Die afgrensende kriterium word deur hom gevind in die ontiese "dingwet" vir die betrokke verband. "We should distinguish between thing-laws valid for material things, those valid for plants, for animals and for human beings. Next to them thing-laws should be distinguished to differentiate between the diversi= fied ways of communal life by man. They are also part of Creation, were made by God and in them also can be seen the everlasting power and deity of God. Over them as well, the sovereignty of God is proclaimed by himself. Each of them is subjected to its own "institutional"-law, institution used here in the sense to include all ways of communal life... A clear distinction between them can be made on account of their peculiarity being determined by specific ontic laws."[81]

Wat dus volgens Taljaard die eiesoortigheid van die verband bepaal is nie die leidende of bestemmings= funksie, modaal gesien nie, maar die oorspronklik-gegewe wet of skeppingsordinansie vir die besondere verband. Hierby moet die volgende drie beginsels vir intermenslike verhoudings raakgesien word (en nie net die funksionele nie):

- o die gemeenskaplike kindskap van die Vader
- o die gemeenskaplike kindwees onderling
- o die gemeenskaplike BINDING op modale vlak, dus

die tipe binding. Die tipe binding en tipe gesag wat geld bepaal saam met die ontiese dingwet die eiesoortigheid van die verband.

Die ding-wet van die verband is deur die eeue onder leiding van die Heilige Gees op 'n bepaalde wyse gepositiveer en gekonkretiseer en hierdie historiese gestaltegewings moet in die lig van die Woordopen=baring, deur die bril van 'n Skrifmatige ontologie ondersoek word. Dit was van die begin af ook die doel van wetenskaplikes om 'n begrip van die wette te kry en dit is gevolglik die navorser se taak om na te gaan watter bydraes reeds tot ons kennis in hierdie verband gelewer is. Hy moet hom hierin egter steeds deeglik rekenskap gee van die bril of gerigt=heid van die hart van die wetenskaplike, wat deur hom bestudeer word, t.o.v. die Woordopenbaring.

3.2.1.5 L.M. du Plessis[82] bespreek die probleem van wet en struktuur en open m.i. 'n nuwe perspektief met sy onderskeiding tussen KONSTANTE EN DINAMIESE WOORDOR=DENINGE. Eersgenoemde word op modale niveau ontdek en laasgenoemde figureer op die vlak van die struk=ture. By strukture word weer onderskei tussen natuur=like en kulturele strukture. Kulturele strukture is, volgens hom, "strukture wat deur die mens tot stand gebring, gevorm of gepositiveer is. Kenmerkend van die mens as kroon van die skepping (en as die na die beeld van God geskape skepsel) is sy volmag om te kan vorm: Sy normatiewe gesag en vryheid as mandator Dei." Dit blyk ten slotte uit du Plessis

se beredenering van die aangeleentheid dat die lei= dende en bestemmingsfunksie (binne die modaliteite soos deur die W d W verstaan) tog vir ons 'n aan= duiding gee van die eiesoortigheid van 'n verband en dat ons hierin 'n belangrike onderskeidende kriterium het. Hy sê: "By die tot stand brenging van alle strukture (insluitende menslike instellings deur die mens) is die rangskikking van (byvoorbeeld) konstante Woordordeninge nie 'n blote neweskikking nie, maar 'n rangordening: die Woordordeninge word so gerangskik (of gerang-orden) dat daar altyd in die struktuur 'n leidende (gewoonlik konstante) Woordordening is. Die rangordening is teleologies bepaald: 'n plant is bestem om te lewe, 'n staat om die regsorde in stand te hou, 'n universiteit om wetenskap te beoefen, ens. en daarom is die leidende Woordordening (of soms komplekse kombinasie van onder= skeibare Woordordeninge) by elkeen van hierdie drie strukture (onderskeidelik) die biotiese modaliteit, die juridiese modaliteit en die logiese modaliteit."[83]

Du Plessis onderskei dus wet en struktuur duidelik van mekaar en laat die wet nie in die struktuur op= gaan nie. Die wet geld vir die struktuur. Die term "wet" is egter vir hom 'n ongelukkige en hy verkies dus om te spreek van die Woord van God wat 'n ant= woord van die skepping w.o. die mens oproep. Dit help hom om nie in die funksionele te bly steek nie, maar ook binne die modaliteite die rigtende karakter van die Woord (wil van God) te handhaaf.

Hierdie gedagte sluit aan by die gedagte van Heyns (sien inleiding 2) wat ses Woordgestaltes onderskei. Met die Woordgestaltes korreleer die gehoorsaamheids=gestaltes of gestaltes van die Koninkryk van God op aarde. Dit omvat meer as net die gestaltes wat deur menslike vormingsaktiwiteit gepositiveer en gekon=kretiseer is. Trouens ons moet ten diepste die Ko=ninkryksgestaltes sien as vrug van die Woord van God en as dade van God in die geskiedenis.

3.2.2 Samehang en samewerking tussen eiesoortige verbande

By die behandeling van die verbandsleer van Dooyeweerd en Stoker hierbo het ons kennis gemaak met die verskyn=sel van enkaptiese vervlegting wat bestaan tussen radi=kaal onderskeie eiesoortige verbande. Die eerste vereiste vir hierdie onderlinge samehang word aangetref in die eenheid van oorsprong en doel nl. dat ook die verbande uit, deur en tot God is. Die verskeidenheid verbande vind, volgens bogenoemde geleerdes, hulle worteleenheid in Christus en Sy Koninkryk op aarde.

3.2.2.1 Die figuur van enkapsis word deur Dooyeweerd prinsi=pieel duidelik onderskei van die deel-geheel verhou=ding. Laasgenoemde kom voor tussen entiteite waarvan een na sy aard as 'geheel' die innerlike aard van die orige dele bepaal. Die verskillende organe van 'n lewende organisme word beskou as dele van die geheel. So is die provinsies van 'n staat dele van die geheel, maar dit is nie wat met die enkapsis-relasie bedoel word nie. Laasgenoemde kom voor tussen intrinsiek-verskillende indiwidualiteitstruk=

ture wat onderling nooit in die deel-geheel verhouding kan staan nie.

Hierdie enkapsis word in die samelewing deurgaans aangetref bv. tussen gesin, staat en kerk. Die gesin kan na sy interne struktuur geen deel van die staat of kerk wees nie omdat dit na sy innerlike aard radi= kaal-tipies van die laaste verskil: staats- en kerk= verband kan selfs deur 'n gesin sny. Die gesin het binne staats- en kerkverband slegs 'n enkaptiese funksie. Voorts onderskei Dooyeweerd[84] drie vorme van enkapsis nl.

- o die uniërende, (dan kry 'n mens die enkaptiese figure van staatskerk, kerkstaat, staatsbedryf ens.)
- o die enkapsis van eensydige fundering (tussen huwelik en gesin waar lg. nie sonder eersge= noemde kan bestaan nie)
- o en dié van korrelatiewe enkapsis (waar die vervlegde strukture mekaar wederkerig veronder= stel bv. vervlegting tussen gemeenskaps- en maatskapstrukture).

3.2.2.2 Vollenhoven[85] sien die onderlinge samehang tussen eiesoortige verbande as GENETIES EN STATIES VAN AARD.

3.2.2.2.1 Hy ontwikkel sy gedagtegang wat die genetiese samehang betref nie breed nie en betrek dit voorts o.a. op die opvoeding wat ten doel het om die kind

vir sy toekomstige lewe as verbandswese toe te rus.

Onder genésis verstaan hy dat God in die skepping alles aanvanklik ingesluit het in "die aarde" en dat die dinge en verbande elk op eiesoortige wyse deur die skeppingsaktiwiteit van God daaruit geevolveer of ontplooi het. Ons kry egter ook te doen met menslike vormingsaktiwiteit in die vol= voering van die mens se skeppingsopdrag en sg. kultuurtaak. Met die skepping van die eerste mense= paar het God oorspronklik alle samelewingsverbande ook ingesluit. Dit is die taak van die mens om in die loop van die geskiedenis die verbande self te konkretiseer en so gestalte te gee aan die oorspronk= lik geskape radikale verskeidenheid. Die evol= veringsproses is nie te verwar met 'n evolusie= proses waar die hoëre monisties uit die laere ont= wikkel nie. Evolvering hou volgens Vollenhoven in dat die latere uit die vroeëre ontplooi en tel= kens 'n geheel nuwe eiesoortige realiteit te voor= skyn laat kom wat in die oorspronklik ingeslotene deur die Skepper gelê is. Die oorspronklik geskape eiesoortige verskeidenheid bly so gehandhaaf en ons kan dan ook van die huidige verskeidenheid van samelewingsverbande in dié sin praat van "eiesoor= tige geskape realiteite". Dit sluit die leiding van die Heilige Gees in die positiverings- en konkretiserings aktiwiteit vandie mens nie uit nie, want God is nie net Skepper en Wetgewer nie, maar ook Onderhouer en Voorsiener.

Die geskiedenis lewer dan ook daarvan getuienis dat daar wel 'n voortgaande verbandsvorming na die eise van die tyd, milieu, omstandighede en behoeftes plaasgevind het. Toenemende getalle mense wat nuwe behoeftes en eise na vore laat kom laat die samelewing al hoe meer divergeer en differensieer en daar kom telkens nuwe, dog eiesoortige verbande te voorskyn om in bepaalde behoeftes te voorsien.

Taljaard[86] sluit baie nou aan by hierdie gedagte= gang van Vollenhoven en brei dit verder uit. Hy beskou genetisiteit as een van die eksistensiale van die aards-geskape eksistent. Hy wys daarop dat die eenbloedigheid waaruit die menslike geslag ontstaan het belangrik is vir die verstaan van die samelewing. Hy wys daarop hoedat na die sondeval eers die gesinsverband ontstaan het, daarna wat 'n mens kan beskou as die begin van die staatslewe met die swaardmag (Kain). Die industrie het begin ontwikkel (koper en ysterinstrumente is deur die smid vervaardig; siters en fluite is vervaardig en gebruik - kuns en kultuurlewe het begin); toe het hulle die naam van die Here begin aanroep (die ontstaan van 'n kultiese geloofsverband; Genesis 4). Telkens het 'n unieke, eiesoortige verband uit die vroeëre voortgekom.

Hierdie genetiese samehang tussen eiesoortige ver= bande het dus daarmee te doen dat elkeen 'n faset van dieselfde menselewe omvat, organiseer en bedien. In al die verbande het ons te doen met die mens wat 'n religieuse wese is, 'n BONDELING wat deur

die Skepper bestem is om in hierdie eiesoortige verbande sy roeping en taak as VERBANDSWESE te vervul en uit te voer. "All forms of communal life, therefore, are religiously determined"[87]. Al die verbande het te doen met die mens en alle mense is uit een bloed geskape en hierdie mens is geskape as bondeling: in die VADER-KIND, KIND-VADER relasie. (Seuns en dogters van God en broers en susters van die Seun van God, Jesus Christus, die vleesgeworde Woord van God). Elkeen van hierdie mense is aan die alles-dekkende en sentrale religieuse Wet van God onderworpe. Die onderlinge verbondenheid en samehang van eiesoor= tige verbande is dus uit hul genetisiteit te verklaar.

3.2.2.2.2 Daar is op grond van bogenoemde ook 'n samehang wat <u>staties</u> van aard is.

Die statiese verhouding kan positief of negatief wees.

<u>Positief</u> moet hierdie verhouding een van hartlike samewerking wees, want al hierdie verbande beoog die bloei van verskillende fasette van dieselfde menselewe. Dit sluit tweërlei in nl. die nakoming van die eie taak en die erkenning van die eie taak van die ander verbande. Nie een van die verbande het die toestemming van die ander nodig vir sy eie optrede of ontplooiing nie.

"Hierdie dubbele eis geld nie slegs die gebied van die prevalerende funksie nie,maar ook die aktiwiteit

van die verskillende verbande in daardie wetskringe wat hulle met mekaar gemeen het. Dus hou die same=werking nie slegs in dat die staat, die gesin en kerklike verband mekaar ken in hulle eie aard nie, maar ook dat hulle die juridiese verordeninge van mekaar moet eerbiedig."[88]

Negatief moet hierby tweërlei in ag geneem word: eerstens moet elke verband hom weerhou van inmenging in die interne reëling op die gebied waar ander verbande bevoegdheid besit, in besonder geld dit daardie gebied wat die ander verband as prevalerende funksie karakteriseer;

tweedens moet, indien die juiste verhoudings versteur is, die bedreigde verband hom met alle geoorloofde middele teen die aanmatiging van die ander versit. Hierdie verset word moeiliker namate die aanmatigende verband neig om totalitêr te wees en dus ook die hart van die mens in sy totaliteit=strewe te betrek, aldus Vollenhoven.

'n Sprekende voorbeeld van samewerking tussen ver=bande is die skool. Vollenhoven sowel as Taljaard wys op die besondere dienslewering wat van die skool in die rigting van alle ander verbande uit=gaan. "In this sense it has external functions and interests to organize and regulate with all other types of communities. It has very narrow connections with the family, the church and the state in particular, but also with all business organizations and all professional associations.

The equipped pupil as a human being enters life and fulfils his vocation on earth. In this sense the school is a service-rendering community and is concerned with every possible community and association in its milieu."[89]

Daarteenoor moet die ander verbande deur samewerking, ondersteuning, fasiliteite, geboue, fondse e.d.m. dit vir die skoolverband (primêr, sekondêr en tersiêr) moontlik maak om sy onderwysende opvoedingstaak so te vervul dat hy "wise men of culture" (H. van Riessen) vir die ander samelewingsverbande kan lewer.

3.2.3 Onderlinge samehang tussen verbande met dieselfde subjektiewe identiteit

Die samewerking en onderlinge samehang tussen verbande met dieselfde subjektiewe identiteit skep gewoonlik nie probleme nie. Dit is te verwagte dat daar goeie betrekkinge tussen kerke, state, bedrywe e.d.m. moet bestaan veral tussen die wat leerstellig en konstitusioneel naby aan mekaar staan en ook in doel en strewe verenig is.

In die moderne tyd is daar egter nie net 'n tendens nie, maar ook daadwerklike aksies en organisasies wat superstrukture op internasionale vlak in die lewe roep. Voorbeelde van sulke superstrukture is

- o die Verenigde Volkere Organisasie op staatlike terrein
- o die Wêreldraad van Kerke e.a. Ekumeniese bewegings

op kerklike terrein

- die I M F (Internasionale Monotêre Fonds) en Europese Gemeenskapsmark op ekonomiese terrein.

Taljaard wys daarop dat hierdie ontwikkeling dui op die vorming van 'n nuwe soort gemeenskap: "the unison of concrete created realities as communities into a greater and community encompassing state...the tendency is to create a super community of a certain type into which all subjective identities of the same type are fused together into a world-wide community of that type - be it church or state or industry or commercial organization.[90]

Hierdie superstrukture gaan hulle eie aanvanklik ge= stelde doelstellings en eie kompetensie te buite en begin 'n almeer dominerende rol te speel oor die vrye verbande wat daar verteenwoordig of nie verteenwoordig is nie. Bemoeienis met die verbande se interne lewe en aangeleenthede het 'n algemene verskynsel geword. Dit hou die gevaar van onderdrukking en verslawing deur so 'n internasionale superstruktuur in. Hierdie gevaar word des te groter namate die ontwikkeling op alle terreine deur die moderne wetenskaplike presta= sies voortgesit word. Met behulp van die moderne wapentuig, kommunikasiemedia, lug- en ruimtevaartge= riewe (wat spioenasie-satelliete insluit) is dit vandag nie meer onmoontlik om magsbeheer vanuit een sentrum tot by die verste eindpunte van die aarde uit te oefen, selfs oor die persoonlike lewe van elke mens nie. Hierin kan 'n mens die kontoere van die ryk van

die antichris reeds opmerk. Hierdie verskynsel maak dit des te meer noodsaaklik om te vra na die roeping en taak van alle lewensverbande om hierdie anti-norma= tiewe ontwikkeling te bekamp.

3.2.4 Basiese kenmerke van verbande as skeppingsrealiteite

Ter inleiding is in hierdie afdeling opgemerk dat die basiese kenmerke wat eie is aan alle geskape realiteite ook vir die samelewingsverbande van die grootste belang geag moet word omdat ons ook hier te doen het met skeppingsrealiteite wat in die aanvanklik ingeslotene (die aarde) deur die Skepper ingesluit was en mede deur menslike vorming onder leiding van die Heilige Gees daaruit ge-evolveer het. Onder 3.1.3 hierbo is reeds stilgestaan by voorveronderstellinge waarvan uit= gegaan word wat betref die aardsgeskape subjek. Ses eksistensiale of basiese kenmerke van die eksistent word deur Taljaard[91] aangedui nl. subjektiwiteit en objektiwiteit, tydsheid, universaliteit en indiwidua= liteit, genetisiteit, waarde en modaliteit.

Hierdie basiese kenmerke word deur Taljaard beskou as "wesenstrekke" of eksistensiale wat eie is aan alle aards-geskape eksistente d.w.s die ryke van stof, plant, dier en mens en die besondere dinge, plante, diere, mense, verbande, kultuurprodukte - letterlik alles wat aardse skepsel of aardsgeskape realiteit is.

Hierdie eksistensiale van die eksistent "aarde" by Taljaard hou, soos ek dit sien, verband met wat Stoker[92] "kosmiese dimensies" en Dooyeweerd[93] "dimen=

sies van die menslike ervaringshorison" noem. Ons staan dus kortliks eers stil by laasgenoemde twee begrippe.

### 3.2.4.1 Kosmiese Dimensies by Stoker

Stoker praat "kosmiese dimensies" wat die hele kosmos deurtrek m.a.w. wat van stof, plant, dier en mens geld. "Hulle is universele kante of 'aspekte' van die kosmos. Hulle bied universele gesigspunte van die verskeidenheid, waarvolgens ons die héle kosmos (stof, plant, dier en mens) kan besien en oorsien"[94] Hy onderskei vier kosmiese dimensies nl.

- o Modaliteite. Die hele kosmos is modaal bepaal.
- o (Indiwiduele en sosiale) Strukture. Die hele kosmos is struktureel bepaal.
- o Gebeurtenisse. Die hele kosmos is dinamies bepaal m.a.w. het aan gebeurtenis deel.
- o Waardes. Die hele kosmos is waarde- of aksiaal bepaal, het aan waarde deel.

Elkeen van hierdie kosmiese dimensies is oorspronklik en bied 'n eie kant of aspek van stof, plant, dier en mens, d.w.s. van die hele kosmos. Die een kos=miese dimensie is nie tot 'n ander herleibaar of in terme van 'n ander verstaanbaar nie.

By elk van die kosmiese dimensies word volgens Stoker 'n onherleibare verskeidenheid aangetref - 'n verskeidenheid van groepe saamhorige verskynsels of gegewens wat 'n kring genoem word. Elke kring

is aan 'n wet onderwerp daarom word dit 'n wetskring genoem. So word modale kringe, strukturele kringe, dinamiese kringe en waardekringe aangetref. Daar bestaan ook 'n bepaalde samehang en orde tussen die kosmiese dimensies onderling. Die een is in die ander gefundeer en veronderstel die ander en dit gee 'n rangorde van kosmiese dimensies. Waardes is in gebeurtenisse, gebeurtenisse in strukture en struk= ture in modaliteite gefundeer. Daar word ook dimen= sionele antesipasie en retrosipasies aangetref net soos daar modale antesipasies en retrosipasies aan= getref word.

3.2.4.2 Dimensies van die menslike ervaringshorison by Dooyeweerd c.s.

Die **W** d **W** onderskei net drie dimensies van die menslike ervaringshorison wat eie aan die transen= dentaal-kritiese metode is. Dit is dié van tyd, modaliteit en indiwidualiteit-struktuur.

Onder kosmiese tyd word die voorwaarde en grondslag van alle kosmiese realiteit verstaan. Die ganse werklikheid in die kosmos uitgesonderd in 'n sekere sin die hart van die mens - lê immers in die tyd beslote.

In die tweede plek behoort tot die transendentale die tydelike wetskringe of ook genoem die modale funksies of die kosmiese aspekte wat die transen= dentale voorwaardes van die konkrete werklikheid is.

Derdens is daar die indiwidualiteitstrukture van alle dinge en verbande. Dit is die indiwiduele

prinsipes van opbou waarvolgens God alle dinge en samelewingsverbande gemaak het, elk na sy eie aard. Dit geld ook vir die dinge wat deur die mens gevorm is. Ook vir laasgenoemde geld vaste struktuurprinsipes wat die vorming van hierdie dinge eers moontlik maak. Hierdie indiwidualiteitstrukture lê dus mede ten grondslag aan die konkrete werklikheid wat ons daagliks ervaar.

Vergelyk ons bogenoemde twee beskouings met mekaar val daar, naas ooreenkomste tog ook belangrike ver= skille op. Stoker wys trouens self op die verskille.

(a) Wat by Stoker die Kosmiese Dimensie van gebeurtenisse is, is by Dooyeweerd die historiese modaliteit.

(b) Stoker het nie 'n sosiale modaliteit nie, maar wel 'n kosmiese dimensie van sosiale strukture. Tog skyn die klem by Stoker hier te lê op die strukturele bepaaldheid van dinge net soos die by Dooyeweerd se indiwidualiteit-strukture - die klem val eintlik op die strukturele bepaald= heid.

(c) Die verskil gaan nog verder. Stoker sê self dat hy kosmiese dimensies nie "antroposentries" sien nie, maar dat sy kosmiese dimensies die betekenis het van universele kante of aspekte of sinsye van die kosmos self. By Dooyeweerd het die dimensies van die menslike ervarings= horison meer te doen met 'n soort metode (trans= endentaal krities) wat so oorspan word dat dit

die grond en voorwaarde van die bestaan van die dinge (vir die menslike kenne?) gemaak word. Dit skyn my meer iets soos denk-kategorieë (wat ook by Imanuel Kant aangetref word) te wees waar ruimte en tyd voorwaardes vir menslike kennis gemaak word - dus 'n soort Rasionalisme. Dit is moontlik daaraan toe te skrywe dat die be= staanswyse van die dinge volgens Dooyeweerd c.s. die wet is en die dinge dus gerelativeer word tot "sin". 'n Eie synswyse onder die wet is daar dus nie en menslike kennis van die dinge gaan dus op in kennis van die wetmatigheid waar= volgens die dinge bestaan. By Stoker wat van idiostansies praat, is die kennisprobleem nie dermate oorspanne dat die kosmiese dimensies by hom beskou word as grond en voorwaarde van die dinge se bestaan nie. Dit is meer univer= sele "eienskappe" van realiteite wat werklik bestaan.

3.2.4.3 <u>Eksistensiale van die eksistent by Taljaard</u>

Na bogenoemde analise moet erken en ingesien word dat Taljaard tog in belangrike opsigte 'n nuwe weg opgaan. Dit is daaraan toe te skryf dat hy in sy denke uitgaan van 'n Skrifmatige Ontologie en nie in die eerste plek van 'n Gnoseologie nie. Die Synsleer staan vir hom voorop en die antwoord op die vraag: Wat is? is vir hom prioriteit nommer een. Verder erken hy 'n drie-erlei syn nl. God, Wet en aardsgeskape subjek waarin die laaste ook regmatige erkenning geniet. Hy relativeer nie die

subjek tot die wet asof die wet al is wat bestaan nie. Die eksistensie van die aardsgeskape subjek (wetsonderdaan) kan dus ook in die wetenskaplike kenne die nodige aandag kry in die sin dat wet en subjek korrelaat aan mekaar is. Voorts word struktuur en wet nie sondermeer met mekaar vereenselwig nie, maar daar word gevra na die oorspronklike ontiese wet vir die strukture.

Dit alles maak dit vir Taljaard moontlik om heel on=bevange te praat van "<u>Common basic features of concrete created realities</u>". Die 15 wetskringe of modaliteite wat by Dooyeweerd aangetref word, word deur Taljaard onder sy basiese kenmerk van modaliteit min of meer gehandhaaf. Hy hoef dus nie 'n kosmiese diemensie van gebeurtenisse en sosiale strukture soos Stoker te aanvaar nie. Die dinamiese bepaald=heid van die kosmos word enersyds deur die historiese modale bepaaldheid verantwoord; andersyds gee die eksistensiaal genetisiteit ook rekenskap van die dinamiek in die historiese evolveringsproses. Saam met Stoker aanvaar hy voorts die waarde-eksistensiaal; universaliteit en indiwidualiteit word (benewens die rol in die modale bepaaldhede) 'n eie eksisten=siaal van die konkrete geskape realiteite. Subjek=tiwiteit en objektiwiteit verantwoord die mees basiese eksistensiaal van die skepping as wetsonder=daan met sy kwaliteite wat ewe-eens aan hulle die wette onderworpe is.

### 3.2.4.4 <u>Basiese kenmerke van verbande</u>

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die behandeling

van die eksistensiale, toegepas op die samelewings=verbande, perspektiewe open wat nie deur die kosmiese dimensies (Stoker) en die dimensies van die menslike ervaringshorison (Dooyeweerd) gebied word nie.

Die bedoeling is nie om hier 'n breed uitgewerkte verbandsleer te bied nie, maar om net onder elk van die eksistensiale 'n kort aanduiding te gee van wat dit vir die verbandsleer as sodanig sal inhou. Die besonderhede word dan verder uitgewerk wanneer die staatsverband behandel word. Hierdie metode word gevolg om onnodige herhaling uit te skakel. Verder moet wat nou hier volg, gesien word as 'n saaklike uiteensetting van Taljaard[95] se eie siening met enkele kritiese opmerkings waar moontlik van toe=passing.

3.2.4.4.1 <u>Samelewingsverbande as skeppingsrealiteite</u>

Die onderskeiding tussen mens en verband moet allereers gehandhaaf word. Die mens as een van die vier geskape ryke (stof, plant, dier en mens) verteenwoordig op sigself nie 'n tipe (of soort) gemeenskap (of verband) nie. Samelewing is alleen moontlik binne die mensdom (within mankind" p. 200). Die samelewingsverband wat uit die oorspronklik-ingeslotene ontplooi het (ge-evolveer het) is 'n totaal nuwe skepping wat radikaal verskil van die mense self wat daarin verenig is. Die vereniging van hierdie mense word moontlik gemaak deur unieke bindinge wat hulle saambind en dit toon die karakter van

ontiese wette wat die ewige krag en goddelikheid van God weerspieël. Die mense wat so op besondere wyse verenig word in die verband verloor egter nie hulle subjektiewe identiteit as religieuse per=soonlikhede nie.

Die nuwe ge-evolveerde gemeenskap is 'n eiesoor=tige realiteit wat deel het aan alle basiese karaktertrekke van alle ander geskape realiteite tesame met sy eie karaktertrekke wat gewaarborg word deur sy eie unieke ontiese wet.

Die mense wat so in 'n nuwe eenheid tot 'n nuwe eiesoortige realiteit verenig is en gestalte gekry het, word nou nié as <u>mense</u> (d.w.s. as lede van die menseryk oor die algemeen gesproke) binne hierdie verband georganiseer en bedien nie, maar spesifiek as <u>lede</u> van die eiesoortige verband bv. as burgers (van die staat) lidmate (van die kerk) werknemers (van die bedryf) egliede (van die huwe=lik) ouers en kinders (van die gesin) e.d.m. Hierdie lede van die verbande bly egter religieuse persoonlikhede en so bly die lewe en handelinge binne die verband steeds religieus bepaald. Op die besonderhede van hierdie siening word weer teruggekom, maar hier word kennis gemaak met moeilike onderskeidinge wat verdere verduideliking vereis indien daar nie misverstande moet insluip nie.

'n Voorbeeld van 'n skynbare teenstrydigheid is dat dit, wat die verbandslewe betref, nie in die

eerste plek gaan om die belange van die lede nie, maar om die belange van die verband. Verbands=belange en lede-belange word op dié wyse gepolari=seer terwyl die vereniging van verbandsbelange en lede-belange juis deur die unieke binding van die lede tot een liggaam ook verenig word en daar in werklikheid nie so 'n polarisasie is nie. Die eenheid van belange word juis deur die "ontiese wet" gewaarborg, maar hierop word teruggekom wanneer die staatsverband behandel word.

'n Tweede moeilike onderskeiding om te begryp is die tussen:

(a) die mens as lid van die mensdom (menseryk)

en

(b) die mens as religieuse persoonlikheid d.w.s. met 'n hart wat in tweërlei rigting gerig

kan wees in relasie tot God. Wat egter duidelik en goed te begryp is, is dat die betrokke eie=soortige verband net sy eie verbandsbelange moet behartig. Die verband het net met die "lede-wees" van die mense binne die verband te doen en nie met die volle "mens-wees" van die mense nie. Elke verband bedien dus slegs sy eiesoortige faset van die menswees van sy lede. Religie sny egter deur alle fasette, dus ook deur die eiesoortige verbandsfaset. Daarom is die verbandslewe in al sy fasette weer deur en deur religieus bepaald.

Die unieke binding wat lede in 'n verband saam=snoer is van so 'n aard dat die lede nie meer

twee of drie of twintigduisend of twintig miljoen is nie, maar dat hulle een vlees, een liggaam, geword het. Man en vrou in die huwelik word so verenig dat hulle nie meer twee is nie,maar een vlees. Lidmate word bv. deur hulle geloof deur die Heilige Gees, die Woord en Sakramente so verenig dat hulle een liggaam (een brood, een drank) word in Christus Jesus hulle Hoof.

Besondere klem word deur Taljaard op hierdie unieke binding en unieke eenheid gelê. Die aard en karakter van hierdie binding bepaal die aard en karakter van die verband en die besondere ONTIESE WET wat geld vir die verband bepaal die aard van die binding. Ons moet dus vra na die ontiese wet vir die besondere verband.

3.2.4.4.2 Subjektiwiteit en objektiwiteit

As geskape realiteite is alle samelewingsvorme aan God onderwerp. God se absolute soewereini=teit is oor hulle almal geproklameer. Hy regeer hulle met die krag van Sy wil. Sy krag en godde=likheid kan in hulle almal gesien word. Hy regeer oor hulle deur die geldende wette wat Hy gestel het en waaraan Hy ook die verbande onder=werp het. Die verbande is dus Gode-subjek; wet-subjek. Dit is hulle SUBJEKTIWITEIT.

Diesubjektiwiteit plaas groot verantwoordelik=heid op die skouers van die betrokke verbands=gesag of owerheid. Die belangrikste verantwoor=

is teenoor God wat met Sy soewereiniteit oor die verbande regeer en daarvoor sy wette gestel het. Die tweede verantwoordelikheid is teenoor die lede as gesagsonderdane wat religieuse persoonlik=hede is. Die gesagsdraers moet gevolglik toesien "that community life is worship" (p. 208).

Die OBJEKTIWITEIT het betrekking op die KWALITEITE wat eie is aan die verbande as konkreet geskape realiteite. Hierdie kwaliteite is iets anders as die kwaliteite van die vier ryke. Hier word gedink aan bv. iets soos die "kulturele klimaat" van 'n gemeenskap.

3.2.4.4.3 <u>Tydsheid</u>

Die verbande as geskape realiteite het deel aan die tydsheid van die skepping in teenstelling tot die ewigheid van God. God het in die begin die hemel en die aarde geskep en die verbande het uit die oorspronklik ingeslotene ge-evolveer. Die skepping sal sy tydsheid ook in die herskepping behou.

Die tydsheid van die verbande dui op die besondere behoeftes en belange wat die verbande noodsaaklik gemaak het. Die tydelikheid binne die tydsheid vang hier die oog. Dit het ook te doen met die wisseling van die lede van die verbande bv. mense en geslagte wat kom en gaan, maar die verband as sodanig bly voortbestaan.

3.2.4.4.4 Universaliteit en indiwidualiteit

Hierdie derde basiese eienskap word van besondere belang geag vir die verskillende samelewingsver=bande. "As concrete created realities, each and everyone of them, and within each type as such, everyone of the multiplicity of subjective identities as special manifestations of the type concerned, partakes in the basic feature which is indicated as universality and individuality." (p. 41)

Vollenhoven het reeds daarop gewys dat elke wet=subjek beide universeel en indiwidueel is. Die onderlinge samehang tussen die universele en indiwiduele is gelykwaardig en verskyn oral gelyktydig.

Die universele aspek van 'n gemeenskap waarborg die enersheid ("sameness") van die veelvuldige subjektiewe identiteite van 'n besondere gemeen=skap. Hulle eienaardigheid (eiesoortigheid) word gewaarborg deur hulle ontiese wet. Die kerk is nie 'n staat nie. Die Kerk-wees van 'n kerk, die staat-wees van 'n staat dui sy universaliteit aan. 'n Staat as sodanig of 'n kerk as sodanig word nêrens empiries aangetref nie. Dit is net hierdie of daardie besondere kerk (staat ens.) wat 'n empiriese gegewene is. Hierdie of daardie kerk (staat ens.) dui die indiwidualiteit van die kerk of staat aan. "Every community which fulfils the requirements of a church is a church" (p. 212). Tog moet ons versigtig wees om nie

die wet geldig vir die verband te verwar met die universele kant van die verband nie. Die wet is as sodanig 'n werklikheid en die verband is 'n ander tipe of soort realiteit. Albei het hulle oorsprong in God en beide is korrelaat met mekaar en in onderlinge samehang met mekaar.

Besondere aandag word gegee aan die besondere binding en hegte eenheid binne die verband, maar dit geskied op so 'n wyse dat die lid as religieu=se persoonlikheid nie vernietig word nie. Hy bly aan God persoonlik verantwoordelik ook vir sy verbandslewe. Die een besondere, eiesoortige verband mag hom nie bemoei met sy lede se lewe in die ander eiesoortige verbande nie. Die ver=skillende samelewingsverbande is onderling vervleg en hang onderling met mekaar saam, maar elkeen se gesag is beperk deur sy eie uniekheid of eiesoortigheid en die een gesagsvorm is nie geregtig om sy eie grense te oortree of te buite te gaan en hom te bemoei met 'n ander verband se sake nie.

3.2.4.4.5 <u>Genétisiteit</u>

Alle samelewingsverbande het deel aan genétisi=teit. Sodra die proses van evolvering begin het, het die ontwikkeling van die skepping onder die leiding van die Heilige Gees 'n aanvang geneem. Hierdie ontwikkeling duur gedurende hierdie hele bedéling. God het in die oorspronklike "aarde" alles ingesluit - nie net die vier ryke nie,

maar ook alle vorme van gemeenskapslewe.

Wat die mens betref neem die genetisiteit 'n be= sondere vorm aan, want die mens is geskape na die beeld en gelykenis van God; toegerus met spesiale vermoëns om sy mandaat op aarde uit te voer. Hy is deur God gekroon as koning op aarde. Dit sluit in dat hy toegerus is met mag en met 'n wil. Hy het dus van God die vermoë ontvang om sy wil in wette te konkretiseer en ook op hierdie wyse te regeer oor die aardse skepping. Op die wyse kan hy vir homself 'n wêreld skep waarin hy kan woon en werk. Om dit te doen moet hy sy verstand gebruik om te ontdek watter kwaliteite God in die geskape dinge geplaas het sodat hy dit tot diens van die mens kan gebruik.

Man en vrou het saam hulle taak aangepak om hulle roeping te vervul. "And in this way the new concrete realities as forms of communal life started coming into ixistence as ways of life in which man can, in a communal way, fulfil his mandate on earth in the process of his development, his development also within community life and therefore also the development of community life - the historical process." (p. 217)

In hierdie ontwikkelingsproses het telkens 'n nuwe realiteit tot stand gekom wat onderling saam= hang en onderling met mekaar vervleg is. 'n Man en 'n vrou word geskep en word in die huwelik verbind. Hulle twee word een vlees - 'n geheel

nuwe realiteit. Uit die huwelik word kinders gebore. 'n Gesin kom tot stand wat weer eens 'n nuwe realiteit is hoewel vervleg en onderling samehangend met die huwelik. Toe die mense ver= meerder en nuwe behoeftes (en gevare) ontstaan, bou Kain 'n stad wat weer radikaal verskil van huwelik en gesin. So divergeer die samelewing in steeds meer nuwe eiesoortige verbande soos dit vandag is. Binne die verbande is daar ook groei en ontwikkeling of ook in teenoorgestelde rigting: verwording en agteruitgang a.g.v. die sonde. Steeds is dit die mens wat in die uit= voering van sy mandaat oor die aardse skepping normatief of anti-normatief die wette van God vir die verbande positiveer en konkretiseer - ook wat die ontstaan van die nuwe verbande van onsmoderne gedivergeerde en gedifferensieerde samelewing betref.

Die genetisiteit kan ook gesien word in die voortbestaan van reeds gekonkretiseerde verbande afgesien van die wisseling van hulle lede.

In 'n persoonlike gesprek het Floor in bogenoemde verband gewaarsku teen die gevaar van 'n alterna= tiewe pneumatologie m.a.w. dat daar 'n werk van die Heilige Gees buite die Woord om in die strukture geponeer word. Hy sien in die aanvaarding van die werk van die Heilige Gees in die strukture 'n kontakpunt met die gedagtegang van die Neo-Marxiste wat beweer dat dit alleen maar nodig is om die strukture te vernuwe en dit sal vanself

nuwe mense voortbring. 'n Standpunt soos hierdie wat deur Vollenhoven en Taljaard ingeneem word, bied syns insiens geen verweer teen die Neo-Marxisme en sekularisme van ons tyd nie. Hy wil op voetspoor van die hervormer Calvyn die strukture liewers in die skeppingsorde (as die verlossingsorde) fundeer en dit in verband bring met die Logos wat Hoof is van beide Kerk en Kosmos. Die ontstaan en ontwikkeling van samelewingsver=bande is vrug van God se algemene genade en val onder God se voorsienigheid. Die oordrewe klem op die vernuwing van strukture en veral die klem=verskuiwing van die mens as burger van die Konin=kryk na die strukture is volgens hom 'n gevaarpunt waarteen gewaak moet word.

Ek meen egter dat hierdie probleem ondervang word deur ons standpuntinname reeds in die inleiding dat mens en struktuur wel duidelik onderskei maar nie geskei kan word nie. 'n Struktuur an sich bestaan m.i. nêrens nie en mense an sich los van en buite enige verbande bestaan ook nêrens nie. Dit sal in ons verdere betoog hopelik ook duidelik word dat Floor gelyk gegee moet word met sy klem op die prioriteit van die mens as religieuse wese wat deur Gods Woord geroep en aangespreek word om gehoorsaam en onder leiding van die Heilige Gees strukture daar te stel wat as kanale kan dien vir die Koninkrykslewe van die burgers binne alle lewensverbande.

3.2.4.4.6 Waardevolheid

Goed en sleg as positiewe en negatiewe waardes word gerealiseer deur enige subjek wat die wet waaraan dit onderwerp is gehoorsaam of nie gehoorsaam nie. Alle vorme van gemeenskapslewe is aan besondere wette onderwerp en die aktuali= sering en konkretisering van die besondere verband, in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan die besondere wet, openbaar die waarde van die verband of dit goed is of minder goed of sleg.

Gesagsinstansies is geroepe om hulle verbande te vrywaar van die verwording a.g.v. die sonde. Hulle moet dit vir hulle lede moontlik maak om hulle verbandslewe as diens aan God uit te lewe, 'n lewe waarvan rekenskap gegee kan word aan God wat sy soewereiniteit oor die verbandslewe geproklameer het.

3.2.4.4.7 Modaliteit

Alle verbande het ook deel aan die modaliteite as basiese kenmerk van die aardse skepping. Die funksionering van die modaliteite binne die be= sondere verbande word bepaal deur die wet wat geld vir die besondere verband en wat sy uniek= heid (eiesoortigheid) waarborg. Op hierdie wyse kan die verskil in funksionering van die modali= teite binne die verskeidenheid van samelewings= verbande verduidelik word. "The spesific ontic law determines the functioning of the modalities within a spesific community. It includes the

functioning of the specific authority and the regulating of the community life". (p. 223)

Alle samelewingsverbande het bv. 'n getalsaspek, 'n ruimtelike, 'n kinematiese, 'n fisiese, 'n organiese lewensaspek, 'n psigiese gevoelsaspek, ens. maar in elke modaliteit sal elke eiesoortige verband op tipiese of eiesoortige wyse funksioneer. Ons taak is om na te gaan hoedat die modaliteite onder leiding van die verbandswet funksioneer in die staat bv. hoe funksioneer ruimtelike, die getalsaspek e.d.m. in die staatsverband. Besondere aandag moet gegee word aan die tipe van gesag van elke verband en verder hoe die gesagsdraers die lewe van hulle gemeenskap normatief moet reguleer. Sodoende aktualiseer hulle die gemeenskap in al die modaliteite. "The authority should, therefore, know the cosmic structure of the community concerned as well as possible, considering its own determined= ness by time, milieu and cultural development. This can only be done when a clear vision is obtained of the ontic, God-given law which is valid for the specific community". (p. 224)

Na die uiteensetting tot dusver moet oorgegaan word tot bestudering van die staat as eiesoortige ver= band. Beginselriglyne wat tot dusver getrek is, moet hulle besondere toepassing vind in die staats= verband ten einde 'n visie te kry op die eiesoor= tige taak en roeping van die staat.

## HOOFSTUK II

## STRUKTUURANALISE VAN DIE STAAT BY DIE W d W

Die positiewe waardering van die staat, waarna reeds in die inleiding verwys is, word as uiters noodsaaklik beskou vir die verdere uitwerk van die taak en roeping van die staat. Dan moet daar egter gewaak word teen 'n oorskatting sowel as onderskatting van die staat as samelewingsverband.

1 Met onderskatting word o.a. bedoel dat die Staat nie sondermeer gesien moet word as 'n Leviathansmag (Hobbes) wat eintlik net 'n werktuig van die Civitas terrenae kan wees nie. Dit spreek vanself dat so 'n negatiewe waardering die gedagte dat die staat diensbaar moet en kan wees aan God en Sy Koninkryk by die wortel afsny. Selfs die twee-terreine leer van die Roomse Skolastiek wat 'n valse skeiding tussen die sg. natuur en bonatuur poneer, werk noodwendig sekularisme i.p.v. toewyding van die Staatslewe in die hand. In Protestantse kring merk ons ook a.g.v. hierdie dualisme bv. by Emil Brunner dat hy skeiding maak tussen hemelse en aardse geregtigheid. Die terrein van aardse geregtigheid word aan die staat toegeken en hy slaag nie daarin om aan te toon hoedat dit moontlik is dat die Koninkryk van God ook in die staatslewe kan deurbreek nie. Verder vind ons by hom die beskouing dat die staat as magsorganisasie nie in die oorspronklike skeppingsorde gegrond is nie, maar alleen daar is t.w.v. die sonde en die Bose. In dié sin is die staat volgens hom egter noodsaaklik om mense te dwing om goed te doen.[1]

Die onderskatting van die Staatsverband kan egter ook oor= slaan in vyandskap wat die staat as instelling graag ver= nietig wil sien. Dit geld allereers die Marxisme en Neo-marxisme wat 'n utopia van 'n staatlose samelewing vir die toekoms visualiseer en wat verandering en sg. "vernuwing" deur middel van revolusie wil bewerkstellig. In hierdie verband word deur van Eikema Hommes[2] m.i. tereg op wat hy noem "some crisis-phenomena in modern western states", gewys. Hy sê: "Western civilization has to a high degree put the idea of the law-state into practice. But there can be no doubt that this idea is now in a crisis...let me mention some of these factors: political radicalism and terrorism...Student revolts...corruption among politicians...explosive increase of criminality, etc."

Daar is egter nog groter gevare wat nie so openlik is soos bogenoemde nie, omdat dit van binne uit die staat self na vore kom soos bv. die geweldige uitbreiding van staats= besteding, inflasie, die oorwoekering van die hele lewe van die burgery (staatsdwang) en die karakterverandering wat die staat ondergaan in die rigting van die sg. wel= vaartstaat. Hommes wys daarop dat daar in Nederland self 'n krisis in die politieke teorie ontstaan het en dat prominente staatsopvattings gekarakteriseer kan word as "state-theory without a state".[3] Hy skryf hierdie krisis toe aan 'n ander krisis nl. dié in die normatiewe weten= skappe (mens- en geesteswetenskappe) wat onder invloed van die historisme (Nietzsche, Dilthey, Troeltsch e.a.) hulle normatiewe fundering in relatief konstante, objek= tiewe norme en waardes prysgegee het ten gunste van 'n

sg. "waardevrye" sosiologie en politieke teorie.

Hierdie toedrag van sake is vir ons egter koersaanduidend vir 'n Skrifgefundeerde staatsopvatting, want dit dui o.a. die diepste oorsaak van die verval aan nl. die sekularisme wat die absolute soewereiniteit van God oor die ganse geskapene radikaal en totaal verwerp het. Dit kan dan nie anders as dat daar 'n wets- of norme krisis moet ontstaan en die mens geheel en al in 'n relativisme en anargisme moet verval nie. Indien daarin nie geslaag kan word om die moderne mens weer aan die konstante en vaste anker van God se soewereiniteit en Sy Wet te anker en daaruit koers en rigting vir die toekoms te kry nie, is daar weinig hoop dat die bogenoemde krisis ooit weer te bowe gekom sal word.

2 Dog net so 'n wesenlike gevaar as wat 'n onderwaardering van die staatsverband is, so is ook 'n <u>oorskatting</u> of <u>oorwaardering</u> van die staatsverband, asof die mens se vastigheid en heil in die samelewingstrukture of instellings as sodanig geleë is. R.J. Rushdoony[4] wys op die gevaar wat daarin skuil dat die staat die voorwerp van die mens se geloof en vertroue kan word. Trouens, die geskiedenis lewer daarvan oorvloedig getuienis. In die woorde van Rushdoony: "the state has been the religious order of man and the central vehicle of his religious life, and this is no less true today than in ancient Greece". Die staat was van oudsher af nie net 'n "religieuse" organisasie van die lewe, m.a.w. 'n saak waarby die mense met hulle harte betrokke was. Die amp van die regeerders was heilig... "and religion was the life of the state... Throughout most of history, therefore, the state has been man's central religious institution and man's (lord),

savior, and shepherd."[5]

Die kerk as eiesoortige samelewingsverband is (histories = sedert Pinkster) eintlik 'n nuweling op die wêreldtoneel en het die staat in die oorwegend Christelike samelewing eers tot sy eintlike grense teruggedring. Die staat as instelling moet nou self die soewereiniteit van God erken. Indien dit dus weer die totale verband moet word, sal die staat die kerk eers moet ontken, vernietig of in homself opneem. "The State is again seeking to establish the pagan totality-idea, to make itself the religious order of society".[6]

Hierdie mags- en grensoorskryding van die staat in die Westerse wêreld skryf Rushdoony grootliks toe aan die versaking van die beginsel van "soewereiniteit in eie kring" (Possibly 'sphere laws' might be a happier phrase"). Dit veroorsaak dat die staat sy eie kompetensiegrense nie erken en eerbiedig nie.

'n Derde kenmerk van die moderne staat is ook volgens Rushdoony sy sekularisme. Hoewel die staat nog bloot formeel God mag erken, word God tog as onmagtig en irrelevant beskou en speel hierdie erkenning geen rol in die staatslewe nie. Die sekulêre staat is noodwendig absoluut en totaal omdat dit nie God se soewereiniteit op alle terreine erken nie.

Die oorskatting van en vertroue in die staats- en ander verbande kom egter ook uit 'n onverwagte oord en nie net uit die pagane of openlik sekularistiese denke nie. Dit is die oord van die moderne teologie wat by nader ontleding 'n gehumaniseerde en deur en deur gesekulariseerde

teologie blyk te wees (indien 'n mens dit nog teologie kan noem). Die huwelik van hierdie teologie met die neo-marxistiese maatskappykritiek en destruktiewe revolusionêre magte is onmiskenbaar. Die institute en strukture van die samelewing word so belangrik geag dat daar gepraat word van "strukturele" of "institusionele" sondes. Die kosmiese betekenis van Christus word op grond hiervan so geïnterpre= teer dat Hy as "revolusionêr" gekom het om die strukture en institute te verlos en te vernuut eerder as om die mense van sonde te verlos en te vernuwe. Dorothee Sölle[7] beweer bv. met groot stelligheid dat verandering van die hart van die mens nie moontlik is indien die strukture nie eers verander word nie. Die strukture moet as 't ware "bekering" ondergaan, dan breek die heil in Christus vir die wêreld deur en dit afgesien daarvan of die mense wat die institute of strukture vorm die heil in Christus deelagtig geword het. Die strukture geniet dus volgens hierdie linkse teologie (en sosiologie) prioriteit wat die verlossing betref bo die mense. Die evangelie word so gedegradeer tot 'n sosiaal-etiese en politieke boodskap en wat meer is: Christus word volkome vermenslik en diensbaar aan die revolusionêre vernuwingsproses van die samelewing gemaak.

Dit spreek vanself dat ons hier te doen het met 'n oor= spanne en oordrewe waardering van die institute en strukture in die samelewing so asof die mens se vastheid en heil daarin geleë is, terwyl dit niks anders moet wees as kanale waardeur die burgers van Gods Koninkryk hulle diens aan die Koning en aan Sy Koninkryk lewer nie. Op grond van bogenoemde maak ons dus die gevolgtrekking: Geen oor= waardering nie, maar ook geen onderwaardering van die staat

nie, maar wel 'n positiewe waardering in die lig van die Skrif en dit aan die hand van 'n Skrifgefundeerde werklik=heidsbeskouing. Om nader te beweeg aan hierdie laaste doelwit moet vervolgens bepaal word waarin die staat se eiesoortigheid geleë is. Daar moet egter allereers gelet word op die term "struktuur" en "struktuuranalise" soos dit algemeen in Christelik-wysgerige kringe gebruik word. Die vraag is of ons in die terme wat die Wysbegeerte van die Wetsidee (W d W) gebruik deur 'n struktuuranalise die struktuurwet of eiesoortigheid van die staat moet of kan bepaal en of 'n ander weg opgegaan moet word. Dit het uit hierdie inleidende opmerkings meer duidelik geblyk dat dit noodsaaklik is om die afgrensing en onderlinge same=hang van die staat met die ander lewensverbande te bepaal ten einde grensoorskryding te voorkom. Dit is egter nie alleen noodsaaklik om grensoorskryding te voorkom nie, maar ook dat die staat moet kom tot 'n positiewe taak- en roepingvervulling volgens sy eie aard en karakter en op sy eie terrein.

In die volgende paragrawe sal dus eers ingegaan word op die onderskeiding: struktuur en wet en vervolgens sal die metode van die W d W, om die eiesoortigheid van die staatsverband te bepaal, nader ondersoek word. Die doel hiermee is om vas te stel of daar nie 'n ander metode gevolg moet (kan) word om ons tema verder uit te werk nie.

## 3 STRUKTUUR EN WET

### 3.1 Wat is 'n struktuur

Daar bestaan vandag nie algemene eenstemmigheid oor wat presies onder strukture verstaan moet word nie. Volgens

Floor[8] word strukture soms as ordeninge of institute aangedui en dan weer word onderskeid gemaak tussen institute en strukture. Hy wys verder daarop dat wat vroeër as ordeninge aangemerk is, soos byvoorbeeld die feodale struktuur van die Duitse vorstedomme en selfs as 'n Goddelike orde beskou is, het geblyk niks meer as 'n struktuur te wees nie. Kuitert[9] spreek gevolglik in hierdie verband van 'n ontmitologisering van die ordeninge.

Vir ons doel hier is dit noodsaaklik om die verhouding wet en struktuur te probeer bepaal, veral soos albei hierdie terme in die kring van die Reformatoriese Wysbegeerte gebruik word. Die vraag is of die struktuur van 'n ding of 'n samelewingsverband meteens ook die wet vir die verband is en dat ons dan bloot struktuur-analities te werk moet gaan om die wet vir die ding of verband te ontdek.

3.2 Identifikasie van struktuur en wet by die W d W

L.M. du Plessis[10] neem hierdie probleem krities in behandeling en wys m.i. tereg daarop dat die Wysbegeerte van die Wetsidee geneig is om wet en struktuur met mekaar te vereenselwig. Ek kan my instemmend by hom aansluit en gee kortliks sy gedagtegang hier weer.
Wet is volgens die W d W onderskeidingsgrens tussen die syn van God en die sin van die geskapene. Die wet is die wyse waarop God Homself aan sy skepping en Sy skepping aan Homself verbind. "So gesien is dit", volgens du Plessis, "beter om te sê dat die wet die referensiepunt vir die onderskeid tussen God en skepsel

is: God is Wetgewer, die skepsel is wetsonderdaan, tussen God se verhouding en die skepsel se verhouding tot die wet bestaan daar dus 'n radikale onderskeid".[11]

Wetsorde en skeppingsorde dui op 'n bepaalde vastheid, sekerheid en konstantheid wat ons in staat stel om met vertroue met die skepping om te gaan. Daar is egter volgens die W d W 'n SIN-dinamiek in die skepping wat ruimte laat vir histories-dinamiese dade van die mens. Hierdie menslike vorming vind plaas op grond van en in ooreenstemming met die moontlikhede wat die WETSGESTRUK=TUREERDE skeppingsorde bied. Die wet is dus die vaste "iets", die vaste patroon grondliggend aan of geldend vir al hierdie dinamiek.

Die wet is gevolglik vermoedelik STRUKTUURBEPALEND. Binne die denkraamwerk van die W d W ontstaan daar op hierdie punt sekere probleme, aldus du Plessis: "die wet en die struktuur wat deur die wet bepaal word, word te maklik met mekaar vereenselwig",[12] hoewel dit nooit die bedoeling van die W d W was om wet en struktuur met mekaar te identifiseer nie. Die wet is immers die geldingsgegewene en die struktuur is die argitektoniese bouplan waarvolgens die skepping 'n besondere gestalte kry. Volgens Spier[13] geld wet en struktuur albei vir die skepsel, die wet as grens tussen God en skepping bestaan naamlik uit "ordeninge wette en strukture". "Hierdie vir die skepsel geldende struktuur (qua argitektoniese plan waarvolgens die tydelike werklikheid opgebou is) vertoon drie (in fundamentaliteit opeenvolg=ende) momente (i) 'n temporele moment (die mees fundamentele moment);

(ii) 'n indiwiduele (of tipies konkrete) moment en

(iii) 'n modale moment. Struktuur is egter steeds wet, want dit geld vir die skepsel - dit is 'n specie van die genus "wet van God". Dan is daar ook nog"wette" wat 'n normkarakter dra, oortreebaar is en wat binne of op basis van strukture geld.

Volgens Dooyeweerd word die sentrale liefdeswet deur die glasprisma van die tyd in 'n verskeidenheid van wette en strukture in die tydelike werklikheid opgebreek. Die wette en strukture as wetsgestaltes is uitdrukkings van Gods wil en nie kreatuurlik nie, d.w.s. die strukture en verskyningsvorme is ewe-eens nie kreatuurlik nie, maar dit geld vir die skepping, is vas en onveranderlik. Verder dat hulle (anders as die geskapene of kreatuurlike - die SIN) aan die invloed van die sonde ontkom het: hulle geld nog soos wat hulle van die begin af neergelê is.[14]

Dat ook Dooyeweerd wet en struktuur met mekaar identifiseer word vervolgens deur du Plessis geillustreer aan die hand van sy opvatting oor struktuur en regsnorme. Regsnorme qua modale wette beskik volgens Dooyeweerd reeds in hulle skeppingsstrukturele gegewenheid (qua principia) oor geldingskrag: dit is nie die positivering deur die mens wat aan regsnorme hulle geldigheid of gelding "verleen" nie. "Die aanvaarding van die bestaan van hierdie geldende, voorpositiewe principia is vir beide Dooyeweerd en Hommes 'n sine qua non vir die Reformato= riese regsfilosofie - 'n manifestasie van 'n werklik=

heidsvisie gedra deur 'n wetsidee wat sy religieuse grond in die gelowige wedergebore hart van die mens vind".[15] Regsbeginsels is dus eintlik niks anders as juridiese struktuurprinsipes nie.

Vir sover dit konkrete dinge betref, is hulle struktuur meteens ook hulle wet. Die struktuur van bv. 'n dier (die wet vir die dier-wees) is (bepaal?) dat 'n dier oor aritmetiese ruimtelike, energetiese, fisiese, biotiese en psigiese subjeksfunksies sal beskik, dat die psigiese die leidende funksie sal wees en dat die dier in ander modaliteite oor objeksfunksies sal beskik; die skeppingsordelike struktuur van die staat (qua wet vir staat-wees) is (bepaal?) dat die indiwidualiteit-struktuur "staat" oor 'n historiese funderingsfunksie en 'n juridiese bestemmingsfunksie sal beskik; so is dit ewe-eens gesteld met die struktuur van die huwelik, die gesin, die kerk ensovoorts."[16]

## 3.3 <u>Struktuur en wet by Stoker</u>

<u>Stoker</u>[17] onderskei duideliker tussen struktuur en wet. Vir hom is struktuur nie dieselfde as wet nie, maar 'n bepaalde soort wet nl. 'n struktuurwet geld vir die struktuur - "die wet geld, die struktuur is". Die struktuur is ewe-eens nie vas nie, maar vergaan saam met die "ding". Dit is dus nie universeel nie, maar indiwidueel (die <u>dit-dat</u> bepaaldheid van 'n konkrete idion). Wat die W d W "struktuur" sou noem is vir Stoker "struktuurwet"; "vir die W d W is die struktuur qua wet (selfs in sy tipies-konkrete vergestalting) universeel ofskoon indiwidueel-tipies met verwysing na

'n bepaalde kategorie van universalia; vir Stoker is alleen die wet wat geld vir die struktuur universeel.[18]

## 3.4 Probleem van universaliteit en indiwidualiteit i.v.m. struktuur en wet

Die vraag vir du Plessis is egter of die struktuur van dinge in hulle universaliteit geleë is en is die wet (qua struktuur) die gelding van hierdie universele kant van dinge? Kan universaliteit überhaupt geld? Is dit wat universeel is nie eerder self aan die wet, onderworpe nie? En is die wet wét omdat dit universeel is? Hy wys voorts daarop dat die identifikasie van die wet met die universele besondere gevare huisves, omdat 'n deur abstraksie gekonkludeerde universaliteit maklik bloot gelegaliseer kan word deur dit "wet" te noem, terwyl dit inderdaad wetsubjek is en dan geld die ken=merke van die geskape syndes as wet terwyl dit juis deur die wet bepaal word.

"Staat X ('n konkrete, indiwiduele staat) is immers nie 'n staat omdat hy dieselfde struktuurkenmerke as ander state (Y, Z ens.) openbaar nie, maar omdat hy die wet vir "staat wees" wat universeel geld gehoorsaam: sy universele struktuurkenmerke verkry staat X juis via die wet. Word die struktuur van X egter "ge-universali=seer", dan verval die nodigheid vir die wet en is die universele kante aan X se struktuur meteen self die wet vir daardie struktuur". Dit is volgens Du Plessis een van die spanninge wat daar in die identifikasie van wet en struktuur opgesluit lê.

Verder wys hy op die feit dat die wet (qua struktuur)

geld as 'n stande van sake wat "objektief" vir gelowiges en ongelowiges dieselfde is omdat die struktuur net één wetskarakter het. Daar word hier nie duidelik onderskei tussen wet en gehoorsaamheid aan die wet nie. Die gebruik van die term "wet" in hierdie verband moet dus van naderby beskou word.

Volgens Taljaard[19] is universaliteit en indiwidualiteit een van die beasiese kenmerke van die geskape realiteit - dus die wet-subjek. Hy sê in hierdie verband: "The universality of the kind is to be found in each separate individual thing belonging to that specific kind. Uni= versality in its own is not an indication of the feature as a whole. It must be supplemented by individuality, denoting the subjective identity of each separate thing in the kind, as well as each separate kind within the realm and each separate realm within the whole of concrete created reality. This also holds good for each separate form of communal life and for the sub= jective identy of each separate concretized specimen of such communal life".

Dit wil dus vir my voorkom dat indien daar duidelik onderskei word tussen die drie syndes van God, wet en subjek kan hierdie problematiek oorkom word, maar as die wet bloot die bestaanswyse van die subjek word en die bestaan van die subjek weer gerelativeer word tot "sin" dan moet daar onduidelikheid en spanning intree. Kom 'n mens dan nog met so 'n verskraalde wetsleer dat jy feitlik net, wat indiwiduele en sosiale strukture betref, struktuuranalities met die modale wette opereer

m.a.w. dinge funksioneel gaan verklaar, dan word die oorsaak van hierdie probleme m.i. duidelik. Die Wysbe= geerte van die Wetsidee het juis weinig "wetsleer" in sy denksisteem ingebou. Miskien is dit die rede waarom die wetsubjek feitlik uitsluitlik in terme van die modale bepaaldheid van die aards geskape realiteite verklaar word.

'n Skrifgefundeerde ontologie wat reg wil laat geskied aan die drie-erlei syn van God, wet en geskape realiteit sal in die teoretiese uiteensetting van sy beskouinge nie eensydig met die modale bepaaldhede of modale wette opereer nie. Daar sal 'n ander weg opgegaan moet word om die eiesoortigheid van die lewensverbande te bepaal.

## 4 STRUKTUURANALISE VOLGENS DIE W d W

Die aandag is reeds in die vorige hoofstuk by die W d W (3.2.1.1) daarop gevestig dat die W d W 'n struktuurana= lise van die lewensverbande onderneem wat gebaseer word op die tipiese groepering van die modale aspekte met hulle retro- en antesipasies. Die funderings- en bestemmings= funksie is hierin van deurslaggewende belang om te kom tot 'n struktuuranalise van 'n lewensverband (of enige indiwiduele en sosiale struktuur). Dit is nodig dat ons hier kortliks stilstaan by die toepassing van hierdie metode op die blootlegging van die staatstruktuur soos deur die W d W onderneem.

Volgens Dooyeweerd is dit die taak van 'n Christelike staatsfilosofie "to disclose the internal structural principle of the body politic as it is found in the devine

world order".[20] Hierdie normatiewe struktuurbeginsel rus op Gods wil en nie op die wil van die aardse gesagsdraer of die wil van die volk nie. Die struktuurbeginsel kan volgens Dooyeweerd alleen ontdek word deur te konsentreer op daardie twee struktuurfaktore wat elke historiese staat gekenmerk het nl. MAG EN REG. Hiervolgens is dit duidelik dat die staat berus op historiese magsvorming en as sodanig sy funderingsfunksie in die historiese wetskring het. "The state does not arise in history until in the process of differentiation, the power of the sword is separated from the undifferentiated organization of primitive society and is concentrated in a government...the typical foundational funtion of the geno-type (state) can nowhere else be found but in an internal monopolistic organization of the power of the sword over a particular cultural area within cultural boundaries".[21]

Dit openbaar egter nog nie die struktuurbeginsel van die staat volledig nie, aangesien hierdie swaardmag normatief bepaal moet word deur die kwalifiserende (leidende) be= stemmingsfunksie. Die staat se bestemmingsfunksie is die juridiese. Die staat kan dus nader gekwalifiseer word as 'n tipiese (publieke) regsverband.

Op grond van bogenoemde word die staat deur Dooyeweerd omskryf as 'n publieke regsgemeenskap van owerheid en onderdane op die historiese basis van 'n monopolistiese organisasie van die swaardmag binne 'n besondere geogra= fiese en kulturele gebied. Die korrelasie tussen mag en reg word uitgedruk in die gesagstruktuur van die owerheid oor die onderdane. Die staatsvolk behoort dus ewe goed tot die staat as die owerheid.

Die ander samelewingsverbande het egter ook hul eie interne regsfunksie. Daarom moet die reg van die staat nader om=skryf word. Die verskil is hierin geleë, aldus Dooyeweerd, dat terwyl die regsfunksie van die ander verbande gekarak=teriseer word deur hul eie bestemmingsfunksies, wat 'n ander as die juridiese is, die regsfunksie van die staat deur geen ander as juis die juridiese gekwalifiseer kan word nie. In reg doen as sodanig vind die staat sy bestem=ming, terwyl in die ander verbande die reg middel is om hul eintlike bestemming te verwesenlik. Die interne reg van die staat is territoriale owerheidsverbandsreg wat met die sterk arm van die swaardmag gehandhaaf word. Anders gesê: dit is 'n tipiese heerskaplike verbandsreg wat sy fundering vind in die organisasie van die wapenmag oor 'n territorium. Die reg van die staat is dus die reg van die hele staatsverband en nie net van die owerheid of van die volk alleen nie. Hierdie reg moet wel deur die owerheid bestel en met mag gehandhaaf word.

Volgens Dooyeweerd is die sin van die reg: VERGELDING, wat nie eensydig as straf verstaan moet word nie, maar as 'n ewewigtige harmonisering van 'n menigvuldigheid van regs-belange wat op 'n bepaalde begrensde grondgebied aan=getref word. Alle persone en verbande wat hulle binne die staatsgrense bevind, het daar reg op dat hulle belange deur die owerheid beskerm moet word, ook teen grensoor=skryding van ander samelewingsverbande. Hierin is die tipies-staatlike integrerings- of totaliteitsbeginsel geleë. Hiervolgens sal die staat aleen sy bevoegdheid oorskry as hy sou ingryp in die interne regssfere van die ander verbande. Die staat moet die soewereiniteit

in eie kring van die ander verbande ten volle erken en eerbiedig. Die toepassing van hierdie beginsel is volgens Dooyeweerd die waarborg teen onregmatige staatsbemoeiing in die interne belange van die ander gelykwaardige verbande. Die staat moet slegs die eksterne regsbelange in publiek=regtelike verbandsvergelding ewewigtig harmoniseer binne die algemene regsbelang.

Die vraag is egter of met hierdie omskrywing inderdaad daarin geslaag is om die owerheidstaak enersyds duidelik te omlyn en andersyds die bevoegdheidssfeer van die staat te begrens sodat die ander eiesoortige verbande gevrywaar word van staatsinmenging en staatsoorheersing. Ons let kortliks op 'n paar gesigspunte wat nader belig word sonder om op die meriete van elkeen in besonderhede in te gaan.

4.1 <u>Kritiek van F. Kuyper</u>

F. Kuyper[22] wys in aansluiting by van Dijk daarop dat die beginsel van soewereiniteit in eie kring soos deur die Wysbegeerte van die Wetsidee geformuleer, afhanklik blyk te wees van die gedifferensieerde samelewing. In soverre is dit tydsgebonde en om van die s.i.e.k. van gesin, bedryf, kerk, skool en staat te kan spreek al hierdie verbande reeds daar moes gewees het. Die "samelewing" van vandag en van die toekoms blyk 'n geheel andere te wees as dié van die 19de eeu toe hierdie divergeringsproses plaasgevind het. Toe het dit geskyn asof die kringe in 'n hoë mate selfstandig, soewerein en min of meer onafhanklik van mekaar en <u>op</u> of <u>by</u> sigself bestaan. Die huidige samelewing het (volgens Kuyper) deur die ontsaglike differensiasie en

sosialisasie onderling sterk verweefd en vervleg geraak. Die verbande kan eenvoudig nie sonder en buite mekaar funksioneer nie en op hierdie wyse het die historiese betreklikheid van die prinsipe van die s.i.e.k. aan die lig gekom. Die prinsipe sal dus moontlik op heel ander wyse toegepas moet word in ons situasie van vandag en môre as wat die geval in die 19de eeu was.

Die tweede saak waarop Kuyper die aandag vestig, is dat die orde van die wetskringe vanaf die kwantitatiewe- tot die geloofsaspek voorgestel is as 'n kosmiese tyds-orde. Dit sou beteken dat dit steeds onveranderd in alle verskynsels in dié orde teruggevind moet word. 'n Ondersoek van die geskiedenis in die ontwikkeling van die wêreldbeeld het s.i. laat blyk dat dit nie die geval is nie en hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die deur die W d W vasgestelde kosmiese tydsorde nie kosmies is nie en ook nie 'n tydsorde nie, maar dat dit veeleer 'n logiese orde is. Hy stel dit dan so dat die beginsel van s.i.e.k. wel kwalifiseer vir die staties-logiese aspek van die werklikheid, maar dat daarnaas ook 'n DINAMIES-HISTORIESE ASPEK van die verskeidenheid van modale aspekte is. Gevolglik is die s.i.e.k. ook aan 'n dinamies historiese ontwikkeling onderhewig. Sy ondersoek het nl. aan die lig gebring dat daar nie net konstruktiewe periodes in die geskiedenis is nie, maar ook refleksiewe periodes wat die vorige afwissel en vandag lewe ons in so 'n sterk refleksiewe periode waarin spontane aanwas, ontwikkeling en divergering sterk teruggedring word. Ons het dus nie met 'n sterk logiese gang van historiese ontwikkeling te doen

nie, maar min of meer met 'n irrasionele gang waarvan die logiese orde van die wetskringe nie rekenskap kan gee nie. Dit beteken dat ons in 'n konstruktiewe periode van die geskiedenis te doen kry met konstruktiewe ontwikkeling van 'n veelheid van maatskaplike organisasies of nie-natuurlike samelewingsverbande wat histories tot stand gekom het. 'n Refleksiewe ontwikkeling voer egter van hierdie gevormde kollektiwiteite terug na 'n rehabilitasie of emansipasie van die indiwiduele mense. Konstruksie institusionaliseer die samelewing, maar refleksie doen die teenoorgestelde: die kollektiwiteite rig hulle na buite na die samelewing as geheel en van alle daarin lewende indiwidue. Revolusie beoog in die refleksiewe periode om die bestaande kollektiwiteite met hulle bindinge stukkend te slaan en te deurbreek, maar reformasie sal soek na 'n eie besondere toepassing van die beginsel van s.i.e.k. in die nuwe situasie wat kan lei tot 'n ordelike ontplooiing van die menselewe binne die verbande.

Wat Kuyper hier op die oog het, is dat die sinkern van die historiese wat aanvanklik geformuleer is as "beskawings-ontwikkeling" die klem verkeerdelik laat val het op voortgang (of vooruitgang) d.w.s. vanuit 'n "primitiewe" toestand tot 'n beter of meer "volmaakte" toestand. Hierdie siening maak nie voorsiening vir die sg. refleksiewe (en destruktiewe) periodes in die geskiedenis nie.

Du Plessis wys daarop dat die modale historisiteit (by Dooyeweerd c.s.) onbewus vereenselwig is met Gods

heilshistoriese geskiedenis en daarom is "voortgang" gesien as sinkern van die historiese wetskring.[23] Hy wys egter daarop dat Dooyeweerd se finale formulering van die sinkern van die historiese "vrye vorming" is of om dit woordeliks aan te haal "culture in the sense of formative control".[24] Daarom sou dit volgens hom beter wees om van die historiese modaliteit liewers te praat as van die kultuurmodaliteit.[25]

Die gebruik en toepassing van die tradisionele soewereini=teit in eie kring om sodoende eiesoortige verbande se kompetensiegrense teenoor mekaar af te grens, het op grond van die voorgaande, aldus Kuyper, hersiening nodig. Dit is 'n belangrike saak waarop hier vir ons doel ook gewys moet word.

## 4.2 Kritiek van A.M. Donner

Dit het by Dooyeweerd nie sover gekom om die staatstaak met sy grense te omskryf en te omlyn op grond van sy kwalifisering van die staatsverband nie. Hy het dit eerder oorgelaat aan sy leerlinge om dit verder uit te bou. A.M. Donner[26] gaan in op pogings in hierdie ver=band (o.a. van Berghuis[27] en Groen[28] om vas te stel of ons in die bestemmingsfunksie van die staat ook 'n aan=duiding kan vind van sy taak en grense.

Hy toon aan dat W.P. Berghuis en K. Groen uitvoerig gepoog het om ook die owerheidstaak vanuit die juridiese te begrens d.m.v. die reg as handhawing van die openbare geregtigheid ONDER EN TUSSEN EN TEN BEHOEWE van die onderdane en verbande. By die juridiese kwalifikasie word verder gevoeg die algemene of publieke belang

sodat dit tenslotte moeilik blyk te wees om alles wat die staat moet doen onder die een noemer van die hand= hawing van die openbare geregtigheid tuis te bring. Hy wys daarop hoedat probeer word om allerlei sake soos die bou van dyke, leerplig in die openbare onderwys, bemoeiing met spelreëls, die staatsarmesorg, die ingryping in die bedryfslewe, die kuns, die stelsel van subsidies en pen= sioene e.d.m. alles onder die een noemer van die juridiese (of regshandhawing) tuis te bring sodat die begrip "reg" erg oorspan word en eindelik sy eintlike betekenis moet inboet.

Hy stel daarteenoor dat 'n mens die staatstaak nie slegs as 'n REGS-TAAK kan opvat nie. Dit is, gesien die historiese ontwikkeling van state, nie verantwoord om, waar ons die tipiese bestemmingsfunksie van die staat in die juridiese vind, die staatstaak ook in die juri= diese sy begrensing en afsluiting te laat vind nie. Die ontwikkeling van die staatsgedagte het, volgens Donner, begin met die monopolisering van die swaardmag en die konsentrering van hierdie mag in 'n vors of monarg. Deur hierdie dwangmag word orde en rus die vertroude goedere wat later vanselfsprekend aanvaar word. Daar groei 'n eenheidsband tussen die onderdane en hulle kom tot 'n besef van 'n gemeenskaplike, 'n algemene belang. Namate die nasie volgroeid raak, gaan hy ook met meer aandrang vra om medeseggenskap ten einde te waarborg dat die swaardmag werklik aangewend word in die algemene belang. Aanvanklik word die eis ondersteun met die bekende verdragskonstruksies, wat aan die

standestand ontleen is. Daarmee word egter nie raakge=sien dat daar iets nuuts gegroei het nl. 'n gemeenskap van owerheid en volk waarin dit nie meer twee partye is wat ietwat los teenoor mekaar staan nie, maar waarby beide omsluit word deur 'n verband wat 'n eie indiwiduali=teit, 'n eie historie, 'n eie lewe gekry het: DIE STAAT of soos dit voorheen wel genoem is, DIE RES PUBLICA of DIE GEMENEBES. Van daardie gemenebes het die owerheid 'n orgaan geword, net so goed soos die ou standevergade=ringe. Beide se optrede word beheers deur, en mag getoets aan, die algemene belang. Vir dinastieke belange is nou geen plek meer nie.

Die aldus ontstane gemeenskap, aldus Donner, word nou beskou as 'n regsgemeenskap omdat die verhoudinge binne die gemeenskap veral regsverhoudinge was. Die opkoms van die staat het parallel geloop met die depersonali=sasie van die gesag. Die owerheid word tot 'n amp en die gesag van die staat is nie meer 'n persoonlike gesag nie, maar gesag wat kragtens die amp aan die ampsdraer of ampsbekleder toeval. Hierdie gesag word ontleen aan 'n vaste regsorde wat die onderlinge verhouding van die verskillende ampte tot die volk in die algemeen en tot die indiwiduele onderdane bepaal. Bevoegdhede en verpligtinge word voortaan aan die ampte verbind. Hier=die oorgang van charismatiese en tradisionele gesag na regsgesag vorm volgens Donner die kriterium van die staat in die strenge sin van die woord. Daarmee is ook die blywende betekenis van die roep om die reg-staat aangegee. Word hierdie punt bereik dan is die staat nie 'n rustige en veilige besit nie. Dan moet voortdurend

daaraan gewerk word, want die regstaat kan ook weer ont= bind en tot 'n magstaat verval.

Gelet op die bande waarmee owerheid en onderdaan aan mekaar verbind is moet die staat 'n REGS-VERBAND heet en dit het konsekwensies vir die wyse waarop die staat te werk moet gaan en sy taak moet verrig: nl. (soos Stahl dit stel) "in der Weise des Rechts".

"Zo kan men zeggen dat alles wat de Overheid aanraakte rechtens relevant wordt, dat de belangen, die zij ter harte neemt, rechtsbelangen worden. Men zet echter de zaken op haar kop, wanneer men uit deze omstandigheid wil afleiden dat de staatstaak zijn begrenzing zou vinden in het juridische".[29] Die omvang van die staats= taak wil Donner dan veel eerder vind in die begrip "ORDE" of "VREDE" waarby die juridiese nie uitgesluit is nie, maar nog kwalifiserend bly vir die staatstaak. "Bepalend voor de omvang, waarin de gerechtigheid wordt gepositiveerd, is de eis der openbare orde...Het publieke, d.w.s. niet binnen andere verbanden geïntegreerde verkeer, moet worden geregeld en geordend. In het behoeften van het publiek d.w.s. behoeften die niet in ander verband worden of kunnen worden opgevangen, moet worden voorzien ...Overheid en staat gaan dus ordenend te werk".[30]

Die gedagte wat vir ons doel beklemtoon moet word, is dat die mas nie opgekom kan word wanneer slegs met 'n modale kwalifisering van die staat volstaan word nie. Die modale bepaaldheid is wel belangrik, maar dit is nie die enigste eksistensiaal van die aardse eksistent nie. Alle gesag wortel in die wet of ordinansies van

God, maar hierdie (DING-) wette geld telkens vir 'n bepaalde terrein waardeur noodwendig die bevoegdheid van daardie gesag beperk (afgegrens) word. Die gesagsdraer op watter terrein ook al het as taak die reëling van die verbandslewe waaroor hy met gesag beklee is deur die liefdeswet (onder leiding van die Dingwet) te positiveer vir sy geografies en tipies bepaalde kring. Hierop word egter later weer teruggekom.

4.3 Kritiese vrae van L.M. du Plessis i.v.m. die modale hiërargie: ANTE- EN RETROSIPASIES[31]

In sy soeke na kennis van die ideë (hier die regsidee) word veral die W d W se leer aangaande die sinverdiepende antesipasie van die juridiese na die etiese en pistiese eers aan 'n kritiese ondersoek onderwerp. Volgens Dooyeweerd moet die sleutel tot die antwoord op hierdie probleem gesoek word in die botydelik religieuse sinvolheid van die kosmos - dit is die sinvolheid van die religieuse liefdeswet in Christus - liefde, wysheid, geregtigheid, krag, skoonheid ens.

Du Plessis oefen indringende kritiek uit op die siening van Dooyeweerd i.v.m. die botydelike aard van die HART, op die hiërargiese volgorde van die wetskringe en die geldigheid van die retro- en antesipasies as metode om tot sin-ontsluiting van die aardsgeskape subjekte te geraak.

Hy toon aan dat daar bv. ook in 'n primitiewe gemeenskap (waar volgens die W d W die juridiese nog in starre onontslotenheid teruggebuig is na die substraatkringe en dus nog nie ontsluit is na die etiese en pistiese

modale kringe nie) inderdaad ook etiese en religieuse elemente in die spel is wanneer wette gepositiveer word. Hy maak die gevolgtrekking: "Die kreatuurlike etiese aspek verskaf dus nie 'n waarborg vir die bestaan van goeie regsreëls (of regverdige regsreëls) nie - net so min as wat die aritmetiese of biotiese of die logiese of die historiese aspekte dit kan doen. Alleen 'n religieus-normatief korrekte konkretisering van die skeppingsmoontlikhede deur 'n religieus betrokke mens (of gemeenskap van mense) maak regreëls regverdig. Dooyeweerd se opvatting dat 'n antesipasie na die etiese - wat in 'n 'slegter' regstelsel ontbreek - die reg op 'n gegewe moment beter of regverdiger kan maak, word dus voorlopig betwis omdat

(i) die analogiese verhouding tussen die juridiese en die etiese aspekte nooit kan ontbreek nie en

(ii) omdat die etiese aspek an sich nie die reg kan verbeter nie".[32] Hy wys voorts daarop dat die antesipasie reg-geloof selfs in 'n primitiewe samelewing nie kan ontbreek nie. Die pistiese funksie is ook in die primitiewe orde die manifestasie-in-die-tyd van 'n afvallige geloof "wat via die geloofsfunksie qua (in die tyd) grensfunksie die ideële prinsipes waarop die regsorde steun as 't ware na byvoorbeeld die "natuursy" van die werklikheid "terugbuig".[33]

Dit kan dus nie gesê word dat die reg hier nie ontsluit word in die rigting van die superstraatkringe nie. Dit gaan hier immers nie om 'n bloot formele (antesiperende) relasie wat ontbreek nie, maar fundamenteel om 'n ver=

keerde rigting van die hart in sy religieuse sinvolheid wat in die tyd (in die geloofsfunksie) gemanifesteer word. Die afval, aldus du Plessis, is 'n HARTSAAK en betref die wortel - die uitgange - van alle menslike denke en dade. Daarom tref die afval die juridiese aspektelikheid van 'n "slegte" regsnorm nie via die etiese en pistiese superstrate nie, maar in direk religieuse sin. Die (formele) verhouding tussen die juridiese aspek en sy etiese en pistiese superstrate is net so 'n "objektiewe" stand van sake en net so kreatuurlik noodwendig soos die analogiese verhouding tussen die juridiese aspek en enige van sy substrate. Dan volg m.i. du Plessis se logiese gevolgtrekking: "En hierdie stand van sake laat in beginsel die noodsaak vir die bestaan van 'n hiërar=giese ordening (qua tydsorde van gekompliseerdheid) van die modaliteite verval."[34] Die modale kringe is volgens hom eerder as gelykwaardige kringe enkapties naas mekaar georden en nie hiërargies bo mekaar nie.

Geregtigheidsontsluiting of -verdieping is in die eerste en finale instansie 'n religieuse aangeleentheid wat selfs nie eens formeel op 'n intramodale verhoudings=niveau verdiskonteer kan word nie.[35]

Du Plessis stel voorts die kritiese vrae of

(i) in die lig van die modale orde wat deur boge=noemde kritiek versteur is, die historiese aspek werklik 'n fundamentele rol by geregtig=heidsontsluiting van positiewe regsnorme speel

(ii) is daar nog werklik op modale vlak (dit wil sê in die tyd) 'n kriterium vir onderskeid tussen

begrip en idee, asmede principia as stande van sake en dit wat idealitêr (in 'n religieuse sin benader) "behoort te wees"?[36]

Hierby moet egter opgemerk word dat du Plessis nie met hierdie kritiek die modaliteiteleer as sodanig verwerp nie, maar wel dat hy die hiërargiese rangorde en leer van ante- en retrosipasies in die formele sin waarin dit aangewend word, verwerp as nie getrou aan die werklikheid soos hy dit sien nie. Aan die ander kant, waar hy sy eie standpunt uiteensit, praat hy van konstante Woordor= deninge in die sin van wette vir die strukture en beweer hy dat die rangskikking daarvan nie bloot neweskikkend beskou moet word nie (wat hy m.i. wel bepleit t.o.v. die rangskikking van die modaliteite) maar dat dit 'n "rangordening" is. "Die Woordordeninge word so gerang= skik (of gerangorden) dat daar altyd in die struktuur 'n leidende (gewoonlik konstante) Woordordening is. Die rangordening is teleologies bepaald: 'n plant is bestem om te lewe, 'n staat om die regsorde in stand te hou, 'n universiteit om wetenskap te beoefen ensovoorts en daarom is die leidende Woordordening (of soms komplekse kombinasie van Woordordeninge) by elkeen van hierdie drie strukture (onderskeidelik, die biotiese modaliteit, die juridiese modaliteit en die logiese modaliteit. In hierdie opsig word Dooyeweerd se teorie insake die leidende funksie en die modale gestruktureerdheid van konkrete dinge in beginsel aanvaar".[37]

Die oorheersende indruk wat du Plessis nalaat is dat hy enersyds prinsipieel wil breek met die benadering

van Dooyeweerd t.o.v. die dimensies van die menslike ervaringshorison. Hy handhaaf 'n ander beskouing wat betref

(i) die hart as sg. botydelike religieuse sentrum van die mens se bestaan;

(ii) t.o.v. die identifikasie van wet en struktuur en

(iii) t.o.v. die hiërargiese orde van die wetskringe met hulle ante- en retrosipasies. Hy vind m.i. meer aansluiting by Stoker en Vollenhoven, maar slaag nie daarin om met die moontlikhede wat laasgenoemde se wetsleer bied 'n nuwe weg in te slaan wat betref die tipering en begrensing van eiesoortige geskape realiteite nie. Vandaar dat hy van 'n leidende Woordordening binne die hiërargie van Woordordeninge bly spreek. Die vraag is of hy die funksionalistiese model binne die raamwerk van die modaliteiteleer daarmee oorkom het.

Daar is egter veel by du Plessis waarby aangesluit kan word soos bv. dat hy uitgaan van God se Wetwoord vir die strukture, die konstante en dinamiese Woordordeninge, die betekenis van die verbond vir ons samelewingsleer en veel ander aspekte wat strenggesproke nie op die terrein van hierdie studie val nie, maar tog ook groot betekenis vir ons onderwerp het (o.a. Christelike geregtigheidsnorme en institusionele geregtigheid).

## 5 AFGRENSING VAN DIE STAAT AS EIESOORTIGE VERBAND

Die vraag is of ons op die grondslag van 'n Skrifgefun= deerde ontologie soos uiteengesit in Hoofstuk I kan kom tot 'n afgrensing van die staat as 'n eiesoortige verband.

Dit wil sê dat ons moet bepaal waarin die eiesoortigheid van die staatsverband geleë is. Met eiesoortigheid word bedoel: dit wat die "STAATWEES" van die STAAT bepaal en hierdie besondere verband (STAAT) onderskei van anders=soortige verbande (GESIN, KERK, SKOOL, BEDRYF ENS.) wat in eie reg ook eiesoortig (sui generis) is.

Die W d W moet in hierdie opsig gelyk gegee word dat eiesoortige verbande nie van mekaar onderskei kan word deur 'n opsomming van uitwendige take en funksies nie.[38] So kan 'n verband se kompetensie nie bepaal en begrens word t.o.v. ander gelykwaardige verbande nie. Die afgrensende, begrensende, taakstellende en struktuurbepalende prinsipe is geleë in die wil of wet van die soewereine Skepper vir die staat as skeppingsrealiteit. Dit is een van ons fundamentele uitgangspunte wat deurgaans vasgehou moet word.

Dit moet dus moontlik wees om nou verder binne die raam=werk van 'n Skrifgefundeerde ontologie (verbandsleer, antropologie en wetsleer met hul onderlinge relasies en samehang) die eiesoortigheid van die staatsverband te benader. Hierby moet die aandag ook gerig word op die staat soos dit van die begin af uit die aanvanklik inge=slotene onder leiding van die Heilige Gees deur die loop van die geskiedenis d.m.v. die positiverende en konkre=tiserende arbeid van mense sigbare gestaltes gekry het. Ook in die gekonkretiseerde state, al is dit op gebrekkige wyse gedoen, kan ons tog iets sien en verstaan van God se ewige krag en goddelikheid (Rom. 1:18) en van Sy wil (wet) vir die staatwees van die staat.

Om saam te vat: Ons taak is nou om, binne die raamwerk van die ontologiese voorveronderstellings soos reeds uit=eengesit, die staat soos dit in die loop van die geskiede=nis gekonkretiseer is in die lig van die Woordopenbaring nader te ondersoek om te kom tot 'n begrip en uiteensetting van die eiesoortigheid van die staatsverband.

# HOOFSTUK III

# DIE EIESOORTIGHEID VAN DIE STAAT

## 1 DIE STAAT AS SKEPPINGSREALITEIT

Met die eerste oogopslag mag 'n stelling soos hierdie (dat die staat 'n skeppingsrealiteit is) nie alleen heeltemal irrelevant vir 'n staat- of regsfilosofie voorkom nie, maar vir die radikaal linkse denke, ook heeltemal absurd. Iemand soos bv. Ernst Cassirer[1] sou dit as mitiese denke afgemaak het en daarin 'n terugval vanuit die moderne "redelike denke" na die ou paganistiese mitiese denke gesien het wat net onheil vir die staat kan spel. Bowen= dien, so kan ook vanuit Christelike kring geredeneer word, kan die vraag na die oorsprong van die staat ons niks sê van die uniekheid of eiesoortigheid van die staatsverband as sodanig nie.

Tog is dit so dat daar van die vroegste dae af in die denke oor die staat nie net rekenskap gegee is van wat die staat, sy taak, funksies, ens. is nie, maar ook wat die oorsprong van en bestaansgrond vir die staat is. Waar kom 'n owerheid bv. aan so 'n ingrypende mag om oor die lewe van sy onderdane te beskik? Selfs vir heidense en humanistiese denkers moes daar ten minste morele gronde vir die bestaan en optrede van die owerheid wees.

Ter illustrasie slegs een voorbeeld. Die idee van die staat as 'n "sosiale kontrak" gaan van die veronderstelling uit dat die mens oorspronklik en van nature 'n vrye en outonome wese is wat vrywillig sy vryheid en mag, met die oog op 'n sekere begeerde doel, konsentreer in 'n ower=

heidspersoon of owerheidsliggaam (vgl. hier Hobbes en J.J. Rousseau). Die staat vind dus sy oorsprong en diepste grond in die mens self en dit bepaal die besondere eie-aard en struktuur van die staat. Hobbes sê in hierdie verband "The only way to erect such a common power...is to confer all their power and strength upon one Man or upon one assembly of men, that may reduce all their wills, by plurality of voices, unto one will: which is as much as to say, to appoint one man or assembly of men, to bear their person..."[2] Hier het ons 'n goeie voorbeeld van 'n poging om die staatsmag te grond op morele gronde wat dan gedoen word deur terug te gaan na die vermeende oorsprong en ontstaan van die staat as kontrak of verband tussen vrye, gelyke, outonome mense.

Hierdie denke word in effens gewysigde vorm vandag nog aangetref en is dus heel modern. John Rawls gebruik min of meer dieselfde denkmodel behalwe dat hy by sy kontrak=tante 'n "veil of ignorence" invoer. Dit beteken dat hulle volkome onkundig aangaande hulleself is en hulleself dus hoegenaamd nie van enigiemand anders kan onderskei nie. Die doel daarmee is dat die kontraktante nie in staat moet wees om hulle eie belange ten koste van andere te bevorder nie, maar alleen die algemene belang. Hulle moet besef dat hulle besluite en resolusies hulleself ten goede of ten kwade kan tref. Gorowitz som die situasie soos volg op: "The situation in which the negotiators find them=selves is called the "original position". They have general wisdom and particular ignorance. They seek to advance their own interests, but are unable to distinguish them from anyone else. They have no recourse, claims

Rawls, but to adopt principles that are optional with respect to the advancement of the interests of whoever is least favoured by the principles. That is, in the original position, the rational agent will realize that, at least as far as he can tell from behind the veil of ignorance, he is as likely to suffer as to benefit from the application of any principles that promote the interests of some more than others. In order to advance his own interests, then, he must favor principles which allow the maximum opportunity for pursuit of one's life=plan to everyone - and, hence, no matter who he may turn out to be, to him".[3] Ook hier word teruggegaan na 'n vermeende "original position" waaruit 'n sg. regverdige staatsbestel kan voortkom. Rawls erken egter self dat sy redenasie geen historiese basis het nie en dat dit dus 'n fiktiewe situasie skilder. Dít kan dus eerder as "religieus-mitiese" denke instede van sg. "redelike denke" beskou word.

Die vraag is dus tog nie so irrelevant nie en allermins absurd. Trouens, wie let op die krisis in die moderne staatsteorieë, wat hierbo aangedui is as 'n gesagskrisis, sal dadelik insien en besef dat die enigste oplossing vir die probleem van subjektiwisme, relatiwisme en anargisme geleë is in 'n terugkeer na die enigste ware Oorsprong en bestaansgrond van die staat nl. die soewereine God Drie-enig wat Skepper, Wetgewer en Onder=houer (ook) van die staat as Godgewilde instelling is. Hierdie openlike standpuntinname kan (en mag) nie as mitiese denke beskou word nie omdat dit rus op die vaste grond van God se openbaring in Sy Woord sowel as in Sy

werke. Met James W. Skillen[4] wil ons dit openlik stel: "The Christian view of politics begins without apology as a religious response to the only true God who has revealed Himself in Jesus Christ. It rejects the starting points of the dominant political ideologies of our day - the religious myths of 'popular sovereignty' the 'withering away of the state', 'nationalism', 'economic progress', 'pragmatism', 'balance of power' and so forth. But Christian politics is not hereby "mythical-religious" as over against the supposes "secular-rational" character of modern democratic constitutional politics..."

Wanneer ons dus praat van die staat as 'n skeppingsreali= teit word ons gewys op die oorsprong en vaste grond daarvan nl. God Drie-enig, die Soewereine Skepper, Wetgewer en Onderhouer van die ganse skepping. Teenoor die radikaal-linkse uitgangspunt dat alles uit, deur en tot die mens is, word die Skrifwaarheid gestel dat alles uit, deur en tot God Drie-enig is: ook die staat en alle aardse magte. (Rom. 11:36, Rom. 13:1)

Dit sê egter ook reeds iets van die staat self nl. dat die staat kreatuur is, van God Drie-enig afhanklik, en onderworpe is aan die allesdekkende wet van God. Die staat is dus nie "soewerein", of "outonoom" en in sigself afgesluit en selfgenoegsaam nie. Die staat (qua staat) verkry sy eiesoortigheid van die wet van God en nie vanuit die vryheid, mag en wil van outonome mense wat 'n sosiale kontrak of vrywillige verbond sluit nie. Die feit dat die staat en owerheidsgesag aan God se soewereiniteit onderwerp word, behoed die staatsmag daarvan om absolutis=

ties en totalitêr te word, wat juis gebeur wanneer die staat as 'n sg. "sosiale kontrak" beskou word. Die verab= soluteerde vryheid van die indiwidu waarop die "sosiale kontrak" berus, word in die staatsteorieë van Hobbes, Rousseau e.a. telkens verslind deur 'n matelose staatsab= solutisme wat reeds 'n aanduiding van die valse uitgangs= punt van hierdie humanistiese denkers is.

Die Skrif laat ook geen twyfel oor die waarheid dat die owerheidsgesag en mag, wat 'n inherente deel van die staatsliggaam is, 'n instelling van God is nie. Romeine 13:1 en 2 word bv. deur die meeste eksegete so verklaar dat hier sprake is van die burgerlike owerheid. Onder die term eksousiai (meervoud) word klaarblyklik die ower= heidspersone wat met gesag beklee is om te regeer, ver= staan. Jonker sê in hierdie verband: "Dit gaan by hier= die magte spesifiek om die burgerlike owerheid, nie om alle gesagsinstellings in die samelewing nie."[5] Hierdie waarheid verplig "elkeen" d.w.s. die burgers en onderdane sonder uitsondering, om hulle te onderwerp aan die magte wat oor hulle gestel is. Dit was die sterkste motivering vir die eerste Christene om selfs die vyandige Romeinse owerheid te eerbiedig en te erken as instelling van God. Weliswaar word die staatsgesag juis vanuit hierdie uit= gangspunt ook beperk en is daar so-iets soos regmatige verset van die kant van die burgers, ens., maar hierby word op 'n later stadium stilgestaan. Hier gaan dit eers net daarom dat die staat as staat sy oorsprong en instelling vind in God se soewereine Skepperswil. Dit gaan ten diepste in die staatslewe dan ook om die eer en heerskappy van God en om gehoorsaamheid aan Sy Woord

(Verbondswoord of Verbondswet).

Dit is nodig dat vanuit 'n Skrifgefundeerde standpunt 'n antwoord geformuleer moet word op die moderne, humanis= tiese maatskappykritiek wat pretendeer om ook Bybelse waar= hede te hanteer. Met hierdie wyse van spreke, is reeds aangedui dat die moderne teoloë hulle uitgangspunt in elk geval buite die Bybel neem nl. in 'n verabsoluteerde aspek van die werklikheid en daarmee na die Skrif gaan. Hulle lees dan eers hulle lieflingsidee in die Skrif in en dan weer daar uit sodat hulle per slot van sake die Skrif laat sê wat hulle self graag wil sê. P.J. Roscam Abbing het bv. in 'n resensie van W.A. du Pree se boek - "Maatschappijcritiek en Theologie critiek" (Assen 1971) daarop gewys dat 'n verabsoluteerde vryheid ten nouste saamhang met die politieke messianisme - "een naïef optimisme en een fatale geborneerdheid". G. de Ru sluit hom hierby aan en wys daarop dat teoloë soos Pannenberg, Moltman, Metz e.a. vir du Pree nie ver genoeg gaan in hulle openheid na die toekoms nie omdat hulle God - "als meer dan een utopie - nog betrekken bij die toekoms van de mens, die alleen door de mens zélf wordt gemaakt. Alle eschatologische voorbehoud, alle uiteindelike in= grijpen van Godswege - zoals Metz dat nog zien - wordt radicaal door hem afgewezen. Het gaat om de mens en om hem alleen. Wij moeten den "grondkeuze" maken voor de mens. Wie de mens is, is nog niet bekend. Hy is goed, maar nog niet "af", de menswording moet in de loop der geschiedenis nog voltooid worden..."[6] Op grond van hierdie uitgangspunt stel du Pree dan ook die totale revolusie as 'n absolute prioriteit indien dit vir die mens oop

moet wees na die toekoms waar vryheid, gelykheid en broederskap seëvier - 'n gelukkige lewe vir alle mense. Die menslike geluk, die goeie lewe, dit is al waarom dit per slot van rekening gaan. Dit is per slot van sake die alfa en omega van die radikaal-linkse denke. Dan kan dit nie anders as om ook radikaal anti-Bybels en anti-Christelike te wees nie.

Die belydenis van die absolute soewereiniteit van God oor die staatsverband moet egter nie gesien word as 'n kerklike belydenis nie, maar die prinsipiële uitgangspunt van die gelowige burgers wat dit gestalte gegee het in 'n konstitusie sowel as op allerlei tipies-staatlike wyses. Dit (nl. die aanvaarding van die soewereiniteit van God) sny die gevaar van verabsoluteringe van besondere aspekte van die geskape werklikheid by die wortel af en bied 'n vaste grond vir menslike, vertroue in God-Drie-enig wat die beskikker oor die lotgevalle van volkere en nasies is. Stabiliteit, vrede en 'n regverdige staatsbestel word enigsins gewaarborg wanneer die wet van God erken word as normatief en koersaanduidend vir die wetgewing, regspraak en die staatslewe oor die algemeen. So 'n staat het 'n heenwysende getuieniskarakter wat iets van die soewereiniteit en koningskap van God Drie-enig op aarde 'n gestalte laat kry. Hieroor meer in die slot=hoofstuk.

## 2 STATE AS MENSLIK-GEAKTUALISEERDE REALITEITE

Wanneer hier gepraat word van state as menslike instel=lings is dit nie in stryd met die stelling dat die staat 'n deur God gewilde realiteit is en dat daar geen mag is

wat nie deur God ingestel is nie. Volgens Taljaard is die ontiese wet vir die staat 'n gekonkretiseerde wil van God. Die aktualisering van die staat vind plaas deur menslike aktiwiteit wat die wet realiseer maar dan volgens subjektiewe interpretasie van die gekonkretiseerde wil van God. Vandaar die tyd- en milieu gebondenheid van die gekonkretiseerde of geaktualiseerde staat en die nood= saaklikheid van reformasie!

Onder I 3.1.2 is reeds daarop gewys hoedat God ook die wet vir die staat en dus ook die staat oorspronklik in die allesinsluitende "aarde" ingesluit het en dat dit onder leiding van die Heilige Gees deur die positiverende en konkretiserende arbeid van die mens daaruit ge-evolveer het. Wat tot stand gekom het, was menslike institute of organisasies d.w.s. besondere state wat in die loop van die geskiedenis tot stand gekom het. Hierdie state het ook iets van die Skepper se krag en Goddelikheid weer= spieël al was hulle na die sondeval gebrekkige en sondige mensewerk. (Romeine 1:18) Ook uit hierdie menslik geak= tualiseerde state kan ons iets van die Skepper se wil en wet vir die staatwees van state verstaan. Daarom moet ons in die eerste plek die geaktualiseerde state as menslike instellings soos dit in die loop van die ge= skiedenis tot stand gekom het nader ondersoek om te probeer vasstel wat die wet vir hierdieskeppingsrealiteit is. Dit moet, soos reeds gesê, gedoen word in die lig van die Woordopenbaring en met die bril van 'n Skrifgefundeerde werklikheidsvisie.

## 2.1 Positiverende en konkretiserende aktiwiteit van die mens

Die positiverende en konkretiserende aktiwiteit van die mens gaan enersyds terug op wie en wat die mens is en andersyds op God se mandaat en opdrag aan die mens.

Die mandaat, deur die Skepper aan die mens gegee, was om die aarde te bewerk en te beheers. Om hierdie roeping te vervul, het God die mens die nodige toerus= ting gegee. In hierdie verband sê Taljaard:[7] "Man was endowed with power and with a will. He has the status of a king, but is subjected to the sovereignty of God. He is a creature with authority which differs, however, from the authority of God to the same extent as man differs from God...Man's will is concretized in the rules and regulations he makes. This is the anthropo= logical basis of all types of discipline. But man also regulates the lives of those included in all forms of communal life, each in its own peculiarity. That is why authority in communal life is determined by the specific peculiarity of the specific community, and the latter is determined by means of the law which is valid for the specific community, which again is a concretization of the creational will of God. The positivized laws of each peculiar type of community are concretizations of the authoritative will of the authorities concerned, limited to the specific domains and the coherence with all other domains which are involved".

Hierdie uitspraak word as rigtinggewend vir die tema in hierdie hoofstuk beskou en daar sal weer hierop

teruggekom word.

Du Plessis[8] wys (op voetspoor van Stoker) op die mens se volmag om op God se Woord te antwoord en sê: "Menslike instellings word op sterkte van die mens se godgegewe, geldende volmag as mandator Dei tot stand gebring..." en "die menslike uitoefening van volmag-in-antwoord appelleer altyd op Woordordeninge (qua antwoordingsmoontlikhede): die mens bring (op sterkte van inter alia die konstante Woordordeninge) menslike instellings tot stand maar antwoord ook via die instel=lings as 'kanale'".

Die klem val hier ten volle op die opdrag en verantwoorde=likheid van die mens wat na die beeld van God geskape is en wat van die Skepper die opdrag ontvang het om die aarde te vul en dit te beheers. Primêr vir hierdie vormingsarbeid is allereers God se Woord as opdrag en in die tweede plek: die mens se toerusting met die no=dige gawes. Maar ons mag ook nooit die leiding van die Heilige Gees in die geskiedenis uitsluit of miskyk nie, want God Drie-enig is steeds besig om die geskie=denis van die wêreld te volvoer. Dit gebeur deur alles heen, selfs ten spyte van die in sonde gevalle mens se anti-normatiewe positivering en konkretisering van verbande. Die mens (al is hy ook 'n ongelowige) bly ten volle verantwoordelik ten diepste teenoor die Skepper wat die opdrag oorspronklik aan hom gegee het. (Vgl. Romeine 1:20 "sodat hulle geen verontskuldiging het nie".)

A. de Graaff stel hierdie verantwoordelikheid soos volg:

"He (man) must discover and evaluate, judge and choose, develop and give form. Such is his calling: to respond to his Creator, serving Him wholeheartedly in obedience to His devine will for the benefit of mankind. In his religious task man is bound to the creational ordinances which reveal God's will".[9]

2.2 Die leiding van die Heilige Gees

Hierdie binding aan Gods Wetswoord en die leiding van die Heilige Gees kan nie genoeg beklemtoon word nie, want so alleen word die konkretiseringswerk van die mens in onafgebroke relasie tot God gedoen. Die mens in die afval, met sy hart van God afgekeer, doen dit natuurlik nie so nie, maar hy verselfstandig sy eie instellings teenoor God. Dit kan nie anders as dat sulke instellings geen ware Woordgestaltes of gestaltes van Gods Koninkryk sal wees nie, maar eerder "wangestaltes". Word die instellings egter verselfstan=dig, die relasie tot God en die leiding van die Heilige Gees ontken, is die gevaar van determinisme groot. Al wat dan oorbly is die noodwendige wetmatige verloop van dinge waarteenoor die mens magteloos staan. Troost[10] wys daarop dat die gevaar van determinisme geleë is in "een van God geabstraheerde in eiegenwettelijkheid besloten wereld". Die ongeloof verabsoluteer en verself=standig die wêreld en maak die wêreld van sy Skepper en Wetgewer los, maar in die geloof lê die wêreld vir ons in die hand van God. In laasgenoemde geval kom ons in aanraking met die heilshistoriese dinamiek van die goddelike wêreldorde onder leiding van Gods Gees en met Sy genade in die Middelaar, Jesus Christus. Dit wys

ons weer op die prinsipiële aanleg van die hele lewe op die leiding van die geloof deur die krag van die Woord van God.

Die menslike aktiwiteit is juis in die dinamiese evol=veringsproses ingesluit. Ons kan sê dat God se alwerk=saamheid die mens se selfwerksaamheid en verantwoorde=likheid nie uitsluit nie, maar juis insluit. So word elke dualisme tussen 'n sg. natuurlike- en bo-natuur=like ryk afgewys. "Daarom menen wij weerstand te bieden aan elke idee van de 'eigenmachtigheid' der ordeningen...zulks zou onderstellen, dat men principieel blijft uitgaan van een natuurrechtsidee waarin de ordeningen tegenover de Woordopenbaring en tegenover de doorwerking der Woordopenbaring in de openbaarwording van Gods Koninkryk verzelfstandig zijn."[11]

## 2.3 Beginsels en norme in die positiverings- en konkretiseringsproses

Die proses van positivering verloop volgens Troost dan min of meer so dat die goddelike wêreldorde waarvan die mens enige kennis besit in hierdie kennis verteenwoordig is as beginsels. In hierdie beginselkennis is die goddelike wêreldorde benader. Die formulering, bekend=making en bewusmaking van hierdie beginsels gaan meestal uit van bepaalde groepe mense en dan met name van hulle wat deur ervaring en insig in hulle kring mense van ge=sag is, leiers en deskundiges. Maar dit is nie genoeg nie. Die konkrete, positiewe samelewingsorde, waaronder ons in die samelewing met mekaar verkeer en wat ons gedrag van oomblik tot oomblik normeer en reguleer,

kan nie eenvoudig maar bestaan uit 'n reeks van hierdie algemene beginsels of riglyne nie. 'n Ordelike gang van sake eis meer konkrete gedragsreëls en selfs voor=beelde van belewing. Hierdie konkrete orde kom tot stand deur die positivering van beginsels deur gesags=draers. So ontstaan konkrete leefreëls. R. van Dyk onderskei: goddelike ordinansies...normbeginsels... positiewe norme.[12]

Taljaard[13] beklemtoon die verband tussen norme, begin=sels en die wet as hy sê: "it is my contention that norms and principles are inherently attached to laws." Maar hierdie wette moet gepositiveer word in die mens=like kultuur. "The onticity of laws is given in their validity. Norms and principles are also valid, but their validity is dependent upon human development in culture. As it is, norms and principles have something to do with man's activities which should be in obedience to the laws concerned". Dit is dus van die grootste belang dat gesagsdraers, op wie se skouers dit rus om wette te positiveer vir die lewensverbande, grondige kennis van die ontiese Wet van God moet besit en meer en meer moet bekom. Dit is regeerders en wetgewers se wysheid en verstand om regverdige wette, "insettinge en verordeninge" te positiveer (vgl. Deutr. 4:6 - 8).

## 2.4 Betekenis van die sentrale religieuse wet

Ten slotte moet die sentrale betekenis van die religieuse liefdeswet vir die positivering van die wet vir die verband beklemtoon word. De Graaff sê in hierdie ver=band: "These ordinances can never be separated from

the Lawgiver, for they are the expression of His will, and they can only be fulfilled in the light of the great commandment to love God above all and our neighbor as ourselves".[14] Op die sentrale betekenis van die groot gebod van die liefde sal verder telkens gewys word.

## 2.5 Belangrikheid en futuliteit van menslike instellings

Du Plessis wys op die feit dat ons in die konkretisering van besondere state te doen het met menslike instellings. Hy wys gevolglik op sowel die belangrikheid as op die futiliteit van hierdie menslike instellings: "die belangrikheid omdat God (dinamies) via instellings sy heilsgeskiedenis voltrek; futiliteit wanneer 'n mens heil van die instellings an sich verwag en die dadige Woord van God in die gang van die wêreldgeskiedenis miskyk."[15]

Hy wys daarop dat Christus nie op geheel a-legale wyse vermoor is nie, maar deur hulle regverdige instellings te misbruik, deur (soos hulle gedink het) wetsgehoor=saam te wees.

Dit beklemtoon die absolute noodsaaklikheid dat menslike instellings en hulle gepositiveerde wette hier met name die staat en staatswette gebonde moet wees en bly aan die sentrale liefdesgebod. Indien dit nie gebeur nie verloor so-iets soos die owerheidsgesag sy normatiewe karakter, word dit inderdaad 'n rowersbende en word die staat 'n rowerspelonk.

## 2.6 Samevatting

Met die omskrywing van die staat as skeppingsrealiteit

is heengewys na die absolute soewereiniteit van God as Skepper en Wetgewer wat ook vir die staat Sy onveranderlike wet gestel het. Met die omskrywing van state as menslik geaktualiseerde realiteite is gewys op die opdrag en verantwoordelikheid van die mens om te antwoord op die Woord van God. Wat ons dus in die geskiedenis teëkom is menslike instellings en organisasies wat in meerdere of mindere mate die letsels sal vertoon van die sondeverskeurdheid, maar ook van die genade van God in Christus. Ook in hierdie geaktualiseerde state sien ons iets van God se ewige krag en goddelikheid en sien ons in die lig van die Woord ook iets van God se wil vir die staatwees van die staat.

## 3 DIE EIESOORTIGHEID VAN DIE STAAT

Die vraag is egter nou: Waarin die eiesoortigheid van die staatsverband geleë is. Kan ons werklik kom tot kennis van die wet vir die staatsverband of het God vir ons in Sy Woord genoegsame lig gegee om beginselriglyne vir die positivering en konkretisering van die staatsverband daaruit af te lees. Hier kom ons wetsontologie aan die orde, maar voordat daarop ingegaan word, moet eers heel kursories gelet word op die natuurregsleer wat reeds in die verbygaan afgewys is. Die uiteensetting tot dusver onder 2 hierbo beteken 'n algehele breuk met die tradisionele natuurregsleer wat so eie was aan beide die pagane en sintesedenke deur die eeue.

### 3.1 Kursoriese oorsig oor die natuurregsleer

Du Plessis[16] wys daarop dat die kerkvader Augustinus


by Cicero aangesluit het wat sy geregtigheidsleer betref, maar dat hy die begrippe wat van heidense oorsprong was met 'n Christelike inhoud gevul het. Hy vat die natuur=regsleer by Cicero soos volg saam:

"Vir Cicero is die lex aeterna die mees omvattende wet wat vir alle wesens in die werklikheid (dit wil sê redelike sowel as redelose wesens) geld, asook vir die werklikheidsorde as geheel. Die lex aeterna is egter ook logos spermatikos - (of rationis seminalis-) gewys diffusa in omnes (vgl. De re publica 3 22 33) en wanneer dit aldus in die menslike gees ingeprent, bevestig en ontwikkel is, staan dit bekend as lex naturalis (De legibus 1.5.18). Die lex naturalis is eers 'n (in die praktyk) gekonkretiseerde geregtigheids=norm wanneer dit in 'n ius naturalis-gestalte met die praktiese wysheid (of redelikheid) van die mens verenig en as 'n regsnorm gepositiveer is".

Hierdie pagane natuurregsleer is deur Augustinus gekersten en het via hom deurgewerk na Thomas van Aquino en verder. Die steeds universele ewiggeldende lex aeterna word deur Augustinus na sy oorsprong teruggevoer nl. die ratio divina vel voluntas Dei. Hy noem dit die lex universitas (devina sapientia - goddelike wysheid). Die lex aeterna word as lex naturalis in die animus van alle redelike wesens (alle mense) ingeprent sodat die menslike lewe 'n spieëlbeeld sal wees van die goddelike administratio van die wêreld. Du Plessis stem met Hommes saam dat Augustinus die Platoniese indeëleer met die stoïsyns-Ciceriaanse logos spermatikos-

tema amalgameer: "die oorspronklike ideë van God is die steunpunte vanwaar die verskillende rationes seminales (in die konteks van die natuurreg as ('n) lex naturalis) in die indiwiduele rede van die mens hulle neerslag kan vind."[17]

Die natuurregsleer by Augustinus (asook by Thomas van Aquino lyk skematies voorgestel min of meer soos volg:




Volgens hierdie skema blyk dit dat gepositiveerde wette aan die lex aeterna getoets moet word en indien dit daarmee ooreenstem dan het ons regverdige wette. Maar die lex aeterna is as logos spermatikos in die rede van die mens ingegiet en dit is die enigste "plek"

waar dit getoets kan word d.w.s. aan die lex naturalis. Dit kom dus per slot van sake neer op die toetsing van gepositiveerde wette aan 'n rede-idee wat die mens van die lex aeterna mag hê. Al sou die rede van die mens ook nie deur die sonde aangetas wees nie (wat nie die geval is nie, want die mens is radikaal en totaal deur die sonde aangetas) dan nog sou die mens wat self wet= subjek is tot outonome wetgewer verklaar moet word in die sin dat hy draer is van die lex aeterna (in die vorm van lex naturalis). So word in elk geval in 'n relativisme verval en verloor die lex naturalis sy wetskarakter. (Die vraag is dus of die Romeins-Hollandse reg die toets van 'n Skrifgefundeerde wetsleer kan deurstaan?)

3.2 <u>Poging tot toepassing van Skrifgefundeerde Wetsleer om eiesoortigheid van die staat te bepaal</u>

Hierdie skema van die natuurregsleer het veral betekenis vir die regsfilosofie, maar ook vir ons ondersoek na die eiesoortigheid (die wet) vir die staat. Die bestaan van so 'n lex aeterna of Oer-ordening (by Emil Brunner) wat as logos spermatikos in die rede van die verdorwe mens ingegiet is, kan op Bybelse gronde nie aanvaar word nie. Hierdie natuurregsleer word dus beslis afgewys. Die aangewese weg is om terug te keer na 'n wetsontologie wat in die lig van die Skrif gevind is (I 3.1.2.2). Opsommenderwys het ons slegs die volgende wetsorde vir God se aardse skepping gevind en hiermee moet verder gewerk word:

3.2.1 Die sentrale religieuse liefdeswet van God wat heel in besonder op die hart van die mens gerig is. Dit is nie 'n Lex aeterna wat êrens in die lug hang nie. Dit is God se Verbondswet wat deur Christus saamgevat is in die gebod van liefde.

3.2.2 God se soewereiniteit is oor Sy ganse skepping, ook oor die lewensverbande, geproklameer en elke verband is onderworpe aan sy eie wet (institusionele wette), ook kortweg genoem die DINGWETTE.

3.2.3 Verder het ons gekry: OBJEKWETTE waardeur onderskei word tussen 'n ding en sy kwaliteite.

3.2.4 STRUKTUURWETTE d.w.s. wette vir strukture.

3.2.5 Eindelik: POSITIEWE of GEPOSITIVEERDE WETTE d.i. wette (reëls en regulasies) wat deur ampsdraers (gesagsdraers) vir hulle eie besondere verbande gepositiveer is.

3.3 Die eenheid van die Goddelike Wet as uitdrukking van God se wil

Die indruk mag nou deur hierdie onderskeiding gewek word dat ons met 'n veelheid van afsonderlike wette (sonder enige samehang) te doen het. Dit is egter nie so nie. Ons het te doen met die Goddelike wet(sorde) wat die soewereine God in Sy Woord en in Sy werke geopenbaar het. Sy wilsopenbaring in Sy geskrewe wetswoord mag ook nooit losgemaak word of verselfstandig word teenoor Sy Wilsopenbaring in Sy werk nie (of vica versa).

Die betekenis hiervan is o.a. deur Troost[18] nader belig. Hy beklemtoon die radikale en integrale eenheid van God se wet as openbaring van Sy wil en toon aan dat die aan= vaarding hiervan ons daarvan behoed om 'n funiamentele dualisme tussen 'n natuurlike en bo-natuurlike orde te aanvaar. Die Skrif self laat dit nie toe dat die sen= trale religieuse wet uit die geheel van God se wilsopen= baring uitgelig en verselfstandig word nie. Die Woord= openbaring het egter steeds die leidende en rigtende funksie in al ons kenne en handele: "Die innerlijke samenhang en eenheid van Gods wetsorde, waarbinnen de Heilige Schrift als wet des geloofs, haar primaire en leidende plaats heeft, ligt uitgedrukt in de dubbele gebod van de liefde tot God en liefde tot de naaste. Daaraan 'hangt' de ganse wet. Dat is de wet der religie, dat wil zeggen de wet der vrijheid in de totalitaire gemeenschap met God in Christus..."[19]

3.4 Wet, hart en samelewingsverband

Nou wys Vollenhoven vir ons weer op die relasie van mens (hart) en samelewingsverbande en sê: "Ook die samelewingsverbande het iets met die hart te doen. Want alhoewel hulle self 'n funksionele karakter dra, sodat hulle met behoud van hulle struktuur nogal van gedaante kan verwissel, is hulle realisering egter die al of nie gehoorsame uitvoering van 'n taak wat deur God aan die menslike geslag van alle eeue opgelê en toevertrou is, sodat ook by die uitvoering daarvan die rigting van die hart beslissend is."[20]

Die bevoegdheid van en koers wat 'n verband inslaan word

dus vanuit die wet van God, wat op die hart gerig is, bepaal. Wat hier goed of kwaad is, word gemeet aan die gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan die religieuse liefdeswet en in besonder aan die tweede tafel van die wet wat veral die mens se verhouding tot sy naaste raak: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Vollenhoven ontleed hierdie gebod onder drie hoofde soos volg:

3.4.1 Die naaste is net soos die aangesprokene in hierdie gebod, die volledige medemens vir soverre ons in die deur God bestuurde gang van ons lewe in sy naaste omgewing geraak.

3.4.2 soos (Grieks hoos) dui hier geen maat aan nie sodat dit sou wys in die rigting van die korrekte middeweg tussen egoïsme en altruïsme nie, want die Skrif sien die matematiese nie as wet vir die res nie. Hierdie term beteken om op dieselfde manier lief te hê. Soos verg dus 'n kriterium wat sowel buite die een as buite die ander (mens) lê. Dit wil dan eintlik sê: jy moet jouself en jou naaste liefhê as beeld van God, dit wil sê vir soverre jy en hy as kinders lyk na die Vader in die hemel.

3.4.3 Met betrekking tot die liefde onderskei hy tweërlei: die antitetiese struktuur en die prefunksionele karakter daarvan. Antiteties wil sê dat die gebod ook religieuse haat eis in soverre ons (ek en my naaste) die teenoorgestelde trekke van Gods beeld vertoon. Dus om die sonde in myself en my medemens

te haat. Prefunksioneel omdat dit vanuit die hart juis die funksionele beheers en dan nie net een funksie nie, allermins net die etiese. Die Skrif noem die tweede tafel van die Wet (of die Tien Gebooie) nêrens die "sedewet" nie.

Vir ons doel is die samevattende gevolgtrekking van Vollenhoven in bogenoemde verband ook van besondere belang nl. dat die taak van die lewensverbande uitge= voer moet word volgens die tweede tafel van die Tien Gebooie. Dit is die eis van die wet. Maar die tweede tafel van die wet word weer beheers deur die gebod van die liefde tot God. Daarom is die verhouding tot die naaste ook afhanklik van die religie.[21]

### 3.5 Onderskei mens en verband

Hoewel die eiesoortigheid van die staat (of enige ander verband) nie gesoek of gevind moet word in die sentrale religieuse wet van God nie, is dit tog as agtergrond van groot belang en word wat reeds oor die religie in I 3.1.4 gesê is hier as algemene kennis veronderstel. Daar moet naamlik duidelik onderskei word tussen mens en verband asook besef word dat geen verband die mens wat betref sy pre-funksionele (d.w.s. sy hart) totalitêr mag omvat of beheers nie. Tog het elke verband aller= eers te doen met mense as religieuse wesens, mense as BONDELINGE, met harte wat in direkte relasie tot God Drie-enig staan. Mense wat dan ook op grond hiervan persoonlik verantwoordelik is en persoonlik sal gaan rekenskap gee van hulle lewe ook binne die verbande. Die mens verloor nooit sy bondelingskap binne die verbande

nie. Hierby maak die bepaalde rigting (geloof of onge=loof) van die hart nie, wat hierdie saak betref, die groot verskil nie. Waarop die klem hier gelê word, is dat die verbande (ook die staat) met mense as reli=gieuse wesens te doen het of hulle nou gelowig of onge=lowig is, is onder hierdie afdeling nie die saak waaroor dit gaan nie. Dit sal aandag ontvang in die laaste hoofstuk waar oor die roeping van die staat gehandel word.

Die tweede wat vir die staat van belang is, is dat die mens ook 'n verbandswese is. Onder I 3.1.4.3 is daarop gewys dat die mens met behoud van sy subjektiewe identiteit aangelê is op en opgeneem word in die lewensverbande. Die mens as bondeling en as verbands=wese word in 'n bepaalde intieme en unieke verband saam gebind met ander mense wat ook bondelinge en verbandswesens is. En die eiesoortigheid van elke lewensverband moet allereers gesoek word in die unieke, eienaardigheid van hierdie onderlinge binding. Hierdie binding is van so 'n besondere, unieke eienaardigheid dat telkens 'n nuwe eiesoortige verband evolveer of uit die vroeëre ontplooi. Die aandag is ook reeds hierop gevestig onder I 3.2.2.2. Ons gaan nou probeer vasstel wat dit inhou vir die staatsverband.

### 3.6 Die eiesoortige binding in die staatsverband

Ons gaan van die Skrifwaarheid uit dat God oorspronklik 'n gestruktureerde skepping daargestel het waarin die verskeidenheid en rykdom van samelewingsvorme en same=lewingsverbande ingesluit was. Die proses van differen=

siasie en divergering wat plaasgevind het, is nie 'n gevolg of vrug v an die sonde nie. Die sondeverskeurd=heid is eerder 'n belemmerende en verwoestende mag wat die ontplooiing van die skeppingsverskeidenheid, rykdom en veelkleurigheid teëgewerk het. Dit kan dus aanvaar word dat die huwelik, gesin, kerk, staat, skool, bedryf, vrye verenigings en kultuurorganisasies en nog veel meer in God se oorspronklike skeppingsplan, skepperswil en skeppersdaad ingesluit was en dat Hy as die Soewereine, vir elkeen 'n eie wet gestel het, waaraan elkeen ook gehoorsaam sou gewees het. Die sondeval het wel die geskape subjekte getref en losgeskeur van God, die soewereine, en van sy wet, maar God se wet het ongeskonde gebly. Dit is deur die sonde nie vernietig of selfs aangetas nie. Ongehoorsaamheid vernietig immers nie die wet nie, maar wel die oortreder. Die vraag is dus: wat is God se volmaakte wet (of wil) vir die staat om te beantwoord aan God se doel met en roeping vir hierdie besondere verband? Dit is hierdie besondere wet wat die <u>eiesoortigheid</u> van die staat bepaal en hierdie eiesoortigheid word allereers ondersoek uit die gesigs=punt van die besonder unieke <u>BINDING</u> tussen die lede van die verband. Hierdie binding bepaal en waarborg weer die <u>eenheid</u> (solidariteit) van die verband.

### 3.6.1 <u>Die eiesoortige binding by die huwelik en kerk as voorbeelde</u>

Miskien sal dit goed wees as ons eers kortliks stil=staan by die eiesoortige binding in die huwelik sowel as die kerk ter illustrasie van wat bedoel word met hierdie unieke eiesoortige binding ook in die staat.

Die Heilige Skrif leer dat God die mens na Sy beeld en gelykenis geskape het - dus in besondere verbonds=relasie tot Homself. (Vader-kind; kind-Vader). Die mens is aangestel om die aarde te bewaak, te bewerk, die diere (ens.) te benoem en so te kom tot beheersing en om te heers oor die aardse skepping. Dit is sy amp, status en omvattende skeppings- of kultuuropdrag. Ook moes hy vrugbaar wees, vermeerder en die aarde vul wat God se opdrag tot verbandsvorming (positive=ring en konkretisering) inhou. Terwyl die mens reeds besig was met sy roepingsvervulling het hy vir homself geen hulp gevind wat by hom pas nie. Toe het God uit die man vir hom 'n vrou geskep as 'n hulp wat by hom pas. So is uit een bloed (een mens) alle mense en alle nasies gemaak om oor die hele aarde te woon. (Hand. 17:16 - 28). Hierdie eenbloedigheid (basiese eenheid van die menslike geslag) is iets anders as die samelewingsverbande, maar m.i. is dit die funda=mentele skeppingsgegewene wat saam met die bondeling=skap van die mens die samelewing (of samebinding) in die lewensverbande moontlik maak. (Mens en dier wat nie albei beelddraers van God en uit "een bloed" is nie kan bv. nooit in 'n intieme en hegte lewens=eenheid verenig word nie omdat hulle radikaal van mekaar verskil.)

Dit is belangrik dat ons met Taljaard tussen hierdie twee realiteite nl. mens en verband moet onderskei. "In this way I think it is clear that there is an ontic difference between mankind with its one-blooded=ness as concrete created reality on the one hand and

the forms of communal life as concrete created realities on the other hand. The latter is seen as ways of existence in which people are absorbed together by ontic bonds enabling them to live together in an intimate union 'to live a specific life of "cohabita= tion", and here in using the word "cohabitation", I am considerably enlarging its connotation and, at the same time, stripping it of its specific meaning of the state of affairs where male and female live together as if in marriage".[22]

Hierdie twee mense, man en vrou, saamgebind in die huwelik het "een vlees" geword, "sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees" (Vgl. Gen. 2:23 - 24; Matt. 19:4 - 6). God het hulle saamgevoeg en hulle het ook mekaar in die huwelik geneem en is so saamge= voeg dat daar 'n unieke, eienaardige en eiesoortige binding tussen hulle tot stand gekom het wat die huwelik as iets geheel en al nuuts tot stand laat kom het. Tog het hierdie twee mense hulle eie sub= jektiewe identiteit behou. Hulle het ook elkeen sy eie persoonlike verantwoordelikheid en aanspreeklik= heid behou soos blyk uit Gods handeling met hulle na die sondeval.

Nou is die vraag: Wat is hierdie unieke binding tussen man en vrou wat die huwelik genoem word. Daar is geen ander lewensverband wat hierdie "eenvleesig= heid" van man en vrou in die huwelik deel nie. Hierdie intieme, onverbreeklike lewenseenheid en lewensgemeen= skap is die unieke eiesoortigheid van die huwelik soos

die soewereine Skepper dit "van die begin af" bedoel het. Ons sal dadelik merk dat hierdie unieke eenheid enersyds gerig word deur die binding aan God (hier figureer die sentrale liefdesgebod) maar dat dit sy unieke eie-aard kry uit man en vrou se indiwidualiteit (toerusting) en binding aan mekaar. Man en man, vrou en vrou kan bv. nooit in die huwelik verenig word nie. Verder kry hierdie besondere binding sy eintlike beslag deur die besondere Wetswoord van God vir die huwelik d.w.s. Sy soewereine Skepperswil. Ons merk dit uit Christus se woord oor die egskeiding in Matthéüs 19:18 dat dit "van die begin af nie so was" dat daar so iets soos egskeiding moes wees nie. Dit is die gevolg van die sonde - "weens die hard=heid van julle harte" (vs. 8) dat hierdie anti-norma=tiewe "ontwikkeling" (de-formasie en verwording) plaasgevind het. Die verlossing in Christus bring egter ook herskeppende en vernuwende krag vir die huwelik (= vrymaking van sonde tot diens) sodat Paulus bv. in Efesiërs 5:22 - 33 sekere voorskrifte vir 'n "normatiewe" huwelik gee d.w.s. 'n huwelik volgens God se wil. Dan merk ons dat die intieme een=heid tussen Christus as Hoof (en Bruidegom) en die gemeente as Sy liggaam (en bruid) as voorbeeld of model gebruik word om aan te dui hoedanig die ver=houding tussen man en vrou in die huwelik moet wees: "soos Christus"; "soos die gemeente". Saamgevat kan ons die ontiese wet vir die huwelik benader deur dit aan te dui met 'n woord wat sy oorsprong in die Skrif self vind nl. "EENVLESIGHEID". Hierby kom nog

die besondere en unieke gesag-ontsag relasie wat onaf= skeidbaar verbonde is met die eiesoortige binding in die huwelik.

Taljaard wys in bogenoemde verband ook op die kerk as samelewingsverband wat op so 'n unieke wyse saamge= bind is dat die Heilige Skrif spreek van "een brood", "een liggaam" (I Kor. 10:14 - 21). Hy sê: "In this indication given by Scripture the many and the one is stressed; the many subjective identities as religious beings and the one unity as body, the church community! My church life should be seen as that of a piece of bread which radically differs from my subjective identity as a religious being". Albei (ek en die verband) behou ons eie euniekheid binne die verbands= lewe - "to use the image of a sago pudding, the ratio of which can easily be understood by everyone knowing a sago pudding. It is an intimate unity in which the sago grains are combined together without losing their subjective identities."[23] Die hoë= priesterlike gebed van Christus in Johannes 17 gee vir ons 'n aanduiding daarvan hoe intiem, heg en onverbreeklik hierdie "kerklike" of dan beter: hierdie "kúltiese eenheid" van die kerk as liggaam van Christus op aarde is: "dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U, dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat u my gestuur het" (vs. 21). Aangaande die begin van hierdie kultiese gemeenskap lees ons reeds in Genesis 4:26: "Toe het hulle die Naam van die Here begin aanroep". Dit was

die begin van 'n gesamentlike, amptelike aanbidding waar die eenheid van die kultiese gemeenskap tot openbaring gekom het. Uiteraard kan hierdie eenheid in die kerk alleen tot openbaring kom op grond van 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis ter wille van die ordelike en suiwere bediening van Woord, Sakramente en tug. In hierdie gemeenskap van gelowiges kry die liefde wat die sentrale religieuse liefdesgebod eis die besondere duiding en karkater van "broederliefde" (Hebr. 13:1; II Petr. 1:7). Dit verskil van die liefde tussen egliede, gesinslede en burgers van die staat omdat die liefde binne elke eiesoortige lewensverband deur die eiesoortigheid van die verband gestempel word.

3.6.2 Die eiesoortige binding by die staat

Hierdie twee voorbeelde is met opset breed aangehaal om 'n aanduiding te kry waarna, ook wat die staat betref, gesoek moet word. Dit is egter moeiliker om uit die Skrif self sulke voorbeelde te haal van die unieke en eiesoortige binding wat die staat betref. Tog gee bogenoemde reeds 'n heldere visie op die intieme samebinding wat tot stand kom tussen baie mense as subjektiewe identiteite en as religieuse persoon=likhede om 'n nuwe realiteit tot stand te bring.

Uit die aard van die saak het daar voortskrydende divergering plaasgevind namate mense op die aarde vermeerder het en meer en meer moes saamwoon en saam=werk. Boonop het daar as gevolg van die sonde van vroeg in die geskiedenis af antinormatiewe konkreti=

seringe van lewensverbande plaasgevind soos bv. die poligame huwelik, die stad van Kain, die toring van Babel en 'n aantal sg. wêreldryke. Tog is daar in hierdie antinormatiewe konkretiseringe, in die lig van die Skrif iets op te merk van God se wil of wet vir die verbande.

Van die stad van Kain waarvan ons lees in Genesis 4 sê Taljaard:

"However we also read about Cain building a city, perhaps the first actualization of the state because the city was built to protect Cain's life as well as the lives of those living with him, at least those of his family".[24] "Stad" of "burg" dui op 'n sekere tipe gemeenskap met die besondere doel om die lewes wat daardeur op unieke wyse verenig is te beskerm, vandaar die woord "burger" om diegene wat betrokke is by hierdie besondere gemeenskap aan te dui. Burger is egter nie identies met "religieuse wese", met die mens as konkrete geskape realiteit nie. "Burger" is nie die realiteit in dit wat tot stand gekom het nie,maar die nuwe realiteit wat tot stand gekom het, is die stad of (stad-) staat. Die stad beskerm die lewes van die burgers. Burgerskap is daarom iets wat deur die stad of staat bepaal word. Die staat het sy eie unieke gesagsvorm wat bepaal word deur sy unieke ontiese wet en dit is die taak van die owerheid om te besluit aan wie burgerskap toegeken moet word en aan watter kwalifikasies voldoen moet word voordat burgerskap verkry kan word. Dit is die prerogatief

van elke lewensverband of lewensvorm om sy eie lede te kies op grond van sekere vereistes en kwalifikasies. In hierdie verband sê Taljaard verder: "It is evident, I think, that in radical biblical thinking there is no place for a dogma such as that of the natural rights of man as far as membership to any form of communal life is concerned, not even for the dogma of one man one vote. Foreigners are welcome in the state or church but then they have to abide by the rules and regulations, the positivized laws of the community concerned. They have no say in the internal life of that community whose hospitality they are enjoying."[25]

Met alles wat tot dusver oor die staatsverband gesê is, is m.i. nog nie 'n antwoord op ons vraag of pro= bleem gevind nie. Ons het wel 'n visie gekry op iets soos burgerskap wat lewe en veiligheid waarborg d.w.s. teen dreigende gevare. Die stad van Kain is uit sy bedreiging en vrees gebore. Dit was weer a.g.v. sy broedermoord. God het Sy hand oor Kain gehou deur hom enersyds met sy belofte te borg, maar andersyds hom te lei tot die aktualisering van 'n stad met die organisering van die swaardmag. Hierdie "burg" (stad; staat) het 'n bepaalde territorium of grond= gebied afgegrens of ommuur en daarbinne het die sterk arm van die swaardmag (wat by Lameg spoedig ontaard het in magswellus en geweld) veiligheid en lewensruimte enigsins gewaarborg. Hierdie sterk arm van die swaardmag is egter niks anders as die ver= gestalting van die gesagstruktuur van die staat nie

en dit dui op veel meer as net die gedagte van vergel=ding. Sou 'n mens dit slegs as vergelding sien kan 'n mens insien dat die swaardmag by Barth, Brunner e.a. slegs gesien kan word as 'n noodwendige gevolg van die sonde. Dit behoort hiervolgens streng gesproke dus nie tot die "skeppingsordeninge" van God nie, maar het bygekom om die sonde en die Bose se ontwil. Hieruit vloei (gedeeltelik altans) die gedagte voort dat die sinkern van die juridiese <u>VERGELDING</u> is en hoewel vergelding nie eensydig as straf-vergelding gesien moet word nie, is dit tog die konnotasie van die woord vergelding. So mag die indruk gewek word dat die owerheid die gesagstruktuur van die staat slegs daar is as gevolg van die sonde en om die kwaad te beteuel, maar die gesagstruktuur van die staat is nie slegs om die Bose ontwil nie!

Daar moet dan besef word dat Christus seker ook in hierdie verband net soos i.v.m. egbreuk en egskeiding sou gesê het: "maar van die begin af was dit nie so nie". Die feit dat Kain 'n stad gaan stig het, moontlik uit vrees (vanweë sy sonde, vrees, swerwer=skap en vlugtelingskap) wil nog nie sê dat staatstig=ting en staatsburgerskap as sodanig anti-normatief is nie. Dit mag selfs (en heel moontlik is dit) God se hand wees wat Kain en syne op hierdie wyse gemerk, beskerm en beveilig het. Dit was ook nie net medemense wat Kain en sy mense bedreig het nie, maar ook die sonde en die Bose (want "die sonde lê en loer voor jou deur en sy begeerte is na jou, maar jy moet daaroor

heers" Gen. 4:7). Die owerheidsgesag en mag is immers ook daar tot beteueling van die sonde en die kwaad en 'n aanskerping en prikkel om goed te doen (die geregtig=heid te doen). Dit word egter dikwels oor die hoof gesien dat die staat 'n positiewe roeping en taak het en die mag in die eerste en vernaamste plek daar is nie slegs om die wat kwaad doen te straf nie maar om die wat goed doen te prys. Daarom Romeine 13:3 "Maar wil jy nie die mag vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang."

Ons kan dus aanvaar dat burgerskap, owerheidsgesag en owerheidsmag moontlik daar sou gewees het al was daar nie so iets soos die sonde nie (hoewel moeilik voor=stelbaar). Wat wel as gevolg van die sonde bygekom het is dinge soos haat, onreg, moord, doodslag (die werke van die vlees) d.w.s. oortreding. Wetsoortre=ding roep egter om straf en vergelding enersyds, maar ook om genade en redding andersyds. In hierdie be=hoeftes het God o.a. d.m.v. die staat voorsien, "sodat hulle die Here kon soek". Waar Paulus die Atheners toe=spreek, val daar vir ons nuwe lig op hierdie saak. Hy sê

> "Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon terwyl

Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag." (Hand. 17:24-28)

Hiermee moet Maleagi 2:10 saamgelees word:

> "Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie?" So ook Deutr. 32:8:
>
> "Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel."

En wanneer God se stad, die nuwe Jerusalem aan die einde van hierdie bedeling-in-die-tyd van God uit die hemel neerdaal, sal die nasies (van die wat gered word) in die lig daarvan wandel en "die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin." (Openbaring 21:24)

Die apostel Paulus gaan in die aangehaalde gedeelte uit van die Skrifwaarheid dat God Skepper en soewereine Wetgewer is wat Hom bemoei met die verloop van die wêreldgeskiedenis. Hy het al die nasies uit een bloed gemaak en vooraf bepaalde tye en die (spesifieke) grense van hulle woonplek vasgestel en wel tot hulle heil en vrede: sodat hulle die Here kon soek. Die Allerhoogste het aan die nasies 'n erfdeel gegee toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het. (Vgl.

Gen. 10:10, Gen. 10:31-32). Nasies en Konings bring eenmaal hulle eer en heerlikheid die nuwe Jerusalem binne.

God is dus self die skepper en onderhouer van burgerskap, maar ook van NASIESKAP. Hy bepaal die tye en grense van hulle bestaan. Enersyds bind Hy saam en andersyds skei Hy. Ons kan ook sê eiesoortiges bind hy intiem saam en anderssoortiges skei Hy van mekaar af: sodat hulle die Here kon soek"...Yster en klei meng immers nie! (Daniël 2:33 en 41-43). Kosmopolitisme of wêreld=burgerskap skyn dus in stryd met voorafgaande te wees. Dit blyk ook uit die geskiedenis telkens anti-normatief, en dus ook God nie welbehaaglik te wees nie. Die laaste en finale poging van die mens-in-opstand teen God, sal die anti-christelike wêreldryk wees. Die anti-chris en sy ryk sal deur Christus by Sy wederkoms tot niet gemaak word (vgl. II Thes. 2 en Openb. 13).

3.6.3 Tweërlei binding by die staat

Op grond van die voorafgaande moet ons dus by die staat onderskei tussen 'n tweërlei binding:

3.6.3.1 'n Formele, uiterlike binding deur bv. 'n gemeenskap=like vaderland of erfdeel, (dus territorium) met bepaalde geografiese grense. Hier vind 'n mens ook uitwendige eenheidsimbole soos 'n grondwet of konstitusie, 'n vlag, 'n volkslied, volksfeeste en dergelike seremonies. Dit alles het egter diepe sin en simboliese betekenis en wys heen na die eintlike binding wat die eiesoortigheid van die staatsverband uitmaak.

3.6.3.2 'n Materiële, innerlike binding deur burgerskap en nasieskap. Dit kom tot stand op grond van eenheid in oorsprong en eenheid in geestesgoedere (taal, kultuur ens.) Met kultuur word bedoel: die geheel van 'n volk of nasie se eiendomlike. Namate meer volkere een staat vorm, sal die formele binding oorheers. Waar slegs een volk 'n staat vorm, sal die materiële, innerlike binding oorheers en sal die staat meer aan sy "staatwees" beantwoord nl. om nasionale staat te wees. Nasiebewustheid, liefde vir die eie nasie en vaderlandsliefde (dus die nasionale) is die eiesoortige samebindende vereiste by die staatsverband. Dit snoer owerheid en onderdane en burgers onderling saam tot 'n hegte eenheid. Daarteenoor, indien daar geen liefde vir die eie volk, eie nasie, eie vaderland, eie bodem en eie kultuurgoedere is nie, kan 'n staat skaars bestaan en moet dit vroeër of later disintegreer. Die besondere "liefde" waarvan hier sprake is, is allermins eties gekwalifiseer. Dit is 'n liefde wat in die eerste en vernaamste plek op die staatverband as sodanig (as nuwe subjektiewe realiteit) gerig is en dit beoog die voortbestaan (behoud) en welsyn van die staat.

Hierdie innerlike binding is m.i. eerder die behoud en karakterisering van die staatsverband as bv. die juridiese (wet- en reghandhawing met die sterk arm van die swaardmag) soos in regsfilosofiese kringe aanvaar word. Die nasionale is in bogenoemde sin ook vir die intra- en internstaatlike verhoudinge

en optrede normatief. Hieronder tel ook die reg=handhawing. 'n Mens kan nie 'n funksie van die ower=heid neem en dit die samebindende faktor in die staatslewe maak nie. Dink maar aan so iets soos ordereëling, regspraak, reghandhawing, ampsvervulling, harmonieuse balansering van 'n menigvuldigheid van (regs) -belange e.d.m. In al hierdie dinge het ons belangrike, selfs onmisbare funksies van die staat. Dit alles geskied in belang van die res publica of om Shaloom (vrede), welvaart of die welsyn van die staat te verseker of te bevorder. Funksies, taakuitvoering en funksionering oor die algemeen kan egter nie die staatsliggaam onderling saamsnoer tot 'n eenheid, 'n "body politic" nie. Ewe-min kan die beoogde doeleindes, waarop die goeie funksionering gerig is, welsyn, welvaart, openbare belang ens. die onderlinge binding wees. Dit wat egter onderliggend is en voorafgaan aan funksionering en doelverwesenliking en wat dit normeer en wat die eenheid, voortbestaan en welsyn van die staat as "body politic" of "res publica" "waarborg" - dit kan enigsins diens doen as DINGWET vir die staat. Dit vind ek in wat in die alledaagse spraakgebruik as die NASIONALE BINDING bekend staan. (Nasionalisme is vanweë die -isme 'n swaar belaste term, maar met die betekenis daarvan soos deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 6de uitgawe, deur Kritzinger, Labuschagne en de V. Pienaar, aangegee kan 'n mens akkoord gaan. Dit is: "liefde vir die eie nasie, vaderlandsliefde, gevoel van nasiebewustheid." Die

-isme laat 'n geur van verabsolutering van die eie nasie, eie vaderland, eie kultuur na, en om die rede word die term hier vermy. Dit is in elk geval nie die bedoeling nie. In die term self lê dit ook nie opgesluit nie. Nogtans laat ons die term daar en praat alleen van die Nasionale.)

Joseph Frankel sê in hierdie verband myns insiens tereg: "no alternative to one's own national interest is conceivable as a general guide to state activities. If a statesman were to give his allegiance to the national interest of another country this would be treason, and treason is extremely rare at the very top level of authority. If his first loyalty were to an international organization rather to his own state he would be unlikely to rise to a position in which foreign policy decision are made...the state=man's first duty is clearly to his state".[26]

3.6.4 Die Nasionale as binding

Om effens uit te brei op bogenoemde gedagtegang word nog op die volgende gewys:

3.6.4.1 By ander lewensverbande kry ons ook te doen met 'n formele en materiële binding in die sin soos hierbo uiteengesit. Die formele, wetlike band in die huwelik, so voel ons aan, is nie die eiesoortige van die huwelik nie. Dit kom tot stand op grond van die eiesoortige nl. huweliksliefde en huweliks=trou. Die formele of wetlike dien as die openbare sanksionering van die besondere saamwoon en saamleef

in die huwelik.

Lidmaatskap van die kerk op grond van gemeenskaplike belydenisskrifte (en geloofsbelydenis) is die formele band terwyl die geloofsvereniging in die een Midde= laar Christus, die innerlike, materiële eenheid konstitueer. By die Kerk het ons ook die uitwendige, sigbare waartekens en seëls (Nagmaal en Doop) waar die "een brood", as 't ware sy gestalte vertoon in hierdie wêreld. In die staat geskied dit rondom die nasionale simbole en feeste. Dit spreek vanself dat daar geen sprake kan wees van <u>nasionale simbole</u> (vlag, volkslied ens.) as daar nie so-iets soos nasionale binding, nasionale bewustheid, nasionale eenheid is waarvan die simbole die sigbare tekens is nie.

3.6.4.2 Die innerlike binding, dus die eiesoortigheid van die staatsverband soos hierbo aangedui, is nie iets wat om die sonde en Bose ontwil daar is nie. Trouens as die sonde weggedink sou kon word, sou ons ons ook kon voorstel tot watter bloei en ryke ontplooiing juis die nasionale state sou kom. 'n Starre, een= vormige, universele, kosmopolitiese wêreldstaat waarin geen verskeidenheid is van taal, kultuur e.a. eiendomlike nie (op grond van die toerusting en talente wat deur die Skepper aan mense toebedeel is) kan 'n mens jouself kwalik voorstel. God se hande= linge met die volkere en nasies dui eerder op die teenoorgestelde. Van die begin af openbaar die anti-normatiewe aktualisering van die staat so 'n

poging om die Godgewilde ontplooiing en verskeiden=heid teen te staan. Dit is vandag weer netso duidelik soos ooit tevore dat die radikaal linkse denke daarop gemik is om eers die nasionale te ondermyn en af te breek voordat die totalitêre kosmopolitiese "staat" daargestel kan word. Onder kosmopolitisme word verstaan: die geestelike ingesteldheid en praktiese gerigtheid om die spesifiek nasionaal-onderskeidende en nasionaal-kenmerkende as ongewens en bekrompe te beskou, te verloën en te vervang met 'n a-nasionale en anti-nasionale strewe om jou by die aard van alle volke aan te pas, dus wêreldburgerskap.[27]

Hierdie strewe van die linkse rigting is, soos reeds opgemerk, sterk messiaans en toekomsgerig. Ook geen wonder nie, want Luther het reeds daarop gewys dat die duiwel die aap van God is. Die toekomstige heilryk van Christus moet volgens die Linkse Beweging op anti-christelike wyse in 'n anti-christelike wêreldryk in hierdie bedeling-in-die-tyd verwesenlik word. In hierdie anti-christelike wêreldryk word alleen 'n grys massa-mens, wat "wêreldburger" heet, aangetref. Hier het medemens=likheid die plek van Bybelse naasteliefde ingeneem en die humanistiese godsdiens word hier verkondig nl. dat alles uit en deur en tot die outonome mens is. Die wettelose, die mens van sonde, die ongeregtige sal in die tempel van God sit envoorgee dat hy self god is. Die valse profeet sal die regering van die anti-chris ondersteun deur sy "humanistiese evangelie" en die mense oproep om die dier en sy beeld te aan=

bid. (Openb. 13) Alle teëstand sal met geweld neer=gewerp word en dit sal tye van vervolging en verdruk=king vir die ware kerk van Christus op aarde inhou. Totdat Christus weer kom.

Dit, in kort, is wat hier op die spel is wanneer gepraat word van die vernietiging van die nasionale, die wegvee van nasionale grense en die ontrukking en ontworteling van die burgers van nasionale state aan hulle vestings en burge. Dit is die vernietiging en sloping van alle ware burgerskap, want buite die nasionale kan burgerskap nie bestaan nie.

3.6.4.3 Selfs die res publica kry uit die nasionale 'n nadere kwalifisering. Dit gaan naamlik nie maar net om die openbare of publieke belang of welsyn nie. Dit gaan nie om persoonlike belange (al sou dit ook regsbelange wees) nie. Dit gaan nie om 'n vae en algemene welvaart of welsyn nie. Dit gaan om die staat as nuwe subjektiewe identiteit wat die burg van die burgers is. Hierdie nuwe realiteit se lewe, voortbestaan en welsyn moet deur owerheid en onderdaan gesoek en bewaar word. Hierdeur word die burgers se burgerlike belange ten beste gedien, want as die burgers nie meer hulle burg het nie, het hulle ook geen burgerskap meer nie.

(Kyk ons in hierdie verband bv. na die huwelik dan moet dit vir die eggenote gaan om die behoud en ge=luk van hulle huwelik. Hulle moet nie elkeen sy eie persoonlike wense, begeertes, ens. voorop stel nie. Hulle vind hulle huwelikslewe en huweliksgeluk

as eggenote in die nuwe realiteit nl. die huwelik. As hulle huwelik innerlik ontbind en wetlik of formeel nietig verklaar word, is dit met hulle huwelikslewe en eggenootskap gedaan. Hulle moet dus saam bou aan hierdie nuwe realiteit nl. hulle huwelik. Die=selfde beginsel kan op ander lewensvorme en lewens=verbande toegepas word.)

3.6.4.4 Die staatsgesag, struktuur van die staat en die positiewe wette, reëls en regulasies word ook nader gekwalifiseer deur die nasionale. Dit moet as 't ware die stempel dra van die nasionale in bogenoemde sin. Die owerheid in die sin van die een sentrale ampsgesag wat regeer, word hierdeur aan die party=politiek onttrek en op die niveau van die nasionale geplaas. Die owerheidsamp wórd diensbaar aan die nasionale staat as sodanig en nie aan enige groep, seksie, party-organisasie of selfs besondere volke wat in die staatsliggaam verenig is nie, (d.w.s. waar meer as een volk in die besondere staat beslote is).

3.6.4.5 'n Laaste gedagte waarop hier gewys moet word, is dat die nasionale (net soos alle ander dingwette van verbande) sy besondere duiding en koers uit die sentrale religieuse liefdeswet van God ontvang. Die nasionale, met alles wat dit inhou, moet steeds onder leiding van die tweede tafel van die wet ("doen aan ander" en "gee aan ander") gepositiveer word.

In die nasionale, as liefde vir die eie nasie, eie vaderland e.d.m. het ons reeds 'n heenwysing na die eenheid van die Goddelike wetsorde. Die groot gebod van die liefde waaraan die hele wet en profete hang, beveel ook in beginsel hierdie eiesoortige liefde net soos dit die eiesoortige liefde in die huwelik, die gesin, die kerk, die skool, die bedryf, die vrye vereniging en kultuur-organisasies in beginsel beveel. Daar is dus 'n bepaalde in die skepping gefundeerde samehang tussen die sentrale religieuse wet en die dingwet vir die staatsverband wat die koers of rigting vir die positiewe wette van die staat aandui. Dit stel ons dus in staat om rekenskap van ons hele wets=leer vanuit die gesigspunt van die nasionale te gee.

Sodra die nasionale onder die beslag van die sentrale religieuse liefdeswet kom en daaraan onlosmaaklik gebind word, word die verabsolutering van die nasionale voorkom. Verselfstandigde nasionalisme is so 'n verabsolutering van die dingwet van die staat en as sodanig verwerplik. Die onlosmaaklike verbondenheid van die nasionale met die sentrale religieuse lief=deswet en die positivering daarvan onder leiding van laasgenoemde is aan die ander kant die weg waarlangs en die wyse waarop die (nasionale) staat 'n kanaal word waardeur God gedien kan word. Die lewe van die burgers binne die staat word so tot GODS-DIENS. In samehang hiermee word gepoog om die roeping en taakvervulling van die staat nader uit te werk.

### 3.7 Die eiesoortige gesag van die staat

Ons het reeds gemerk dat vele mense as subjektiewe identiteite in 'n samelewingsverband so tot mekaar georden en so verenig word dat 'n nuwe realiteit tot stand kom. Dit word op so 'n wyse gedoen dat die mense as subjektiewe identiteite hulle idiwidualiteit as reli= gieuse persoonlikhede nie prysgee nie. Toegepas op die staatsverband beteken dit dat burgers as religieuse wesens so intiem verenig word (of saamgebind word) dat die staatsverband sy beslag kry as burg vir die burgers. Ons het probeer vasstel waarin die eiesoortigheid van die staatsverband geleë is en gesê dat dit in die ontiese dingwet, waaraan die staat onderworpe is, geleë is. Onderskeiding en kennis van die unieke en eiesoortige binding wat burgers 'n staat maak, is egter nie genoeg om 'n volledige visie op die verband te gee nie. Daar moet verder ook gelet word op die eiesoortige gesagstruk= tuur van die besondere verband.

Uit die analise tot dusver het dit reeds geblyk dat die tipies-staatlike samebinding van burgers gekenmerk word deur 'n staatseie gesagstruktuur, nl. die gesag van die staatsowerheid oor die onderdane wat hulle binne 'n bepaalde begrensde grondgebied, die vaderland, bevind. Wanneer daar dus voortaan gepraat word van owerheids= gesag dan het ons hierdie tipies-staatlike gesag op die oog. In hierdie paragraaf gaan slegs gelet word op die eiesoortigheid en kenmerke van die owerheidsgesag ten einde die bevoegdheidsgrense e.d.m. van die ower= heidsgesag te benader. Hierby word steeds in gedagte gehou dat owerheid en onderdane (burgers e.a.) saam die

een staatsverband vorm en nie teenoor mekaar te staan kom nie.

3.7.1 Die oorsprong van die gesag

Die proklamering van die soewereiniteit van God oor die ganse skepping het ook deurslaggewende betekenis vir die owerheidsgesag. In die eerste plek omdat God Drie-enig alleen die soewereine en almagtige wetgewer is en alle gesag 'n deur God verleende gesag is. (Dit leer o.a. Romeine 13 in soveel woorde). God die abso= lute wetgewer alleen is nie aan die wet onderworpe nie. Die owerheid wat deur God met 'n bepaalde eiesoortige gesag beklee is, is dus self ook Gode-subjek en wetsub= jek. Wie aan die absolute soewereiniteit van God vashou, sal insien dat ook die vors of owerheid aan die wet onderworpe is - in besonder ook aan die wette wat deur die owerheid self gepositiveer is. Op voetspoor van die Geneefse Hervormer Johannes Calvyn verwerp ons die heidense beginsel dat die vors bo die wet verhewe is (princeps legibus solutus est); God alleen is legibus solutus hoewel nie exlex (los van die wet) nie.[28] God self is dus die oorsprong en gewer van die owerheidsgesag.

3.7.2 Die begrensing van die gesag

Hieruit voortvloeiend word die owerheidsgesag op vele wyses begrens: Allereers deur die sentrale religieuse liefdeswet van God. Die burgerskap of aanstelling in 'n burgerlike (nasionale) owerheidsamp hef nie die indiwidualiteit van die mens as religieuse wese (dus as bondeling) op nie. Hy bly dus ook as burger en

owerheidsampsdraer gebonde en onderworpe aan die sen=trale wet van God en die sentrale liefdeswet bly steeds die "norm van alle norms" vir alle gepositiveerde staatswette.

Die gesag van die owerheid word voorts begrens deur die dingwet en struktuurwet van die staat self. Die besondere eiesoortigheid van die staatsverband dui die grense van owerheids-bevoegdheid aan. Volgens H.J. Strauss[29] is dit altyd normatief-taakstellende gesag in gebondenheid aan die eiesoortige struktuurwet van die staat. Die liefde vir die eie (die nasionale) word gevolglik altyd genormeer en beperk deur die liefde vir God en die naaste en binne hierdie beperking word dit 'n kriterium vir owerheidsoptrede op eie bodem. Die nasionale as ontiese wet vir die staat moet steeds aan die sentrale religieuse liefdesgebod genael=string bly en daaruit sy besondere duiding, koers en betekenis ontvang.

Die owerheidsgesag is egter nie die enigste gesag binne die territoriale grense van die staatsverband nie. Daar is ook ander eiesoortige lewensverbande wat elk hul eie gesagstrukture het. Die owerheidsgesag word deur hierdie eiesoortigheid van die ander verbande be=perk m.a.w. die wettige kompetensie van elke ander verband verbied die owerheidsgesag om op daardie ver=bode terrein te tree. As dit tog gebeur oortree die owerheidsgesag en moet die ander verontregte verband hom beywer vir die herstel van sy regte.[30] Die eie=soortige taak van die owerheid is om slegs die staats=

lewe te reël en te reguleer en nie om die lewe van sy onderdane in omvattende sin (dus ook binne ander lewensverbande) te beheer nie.

### 3.7.3 Owerheidsgesag as ampsgesag

Die Skrif leer dat die owerheid se gesag nie persoonlik van aard is nie, maar dat dit 'n AMPSGESAG is. Hierdie amp verenig in sigself heerskappy en diens. Die ware koning is ook 'n herder vir sy volk. Die amp self begrens dus ook die gesag van die owerheid. Geen amp het ooit alle gesag oor die mens nie. Dit het slegs daardie ampsgesag wat in ooreenstemming met die ver= band se eiesoortigheid is. Die gesag wat so eie aan 'n bepaalde eiesoortige amp is, kan nie deur 'n ander soort gesag vervang word nie. Staatsgesag, kerkgesag, ouerlike gesag ens. kan nooit van die een lewensver= band op die ander oorgedra word nie. Hoe die ampsdraer gekies of in die amp gestel word, doen niks aan die amp self af nie en die amp ontvang dan ook sy gesag van God self.

### 3.7.4 Owerheidsgesag is ondeelbaar

Volgens H.J. Strauss is die betrokke gesag binne elke gesagsdraende amp steeds ondeelbaar - al is ook meer as een mens daarin met die betrokke ampsgesag beklee soos bv. vader en moeder (ouerlike gesag) predikant, ouderlinge en diakens (kerkraad). "Elke staat het dus slegs een owerheidsamp - ook 'n federasie - anders het ons met meer as een staat te doen. Hierdie een owerheidsamp leen hom vir die delegering van bevoegdhede aan federale of uniale

owerheidsorgane, egter sonder prysgawe van 'n "sentrale" owerheid se "opperheerskappy". Ons verwerp dus die onderskeiding tussen die sg. wetgewende, uitvoerende en regsprekende magte van die staat, en ewe-eens ook "staatshoof" en "regeringshoof" sowel as politieke en populêre soewerein, indien dit maar enigsins die ondeelbaarheid van die owerheid se gesag teoreties aantas."[31] Bogenoemde onderskeiding tussen die sg. trias politica is m.i. nie in stryd met die ondeel= baarheid van die gesag nie. Dit lê meer op die terrein van die staatstruktuur.

3.7.5 Owerheidsgesag is deels dwanggesag

Dit is slegs aan die owerheid aan wie die swaardmag toevertrou is. Geen ander lewensverband het die swaardmag as deel van sy gesagstruktuur nie. Ons het reeds gesien dat die swaardmag baie vroeg in die ge= skiedenis van die mensheid na vore gekom het naamlik volgens die Bybelse geskiedenis reeds in die stad van Kain en Lameg waar dit spoedig ontaard het in magswellus. Tog leer die Bybel ons dat die swaard deur God aan die owerheid gegee is.

In sekere sin is die swaardmag ook 'n skerp prikkel en tugmeester vir die burgers om goed te doen en die nasionale welsyn van die staat te bevorder. Daarom noem ek die owerheidsgesag nie ongekwalifiseer DWANGMAG nie. Die owerheidsgesag het vele ander middele tot sy beskikking om bv. die burgers te beïnvloed, op te voed en op ander wyses as met dwang te lei en te regeer. Opvoeding en oorredende leiding speel hierin

'n vername rol. Van hierdie siening verskil Floor radikaal daarin dat hy die owerheidsgesag as volledig dwanggesag sien. Die owerheidsorde is 'n dwangorde, 'n regsorde en nie 'n bekeringsorde nie. Hy sien dan ook nie wat die sentrale religieuse liefdesgebod met die staat te make het nie. Die owerheid kan immers die onderdane nie dwing om God lief te hê nie. Die veronderstelling in ons uitgangspunt is egter dat die sentrale religieuse liefdesgebod geld vir alle mense op watter terrein en in watter verband ook al of hulle dit nou erken of nie erken nie. Dit wil nie sê dat ons van die staat 'n bekeringsorde maak nie, want dit is die staat nie. Ook gee ons toe dat die owerheid nie sy onderdane kan dwing om God lief te hê nie, maar die owerheid kan wel in sy wetgewing, regspraak ens. rekening hou met God se wet as kriterium of norm en daarvolgens regeer.

Die swaardmag word egter nie net georganiseer oor 'n begrensde territorium nie, maar ook na buite die landsgrense wanneer die staat van buite af met geweld bedreig word. Die feit dat die nasionale as eie= soortige binding van die staat op 'n begrensde terri= torium die ontiese dingwet vir die staat is, bring mee dat in beginsel aanvaar word dat ander gelykwaar= dige state met dieselfde subjektiewe identiteit naas die eie behoort te bestaan en dat hulle mekaar se interne gesags- en belange-sfeer moet erken en eer= biedig. Die organisering van die swaardmag in 'n staat se weermag en polisiemag is hierin 'n onmisbare gesagselement om die eie nasionale territorium en

nasionale staatsbelange te waar-borg sodat daar vast=heid en vertroue by die burgers kan wees.

Die reëling van interstaatlike en internasionale ver=houdinge kan alleen op hierdie vaste grondslag van wedersydse eerbiediging en wedersydse erkenning van die ontiese gelykwaardigheid van nasionale state ge=skied. Indien dit nie op hierdie grondslag geskied nie ontaard die interstaatlike en internasionale verhoudinge tot 'n anti-normatiewe internasionalisme wat nie alleen afgewys moet word nie, maar ook bestry moet word. Die organisering van die swaardmag in die nasionale staat se weermag en polisiemag moet na buite die staatsgrense juis teen die internasionalisme, met al die subversiewe metodes van terreur en geweld daarvan, gemik wees. Dit wil nie sê dat die swaardmag wat so georganiseer is in prinsiepe slegs binne die landsgrense as defensiewe mag beperk moet word nie. Geen aanslag kan bloot deur verdediging gewen word nie en die doel van die georganiseerde swaardmag is om te wen, hoewel nie om ander nasionale state se grondgebied te verower nie. Dit mag wel nodig wees om in 'n offensiewe stryd hulle grondgebied te betree d.w.s. as hulle subversiewe magte wat teen die eie nasionale staat gemik is huisvesting en steun verleen.

3.7.6 Die gesag van die burgers

Die vraag is of die burgers van 'n staat, as burgers, geen gesag het nie en geen mag kan uitoefen nie. Dan moet ons hierby steeds in gedagte hou:

3.7.6.1 Dat die owerheidsgesag 'n deur God verleende nasionale ampsgesag is.

3.7.6.2 Dat owerheid en onderdaan in 'n hegte, onverbreek=like subjektiewe eenheid saamgesnoer is sodat hulle saam die staatsliggaam uitmaak.

3.7.6.3 Dat die burgers tog hulle eie subjektiewe indiwiduali=teit as religieuse wesens (d.w.s. as bondelinge in relasie tot God) nie prysgee nie, maar persoonlik verantwoordelik bly vir hulle (elk sy eie) lewe in die staatsverband.

Op grond hiervan is die burgers dus nie onmondiges nie, maar kragtens hulle bondelingskap deur God aangestel in hulle eie amp met 'n eiesoortige ampsgesag wat verskil van die ampsgesag van die owerheidsamp. As dit nie so was nie sou almal regeer het. Nou vind die gesag altyd sy korrelasie in die ontsag en in (nie ongekwalifiseerde) gehoorsaamheid aan die gesag en mag wat deur God, die Soewereine, daargestel is. Die besondere eiesoortige burgergesag word ook deur God, sowel verleen as beperk soos die geval met die owerheids=gesag is. Die sentrale religieuse liefdeswet, die ontiese dingwet en die wet vir die strukture van die staat en selfs gepositiveerde wette <u>eis</u> en <u>beperk</u> die uitoefening van die burgergesag beide positief en negatief. Dit wil eintlik sê dat die burgers kragtens hulle amp verantwoordelik is om onder leiding van die Wet van God te waak oor, en te werk vir die nasio=nale behoud en welsyn van die staat as nuwe subjektiewe

identiteit. Dit sal tot openbaring kom in die aan=stelling (verkiesing) sowel as afsetting van amps=draers wat ampskenders geword het; in sowel die ge=hoorsaming van normatiewe gepositiveerde wette as die verset teen en ywer vir vervanging van anti-normatiewe gepositiveerde wette. Bo alles sal hulle sg. Leitmotiv nl. die nasionale, altyd genormeer moet wees aan die sentrale religieuse liefdeswet en heel in besonder aan die eerste tafel wat eis dat aan God gegee moet word wat Hom toekom (Markus 12:17) en dat ons (as burgers) God meer gehoorsaam moet wees as die mense (Hand. 5:29).[32] Op grond hiervan word verset teen onregmatige owerheidsoptrede gesanksioneer.

3.7.7 Owerheidsgesag diensbaar aan die nasionale

Daar is reeds gewys op die eis dat owerheidsgesag genormeer moet word en gehoorsaam moet wees aan die wet van God nl. die religieuse liefdeswet, die ontiese dingwet vir die staat, die wet vir die struktuur en die gepositiveerde wette.

Hier moet ter afsluiting van hierdie gedeelte oor die owerheidsgesag nog rekenskap gegee word van die gestaltegewing van die eiesoortigheid van die staats=verband deur die owerheidsgesag. Die vraag is, anders gestel, hoe die owerheidsgesag die ontiese dingwet vir die staat nl. die nasionale of liefde vir die staatseie behoort te gehoorsaam. Die unieke gesag van die owerheid word immers bepaal deur die genoemde wet soos Taljaard dit stel: "The state has its own

unique form of authority, determined by its unique ontic law..."[33]

Samevattend van wat reeds tot dusver gesê is, kan ons die owerheidsgesag beskryf as 'n deur God verleende nasionale ampsgesag oor 'n bepaalde en begrensde grond- en kultuurgebied. Die rigtende en leidende motief word dus gevind in die nasionale as liefde vir die eie staat, met alles wat dit inhou en tot sover reeds uiteengesit is. Weer eens moet beklemtoon word dat die gestaltegewing van die nasionale beslissend bepaal word deur die religieuse liefdeswet wat die relasies van die owerheidsgesag allerweë in orde bring en normeer.

Dit is voor die handliggend dat die ontiese dingwet wat die eiesoortigheid van die staat bepaal en die eiesoortige binding stempel allereers onder leiding van die sentrale religieuse liefdeswet gestalte moet kry in 'n grondwet of 'n konstitusie. Hierdie grond=wet is die formele of wetlike eenheidsband wat burgers formeel saambind tot 'n eenheid. Die grondwet moet die staatlike geloofsbelydenis wees wat gegrond is (nie op die wil van die volk nie, maar) op die wet van God. Die grondwet moet egter nie 'n dooie en bloot formele artikulasie wees nie, maar iets waarmee in die staatslewe gewerk kan word. Dit wil sê dat die owerheidsampsbediening sowel as die burgerlike ampsbediening daarvolgens moet plaasvind. Dit moet as verwysingsraamwerk kan dien vir positivering van wette; gebruik kan word vir die toekenning van

burgerskap; by openbare instelling van ampsdraers in die owerheidsamp figureer en so ook op gepaste wyse by staatsfeeste en seremonies gebruik kan word. Dit moet die staatslewe deurgloei en op alle staatsterreine vibreer. Dit moet kan dien as rigsnoer vir die staatslewe op alle terreine. Daarom behoort die grondwet so sterk gebonde te wees aan die wet van God. Die nasionale karakter, nasionale belang, nasionale doel en strewe moet (genormeer aan die wet van God) daarin gestalte kry en die owerheidsgesag moet daardeur sy eie unieke aard en karakter weerspieël as "'n deur God verleende nasionale ampsgesag oor 'n bepaalde en begrensde grond- en kultuurgebied."

## 3.8 <u>Die eiesoortige struktuur van die staat</u>

Soos reeds daarop gewys word onderskei tussen struktuur en die wet vir die struktuur. Wet en struktuur word dus nie met mekaar vereenselwig nie. Dit bring mee dat struktuur eers nader omskryf moet word.

Taljaard omskryf 'n struktuur soos volg: "Structure can be described as the manner in which a complete whole is constructed, or as the whole of essential parts of something...they are essential parts, i.e. in them is the everlasting power and deity of God to be seen as his concretized will, as the laws that are valid for the various parts of creation..."[34]

'n Struktuur is dus 'n wetsubjek en strukture word bepaal deur hulle besondere struktuurwette in onderlinge samehang met mekaar en laasgenoemde word weer bepaal en gakarakteriseer deur die besondere ontiese dingwet vir

die bepaalde struktuur.

Volgens Taljaard is 'n besondere groot bydrae tot ons kennis van struktuurwette deur die Calvinistiese wysgere soos Dooyeweerd, Vollenhoven en Stoker (met hulle mede=standers) gelewer.[35] Naas die sentrale wet (gebod van liefde) word alle skepsels (indiwiduele en sosiale strukture) deur Dooyeweerd c.s. slegs aan struktuurwette onderwerp.

Du Plessis[36] het egter daarop gewys dat struktuur en wet deur die W d W geïdentifiseer word. Vandaar dat die synswyse van die dinge onder die wet by die W d W as SIN bekend staan. Stoker daarenteen handhaaf die idionne of idiostansies as korrelaat met die geldende wet, maar wys op die feit dat die dinge 'n struktuur het waarvoor die struktuurwet geld. 'n Struktuur is volgens hom nie vas nie, maar kan saam met die "ding" vergaan en ver=brokkel bv. by die dood van 'n lewende organisme, by die ontbinding van 'n huwelik, by staatsverval, ens.[37]

Binne die kader van die wetsleer wat tot dusver hier uiteengesit is, moet subjek en wet duidelik van mekaar onderskei word en moet die struktuur van die staat beskou word as die wyse waarop die geheel van die staat saamgestel is. Dit is m.i. iets anders as die modale bepaaldhede en modale wette omdat ons by die modale wette te doen het met een van die eksistensiale van die aardse eksistent. Hoe die modaliteite binne die staatsverband funksioneer word later behandel. Hier gaan dit net om die geheel van die noodsaaklike dele van die staatsverband in verhouding tot die struktuurwet

kortliks nader uiteen te sit.

In aansluiting by III.2 hierbo is dit duidelik dat state menslik gekonkretiseerde realiteite is wat kragtens die mens se toerusting en opdrag op verantwoordelike wyse georganiseer moet word. Dit is hoe die mens antwoord op sy Skepper se opdrag tot staatsvorming en die wyse waarop hy dit doen is nie neutraal en onverskillig nie. Dit is 'n religieus-bepaalde taak waarby die mens gebonde is aan die wet van God. Hierdie organisasie moet so geskied dat dit as instrument of kanaal kan dien vir die nasio=nale lewe van die staat as diens aan God en aan Sy Koninkryk. Met "instrument" en "kanaal" word in hierdie konteks bedoel dat die wet van God by wyse van beginsels, norme en gepositiveerde wette kan deurvloei na die praktyk van dienslewering d.i."die gee vir..." en "die doen aan..." lewe van die staat. Hierin word die dingwet van die staat onder leiding van veral die tweede tafel van die Tien Gebooie gestalte gegee in die geregtigheids=lewe van die staat.[38]

Die struktuur van die staat is dus nooit afgerond of sta=ties nie, maar dit roep altyd weer nuwe moontlikhede op om die interne organisatoriese struktuur daarvan te verbeter. In hierdie opsig is dit belangrik om daarop te let dat God die mens "normatiewe gesag en vryheid as mandator Dei"[39] gegee het en hom toegerus het met verstand en 'n wil[40] sodat hy as beelddraer van God hierdie taak onder die leiding van die Heilige Gees en in gehoorsaamheid aan die wet van God kan uitvoer.

Die mees basiese onderskeiding wat ons t.o.v. die

staatstruktuur kan maak, is dié van owerheid, onderdaan en territorium. Hierdie drie samestellende dele is noodsaaklik vir die bestaan van 'n nasionale staat soos reeds hierbo beskrywe. Die organisasie en ordening van hierdie drie essensiële dele in onderlinge samehang met mekaar maak m.i. die struktuur van die staatsverband uit. Dit kan wel geskied in verskillende grade van normatiwiteit of anti-normatiwiteit wat wil sê: gehoor=saamheid of ongehoorsaamheid aan die wet van God. Die struktuurwet van die staat vereis dat die ordening en organisasie só sal geskied dat die staat as menslik gekonkretiseerde realiteit aan sy eie wet as staat sal beantwoord en op die wyse ook die lewe van sy burgers sal kanaliseer as diens aan God en Sy Koninkryk.

Op die besonderhede van so 'n organisasie kan nie inge=gaan word nie. Dit mag wissel van tyd tot tyd, en van vaderland tot vaderland. Dit sal steeds in 'n dinamiese proses van reformasie moet voortgaan om steeds beter te beantwoord aan God se Wet en aan die roeping van die staat.

Hierby sal die <u>OBJEKWETTE</u> d.w.s. die wette vir die kwaliteite van dinge noukeurig bestudeer en in ag geneem moet word om ook die "kwaliteit" van die staats=lewe en staatsdiens steeds te verbeter en steeds te reformeer in die lig van God se Woord. So sal bepaalde en noodsaaklike <u>WAARDES</u> in die staatslewe deur middel van o.a. die normatiewe staatstruktuur tot stand gebring word. Dit sal nie net betekenis hê vir die interne nasionale lewe van die staat nie, maar ook vir die

internasionale of intra-staatlike lewe. Ander nasies (nasionale state) sal opmerk dat Gods wet in die staatslewe gestalte kry en dit sal vir hulle tot 'n getuienis dien.

Wat in hierdie hoofstuk nog oorbly teneinde volledig rekenskap van ons wetsleer te gee is om kortliks te let op positiewe wette van die staat.

3.9 Die positiewe wette van die staat

Gepositiveerde wette word so genoem omdat dit deur ampsdraers in die uitvoering van hul ampstaak vir die besondere eiesoortige verbande "gemaak" of gepositiveer word. Dit is die taak van die gesagsdraers om die lewe van die verband waaroor hulle met gesag beklee is te reguleer ooreenkomstig die besondere ontiese wet vir die verband. "The authorities regulate living in their peculiar domain by means of constitutions, rules and regulations, i.e. by positivizing laws which are valid for every aspect of their domain. These laws regulate the complete specific communal life in the whole of its construction."[41]

Daar is in die verbygaan reeds meermale verwys na die taak van die gesagsdraers om wette te positiveer vir hulle besondere verbande. Dit word kortliks opsommender wys saamgevat en op die staatsverband van toepassing gemaak:

3.9.1 Die gesagsdraers (die owerheid) het te doen met die burgers as religieuse wesens oor wie die soewereiniteit van God geproklameer is en wat persoonlik verantwoorde=

lik is vir hulle lewe binne die staatsverband. Die staat mag dus sy burgers nie wat hulle bondelingskap (dus in hul relasie tot God) omvat en oorheers nie. Die owerheid is slegs verantwoordelik om die "burger skap" van die burgers en die "nasionale belang" van die staat te behartig.

3.9.2 Die owerheid moet die sentrale religieuse liefdeswet wat vir die mens geld altyd in ag neem en wette so positiveer dat burgers daardeur nie verplig word tot ongehoorsaamheid aan God nie, maar dat hulle daardeur ook God kan gehoorsaam en dit inderdaad doen wanneer hulle die staatswette gehoorsaam.

3.9.3 Die owerheid het kompetensie om wette te positiveer slegs vir die staatsterrein soos deur die ontiese wet van die staat aangedui en begrens. Die ontiese wette van ander eiesoortige verbande moet hierby in ag geneem word ten einde die staatsowerheid te behoed van grensoorskryding en onregmatige inmenging in die interne aangeleenthede van ander verbande.

3.9.4 Wanneer die owerheid wette positiveer vir die staats=verband moet rekening gehou word met die ganse struk=tuur van die staat. Dit beteken dat rekening gehou moet word met alle ontiese en modale wette sowel as met die terrein waarvoor die gesag geld. Taljaard vat hierdie gedagte goed saam as hy sê: "Hence one can say that in positivizing laws to regulate life within any community, the authority should positivize the religious law of love under guidance of the

specific communal law for the complete life of all concerned within their specific domain, wherewith is included the structural laws peculiarized."[42]

Dit is wat die staat betref, veral die tweede tafel van die wet wat onder leiding van die ontiese wet van die staat gepositiveer moet word met inagneming van die modale wette. Die juridiese funksie van die staat is om geregtigheid te realiseer in al die posi= tiewe wette en regulasies wat gemaak word.

3.9.5 In die laaste plek moet nog daarop gewys word dat die positiewe wette van die staat voortdurend hersien moet word omdat dit feilbare mensewerk is en omdat tye, omstandighede en behoeftes gedurig verander. Die gesagsdraers moet hulle kennis van die wet van God voortdurend verdiep en die positiewe wette voortdurend toets aan die norm vir alle norms nl. die wet van God wat vir ons in die Heilige Skrif gegee is.

<u>SLOT</u>

In hierdie hoofstuk is gepoog om rekenskap te gee van die eiesoortigheid van die staat. Die wetsontologie wat in die eerste hoofstuk uiteengesit is, is in hooftrekke aange= wend om sodoende die bruikbaarheid en toepasbaarheid daarvan op die staatsterrein op die proef te stel. Wat agterweë gelaat is, is die uitwerk van die basiese kenmerke of wat Taljaard noem die eksistensiale van die aardse eksistent. Toegepas op die staatsverband moet dit, wanneer die basiese kenmerke uitgewerk is, vir ons die prentjie voorlopig

voltooi voordat gekom kan word by die uitwerk van die taak en roeping van die staat. In die volgende hoofstuk gaan gevolglik gelet word op die basiese kenmerke van die staats=verband met besondere verwysing na die eksistensiaal: MODALITEIT.

## HOOFSTUK IV

# BASIESE KENMERKE VAN DIE STAAT MET BESONDERE VERWYSING NA: MODALITEIT

## INLEIDING

In hoofstuk I (3.2.4.4.1) is die basiese kenmerke van same=lewings verbande as skeppingsrealiteite in breë trekke be=handel. In hoofstuk II en III is gepoog om op grond van 'n wetsontologie te kom tot 'n bepaling van die eiesoortigheid van die staatsverband. Tans moet gelet word op die basiese kenmerke van die staatsverband ten einde die breë basis wat in ons ontologiese voorveronderstellings en samelewingsleer gelê is te benut vir ons visie op die staat. Aangesien daar reeds in die verbygaan na sekere basiese kenmerke verwys is, sal dit hier kortliks behandel word met terugverwysing na gedeeltes waar dit reeds aan die orde gekom het. Dan sal in besonder stilgestaan word by die eksistensiaal MODALITEIT van die STAATSVERBAND.

## 1 SUBJEKTIWITEIT EN OBJEKTIWITEIT

Die prinsipiële uitgangspunt dat God Drie-enig absoluut soewerein is oor die ganse skepping beteken dat Hy Skepper, Wetgewer en Koning is en dat die skepping Godesubjek en wet-subjek is. (Vgl. I.3.1.1 en III.1). Die subjektiwiteit van die staat beteken dat owerheid en onderdaan aan God se wet onderworpe is en dat die verantwoordelikheid op die skouers van gesagsdraers rus om God se wet te positiveer vir hulle besondere verband. (III.3.4.1) Hierdie basiese kenmerk van die staat bring mee dat die gesagsdraers moet toesien en sorg dat die

staatslewe geheilig word tot diens aan God en Sy Koninkryk.[1]

Die kenmerk van objektiwiteit het betrekking op die "kwaliteit" van die staatslewe. Dit het meer direk betrekking op wat genoem is die materiële, innerlike binding tussen owerheid en onderdane en tussen burgers onderling (in onderskeiding van die formele binding). Die kwaliteit van 'n staat is geleë in die werklikheidsvisie wat die burgers huldig, die beginsels en norme wat gehuldig en gehandhaaf word, die innerlike, geestelike gesteldheid (gesindhede ens.) en lewenswyse ("way of life"). Dit is hierdie kwalitatiewe wat die een besondere staat se lewe en optrede (privaat en in die openbaar, nasionaal en internasionaal) stempel, karakteriseer en onderskei van dié van 'n ander staat (asook van dié van 'n anderssoortige verband soos bv. die kerk, die skool, bedryf ens.) Uiteraard is die onderlinge samehang en wedersydse dienslewering van eiesoortige verbande hier van besondere belang. Indien 'n staat die lewe en arbeid in eie geledere kwalitatief wil verbeter sal hy o.a. besondere aandag moet skenk aan opvoedende onderwys op alle vlakke en indien 'n owerheid prys stel op die Skrifgefundeerde uitgangspunt wat die staat se subjektiwiteit aandui, sal hy ook moet toesien dat opvoeding en onderwys deurgaans en konsekwent op die Woord van God gegrond is. Die besondere uitwerk van hierdie beginsel moet egter aan die hoër onderwysinrigtings (met erkenning van hul eie vryheid in bevoegdheid) oorgelaat word.

Die eiesoortige bydrae wat elke ander nie-staatlike verband tot die kwaliteit van die staat lewer of kan en behoort te lewer, is 'n onderwerp vir 'n aparte studie. Dit

figureer meer waar gehandel word oor die onderlinge samehang en samewerking tussen anderssoortige verbande. So sal die werk van die kerk bv. van fundamentele belang wees vir die uitwerk van 'n staatsbestel soos in hierdie studie bepleit word. Die suurdeeg van die Koninkryk van God sal grootliks reeds moes deurgewerk het na die breë lae van die staatsvolk.

## 2 TYDSHEID

Tydsheid is 'n eksistensiaal van die skepping en staan teenoor die ewigheid van God. Die staat is 'n aards geskape realiteit wat in hierdie bedeling-in-die-tyd onder die leiding van die Heilige Gees deur die vormende aktiwiteit van die mens as beelddraer van God gekonkre= tiseer word in besondere state. Laasgenoemde is menslike instellings en menslike organisasies wat op 'n besondere wyse gekonkretiseer word afhangende van baie faktore soos o.a. die behoeftes en belange van die burgers wat behartig moet word.

Tydsheid en tydelikheid moet volgens Taljaard onderskei word. Nadat 'n samelewingsverband (soos bv. die staat) sy beslag gekry het, is dit nie afhanklik van die wisseling van sy lede nie hoewel besondere state (soos bv. die Romeinse Ryk) tot niet kan gaan. "This does not mean that the state as community is annihilated. The temporality of the communities should not be identified with their timeliness because the latter is a basic feature of creation as such."[2]

Met hierdie siening van die tydsheid van die ganse skepping is uiteraard wegbeweeg van die gedagte dat die hart van

die mens bo-tydelik van aard is of dat die tyd (ala die W d W) die glasprisma is wat die sentrale wet van God opbreek in 'n verskeidenheid van kosmiese wette. Op hierdie ingewikkelde problematiek kan hier nie ingegaan word nie en die leser word verwys na die kritiek (uit Calvinistiese kring) o.a. van L.M. du Plessis.[3]

## 3 UNIVERSALITEIT EN INDIWIDUALITEIT

(I.3.1.4 en 3.2.4.4.4 II.3)

Wat vir ons hier van belang is, is dat ons die universele kant van die staat nie moet verwar met die wet van die staat nie. Onder II.3.4. is aandag aan hierdie gevaar geskenk. Wat hier baie duidelik in gedagte gehou moet word, is dat burgers so saamgebind word dat die staat as 'n nuwe realiteit daaruit voorkom en dat die burgers hulle subjektiewe identiteit as religieuse wesens behou.

Hierby moet in gedagte gehou word dat 'n mens tegelyk 'n lid kan wees van 'n veelheid van eiesoortige verbande. Du Plessis praat van die "skrikwekkende gekompliseerdheid van strukture (menslike instellings)"[4] en illustreer dit aan die hand van 'n voorbeeld. In die lig van hierdie gekompliseerdheid signaleer Taljaard 'n wesenlike gevaar as hy sê:

"In community life care should be taken that the life of the religious being is not cut into pieces; neither should the member be forced to lead a double life or a life divided in himself. Harmony within the community harmony between communities and harmony within the life of the religious being should be given high priority in any community organization."[5]

## 4 GENETISITEIT

(I.3.2.2.2.1; 3.2.4.4.5; III.2.1; 2.2)

Wat Dooyeweerd die historiese modaliteit noem en Stoker die kosmiese dimensie van gebeurtenisse word deur Taljaard tuisgebring onder die genetisiteit waaraan die ganse skepping deel het. Hy voer die vormende aktiwiteit van die mens terug na sy opdrag aan die begin en sê: "We should remember that man was given the mandate of ruling over creation. A modal sphere, belonging as it is, to a basic feature of creation, is something inherently present in creation and in all concrete created realities...Man's formative instruction includes creation in its entirety and cannot be reduced to a modal sphere."[6]

Die klem val hier allereers op die feit dat God ook die staatsverband in die begin in die oorspronklike "aarde" ingesluit het en dat dit onder leiding van die Heilige Gees uit die oorspronklik-ingeslotene ge-evolveer het. Vir hierdie evolveringsproses maak God egter gebruik van mense wat Hy met die nodige verstand en wil toegerus het en opdrag tot beheersende vorming gegee het. Hierdie positiverings en konkretiserings-arbeid moet die mens op verantwoordelike wyse in ooreenstemming met God se wet uitvoer. Dit doen hy as religieuse wese en as ampsdraer in verskillende grade van gehoorsaamheid ôf ongehoorsaam=heid aan die Goddelike wet. Binne elke gekonkretiseerde verband is daar gevolglik ook dinamiek: groei, ontwikke=ling, verwording en ontbinding en so ontwikkel elke staat sy eie geskiedenis, dit alles afhangende van hoe die owerhede hulle roeping vervul. Dit alles hef die leiding

van God in die geskiedenis nie op nie want, soos reeds opgemerk, bepaal God nie net die grense van nasies se bestaan nie, maar ook die bepaalde tye van hulle bestaan. (Hand. 17:26).

Waarop ook in hierdie verband gelet moet word, is dat die staat wat so tot stand kom 'n nuwe realiteit is wat van die mens as religieuse wese onderskei moet word. Dit bring mee dat die mense hulle identiteite nie ten gunste van die verband moet inboet en daarin geheel-en-al opgaan nie. Die staat mag ook nie sy burgers as mense omvattend beheers nie, maar het slegs met hulle burgerskap as religieuse wesens te doen.

Verder bring die genetisiteit van verbande mee dat eie= soortige verbande gelykwaardig in onderlinge samehang met mekaar bestaan en nie in konsentriese sirkels of in 'n piramidiese hiërargie nie. Die eiesoortigheid van elke verband bepaal meteens ook die bevoegdheid en terrein van elke ander verband en so kom die vryheid in ampsbe= voegdhede van die eiesoortige lewensverbande tot stand. Dit wil dus sê dat die staat op hierdie reël geen uit= sondering mag wees en gevolglik vir homself meer (of minder) toeëien as dit wat syne kragtens sy genetisiteit en eiesoortigheid is nie.

5 WAARDEBEPAALDHEID

(I.3.2.4.4.6; III.3.5)

'n Positiewe waarde word gerealiseer wanneer enige subjek sy wet gehoorsaam. Wat samelewingsverbande betref, plaas dit 'n groot verantwoordelikheid op die mens wat van God

sy opdrag ontvang het om die aarde te vul en gevolglik die lewensverbande te konkretiseer. Hierdie verantwoorde=likheid rus op beide die gesagsdraers en die gesagsonder=dane, elk volgens eie ampsopdrag en ampsbevoegdheid. Wat hierdie verantwoordelikheid des te groter maak, is die feit dat die mens en die skepping tesame deur menslike ongehoorsaamheid in die sonde geval het en sedertdien radikaal en totaal verdorwe geraak en aan die toorn en vloek van God onderworpe is. Daar moet dus steeds rekening gehou word met die verskeurende werking van die sonde. Maar daar moet in net so 'n sterk mate rekening gehou word met die versoening, verlossing en vernuwing in die Middelaar, Jesus Christus, deur die werking van die Heilige Gees. Om dit te doen moet o.a. te rade gegaan word met die soewereine God wat Homself op besondere wyse in sy Skrifgeworde Woord geopenbaar het. Sonder die Woord en sonder die leiding van die Heilige Gees sal nóg die owerheidspersone nóg die onderdane 'n posi=tiewe waarde in die staatslewe kan realiseer. "Being prey to the fall into sin, all authorities of communities have the task of safeguarding the communities against the onslaught of evil, and to make it possible for their members to live as members a life of worship, a life of commitment to a good community, a life of which account can be given to the God whose sovereighty is proclaimed also over every kind of community."[7]

Hierdie verantwoordelikheid (en roeping)om bv. in die staatslewe 'n positiewe waarde te realiseer rus egter nie net op die owerheidsfunksionarisse nie (of op die owerheid as gesagsliggaam nie). Dit berus ook by die

burgers, want die staat (owerheid en onderdaan) antwoord op tweërlei wyse op die wet van God vir die Staat nl. institusionaliserend en geinstitusionaliseerd en albei is ewe belangrik.[8]

Dit is belangrik (= 'n eis van die Wet van God) om regverdige instellings tot stand te bring en dit voortdurend, reformatories te realiseer (of in stand te hou). Dit is egter net so belangrik (= 'n eis van die Wet van God) dat owerheidsfunksionarisse en burgers gelyklik hulle moet voeg in die orde van (regverdige en selfs onregverdige) instellings. Die gehoorsame hart geniet prioriteit bo 'n goeie en regverdige instelling.[9]

Veral waar nou oorgegaan moet word tot behandeling van die eksistensiaal Modaliteit is dit van groot belang om te besef dat die staat as menslike instelling, wat sy struktuur betref, so gekonkretiseer moet word dat dit in al sy modale bepaaldhede positiewe waardes moet realiseer. Du Plessis sê in hierdie verband veel behartigenswaardige dinge wat nie hier herhaal kan (of hoef te) word nie, maar waarmee tog akkoord gegaan kan word. Samevattend sê hy: "Institusionele (gesags) owerhede is met 'n besondere verantwoordelikheid beklee: hulle moet die voortbestaan van die instelling (dikwels dwangmatig) verseker en terselfdertyd, op sterkte van hulle besondere volmag (ordeningskompetensie), die besondere struktuur van die instelling bypas en verander - dít alles op so 'n wyse dat dít wat hulle (institusioneel, dit wil sê institusionaliserend sowel as geinstitusionaliseerd) doen, die toets van geregtigheid kan deurstaan."[10] Dit

moet op so 'n wyse geskied dat dit die ampsgeborgenheid d.w.s. die veilige staanplek van die burger in 'n geldende orde inderdaad kan waarborg.[11]

## 6 MODALITEIT

(I.3.1.3; I.3.2.4.4.7 en III.3.5)

Die funksionering van die modaliteite binne die samelewings=verbande word deur die besondere wet van die verband bepaal. Die modaliteite sal dus volgens die eiesoortigheid van die staat ook 'n eiesoortige karakter aanneem wat sal verskil van dié van elke anderssoortige verband.

(Woordomskrywing: Met die uitdrukking: "funksionering van modaliteite in staatsverband" word bedoel:

a Aan die wetsy: die wyse waarop modale wette vir die staat geld.
b Aan die subjeksy: die wyse waarop die staat aan modale norme gehoorsaam is of gestalte gee.

Wanneer hierdie uitdrukking gebruik word is dit deurgaans die bedoeling om op hierdie wyse die modaliteite na wet- en subjeksy te beskrywe.)

In hoofstuk II is egter reeds aangetoon dat die hiërargiese ordening van die modaliteite met hulle ante- en retrosi=pasies en die struktuuranalise van die staat op grond van 'n funderingsfunksie en bestemmingsfunksie nie opgaan as metode om die staatsverband na sy eiesoortigheid, taak, funksie en bevoegdhede te verklaar nie.[12] Die vraag is egter nou van watter betekenis die modale bepaaldhede is om die eiesoortigheid, take, funksies en bevoegdhede verder oop te dek.

## 6.1 Onderskeiding: staat en regsnorme

Du Plessis[13] onderskei in bogenoemde verband tussen wat hy noem: primêre, sekondêre en tersiêre menslike in=stellings. Hy wys daarop dat die mees primêre en onge=kompliseerde "instellings" wat die mens ordenend tot stand kan bring die modale norme is. Dit word gedoen op sterkte van modale samehange en modale kruisverwysings wat deur 'n leidende modaliteit gekwalifiseer word. 'n Regsnorm het bv. die juridiese modaliteit as leidende of kwalifiserende funksie, met die oog op die realise=ring van sy doel as ampsnorm, maar die norm self kan alleen op sterkte van die samehang tussen die juridiese modaliteit en al die ander modaliteite tot stand kom. Op sterkte van modale norme word meer komplekse "sekon=dêre menslike instellings" tot stand gebring (bv. 'n skildery of motor) en eindelik is daar die mees gekom=pliseerde of tersiêre menslike instellings soos bv. die samelewingsverbande waarin die mens hom kan invoeg (wat ook beteken dat die mens en die verband van mekaar onderskei moet word.)

Verder wys hy daarop dat "staat" in die huidige tydsge=wrig onmiddellik 'n baie komplekse struktuur van norme en ander menslike instellings impliseer. "So bv. is in die staatlike owerheidstruktuur van die Republiek van Suid-Afrika nie alleen regsnorme (ordenend) geïntegreer nie, maar ook verskillende liggame (gemeenskappe bestaande uit mense - elk weer met 'n eie struktuur van regsnorme) bv. 'n parlement, (wat self uit twee liggame, 'n volks=raad en 'n Senaat bestaan), verskeie staatsdepartemente,

howe, provinsiale rade, munisipaliteite, semi-staatsin= stellings of korporasies, ens. In dié struktuur word ook bepaalde ampte aan besondere owerheidsfunksionarisse gekoppel bv. staatspresident, eerste minister, minister met hierdie of daardie portefeulje, leier van die opposi= sie, lid van die volksraad, administrateur, lid van die provinsiale raad, regter, burgemeester, stadsraadslid, ens. In die orde van die struktuur is ook burgers ingevoeg - dit ter wille daarvan dat hulle nie alleen in hulle ampte geborg sal word nie, maar ook sodat hulle saam (en wedersyds teenoor mekaar) in 'n regsgemeenskap mekaar se regsbelange sal behartig om aldus, (want dit is God se uiteindelike doel met die in aansyn roep van menslike instellings) in gehoorsaamheid op God se wet te (kan) antwoord."[14]

Oor die algemeen skep bogenoemde aanhaling nie 'n baie helder en duidelike indruk van wat die skrywer wil bewys nie en daar kan seker veel kritiek op laasgenoemde staatsbeskouing ingebring word. Volgens Taljaard wortel dit in diepgaande liberalistiese en neo-marxistiese beskouinge. Myns insiens vloei die onderskeiding tussen hierdie drieërlei soort van "menslike instellings" voort uit 'n poging om die staat nie te laat opgaan in sy regsfunksie nie, maar andersyds word tog met die juridiese funksie geopereer sover dit die "positivering van regsnorme" betref. Op ons standpunt word ook nie meer geopereer met 'n funderingsfunksie en bestemmings= funksie om die eiesoortige taak en roeping van die staat te bepaal nie en in hierdie opsig word du Plessis afgesien van alles tog gelyk gegee wat laasgenoemde gedagte betref.

## 6.2 Koninkrykperspektief op die bestemming van die staat

Die vraag kan gestel word waarin die staat dan sy bestemmingsfunksie vind as dit nie in die juridiese is nie. Die antwoord op grond van ons ontologiese uitgangspunt is dat daar nie geopereer word met 'n funderings- en bestemmingsfunksie en met retro- en antesipasies om die owerheidstaak struktureel te probeer begrens nie. Taljaard sê in hierdie verband: "This monarchianistic system (nl. by Dooyeweerd - J.M.G.) is responsible for the looking for and finding of a modal nucleus and modal anticipations and retrocipations in each modality as well as for the transcendent heart, the cosmic time with its action of breaking up meaning - totality in transcendental meaning diversities as modalities. This also explains why Dooyeweerd has no place in his system for any of the previously mentioned basic features of concrete created reality. To me the mutual coherence between the modalities can easily be explained in the way of intra-individual relations of the specific thing, being determined by the specific thing-law. The different things, again, are coherent with each other within the specific kinds and they again find their coherence within the specific realm, whilst the realms are also in mutual coherence with each other."[15]

Daarenteen word uitgegaan van die Goddelike wetsorde wat geld vir die staatsverband. Die owerheid word van hieruit geroep om die sentrale religieuse liefdeswet

onder leiding van die ontiese wet vir die staat te positiveer vir die terrein waaroor hy met gesag beklee is. Dit het ook rigtinggewende en bepalende invloed vir die gelding van die modale wette binne die staat sodat die hele staatslewe 'n gehoorsaamheidslewe aan Gods Wet kan wees. Die staat word so geroep (nl. deur Gods Woord) om 'n Koninkryksgestalte te realiseer waarin die staatslewe geheilig word tot aanbidding, tot Godsdiens. Die staat vind dus sy bestemming in die diens van God, in diens van Sy Koninkryk en dit is wat bedoel word met "Koninkrykskperspektief".

Stoker praat bv. êrens van die teale perspektief m.a.w. die perspektief vanuit die kant van die soewereine God gesien, maar die moontlikheid bestaan hier dat God later as Deus ex Machina op die toneel ingevoer word van buite en dat ons onbewus weer die prooi word van die natuur-genade skema. Dit moet ten alle koste vermy word. Die eiesoortige lewe van die staat, elke dag se gehoorsaamheidslewe <u>is</u> Koninkryklewe, is "worship", is GODS-DIENS mits dit gestalte gee aan gehoorsaamheid aan die wet van God. Dan is dit nie nodig om agterna 'n neutrale staatslewe te salf in 'n poging om dit so te heilig tot Koninkryksdiens nie. Roepingsvervulling is nie 'n <u>ekstra</u> wat aangehaak word aan die daaglikse taakuitvoering van die owerheid nie. Dit is die lewens=bloed daarvan en vloei deur al die are en kanale daarvan.

Regvorming, regspraak en reghandhawing deur die owerheid geskied dus ook nie bloot ter wille van die reg self nie, maar juis ook om die geregtigheidslewe in die staat tot eer en diens van God te realiseer. HIerdie belangrike

owerheids- en staatsfunksie (daar is nog baie ander) vind so sy eie bestemming nie in die juridiese as sodanig nie, maar is 'n middel tot en deel van die roepingsvervulling van die staat. Dit gaan nie om die reg ter wille van die reg nie. Dit is 'n verabsolutering van die reg. Dit gaan om gehoorsaamheid aan die wets=woord (of verbondswet) van God waarop institusionalise=rend en geinstitusionaliseerd dadig geantwoord moet word.[16]

Ons moet egter daarop wys dat die staat van die begin af, dus vanuit die wortel, gesien is in sy direkte afhanklikheidsrelasie tot die soewereine God en dat die Koninkryksperspektief nie iets is wat agterna inge=voer moet word nie.

In aansluiting by wat reeds in hoofstuk III gesê is i.v.m. die eiesoortige binding wat die staat tipeer kan ons dus 'n drieërlei perspektief op en 'n drieërlei roeping vir die staat onderskei.

6.2.1 'n Perspektief vanuit die nasionale belang wat die oog vestig op die eiesoortige binding en nasionale bestemming om vir die burgers ampsgeborgenheid in hulle eie nasionale burg of staat te waarborg. Die algemene staatsbelang (dus die belang van die staat as subjektiewe realiteit as sodanig) en die indiwiduele belang van die burger as religieuse wese word in amps=geborgenheid so met mekaar geïntegreer dat die algemene (of openbare) en die partikuliere (dus burgerlike) nie met mekaar in botsing kom nie. Die eiesoortige eenheid (van die "een sagopoeding" - volgens Taljaard)

hef nie die subjektiwiteit van die burger as religieuse wese op nie. Hy behou dus sy persoonlike verantwoorde= likheid, aanspreeklikheid en roeping binne alle ver= bande, ook binne staatsverband.

6.2.2 'n Perspektief vanuit die Internasionale of inter- staatlike belang wat die oog vestig op die internasio= nale roeping van nasionale state as vrye en gelyk= waardige eiesoortige realiteite. Hier strek die eie nasionale staat hom reeds oor sy eie grens uit na ander nasionale state om sy roeping inter-nasionaal of wêreldwyd te vervul. Dit kan alleen geskied vanuit eie ampsgeborgenheid.

6.2.3 'n Koninkryks perspektief wat die oog (met insluiting van die nasionale en internasionale) rig op die Koninkryk van God op aarde d.w.s. die diens aan die Soewereine in hierdie bedeling-in-die tyd. Dit verleen 'n dieptedimensie of sin-dimensie aan die geregtig= heidslewe in die staat en het met die praktiese lewe van elke dag te doen. Dit kanaliseer as 't ware die nasionale en internasionale in gehoorsaamheid aan die sentrale religieuse liefdeswet tot eer van die Koning van alle konings - sodat Hy in alles die eerste kan wees. (Kol. 1:18). Hierdie laaste perspek= tief is die rigtinggewende, koersaanduidende en sin= verdiepende perspektief t.o.v. die eerste twee en dui op die roeping van die staat.

Wanneer ons die funksionering van die modaliteite binne die staat probeer vasstel is al drie hierdie perspektiewe van belang, maar word allereers die

nasionale binding met die oog op ampgeborgenheid daarin verreken omdat gevind is dat die eiesoortigheid van die staatsverband daarin bestaan.

## 6.3 DIE PERSPEKTIEF VANUIT DIE NASIONALE OP DIE FUNKSIONERING VAN DIE MODALITEITE

Voordat oorgegaan word tot detailbespreking van boge=noemde moet eers kortliks gelet word op die funksio=nering van die modaliteite onder leiding van die juri=diese, soos dit tradisioneel in die kring van die W d W aangedien word.

### 6.3.1 Funksionering van modaliteite onder leiding van die juridiese

Indien die staat sy bestemmings- of kwalifiserende funksie in die juridiese vind en gevolglik as regs=verband beskou word, kan 'n mens verwag dat die funksionering van elke ander modaliteit binne die staat ewe-eens deur die juridiese nader gekwalifiseer sal moet word.

Baie vereenvoudig sal die funksionering min of meer soos volg kan geskied:[17]

1 Die aritmetiese sal in die staat funksioneer as 'n juridiese veel-eenheid;

2 die ruimtelike as 'n juridiese lewensruimte;

3 die kinematiese as regsbeweging;

4 die fisiese as regskrag;

5 die organiese as regslewe;

6 die psigiese as regsgevoel;

7 die analitiese as juridiese ooreenstemming of teenspraak;

8 die kultuur-historiese as juridiese magsvorming;

9 die linguale as juridiese ekspressie of artikulasie van die ordenende regswil;

10 die sosiale as regsverkeer (regsomgang)

11 die ekonomiese as juridiese ekonomie, ewemaat en regsbelang;

12 die estetiese as regsharmonie;

13 die juridiese as regsvergelding;

14 die etiese as regstrou;

15 die pistiese as regsvertroue.

In so 'n geval is dit duidelik dat die staat enersyds in die reg of regsnorme opgaan en andersyds funksioneer elke ander modaliteit as 't ware op juridiese wyse. Elke ander modaliteit word (hetsy deur retro- of ante=sipasies) net soos die staat self vanuit of deur die juridiese gekwalifiseer. Die verband gaan as 't ware teoreties in die REG op.

Hierdie metode blyk dus soos reeds aangetoon, nie die juiste te wees om die funksionering van die modale wette binne die staatsverband te benader nie.

6.3.2 <u>Funksionering van die modaliteite o.l.v. die ontiese wet vir die staat</u>

Dit gaan daarom dat die staat as kanaal moet dien vir

die geregtigheidslewe van die burgers d.w.s. deur hulle ampsgeborgenheid te waarborg (6.2.1 - 3 hierbo). Elke funksie van die staat moet gevolglik in gehoorsaamheid aan die wet van God geskied. Dit is die verantwoorde=likheid van owerheidsfunksionarisse (ampsdraers) sowel as van onderdane om hierdie geregtigheidslewe beide institusionaliserend en geinstitusionaliseerd gestalte te gee. Ook die modale wette moet gevolglik in die vorm van reëls en regulasies in die staatslewe gehoor=saam word.

Hierby moet egter steeds in gedagte gehou word dat die modaliteite nie met konkrete geskape dinge of strukture vereenselwig moet word nie, maar dat dit aspekte of modale bepaaldhede of wette van en vir dinge of struk=ture is. Dit geld dus nie vanself nie, maar moet deur die ampsdraers vir hulle verband gepositiveer word, (tot gelding gebring word in die vorm van reëls en regulasies). Dit is antwoordingsmoontlikhede waarop die ampsdraers in verantwoordelikheid moet reageer deur reëls en regulasies vir die staatslewe neer te lê. Die doel daarvan is 'n normatiewe taakvervulling van die staat wat betref alle aspekte of fasette van die staatslewe.

Daar kan uiteraard hier slegs enkele kursoriese en tentatiewe riglyne getrek word. Daarby moet dit vanuit 'n bepaalde gesigshoek as eksperimentele denke beskou word.

6.3.2.1 <u>Die aritmetiese of getalsaspek</u>

Die aritmetiese modaliteit funksioneer in die

staatsverband allereers as 'n nasionale veel-eenheid en dit het betrekking op owerheid, onderdane en territorium. 'n Veelheid van burgers word op 'n gemeenskaplike territorium deur die nasionale eenheidsband verenig tot een nuwe konkrete realiteit nl. die staat. Dit geskied egter op so 'n wyse dat die subjektiewe identiteit van die burger as reli= gieuse wese nie opgehef word nie, maar onverswak gehandhaaf bly. Wat die getalsaspek van die staat betref, kan dit as norm aanvaar word dat daar nie meer as een sentrale owerheid op een grondgebied kan bestaan nie. Verder dat daar waarskynlik wel 'n beperking op die minimum aantal onderdane vir die konkretisering van die staat (of 'n lewensvatbare staat) bestaan, maar nie 'n beperking op die <u>maksimum</u> nie. Die vraag is of daar van normatiewe staatwees sprake kan wees indien die grondgebied van die staat versnipper is (dus nie 'n eenheid vorm nie) en die meeste onderdane hulle buite die begrensde grondgebied bevind soos die geval met die swart tuislande in Suidelike Afrika is.

Die telbaarheid van die staat slaan egter nie net op die owerheid en onderdane nie, maar deurkruis (al) die ander aspekte soos bv. die bodem, grondstowwe, rykdomme, weermag, wapens e.d.m. wat in 'n sekere sin voorwaardes vir die nasionale bestaan en voort= bestaan van die staat is.

Die aritmetiese wette van die staat moet sy norma= tiewe positivering vind in die nodige staatsdeparte=

mente en staatsmasjinerie soos bv. sensus en statis=tiek, geboorte- en sterfteregistrasie, registrasie van kiesers e.a. statistiese gegewens wat van basiese belang vir die normatiewe en sinvolle bestaan en voortbestaan van die nasionale staat is.

Die owerheid wat in hierdie opsig nalatig of onbe=dagsaam is, stel die ampsgeborgenheid van sy onder=dane in gevaar. Trouens, die Skrif gee in hierdie opsig sydelings 'n riglyne in die gelykenis van die man wat 'n toring wil bou en eers gaan sit om die koste te bereken of hy die middele het om dit uit te voer asook in die gelykenis van die koning wat optrek om teen 'n ander koning slag te lewer. Hy gaan eers sit en beraadslaag of hy in staat is om met tienduisend die een te ontmoet wat met twintig=duisend teen hom kom. Anders stuur hy 'n gesantskap en vra vredesvoorwaardes, want dit gaan om sy eie lewe, die lewe van sy onderdane en op hierdie wyse ook om die lewe van sy staat of burg (Lukas 14:28-32).

Aan die anderkant kan die getalsaspek in die staats=lewe oorbeklemtoon en selfs verabsoluteer word. Dan word die vertroue gevestig op dit wat bereken kan word en alles word in die lig daarvan beoordeel en gedoen. Moontlik was dit die oortreding van Koning Dawid toe hy Joab opdrag gegee het om die volk te tel en die HERE as gevolg daarvan pes in Israel gestuur het (I Kron. 21). Trouens dit blyk uit die Skrifgedeelte dat Dawid veral die oog gehad

het op: die militêre mag van Israel en Juda tesame: "die hele Israel was elfhonderdduisend man wat die swaard uittrek en Juda vierhonderd en sewentig duisend man wat die swaard uittrek" (vs. 5). Afgodery kan dus reeds wat die getalsaspek van die staat betref insluip en die staat in gevaar stel. Die slagspreuk van "een mens een stem" is ook 'n sodanige verabsolutering van die getalsaspek deur die Liberalisme omdat alle ander aspekte van burgerskap buite rekening gelaat word en die "een mens" verab= soluteer word as maatstaf en norm vir die regeermag sowel as burgerskap. "'One man one vote' is a slogan based upon human rights and human dignity; as such affairs of man and therefore misplaced within state affairs. They are based upon Liberalism as ideology and are practised within a democracy where man is central. In this way the uniqueness of the state is offered to that of man."[18]

6.3.2.2 Die Ruimtelike (kontinuïteit)

Die staat het ook 'n ruimtelike aspek en hierdie modaliteit funksioneer in die staat as nasionale heerskappygebied. Die konkrete staatlike realiteit waarvan die ruimtelike die aspek is, is die vaderlandsgebied of territorium met sy bepaalde en erkende grense. (Die stad met sy mure en poorte.) Hierdie grense baken land, lug en seegebied (waar van toepassing) af. 'n Staat sonder 'n territorium of vaderland mis 'n basiese voorwaarde vir sy staatwees en kan eintlik nie bestaan nie, want hy het geen heerskappygebied nie. Sonder 'n burg, kan

daar tog nie van burgers sprake wees nie. Waar aparte volkere dus dieselfde vaderland deel behoort hulle tot een staat geintegreer te word of in aparte state met aparte grondgebiede verdeel te word. In hierdie verband merk Taljaard op: "The ideal state of affairs, I think, should be a uni-racial state, to avoid colour clashes and the promotion of racial interests...to unite into an intimate union which actually is not unitable, is looking for trouble arising where it could have been avoided."[19]

'n Staat het dus 'n nasionale lewensruimte nodig om te bestaan. Die Allerhoogste het aan die nasies 'n erfdeel gegee en vooraf die grense van hulle bestaan vasgestel. (Hand. 17:24-28; Deutr. 32:8). Met territorium of vaderland in bogenoemde sin kan alleen bedoel word daardie landsgebied wat nie geroof is nie, maar regtens verkry is.

Nasionale state behoort dan ook mekaar se nasionale heerskappygebiede wedersyds te erken met die oog op goeie internasionale verhoudinge. 'n Wettige vaderland of territorium is noodsaaklik vir ware roepingsvervulling in die drieërlei sin wat reeds genoem is. Oortreding in hierdie opsig en die gevolglike skending van nasionale state se heer=skappygebiede soos bv. deur revolusionêre skadu=regerings in die buiteland, is 'n kwaad wat die ryk van die antichris bevorder. "In this way evil is internationally sanctioned, and statelife develops negatively towards the Kingdom of the antichrist. The consequences of this development

towards evil will at some time or another embrace also those countries which are internationally organised and are now sanctioning it for reasons that have nothing to do with the real interests of state development."[20]

Onlosmaaklik verbonde met die heerskappygebied van die staat is uiteraard die een sentrale owerheid wat as taak en roeping het om die lewe van die gemeenskap waaroor dit aangestel is te reël of te reguleer. "And in doing this it has to actualize the community also in all its modalities and their typical functioning within the community. The authority should, therefore, know the cosmic structure of the community concerned as well as possible, considering its own determinedness by time, milieu and cultural development. This can only be done when a clear vision is obtained of the ontic, Godgiven law which is valid for the specific community."[21]

Die nasionale heerskappygebied bedoel dus veel meer as net territoriale grense. Dit dui ook op die kulturele heerskappygebied van die owerheid d.w.s. die grense van die owerheidsgesag as sodanig. Dan is dit duidelik dat goed onderskei moet word tussen die staat as realiteit en die mens as religieuse wese. Die owerheid regeer nie oor die mense as religieuse wesens nie, want dit sou beteken dat die owerheid sy onderdane ook pre-funksioneel (dus as religieuse wese met 'n "hart") omvat en oorheers. Die owerheid het egter niks te make met die mense

as religieuse wesens nie en behartig nie hulle menslike belange of sg. menseregte en menslike vryhede nie. Die staat bestaan uit burgers en dit is alleen die burgerlike aspek van die mense (as religieuse wesens) wat deur die owerheid gereël en gereguleer word. Hierin vind die owerheid ook sy grens en bevoegdheid binne die bepaalde territoriale grense.

6.3.3.3 Die Kinematiese (beweging)

Die kinematiese modaliteit funksioneer in die staat as nasionale beweeglikheid, vernuwing, verandering, wisselwerking. Daar mag nooit stilstand en ver= starring kom nie, maar die strukture moet steeds vernuut word op die vaderlandsgebied. Sodra daar stilstand en verstarring kom word die situasie ryp vir revolusie en die omkering van die orde. (In heel konkrete sin veronderstel die kinematiese die ruimtelike en getalsaspek reeds.) Uiteraard is in die kinematiese die lewensruimte, die grond= gebied, veronderstel en is beweging nie denkbaar sonder die ruimtelike aspek nie. Die owerheid moet die lewe van die staat so reël en reguleer dat daar vernuwing kan plaasvind volgens die eise en behoeftes van nuwe tye en omstandighede. Strauss praat in hierdie verband uit die oogpunt van die positivering van regsnorme van "regsoepelheid, regbuigbaarheid en politieke verandering."[22]

6.3.3.4 Fisiese (energie)

Die fisiese modaliteit funksioneer ewe-eens binne

die staatsverband as nasionale krag of energie wat geesteskrag, maar veral fisiese krag insluit. Die staat as samelewingsverband oefen geweldige krag en invloed uit op nasionale sowel as internasionale terrein. Vele faktore speel hierin 'n rol. Die geesteskrag van die staat hou verband met die beskawingsontwikkeling van die burgery wat in alle lewensfasette en lewensverbande tot openbaring kom. 'n Man van kennis ontwikkel krag en dit moet die toeleg van die owerheid wees om opvoeding, onderwys, kultuur, beskawingsontwikkeling op sy heerskappyge= bied normatief te bevorder. Met normatief word bedoel: in ooreenstemming met die Goddelike wetsorde.

Behalwe geesteskrag ontwikkel die staat ook fisiese krag d.w.s. d.m.v. die georganiseerde swaardmag wat die vaderland verdedig en die lewe van die burgers beveilig. Verder is daar ekonomiese krag wat die owerheid o.a. ook bedingingsmag gee en bydra tot die lewensmoontlikhede vir die burgery. Dit geld ook ander modale aspekte wat die tipies staatlike energie as basis vir die staatslewe daarstel. Die beleid van die owerheid t.o.v. hierdie aspek van die staatslewe (die fisies-energetiese) is dus baie belangrik gesiendie feit dat die staat veral as taak en roeping het om die biotiese lewe van die burger te waarborg.

6.3.3.5 Die Organiese (vitale)

Die organiese lewensaspek funksioneer in die staat as nasionale lewensdinamiek, of dan ook "staatslewe".[23]

Taljaard lê in hierdie verband klem op die dinamiese aard van vitaliteit wat nie vereenselwig moet word met genetisiteit (wat 'n basiese kenmerk van die skepping is) nie. Hy wys daarop dat Stoker die dinamiese karakter van die skepping uit die modale sfeer onttrek en dit tuisbring onder wat hy die kosmiese dimensie van gebeurtenisse noem. Dit is volgens hom ten onregte. Sy eie standpunt in hierdie opsig stel hy soos volg: "What is necessary I think, is the distinguishing of the genetic basic feature and the placing of history, seen in connection with man only, within the basic feature of geneticity."[24] Hy bring dus die dinamiese lewensaspek tuis onder die organiese. Daar sit dus nasionale dinamiek in die lewensaspek van die staat.

Die nasionale lewensaspek moet tot openbaring kom in 'n lewende belangstelling in wat op die staats=terrein en in die politieke lewe gebeur. Die burgers moet meelewe en betrokke wees by die nasionale lewe op alle vlakke. Die owerheid moet aktief leiding neem en die nasionale lewe so kanaliseer dat die ampsgeborgenheid van die burgers steeds gehandhaaf word. In wetgewing (positivering van regsnorme) moet dit wat bevorderlik vir die nasionale lewe en ampsgeborgenheid van die burgers is steeds 'n leidende motief wees. Die burgers moet in geleent=heid gestel word om hulle politieke en nasionale lewe gestalte te gee bv. deur verkiesings, deelname aan die politiek en landsake, volksaamtrekke, volksfeeste e.d.m.

Die nasionale staat moet sy lewe ook nie in isolasie voer nie, maar internasionaal meelewe en meespreek in wêreldsake.

6.3.3.6 <u>Die Psigiese (sensitiwiteit)</u>

Hier kry ons te doen met die nasionale samehorigheids=gevoel tussen owerheid en onderdane sowel as tussen burgers onderling. Dit is die sensitiewe ervaring van die eiesoortige binding, die nasionale solidari=teit wat die staatsverband kenmerk. Dit bloei uiteraard op 'n polsende nasionale lewe wat in die vorige modaliteit behandel is. Volgens Strauss is by hierdie onderlinge samehorigheidsgevoel 'n onderworpenheidsbewussyn by die burgers teenoor hulle owerheid inbegrepe. "Indien die burgery hulle owerheid as 'n vreemdeling ervaar (soos bv. die burgers van die twee Republieke na 1902 in Suid-Afrika) ontbreek die nodige politieke solidari=teitsgevoel tussen owerheid en onderdaan en waar die onderworpenheidsgevoel ontbreek, neem 'n latente versetbewussyn maklik die plek daarvan in. Dan kan so 'n burgery veel makliker in opstand ontvlam."[25]

Die gevoel van ampsgeborgenheid by die burgers staan in baie direkte verband met die aanvanklike konkreti=sering van die staat, want burgerskap spreek van veiligheid, beskerming van die lewe en sekuriteit. Dit moet angs, vrees en onsekerheid verban en die burgers in staat stel om rustig hul ampsroeping en ampstake uit te voer. Die Skrif spreek van 'n

rustige en stil lewe in alle godsvrug en waardig=heid (I Tim. 2:1-4). Daarom moet vir konings en owerhede gebid word. Dit lê direk in lyn met die amp- en roepingsvervulling van die staat. Dit is alleen daardie staat wat sy solidariteit na binne en na buite ervaar en sensitief beleef wat 'n burg of bolwerk teen aanslae en ondermyning is.

6.3.3.7 Die Analitiese (denke)

Die staat het ook deel aan die analitiese aspek. Dit is m.a.w. onderskeibaar (van alle ander geskape realiteite), analiseerbaar, kenbaar en benoembaar. As sodanig is die staat voorwerp van o.a. weten=skaplike analise en studie. Indien dit alles norma=tief d.w.s. in ooreenstemming met die wet vir die analitiese geskied, behoort dit by te dra tot die normatiewe konkretisering van die staat in al sy aspekte. Die owerheid behoort veral gedurig te put uit wetenskaplike kennis oor die staat wat tot hulle beskikking gestel is, maar ook die onderdane hou hulle gedurig besig (wetenskaplik of voorweten=skaplik) om gestalte te gee aan hierdie aspek van die staat.

Die analitiese kom dus in die staatslewe tot openba=ring in so-iets soos nasionale denke, politieke opinie, openbare mening en die lewens- en wêreld=beskouing of werklikheidsvisie wat oor die algemeen gehuldig word. Hier figureer ook wat die regsvorming en regspraak betref so-iets soos die prinsipe van toereikende grond wat dui op 'n innerlike samehang

tussen die analitiese en juridiese lewensaspekte. Dieselfde geld vir juridiese ooreenstemming en teëspraak, respektiewelik: reg- en onregmatigheid.[26] Wanneer die owerheid rekening hou met en gestalte gee aan die logiese wette in hulle positiverings- en konkretiseringsarbeid, help dit om die publieke en politieke opinie van die burgers positief t.o.v. hul owerheid te beïnvloed. Strauss wys voorts tereg daarop dat "gewilde wetgewing, owerheidsverklarings, politieke vergaderings, politieke pers, politieke partye ens. almal 'n wesentlike funksie (vervul) in die voortdurende proses van publieke politieke opinievorming en daarom is die openbare politieke meningsveld terselfdertyd die strydperk van die politieke menings- en oortuigingsverskille."[27]

Die ampsgeborgenheid van die burgers moet ook wat die analitiese betref geborg word deur konsekwente staatmanskap op grond van 'n werklikheidsvisie wat alle realiteite in sigself logies integreer. Poli=tieke bontpratery en politieke oportunisme wat dikwels op die politieke verhoog tot openbaring kom, ondermyn die ampsgeborgenheid van die burgers. Die staat het behoefte aan owerheidsfunksionarisse en ampsdraers wat intellektueel opgewasse vir hulle taak is. In hierdie opsig behoort hoër onderwysin=rigtings deur die owerheid finansieel ondersteun te word ten einde in hierdie belangrike behoefte te voorsien. 'n Staat wat toelaat dat intellektuele slawe en kinders hulle leiers word, gaan sy eie ondergang tegemoet. Daarteenoor leer die Woord:

"'n Wyse man is sterk, en 'n man van kennis ontwikkel krag." (Spr. 24:5).

Ampsgeborgenheid, vanuit die analitiese gewaarborg, is dus ook onontbeerlik vir alsydige en volledige taak- en roepingsvervulling.

6.3.3.8 Die Organiseerbaarheid (of kultiveerbaarheid) van die skepping

Wat hierdie modaliteit betref, is daar groot verskille tussen denkers uit Calvinistiese kring. Dooyeweerd noem dit die historiese modus van bestaan; Vollen= hoven is oortuig dat die historiese nie een van die funksies van die skepping kan wees nie en praat van modale mag wat tradisie en tegniek insluit. Soos reeds daarop gewys word die historiese deur Stoker by die modaliteite weggeneem en hy sien dit as die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. L.M. du Plessis sluit in 'n mate by Dooyeweerd aan, maar lê die klem swaarder op kultuurvorming. Hy noem dit die kultuurmodaliteit.[28] Taljaard praat van die organi= seerbaarheid van die skepping wat van die genetisi= teit (as basiese kenmerk) daarvan onderskei moet word. Hy sluit nouer aan by Vollenhoven en sê in hierdie verband: "In organizing what is organizable technique plays an important part. We organize something for a specific purpose in a specific way, depending on what our aim to achieve is."[29] Vir hierdie siening gaan hy terug na die oorspronklike opdrag en volmag wat God aan die mens gegee het om die skepping beheersend te vorm. Dit is uiteraard

'n HARTE-AKTIWITEIT wat nie vereng mag word tot een modale bepaaldheid nie. "Man's formative instruc=tion includes creation in its entirety and cannot be reduced to a modal sphere" aldus Taljaard.[30] Hiermee wil Taljaard aandui dat "vorming of kultuur" prefunksioneel is en die opdrag aan die mens in die Paradys impliseer dus 'n harte-aktiwiteit is en daarom nie as 'n modale bepaaldheid van die aardsge=skape realiteit beskou kan word nie. Vandaar die soeke in die aardse skepsel na 'n modus van bestaan wat tot uitdrukking gebring moet word en die vinde van so 'n modus in die skepsel se organiseerbaar=heid.

Die begrip "organiseerbaarheid" van die skepping is m.i. egter te eng om hierdie modale bepaaldheid van die skepping te benoem, veral as ons teruggaan na "man's formative instruction (which) includes creation in its entirety". Dit lê reeds in hierdie begrippe self om na 'n meer dekkende begrip te soek. Ek vind dit in die begrip kultiveerbaarheid of bewerkbaarheid van die skepping. Die ganse skepping het hierdie aspek van kultiveerbaarheid of bewerk=baarheid (wat die organiseerbaarheid daarvan omvat en insluit). Kultivering word dan in sy wydste betekenis verstaan van omvorming van "die natuur" tot "kultuur". Dit kan op allerlei wyses met allerlei middele geskied bv. deur wetenskap, tegniek e.d.m. Dit het altyd 'n bepaalde resultaat nl. kultuurprodukte of kultuurverbande. Dit gaan terug

a God se oorspronklike skeppingsopdrag in die begin (sy kultuuropdrag)

b die moontlikheid wat God in sy skepping gelê het: die kultiveerbaarheid (w.o. organiseer=baarheid) daarvan

c die vermoë en toerusting van die mens as bondeling en trustee van God aan wie die opdrag en volmag gegee is om te kultiveer.

Daar is streng gesproke vele kultuurarbeid wat nie onder die term organiseer tuisgebring kan word nie, terwyl kultiveer alle vormende en organiserende aktiwiteit dek (bv. die vervaardiging van allerlei gebruiksvoorwerpe, konstruksiewerke, wetenskaplike-arbeid, organisering van menslike instellings e.d.m.). Volgens Taljaard staaf dit egter sy argument dat kultiveerbaarheid nie 'n modus of synswyse kan wees nie - dit is ruimer as om in 'n modaliteit vereng te word.

Indien dit egter nie was vir die <u>kultiveerbaarheid</u> van die skepping nie sou die mens geeneen van hierdie dinge kon doen en die gewensde resultate behaal het nie. Die opdrag van God om te kultiveer apelleer dus op die kultiveerheid van die skepping en vica versa. Daar moet dus vir die mens "iets voor hande" wees om sy kultiveringsarbeid te verrig anders sou die mens skepper in eie reg gewees het, wat nie die geval is nie. Boonop is die voorhandene kultiveerbaar en dit spreek as 't ware die mens aan. Tesame met Gods opdrag plus die toerusting (verstand

en wil) wat Hy aan die mens gegee het word die mens tot sy kultuurarbeid beweeg en in staat gestel. Hierdie arbeid kan deur die mens gehoorsaam (norma=tief) of ongehoorsaam (anti-normatief) gedoen word al na gelang die mens ooreenkomstig of strydig met Gods wet kultiveer. Sy kultiveringsarbeid is dus steeds religieus bepaald.

Keer ons nou terug na die funksionering van hierdie modaliteit in staatsverband moet opgemerk word dat die kultivering hier allereers die karakter van organisering, positivering en konkretisering aanneem, maar ook meer as dit is. Die opdrag sowel as die moontlikheid tot staatsvorming en staatsorganisasie is met die skepping gegee. As menslike instelling is die staat 'n bepaalde organisasie of lewensorde=ning van owerheid en onderdane op 'n bepaalde be=grensde grondgebied. Die nasionale lê die eiesoortige staatsmagvorming bloot in die tradisionele monopolie oor die swaardmag op sy begrensde nasionale territo=rium. Die klem val by hierdie modaliteit op die organisering van die swaardmag. Hommes[31] wys egter daarop dat die staat oor allerlei vorme van kultuur=historiese mag beskik en nie net oor die swaardmag nie. In sy totaliteit funksioneer hierdie modaliteit dus in staatsverband as nasionale kultuurmagsvorming. Die monopolisering van die swaardmag op die staats=territorium is daarop gemik om elke opstand of revolusie wat hierdie strewe deurkruis neer te slaan.

6.3.3.9 Die Linguale (benoembaarheid van die skepping)

Tesame met God se kultuuropdrag aan die mens het Hy hom ook opdrag gegee om die diere name te gee. Dit veronderstel analise en onderskeiding, maar dit veronderstel ook die benoembaarheid van die skepseldinge. "Words and their meanings which indicate something always direct our attention to what is indicated by them; they direct our attention to concrete created reality".[32]

Die linguale modaliteit funksioneer in die staats= verband as nasionale simbole en nasionale en inter= nasionale simboliese tekens en taal. Hierby kom ook nog, wat die juridiese betref, die linguale ekspressie en artikulering van regsnorme in regstaal en regs= begrippe waarsonder dit geen regskrag kan hê nie (bv. publikasie en proklamasie in die staatskoerant.[33] Strauss praat in hierdie verband van simbole van die owerheid se regsheerskappy - die volkslied, die nasionale vlag en staatlike eretekens wat almal voorbeelde is van staatlike heerskappy betekening. "Daarom moet ons al hierdie staatlike heerskapsim= bole in nederige eerbied bejeën...skending van die vlag, wangedrag teenoor die volkslied ens. is telkens aantasting van ons staatkundige eer en daarom anti-normatief. Dit beledig die heerskap= simbole van die owerheid en daardeur is dit ook dade van staatsveragting."[34]

Die linguale speel verder 'n baie belangrike rol in interne en eksterne kommunikasie. 'n Owerheid wat

sy burgers wil lei en 'n burgery wat sy owerheid wil steun en kontroleer moet oop kommunikasiekanale na mekaar toe hê anders tree vervreemding en ver= brokkeling in die nasionale eenheid in. Die owerheid moet dus kanale vir normatiewe kommunikasie op nasionale vlak skep waardeur die ampsgeborgenheid ewe-eens gewaarborg kan word. Dit geld uiteraard ook wat betref die internasionale of interstaatlike kommunikasiekanale op diplomatieke vlak. Wat die Koninkryksperspektief betref figureer die linguale in die getuienis-gestalte wat op dadige en simboliese wyse sy uitdrukking vind in hierdie wêreld.

6.3.3.10 Die Sosiale (omgang)

In verband met die sosiale word o.a. deur Taljaard gewys op die feit dat die sosiale aspek soms ver= keerdelik vereenselwig word met die universaliteit en dan gekontrasteer word met indiwidualiteit. Op hierdie wyse kry ons die uitdrukking "sosiale en indiwiduele" en dan word die konkretisering van samelewingsverbande vereenselwig met die sosiale aspek van die werklikheid.

Dit gee ook aanleiding tot die spanning tussen Liberalisme en Sosialisme in soverre dit die wel= vaartstaat betref, wat 'n poging is om die spanning tussen indiwidu en verband te verlig. Die sosiale aspek is egter 'n modus van bestaan en dui op die moontlikheid van gemeenskap of van omgang. "In human life it can be seen in different forms of communal life to which authority and deference are

basic requirements. Communal life has authority and deference as a sine qua non on account of its participating in the social modality, being an inter-individual intercourse of human beings".[35]

Die sosiale modaliteit funksioneer in die staat as nasionale omgang en die sosiale omgangsaspek kom tot openbaring in goeie omgangsvorme op sowel nasio=nale as internasionale vlak. Allerlei vorme figureer hier soos bv. van protokol, hoflikheid, fatsoenlik=heid, etiket, takt, konvensie, konkrete gedragswyses wat verband hou met sedes, gebruike, tradisie e.d.m. wat eerbiedig moet word. Verder is daar die regs=omgang tussen owerheid en onderdane soos dit tot openbaring kom in die geregshofprosedure, die besoek van die balju, die speurder of polisie-amptenaar. "Dit is beslis nie so iets soos geloofsomgang of liefdesomgang ens. nie. Dink ook aan die inter-staatlike omgang - gesante, diplomate en gevolmagtig=des o.m. en aan oorlog, 'n swaardmagomgang sonder die minste sosiale geselligheid."[36]

Sosiale omgang bring mense naby aan mekaar en laat hulle gemeenskap, solidariteit en eenheid ervaar. Dit sluit meer in as linguale kommunikasie. Op nasionale vlak moet die omgangsnorme gekonkretiseer word in kanale wat oop is tussen owerheid en onder=dane en burgers onderling. Die onderdane moet hulle owerheid nie ervaar as ver en onbereikbaar nie en die owerheidsamp (soos bv. dié van minister en volksraadslid) moet oop wees na elke kieser of

burger wat met reg ampsbediening teenoor hom kan verwag. Hierdie ampsbediening moet in nasionale belang wees en nie seksionele politieke belang nie. Die verteenwoordiger van 'n kiesafdeling moet aan al sy kiesers verslag doen - ook teenoor hulle wat vir 'n ander kandidaat (wat uitgeval het) gestem het. Hierdie vorm van sosiale omgang is noodaaklik om ook die ampsgeborgenheid van minderheidsgroepe of kiesers aan die opposisiekant te waarborg. Die amp self is nie 'n politieke amp nie, maar 'n staats- of owerheidsamp en as sodanig bo politieke verdeling, politieke kleinlikhede, twis en rusie verhewe. Die owerheidsamp het sy gesag, mag, waar= digheid en ampsinhoud nie van die kiesers of burgers ontvang nie, maar van die soewereine God wat die bestaan van die staat in Sy hand hou. Daarom moet die ampsomgang tussen owerheid en onderdaan norma= tief wees. Hommes verbind die omgangsreëls met die beginsel: "alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen net so moet julle aan hulle ook doen..."[37] Dit word dus aan die naasteliefde, die tweede tafel van die wet genormeer, en die tweede tafel word weer in onlosmaaklike verband met die eerste en groot gebod van liefde tot God gelees. Op die wyse word 'n tipies humanistiese interpretasie van hierdie beginsel by die wortel afgesny. Dit verseker ampsgeborgenheid en amps- en roepingsvervulling.

6.3.3.11 Die Ekonomiese (huishouding)

Volgens Taljaard moet ons i.v.m. die ekonomiese

binne staatsverband praat van staatshuishouding. Hy toon aan in watter belangrike opsigte die staatshuishouding verskil van die ekonomiese huishoudings van ander samelewingsverbande. Die staat mag nooit 'n bedryf word of die staatsmag gereduseer word tot ekonomiese mag in 'n welvaartstaat nie. So 'n staat het sy oorspronklike karakter ingeboet. "Priority number one in state life is guarding the lives of the citizens...The question remains as to whether a state should partake in activities such as mining, farming, industrial life, manufacturing, broadcasting and television, postal services and railroad affairs, etc."[38] Hy vind dit in stryd met die opdrag dat die mens deur arbeid in die sweet van sy aangesig sy brood moet verdien. Die aangewese weg vir die staatshuishouding is deur belastingheffing. (Dit kan ewe-eens na die Skrif teruggevoer word. Die burger moet aan die keiser gee wat hom toekom; belasting aan die wat belasting, tol aan die tol en eer aan die wat eer toekom. Rom. 13:6 & 7.)

Strauss wys egter daarop dat staatsbelastings en boetes die burgers nie mag uitmergel om die staatskas te verryk nie. Die motief van die staatshuishouding is nie 'n winsmotief nie, maar die staatsbegroting werk met 'n oorskot of 'n tekort. "Oorskotte word in algemene belang terugbestee... en tekorte word aangevul uit verhoogde belastings (of staatslenings ens.), ewe-eens altyd in algemene belang."[39]

Die algemene belang waarvan hier sprake is, kan beter beskrywe word as nasionale belang met die oog op die waarborg van die ampsgeborgenheid van die burgers. Die nasionale ekonomiese huishouding mag nie inbreuk maak op die ekonomiese sekuriteit (ampsgeborgenheid) van die burger nie. Die burger kan nooit met die owerheid op ekonomiese gebied meeding nie. Dit bring 'n noodwendige polarisasie tussen owerheidsbelang en burgerlike belang en verdeel die staatseenheid. Dit kan lei tot die ondergang van die staat en gevolglike opheffing van die ge= borgenheid van die burgers. Die owerheid moet juis kragtens sy eie ampsroeping die ampsgeborgen= heid van die burgers waarborg en so die eenheid en harmonie verseker.

6.3.3.12 Die Estetiese (simboliseerbare)

Onder die vorige modaliteit is reeds die belangrik= heid van harmonie in staatsbelange (owerheid en onderdane belange) aangeraak. Die estetiese modali= teit funksioneer op staatsterrein as nasionale orde en harmonie tussen 'n menigvuldigheid van allerlei belange. Dit is met name ook die owerheidstaak om hierdie orde te reël d.m.v. reëls, regulasies en wetgewing. Volgens Strauss moet "owerheid en onderdaan hulle (kan) verbly in die skone harmonie van die veelvuldige regsbelange".[40]

Die belangrikheid van harmonie en orde op die staatsterrein word o.a. deur A.M. Donner[41], H.G. Stoker[42], en L.J. du Plessis[43] sterk beklemtoon.

Stoker praat van 'n inter- en intra-orde. L.J. du Plessis grens hierdie staatlike ordereëling af deur dit te verbind met, wat hy noem, die twee wesens=kenmerke van die reg nl. samelewingsordening en die vergelding wat daaraan gekoppel is.

Harmonie en orde op staatsterrein is belangrik met die oog op bewaring van die eenheid van die staat as eiesoortige verband. Dit is onmisbaar vir die ampsgeborgenheid van die burgers (sowel as ander samelewingsverbande) en dit is op internasionale of interstaatlike vlak net so belangrik vir ware amps=vervulling. Gesien vanuit die oogpunt van die eie=soortigheid van die staat is nasionale harmonie meer as net juridiese harmonie of eweredigheid[44] en sluit eersgenoemde laasgenoemde reeds in.

Taljaard sluit vir sy beskouing oor die sg. estetiese aan by Calvin Seerveld soos hy sy standpunt ont=wikkel het in sy werk: A Christian critique of Art and Literature. Die term "Esteties" dui vir hom reeds op 'n gerealiseerde waarde nl. mooiheid of skoonheid. Waarde is egter een van die basiese kernmerke van die skepping soos hierbo uiteengesit. (IV.5) en gevolglik vra hy na 'n juister benoeming van hierdie modaliteit. "I think it is quite evident that the so-called aesthetic modality tries to direct our attention to the symbolizability of earthly creation. But then it is also evident that everything in earthly creation, including the beautiful and the ugly, is symbolizable and that

man possesses the ability, some more and some less, to symbolize it."[45]

In die staat sal hierdie modaliteit in so 'n geval funksioneer in iets soos nasionale styl en nasionale gesagsimbole. Dit figureer in die staatslewe by amptelike geleenthede waar besondere plegtigheid en waardigheid die uitdrukking van die nasionale styl, tradisie, kultuur en smaak is.

### 6.3.3.13 Die Juridiese (Die Reguleerbare)

Dooyeweerd c.s. het veel aandag aan die juridiese gegee as die leidende en bestemmingsfunksie van die staat. Hy het die sinkern van die juridiese gevind in die juridiese aspek van vergelding. Hiermee het hy die juridiese wyse van die bestaan van die skepping aangedui. Taljaard is egter van mening dat vergelding die sondeval reeds veronderstel omdat dit die konnotasie van "wreek" het (die kwaad te wreek of te vergeld). Verder is dit nou verbind met die mens as 'n tipies- menslike aktiwiteit. Dit moet 'n modus van bestaan van die hele skepping wees: "Personally I am looking for something before the fall into sin, which is to be found in creation as a whole. I find it in creation being regulable and man's ability to regulate things. This supplies us with a world of regulations."[46] Reëls en regu= lasies verskil by elke samelewingsverband ooreen= komstig die eiesoortigheid van die verband en dit is die prerogatief van elke eiesoortige gesagsinstan= sie om reëls en regulasies vir sy eie terrein te

maak. Positivering van wette is dus nie die prerogatief van die staatsowerheid alleen nie.

Staatswette verskil egter van die wette en reëls van anderssoortige verbande daarin dat aan die staat die monopolie van die swaardmag toevertrou is om sy wette, reëls en regulasies op eiesoortige wyse af te dwing. Hier word gedink aan staatsboetes, tronkstraf en doodstraf. Hierdie modaliteit funksioneer in die staat as nasionale geregtigheid. Die owerheid is geroepe om die sentrale religieuse liefdesgebod onder leiding van die ontiese wet vir die staat so te positiveer dat die geregtigheidslewe van die staat langs die weg van die reëls en regulasies (as kanale) tot openbaring kan kom m.a.w. die burgers moet hulle kan voeg in regverdige instellings en deur gehoorsaamheid aan die gepositiveerde wette moet hulle meteens gestalte gee aan gehoorsaamheid aan Gods wet.

6.3.3.14 Die Etiese (betroubaarheid)

Die etiese funksioneer in die staat as nasionale liefde en nasionale trou. Dit beteken dat owerheid en burger so iets soos vaderlandsliefde, trou en lojaliteit teenoor sy eie staat en nasionale belange ken en ervaar. Dit is voorwaar 'n sine qua non vir staatwees. Iemand soos Joseph Frankel sê in hierdie verband "no alternative to one's own national interest is conceivable as a general guide to state activities. If a statesman were to give his allegiance to the national interest of

another country this would be treason, and treason is extremely rare at the very top level of authority. If his first loyalty were to an international organization rather than to his own state he would be unlikely to rise to a position in which foreign policy decisions are made...the stateman's first duty is clearly to his state."[47]

Volgens Du Plessis is die wesenskenmerk van die etiese: vrywillige verantwoordelikstelling[48] wat normmatigheid, gesindheid en betroubaarheid (of trou) impliseer.[49] Dit hou in dat ampsdraers in die staat hulle vrywilliglik verantwoordelik moet stel om op 'n normmatige wyse die regsnorme vir die staat te positiveer en dit vrywillig (dus met die regte gesindheid) te gehoorsaam uit ware trou aan die nasionale belang. Dit alles om die geregtigheidslewe te kanaliseer as 'n dadige ge= hoorsaamheidslewe aan die wet van God.

Hierteenoor sê Taljaard dat indien ons by die etiese 'n modus van bestaan eie aan die ganse skepping moet vind (en nie net by die mens nie) kan die idee van liefde in menslike betrekkinge nie die sinkern van die etiese wees nie, maar eerder betroubaarheid. "The ethical mode of existence directs our attention towards the trustworthiness of concrete created reality. It is said of man that he is God's trustee in creation. This can be so because the aspect of trustworthiness is to be found in creation."[50]

Hy verwys by wyse van voorbeelde na die betroubaar=heid van goud as monetêre sisteem en die betroubaar=heid van die hond wat hom kwalifiseer as goeie waghond. In die staat sal ons gevolglik nasionale betroubaarheid aantref bv. as vennoot in internasio=nale verbonde en ooreenkomste. Betroubaarheid dui op 'n bepaalde vastheid, konstantheid en 'n geblykbly aan jouself wat inhou dat daar op jou gereken, gesteun en vertrou kan word. Dit is die etiese verhouding tussen owerheid en onderdaan wedersyds asook tussen burgers wedersyds en dit waarborg staats- of nasionale stabiliteit. 'n Belangrike en waardevolle faset van ampsgeborgen=heid word dus deur hierdie gesigspunt na vore gebring. Dit kan m.i. gehandhaaf word.

6.3.3.15 Die Pistiese (waarheid)

Dooyeweerd noem hierdie modaliteit die pistiese waarvan die sinkern vir hom transendentale sekerheid op grond van God se Woordopenbaring is. Vollenhoven praat van die mens se aktiewe geloof, maar beide hierdie beskouinge kan nie kwalifiseer as 'n bestaanswyse of modus van die geskape werklikheid nie. In hierdie verband is Taljaard se oplossing "that one should look in the direction of solidity, in the sense of loyalty or truthfulness. This modality, I think, expresses the ontic trueness to be found in concrete created reality."[51]

Ter inleiding is reeds daarop gewys dat die skepping as gehoorsaamheidsgestalte van God se skeppingswoord

ook 'n waarheidsgestalte is, m.a.w. dit is wat God dit wou gehad het. "Die hemele vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande" (Ps. 19:2) en hulle verkondig die waarheid. God se skeppingswerke is 'n betroubare bron van kennis omdat God se ewige krag en goddelikheid ook in sy werke duidelik gesien en verstaan kan word (Rom. 1:20 &21). Maar die skeppingswerke openbaar ook die waarheid aangaande sigself nl. aangaande die bepaalde wette of wetmatigheid waarvolgens dit bestaan en funksioneer. Dog die vaste grond vir alle sekerheid is in God self en in Sy Woord (Wet) te vinde. Hyself is die grond vir die mens se vertroue, selfs vir die afvallige geloof wat die wet losmaak van die Wetgewer. Dit wil my dus voorkom dat Taljaard hier gelyk het.

In staatsverband kry ons dus te doen met so iets soos nasionale sekerheid en vertroue wat bestaan tussen owerheid en onderdaan, veral daar waar die wet van God fundamenteel geag word vir die reëling van die hele nasionale bestaan van die staat. Dit beteken dat die burgers die soewereiniteit van God erken, dat dit beliggaam is in die Grondwet sowel as in die gepositiveerde wette en op die wyse kry die staat 'n heenwysende karakter na God Drie-enig wat die beskikker is oor die lotgevalle van volkere en nasies. Die geloofsvertroue van die burgers is dus nie op die staat as hulle burg gerig nie, maar in God self wat die waarborg vir

hulle burg as sodanig is. ("n Vaste burg is onse God!") Hulle glo en weet dat God oor die grense en tye van hulle staat se bestaan beskik en dat sy bestaan ten diepste rus in die hand van God. Die enigste onwankelbare ampsgeborgenheid tot ware roepingsvervulling word in hierdie vertroue ervaar.

## HOOFSTUK V

## STAATSTAAK

### 1 STAATSTAAK EN OWERHEIDSTAAK

Die eerste vraag waaraan onder hierdie afdeling aandag geskenk moet word, is of daar van 'n staatstaak of dan wel slegs van 'n owerheidstaak gepraat moet word. Volgens Wessels[1] is dit verkieslik om van owerheidstaak te praat omdat andersinds te kort gedoen word aan die goddelike instelling van die owerheid soos Romeine 13 dit ten beste illustreer. Hy beroep hom hiervoor o.a. op A. Kuyper[2] en sê verder: "Daarmee beland diesulkes in die gangbare depersonalisasie van die owerheidsamp. 'n Ontvlugting van die ampsverantwoordelikheid en 'n ver=skansing agter 'n onpersoonlike owerheid, waarin die ware taak van die Christen as priester, profeet en koning geensins verreken word nie."[3] Die klem val by hom op die owerheidspersoon wat as owerheidsampsdraer ook in die amp van die gelowige staan (dus as priester, profeet en koning) en as sodanig geroepe is om sy Christelike roeping in die owerheidsamp uit te voer. Hierdie klem verbind hy met "die geheel-taak" (ter aanvulling van die "algemene taak") van die owerheid terwyl eersgenoemde ook verband hou met die beskawings=mondigheid van die burgery. "Juis hierdie geheel-taak van die owerheidspersoon wat in die amp van die gelowige staan, maak 'n vasstelling van die geldingsgebied van 'n owerheidstaak vir alle tye onmoontlik en onwenslik, want veel sal hier afhang van die beskawings- en ont=wikkelingspeil van die burgery, maar ook van die heersende

religieuse koers, en laaste maar nie die minste nie, die religieuse ingesteldheid van die owerheidspersoon self en sy toegewydheid aan sy amp."[4]

Om Wessels se siening in hierdie verband verder te illus= treer verwys ek ook na sy kritiek op Polet[5] se standpunt nl. dat die staat hom nie mag bemoei met sake wat nie streng bepaal word deur sy eie struktuur as publieke regsgemeenskap nie omdat dit 'n oortreding van die beginsel van soewereiniteit in eie kring is. Volgens Polet word die Christelikheid van 'n staat tradisioneel gesien as geleë in die ordening van die openbare lewe in kerklike gees bv. om vir sy burgers 'n reëling te tref wat betref die onderhouding van die Sondag (of Sabbat) - iets wat (volgens Polet) tot die s.i.e.k. van die gesin behoort. Hierdie soort reëling stam volgens Polet uit 'n antiek-heidense opvatting van die staat as "die-gehele-lewe-beheersende-grootheid". Hy meen gevolglik dat die staat wat onderwys, kleding, Sondagviering of die pers in 'n bepaalde, al is dit ook 'n Christelike rigting, wil stuur, 'n staat is wat hom van die ordinan= sies van God onttrek het.

Hierdie opvatting van Polet wyt Wessels aan 'n siening van die staat as 'n onpersoonlike mag waarin die owerheids= persoon, wat ten diepste deur die keuse van sy hart bepaal word, nie verreken is nie. Hy vra: "Is die stelling ook waar van die owerheidspersoon as geroepene van God?"[6] Hy meen dat Polet se aanwending van die beginsel van s.i.e.k. alleen korrek sou wees "in die geheel-taak-konsepsie van die owerheidspersoon as

geroepene, veral wanneer beskawingsverval en burgeronmondigheid dreig. Dit alleen sou reg laat geskied aan die alsydige vervlegting van staat en nie-staat in die menslike lewe, die raakpunte tussen owerheidsamp en ander ampte, asook die vervlegtheid van die owerheidstaak en die geheeltaak van die mens as geroepene van die Allerhoogste."[7]

Wessels se redenasie waarom nie van 'n staatstaak gepraat behoort te word nie, maar alleen van 'n owerheidstaak, gaan m.i. nie op nie. In sy eie opvatting is dit ook nie noodsaaklik nie. Trouens, die feit dat hy die persoonlike geroepenheid en persoonlike verantwoordelikheid van die owerheidspersoon beklemtoon en dit in verband bring met beskawingsontwikkeling en die mondigheid van die burgery vir die wyse waarop hy sy taak gaan uitvoer, is baie belangrik en moet as 'n winspunt aangemerk word. Die staat bestaan egter nie net uit 'n owerheid nie, maar ook uit onderdane. Om slegs van 'n owerheidstaak te praat, laat die staat in die owerheid opgaan of dan hoogstens in sy eie gesagstruktuur terwyl onderdaan-gehoorsaamheid of roepingsvervulling deur die onderdane nêrens in die prent gebring word nie. Die klem val dus grootliks slegs op die institusionalisering van die lewe van die burgers terwyl die geinstitusionaliseerde geregtigheidslewe van die staat nie aandag ontvang nie. Hierdie feit beklemtoon weer op sy beurt die feit dat die owerheidstaak streng juridies gekwalifiseerd is wat beteken dat die staat grootliks tot sy owerheid herlei word en die owerheidstaak soseer juridies gekwalifiseer word dat die owerheidstaak in die institusionalisering (wetgewing, regspraak en wetstoepassing) van die lewe van sy onderdane

opgaan. Dan kan 'n mens verstaan dat daar 'n uitweg gesoek moet word vir die a-tipiese of geheeltaak van die owerheid ten einde vele ander aktiwiteite (behalwe die streng juridies gekwalifiseerde) te akkomodeer.

Dit word by Wessels o.a. gevind in die persoonlike geroepen=heid en verantwoordelikheid van die owerheidspersoon as gelowige (d.w.s. staande in die drievoudige amp van profeet, priester en koning) en die besondere tyd, milieu, omstandighede (soos burgermondigheid of -onmondigheid, gedifferensieerdheid van die samelewing, selfdoen van die burgers en dergelike faktore). Indien hierdie twee groot faktore ten opsigte van mekaar verreken word, bepaal dit die omvang van die "geheel-taak" of "a-tipiese" taak van die owerheid.

Hierby moet 'n paar opmerkings gemaak word.

Allereers dat tyd, omstandighede en behoeftes wat saamhang met die beskawingsontwikkeling, mondigheid, en selfdoen van die burgers (wat op sy beurt aanleiding gee tot die divergering van eiesoortige lewensverbande) besliste invloed sal uitoefen op die owerheidstaak. Die staat vind immers sy bevoegdheidsgrense (behalwe in sy eie ontiese wet) ook teen die eiesoortigheid (of ontiese wette) van ander gekonkretiseerde lewensverbande. Dit spreek dus vanself dat die owerheidstaak (wat 'n eiesoor=tige reëlingstaak vir die staatsverband en staatsgebied is) beperk sal word deur 'n groot diversiteit van ver=bandslewe op sy grondgebied. Die teenoorgestelde is egter nie sonder nadere kwalifisering waar nie, m.a.w. waar hierdie divergering nog nie plaasgevind het nie, wil

dit nie sê dat die owerheid alles mag doen en die ganse lewe van die mense op sy grondgebied (ook prefunksioneel) mag oorheers nie. Die vernaamste aanduiding van eie be= voegdheid is immers nie die bevoegdheid van ander eiesoor= tige verbande nie, maar die eiesoortige bevoegdheid volgens eie ontiese wet.

Burgermondigheid en beskawingsontwikkeling moet volgens bogenoemde betekenis inderdaad ontwikkel en aangemoedig word, maar dan nie gekontrasteer of teoreties gestel teenoor die owerheid nie, want die owerheidspersone of ampsdraers is in die eerste plek ook burgers, maar nou as burgers ampsbekleërs. Owerheid staan teenoor onderdane in die gesag-ontsag korrelasie en nie teenoor burgers nie. Burgers dui op die staatwees van die staat en nie op die onderdaanwees binne die gesagstruktuur van die staat nie. Daar moet dus duidelik onderskei word tussen die verband en die gesagstruktuur van die verband sodat gesagstruktuur nie teoreties in die verband opgaan en daarmee so vereenselwig word dat dit saamval of identiek geag word nie. In so 'n geval kan 'n mens insien waarom bv. net van owerheidstaak gepraat word wanneer oor die staat gehandel word.

'n Laaste opmerking in bogenoemde verband raak die vraag of die owerheidspersoon in die owerheidsamp kragtens sy amp as gelowige (priester, profeet en koning) geroepe is om sy owerheidsamp "goed" uit te voer of kragtens die owerheids-amp self. Dit gaan hier nie om 'n tweedeling van die persoon nie, dit gaan om die onderskeiding van ampte van dieselfde persoon as religieuse wese. Nou is dit

hier inderdaad 'n moeilike onderskeiding en een wat miskien nie maklik gesnap sal kan word nie. Dit skyn asof die geroepenheid van die owerheidspersoon (volgens Wessels) binne 'n bepaalde tydsgewrig omstandighede, behoeftes, beskawings-ontwikkeling e.d.m. afhanklik gemaak word van die amp van die gelowige. Eenvoudig gestel: Moet die owerheidspersoon onder bepaalde omstandighede (of alle omstandighede?) vra: Wat vra God van my as gelowige (profeet, priester, en koning) om nou hier te doen of wat vra God van my as Staatspresident, eerste minister, minister of L V om nou hier te doen? Miskien sal die antwoord kan wees dat God dit in elk geval van my as gelowige owerheidsampsdraer vra, maar dit is nie die moeilikheid waarom dit gaan in Wessels se gesprek met Polet waarna hierbo verwys is nie. Hy gooi immers Polet se probleem dat staatsake op staats-wyse verrig moet word (en nie op kerk-wyse) nie oor die boeg van: maar as die owerheidsampsdraer nou 'n gelowige is, wat sal hy dan doen i.v.m. Sondagsheiliging e.d.m.? Met ander woorde hy verskuif die beslissings - motivering van die owerheidsamp na die amp van die algemene priesterskap van die gelowige en dit is presies wat Polet (m.i.) bedoel as hy sê dat die openbare lewe (staatslewe) dikwels in "kerklike gees" gereël word. Die antwoord skyn hierop te wees dat die owerheidsamp, wat sy instelling, verant=woordelikheid en taak betref direk val onder die absolute soewereiniteit van God Drie-enig. Wie egter soewereiniteit sê, sê meteens ook: WET. Die owerheidspersoon moet dus kragtens sy eie amp as gesagsdraer in die staatsverband vra: Wat wil God hê moet ek as owerheidsampsdraer doen?

Sy beslissing moet in "staatsgees" op "staatlike wyse" geskied d.w.s. volgens die eiesoortigheid van die verband waarin hy 'n gesagsdraer is. Die een amp moet nie deur 'n ander amp met sy inhoud gevul word nie. Elke amp moet kragtens eie Goddelike instelling en geroepenheid d.w.s. volgens eie ontiese wet fungeer, anders kry ons weer 'n valse dualisme tussen owerheidsamp wat uiteraard net sekulêr kan wees en "kerklike" amp (of amp van gelowige) wat alleen heilig kan wees. Of sou Wessels die amp van gelowige fundamenteel wil maak vir alle ander ampte? In kort kom dit daarop neer dat ook die ongelowige owerheidspersoon Gode-subjek en wetsubjek is en gevolglik gebonde en onderworpe is aan die soewereine God en Sy wet. Daar is dus selfs vir die "ongelowige" owerheids=ampsdraer geen verskoning en geen ontvlugting nie. Hy sal as ampskender aangemerk staan terwyl die gelowige wat vra na Gods wil vir die uitvoering van sy owerheids=amp ten minste sy verantwoordelikheid en roeping as owerheidsampsdraer in geloofsgehoorsaamheid benader. Die bedoeling is juis om die ganse staatslewe vanuit sy eie ontiese Godgegewe wet te heilig tot diens aan God. Die staatslewe sal dus 'n eiesoortige gehoorsaamheidslewe (in onderskeiding met alle anderssoortige verbande (of mense))wees. Ons wil met laasgenoemde opmerking ook die mens van die staat en die staat van die mens onderskei en nie die mens 'n staat laat word of die staat 'n mens nie! Staatlike of dan ook burgerlike gehoorsaamheid plaas die klem op die eiesoortige gehoorsaamheid van die (mens as) <u>burger</u> binne die staatsverband en die mens

as <u>burger</u> is weer te onderskei van die owerheid (wat korrelaat met onderdaan is) of owerheidsampsbekleër. Wie burger sê, sê staat en wie staat sê, sê burger. As ons dus praat van die burgerlike gehoorsaamheidslewe is dit veel meer as wat onder "owerheidstaak" bedoel word. In die sin word gevolglik van beide <u>owerheidstaak</u> sowel as <u>staatstaak</u> gepraat en word eersgenoemde deur laasgenoemde ingesluit.

Dit moet uit bogenoemde opmerkings duidelik wees dat om van "die staatstaak" te praat nie noodwendig beteken dat die staat en owerheid gedepersonaliseer sou word of selfs losgemaak sou word van die goddelike instelling daarvan nie. Die doel is juis om die staatsverband in sy geheel (en nie net die owerheid nie) aan die wet van God te bind. Beide die institusionaliserende sowel as geinstitusionaliseerde lewe van die staat moet 'n gehoorsaamheidslewe in diens van God wees. Volgens die strekking van Polet se opmerking waarna hierbo verwys is, moet die staat self as eiesoortige verband nooit aan die ordinansies van God onttrek word om sy ampsvervulling op 'n nie-staatlike hoewel "Christelike" wyse te doen nie.

## 2 <u>BEGRENSING VAN DIE OWERHEIDSTAAK IN DIE KRING VAN DIE W d W</u>

Die behoefte aan begrensing van die owerheidstaak word groter namate die tendens tot staats- totalitarisme en sosialisme toeneem. "Met behulp van wetenskap en tegniek word die wiekslag van die owerheidstaak alomvattend gemaak en die daarmee gepaardgaande ordening, beplanning, kontrolering, dissipline, kollektivering en nivellering

van alle lewensvorme roep 'n geestesgesteldheid by die mensheid na vore, wat sig openbaar "als een plaatsmaken van de mens die zekerheid vraagt en verantwoordelikheid overdraagt".[8] Ten diepste gaan dit egter alles om 'n konsentrasie van bevoegdhede en verantwoordelikhede wat die burgery verloor na gelang die owerheid sy ekspansiesug uitbrei van die politieke na die ekonomiese terrein en vandaar na alle ander terreine. Wie deur normloosheid aangetas is, weet uiteindelik nie meer waar die grense van welvoeglikheid lê nie. Hierdie stelling is mutatis mutandis ook op staatkundige terrein waar."[9]

Aan die wortel van hierdie verskynsel (veral wat die sg. Christelike Westerse nasies betref) lê nie altyd slegs die verskynsel van owerheidsbemoeiing en kwaadwillige owerheidsoorheersing nie, maar dikwels ook 'n degenerasie en erosie van burgermondigheid en burgerverantwoordelikheid. 'n Burgery wat losgeslaan is van sy geloofsfondamente en in die normloosheid van 'n permissiewe gees en gevolglik in die anti-normatiwiteit van 'n bandelose lewe verval het, mis die vermoë om selfstandig en verantwoordelik op te tree en verlang alleen dat hulle sorge weggeneem en aan hulle bestaansekerheid, welvaart en weelde deur 'n allesomvattende staat verskaf moet word. Dit is volgens van Riessen die milieu van die massamens.[10] Die probleem kan dus nie slegs teoreties opgelos word deur die prinsipiële begrensing van die owerheidstaak nie, maar is basies daarin geleë dat die burgery moet ontwaak en opgevoed word tot aanvaarding van hulle verantwoordelikheid as mondige burgers.

In hierdie verband betoog Polet dat die vervallendheid in die eksistensiefilosofie o.a. die oorsaak is van in-sinking. Die mens is verlaag van "ik" tot "het" en diegene wat in saaklikheid verval het daal van die persoonlike beslissingsverantwoordelikheid na 'n saaklike uitvoeringsverantwoordelikheid. Hy haal voorts met instemming Banning aan wat die siel van die massas weer wil vul met die oerbesef van verantwoordelikheid, "er behoort een grens te zijn niet alleen voor de staatsbemoeiing, ook voor de eisen van arbeidsproces en fabrieksbemoeiing."[11] Die religieus-intuïtiewe kennis van die beginsel van soewereiniteit in eie kring is daarom, volgens Polet, 'n termometer vir die geestelike weerbaarheid van 'n volk. Dat die owerheid dus 'n ampstaak het t.o.v. hierdie aspekte van die burgerlike lewe, val nie te ontken nie. Die burgery self het egter in hierdie opsig die grootste verantwoordelikheid en hieraan moet ook ernstige aandag geskenk word.

Dit neem die noodsaak nie weg om te kom tot 'n prinsipieel-verantwoorde begrensing van die owerheids- sowel as staatstaak nie. In hierdie verband is reeds veel in Calvinistiese-wysgerige kringe gedoen en bereik en dit is belangrik dat daarvan kennis geneem moet word. In hierdie verband word 'n volledige en oorsigtelike weergawe van die gedagteworsteling in die kring van die W d W deur die doktorale proefskrif van F.J.H. Wessels aangebied en die volgende gedagtes word saaklik daaruit ontleen.

## 2.1 Prinsipiële benadering tot die probleem

Allereers word daarop gewys dat die sg. wetenskapsideaal

en die persoonlikheidsideaal, as inherente antinomie van die humanistiese lewens- en wêreldbeskouing, ver=antwoordelik was vir die vertakking van die staats=filosofiese denke in twee hoofrigtings. Eerstens die magstaatsrigting waarin elke owerheidsdaad geregverdig word indien dit tot staatsbehoud dien. Hier word o.a. gedink aan die staatskonsepsie van Thomas Hobbes wat 'n staat uit enkelinge konstrueer met as eindresultaat 'n superstruktuur wat die enkelinge onherroeplik verswelg.

Teenoor die magstaatkonsepsie staan die teoretici uit humanistiese kring wat die idee van die regstaat na vore gebring het. Die unieke waarde van die indiwidu as vrye persoonlikheid word hierin teoreties tot die hoogste norm verhef. Op basis van 'n fiktiewe voor-historiese gesaglose toestand, waarin die indiwidue kontraktueel verenig in 'n staatsverband, word die owerheid die gevolmagtigde van gesagdraende enkelinge. Ook hierdie regstaat bied geen waarborg vir die struktu=rele en funksionele begrensing van die owerheidsgesag nie, en daarom is agtereenvolgens die hipotetiese kontrak, fundamentele grondwet, driedelingsleer en algemene stemreg aangewend om die vrye indiwidu te vrywaar van tirannie. Vir die owerheidstaak impliseer dit 'n minimum inmenging met die regte van die indiwidu.

Spoedig word egter ook in die regstaatkonsepsie die gesag oorspan in bv. Rousseau se "algemene wil" wat altyd reg is omdat dit die meerderheidswil is. "Daarmee is die revolusionêr-demokratiese beskouing met gelykheid

en indiwidualisme reeds op die weg van transpersonalis= tiese staatsabsolutisme."[12] By Fichte (1762 - 1814) en Hegel slaan die vryheidsleer van die indiwidualisme oor in 'n universalisme, aldus Wessels. Voortaan sal die vryheid van die indiwidu alleen denkbaar wees as omsluit deur die totaliteit van 'n bo-indiwiduele gemeenskap. Op hierdie lyn staan Hegel se staatsab= solutisme waar die staat in sy historiese ontwikkelings= gang die hoogste verwerkliking van die "absolute gees" is; so ook Machiavelli se staatsraison (wat nie in konflik met die natuurreg staan nie) en by Binder word die sintese bereik: die indiwiduele persoonlikheid word 'n organiese deel van die staatsgeheel. Die staatswil is die lewende wil van die volk, waarin die indiwidu organies opgeneem is en daarmee beland ons in 'n magstaatgedagte waarby die vryheid van die indiwi= duele persone in die staatspersoonlikheid opgeneem is en die laaste grense tussen indiwidu en gemeenskap resloos opgehef word.[13] Die owerheidspersoon is so in die staatsverband geassimileer en in beginsel gedeperso= naliseer dat die owerheid bloot staatsapparaat word. Geen religieuse, juridiese of strukturele grense kan nou gestel word vir so 'n onpersoonlike staatsowerheid nie. Met bloot tegniese, finansiële en territoriale beperkings (naas die reste van historiese geledinge soos die gesin, kerk en bedryf, wat nog 'n tydjie sal rem) is die owerheidstaak totalitêr in sy onbegrensdheid.[14]

Die humanistiese regstaatteorie het dus ewe-eens onmagtig geblyk te wees om te kom tot 'n effektiewe begrensing van die owerheid se gesag en bevoegdheid.

Dit was met name die hervormer, Johannes Calvyn, se verdienste (aldus Dooyeweerd), dat hy teenoor die humanistiese meganisering van die gesagsinstituut weer die organiese karakter van die staatsinstituut sowel as die kosmiese samehang daarvan met ander lewensver= bande na vore gebring het. Volgens Calvyn ontleen die owerheidsgesag sy geldingsgrond aan goddelike regsordi= nansies. Dit is die gesag van 'n amp binne die regsorde en dit berus nie op 'n persoonlike wil nie, maar is in 'n soewereine ordening van God gegrond: God se heerserswil is die norm van alle norms.[15] Alle gesag is dus begrensde ampsgesag en kan nooit absoluut wees nie. Dit is begrens teenoor God self asook teenoor ander nie-staatlike gesagsfere wat soewerein in eie kring is.[16]

Die enigste wyse waarop (volgens die W d W) gekom kan word tot 'n prinsipiële begrensing van die owerheidsgesag is deur die handhawing van "die beginsel van soewereini= teit in eie kring, 'n strukturele begrensing en juridiese integrering, 'n funksionele begrensing... Die algemene belang het hier alleen 'n polities-houdbare sin wanneer dit primêr in die beginsel van regshandhawing (vergelding) gefundeer is, en sekondêr deur die soewereiniteit van ander wetskringe en lewens= norme begrens word."[17]

Hierby moet kultuur, beskawingsontwikkeling en burger= mondigheid verreken word om te kom tot 'n volledige begrip van veral die "geheel-taak" van die owerheid. Wessels illustreer voorts aan die hand van 'n historiese

oorsig hoedat bogenoemde gedagte sedert Calvyn langs die historiese lyn van Groen van Prinsterer, A. Kuyper, die kring van die Antirevolusionêre staatkunde, H. Dooyeweerd en sy medestanders in Nederland en elders ontwikkel het.[18]

Die probleem waarom dit (m.i.) in hierdie gedagteworste=ling gaan, is dat enersyds gepoog word om, soos hierbo aangedui, te kom tot 'n strukturele begrensing van die owerheidstaak, maar andersyds word ondervind dat dit nie moontlik is om die volle omvang van die owerheids=taak so te begrens nie. Gevolglik moet daar onderskei word tussen primêre en sekondêre (Kuyper) of tipiese en a-tipiese (Dooyeweerd) of die algemene en die geheel-taak (Wessels) van die owerheid. Die struktu=rele en funksionele begrensing kan wel 'n aanduiding gee van die tipiese of algemene owerheidstaak, maar nie van die a-tipiese- of geheeltaak nie. Om vir laasge=noemde voorsiening te maak, word die gedagte van die <u>salus publica</u> ingevoer, maar ewe-eens aan die juridiese bestemmingsfunksie van die staatstruktuur gebind om teen ongebreidelde owerheids- of staatsoorheersing te vrywaar. "Onge-ag in watter sinsy van die tydelike werklikheid die staat tot uitdrukking kom, bly die staatsoptrede steeds kragtens sy interne verbandstruktuur onderworpe aan die innerlike lewenswet, wat in sy struktuurprinsipe ingebed is en daarmee word die integreringstaak van die staat "in algemene belang" prinsipieel begrens deur <u>eerstens</u>: soewereiniteit in eie kring en <u>tweedens</u>: deur die tipiese leiding van die idee van publieke geregtigheid d.w.s. 'n ewewigtige harmonisering van 'n

veelheid van regsbelange."[19] Die algemene belang kry dan as politiese integreringsbeginsel 'n skerp omlynde juridiese betekenis (die regsbelange van belanghebbendes).

Die owerheidstaak is dus hiervolgens in sy tipiese uit=drukking sowel struktureel (in soewereiniteit in eie kring) as funksioneel (juridiese integrasie) begrens. Ook waar die owerheid optree in algemene belang word geen vrypas verleen tot ongebreidelde owerheids-bemoeiing nie, want ook hier word dit deur juridiese harmonisering van 'n veelvuldigheid van regsbelange in beginsel struk=tureel begrens. Steeds moet daarmee saam rekening gehou word dat die positivering van die politiese beginsel bepaal word deur die beskawingsontwikkeling, die mate van gedifferensieerdheid en daarby die mondig=heid en veerkrag van die burgery.[20]

Samevattend gee Wessels die gedagtes in die kring van die W d W soos volg weer:

2.1.1 Die owerheidstaak is allereers struktureel begrens

2.1.1.1 Soewereiniteit in eie kring

Op voetspoor van Calvyn, Althusius en Groen van Prinsterer gee dr. A. Kuyper aan die beginsel van s.i.e.k. 'n geniale Skriftuurlike uitwerking waar=deur in Calvinistiese kringe die gedagte van 'n struktureel-begrensde owerheidstaak finaal beslag kry. Sy medestanders - Anema, Talma, Sikkel, Colyn en Smeenk - het op hierdie gedagte voortge=borduur en die gedagte van hipertrofie by kring=

botsings ingedra. Dit is egter Herman Dooyeweerd wat aan die beginsel van s.i.e.k. 'n wetenskaplike presisering in 'n kosmologiese werklikheidsbeskouing gegee het. Dat die beginsel onontbeerlik is as rigsnoer vir owerheidsoptrede het veral Berghuis, Groen en Polet sterk beklemtoon.

2.1.1.2 Fundering, bestemming en juridiese integrering

Dooyeweerd het aan hierdie beginsel 'n verdere presisering gegee in sy leer van verbands- gemeenskaps- en maatskapstrukture, fundering en bestemming en juridiese integrasie. Laasgenoemde is, aldus Wessels, nuttige en onmisbare elemente in die voorlopige afbakening van die gebied wat regtens deur dusdanige regsbevoegdheid bestryk kan word. Op grond hiervan praat Dooyeweerd, i.p.v. primêre en sekondêre take (by Kuyper), van die tipiese owerheidstaak wat uit die struktuur van die staatsverband volgens sy fundering en bestemming afgelei word. Die owerheidstaak kan hiervolgens intern-struktureel begrens word: die owerheidstaak staan steeds onder leiding van die publiekregtelike bestemmingsfunksie van die staatsverband. Hierdie begrensing dui egter volgens Dooyeweerd nie op 'n begrensing van die omvang van die owerheidstaak nie. Dan sou dit inderdaad lei tot 'n oorspanning van die juridiese funksie soos by Groen en Berghuis aangetref word.

2.1.1.3 Universaliteit in eie kring en enkaptiese vervlegting

Dooyeweerd bring egter verdere opheldering deur sy leer van universaliteit in eie kring en enkaptiese vervlegting wat die probleem van Kuyper se sekondêre taak ondervang. Die funksie van die staatstruktuur in alle wetskringe kan dan onderskei word as a-tipiese owerheidswerk. Hierdie visie is verkry vanuit 'n reeds gedifferensieerde samelewingsorde wat uitsluit=lik op 'n ontslote beskawingspeil bestaan. Indien beskawingsverval intree kan die vrye lewensvorme weer deur die totalitêre staat opgeslurp word. Struktuurontkenning soos aangetref by die valse teorieë van die liberalisme en sosialisme stuur af op die ontaarding van die nie-staatlike lewensvorme in funksioneel-gedesentraliseerde staatsorgane met sg. regsvrye sfere. "Indien die Calvinisme hierdie gevaar uit die oog verloor, het dit reeds die stryd gewonne gegee teen die verstaatliking van die samelewingsorde."[21]

2.1.2 Die owerheidstaak en beskawingstoestand

Wessels wys daarop dat Kuyper en veral Calvyn en Smeenk reeds aandag geskenk het aan die owerheidstaak wat saamhang met die beskawingstoestand van die burgers en dat die owerheidstaak dus al na gelang van tyd en plek sal verskil. Veral Colyn het klem gelê op die veerkrag en selfdoen van die burgery. Soveel as moontlik moet aan die privaat inisiatief oorgelaat word en staatsbemoeiing moet gevolglik soveel as moontlik beperk word. In hierdie verband word verder

gewys op die intieme samehang van religie en beskawings=ontwikkeling - of beskawingsverval - en die owerheidstaak. Burgermondigheid en burgeronmondigheid het telkens as 'n sluitsteen in die owerheidspraktyke van die eeue gefigureer."[22] In gevalle waar daar veerkrag en mondigheid by die burgers aangetref word, het samelewingsvorme ontplooi en waar burgeronmondigheid geheers het, het dit tot meerdere owerheids=ingryping en owerheidsoptrede aanleiding gegee. "Die verwerkliking en voortgaande uitlewing van die beskawingsbeginsel van soewereiniteit in eie kring is dus onlosmaaklik verbind aan die religieusbepaalde geestesrypheid van die burgery."[23]

### 2.1.3 Die owerheidstaak en die owerheidspersoon

Sedert Johannes Calvyn is veel klem gelê op die owerheidspersoon wat die amp beklee. Nêrens maak Kuyper hom bv. 'n voorstelling van 'n neutrale en onpersoonlike staat nie. Ook Anema, Talma, Sikkel, Colyn en Smeenk het in mindere of meerdere mate deurgaans die klem op die owerheid in die amp gelê. (Dooyeweerd het minder aandag hieraan geskenk). Dit was egter veral Herman Strauss, aldus Wessels, wat die owerheidspersoon in die amp behoorlik verantwoord en gemotiveer het. "Vir hom openbaar God Homself as die oorsprong van owerheidsgesag waardeur elke owerheid aan Sy almag onderworpe is. Die Christelike staat bely die alsoewereiniteit van God in die openbaar en daardeur erken die Christelike owerheid en burgery die Koningskap van Christus. So word die lewe van

die Christelike staat gerig deur 'n Christus-gelowige politieke geloofsbelydenis wat slegs daar kan bestaan waar die Christelike staatsbeskouing die politieke opinie lei. Daaruit word 'n histories- politiese magsbasis gebore waaruit 'n Christelike owerheid kan voortkom en waarop so 'n owerheid kan steun in die uitvoering van sy Christelike staatsbeleid."[24]

Die owerheid moet gesien word as draer van persoonlike verantwoordelikheid. Daarnaas is dit duidelik dat die staat 'n onpersoonlike indiwidualiteit is, 'n subjek=tiewe kultuurding, 'n lewensordening van owerheid en onderdane. Die staat kan nie tot verantwoording geroep word nie, maar die owerheid kan wel omdat dit uit indiwiduele persoonlikhede bestaan.[25]

Hierby sluit Wessels aan vir sy siening van die Algemene taak en die Geheeltaak van die owerheid. Eersgenoemde hou verband met die struktuurtipiese taak van die owerheid oral en altyd, maar laasgenoemde word as 't ware genoodsaak deur die nood wat uit die werklikheid van die sonde-gebrokenheid opkom. Die geheeltaak van die owerheid word gevolglik ook met goddelike sanksie beklee. Soos reeds daarop gewys (1 hierbo) lê hy klem op die owerheidspersoon wat op grond van die algemene priesterskap van die gelowige 'n taak binne die sondegebroke bedeling het, wat meer is as die swaardmagapparaat en wat ook moet dien om die sonde te beteuel en te maak dat God gedien word. Daaruit vloei die talryke raakpunte tussen die owerheidsamp in staat en nie-staat voort. "Dit is 'n besondere

vervlegting van die algemene of tipiese owerheidstaak en die geheeltaak van die mens as geroepene van God...[26] Met die owerheid- in-die-amp verreken, het ons met 'n owerheid te doen, wat gesien sy roeping, nie neutraal kan staan teenoor die geopenbaarde Woord van God nie - 'n owerheid wat die hoof buig voor Christus en mede-instrument is in die neerwerping en te gronde rig van die ryk van die anti-chris..."[27]

### 2.1.4 Owerheidstaak en algemene belang

Die gedagte van Salus publica is ook deurgaans aangetref: by die humanisme, Thomisme en Calvinisme. Dooyeweerd bind hierdie begrip aan die bestemmingsfunksie van die staat en normeer en beperk dit so tot regsbelang of die belange van belanghebbendes op die basis van soewereiniteit in eie kring. Die algemene belang wat as rigsnoer vir die interne staatsbeleid moet geld moet steeds sy innerlike begrensing in die interne struktuur van die publieke verbandsreg van die staat vind indien dit nie tot ongebreidelde staatsabsolutisme aanleiding moet gee nie.

Naas hierdie innerlike struktuurbegrensing van die salus publica word die begrip ook nog nader begrens deur die grondregte van indiwidue soos deur Strauss beklemtoon. Naas persoonsregte t.o.v. godsdiens, eiendom ens. moet gewetensvryheid as basis van burgervryhede in die breëre religieuse sin ook verreken word. "Ons handhaaf dat die Christelike religie 'n vryheidsreligie is en dat veral die gereformeerde Christendom soveel klem op gewetens-

vryheid laat val dat dit selfs nodig was om - soos Kuyper ondervind het - die liberale vryheidsapostels te dwing om dit ook in die onderwys te erken. Alleen die Christenowerheid wat sig geroepene van God voel kan hierdie grondreg van die mens verantwoordbaar hanteer."[28]

By Wessels word die bydrae van H.G. Stoker en L.J. du Plessis egter gemis en alvorens oorgegaan word tot bespreking van die reeds ontwikkelde standpunte, word ook kortliks aan hulle bydrae aandag geskenk. (Vanweë die beperktheid van hierdie studie word die gesprek slegs tot 'n aantal naby geesgenote beperk.)

## 3 BEGRENSING VAN DIE OWERHEIDSTAAK BY STOKER EN L.J. DU PLESSIS

### 3.1 Stoker

In aansluiting by die voorgaande word kortliks by die standpunt van Stoker stilgestaan soos hy dit onwikkel het in "Die aard en die rol van die Reg - 'n Wysgerige besinning" (1970). Hy neem as uitgangspunt die STATUS van die mens volgens die orde van die skepping. Die reg van die mens vind hy by sy status (+ funksies en opdrag) en by sy amp. "Kragtens sy van God gegewe status en aanstelling as héér van die kosmos en die hiermee gegewe funksies (doel) en opdrag het die mens reg om te wees wat hy is en om te doen wat sy hand vind om te doen, m.a.w. sy menseregte - en dit ooreenkomstig die regsnorme wat vir dit alles geld. Samevattend: om as geroepene sy roeping te vervul."[29]

Hy behandel vervolgens 5 kenmerke van die menslike reg nl. die universaliteit, uniekheid, ordebepaling, basiese aard en gelding van die menslike reg en kom op grond van sy regsbeskouing tot die volgende omskrywing van die staatstaak:

"Uit al die bostaande blyk dit dat die staat (ook met sy sekondêre take) geen welsynsinstituut is nie, maar geheel-en-al 'n regsinstituut. Samevattend kan ons die primêre taak van die staat (volgens die orde van die skepping) omskryf as die reëling van 'n universele juridiese inter-orde as doel binne 'n landsgebied en (volgens die orde van sonde respektiewelik verskeurdheid) as die bestryding met die swaardmag van alle inter-onreg; en sy sekondêre take (volgens die orde van die verskeurdheid) as behartiging van hulpverlening en bykomende take (alwaar deur omstandighede genoodsaak) ooreenkomstig die eise en leiding van sy primêre taak."[30]

3.2 L.J. du Plessis

Sover dit die onderhawige probleem (nl. die begrensing van die owerheidstaak) betref wys P.J.J.S. Potgieter[31] daarop dat L.J. du Plessis en Stoker, oor die algemeen gesproke, dieselfde benadering tot die staatstaak huldig. Stoker het egter verder gegaan en die menslike status (as koningskind en dienskneg van God) direk aan die ordeningsfunksie van die reg gaan verbind. Die reëling van die universele en unieke orde van die menslike status en funksies is volgens Stoker die wese van die reg.[32] By beide is die primêre taak van die staat: regshandhawing [33] al word dit ook oor die boeg van

orde-reëling gegooi. "Dit is nou die terrein van die staat, d.w.s. van daardie opperverband wat sy eintlike funksie vind in die juridiese ordening van die samelewing tussen verskillende verbande en hulle lede."[34] Wat die materiële inhoud van die staat se regstaak betref, maak L.J. du Plessis 'n drieërlei onderskeiding: Ten eerste vorm die staat, soos elke verband, sy eie interne organiseringsreg waardeur die onderlinge verhouding tussen owerheid en onderdane gereël word. Dit is die publieke reg of staatsreg. Ten tweede handhaaf die staat die tussenverbandelike reg, maar vorm en ontwikkel dit ook. Dit is die staatlike privaatreg. Ten derde handhaaf die staat ook die interne verbandsreg van die ander verbande sowel teen die verbandslede self as teen buitestaanders. In hierdie geval is die staat geheel gebonde aan die bestaande verbandsreg.[35]

L.J. du Plessis het dit egter ook beklemtoon dat die staatstaak wisselend is na gelang van tyd en omstandig= hede. Die staat mag egter alles doen wat ter reghand= hawing slegs deur hom (die staat) behoorlik gedoen kan word. "Dit beteken dat hy op regsgebied moet doen wat nie behoorlik deur die ander samelewingsverbande gedoen kan word nie. In sover as elke samelewingskring, weens die kompleksiteit van die moderne omstandighede, onbe= voeg is om sy eie regshandhawing te behartig, is die staat bevoeg om met die oog daarop in elke kring in te gryp.[36]

## 3.3 Kritiese opmerkings t.o.v. Stoker, du Plessis en die W d W

Potgieter wys tereg daarop dat du Plessis hier geen normatiewe taakaanduiding gee nie en dat dit wesenlik niks anders as die aanwending van die beginsel van subsidiariteit (wat radikaal in stryd met die beginsel van s.i.e.k.) is nie. "Wat is dit anders as subsidiari= teit as hy sê dat die owerheid alles moet doen wat alleen behoorlik deur hom gedoen kan word of dat die staat prinsipieel bevoeg is om in elke kring in te gryp in sover elke kring sy eie behoeftes aan regshandhawing meebring? In so 'n siening is daar geen strukturele beperking van die staatstaak te vind nie, maar slegs 'n willekeurige nuttigheidsbeperking."[37]

Die beginsel van subsidiariteit bevorder eerder 'n onderskikking van die ander samelewingsverbande ten opsigte van die staat. Daar bestaan ook 'n noue verband tussen subsidiariteit en die hiërargiese synsorde wat so eie aan die Thomistiese kosmologie is. Die vraag is of hierdie siening (nl. van die hiërargiese synsorde) in Calvinistiese kringe geheel-en-al oorkom is. Is die hiërargiese ordening van die Wetskringe in die gangbare Calvinistiese kosmologie en die verhouding tot die menslike hart as botydelike sentrum en konsentra= siepunt van die ganse kosmos (met die mens as kroon van die skepping) nie 'n bedekte hiërargiese synsordening nie? Volgens Taljaard is dit wel 'n monarchianisme.

Binne hierdie syns- en funksionele hiërargie word die juridiese wetskring uitgesonder as die leidende- en bestemmingsfunksie van die staatsverband. Die staat word dus 'n unieke regsverband wat "die reg" as 't ware

gemonopoliseer het (inter- en intra-reg). Die reg (regsvorming, regspraak, regshandhawing) behoort tot die tipiese staatstruktuur, staatstaak en staatsfunksies. In dié sin is die staat 'n "universele regsverband" wat beide die inter- en intra-regsorde reël en in die opsig die ander lewensverbande oorkoepel (en oorheers?) en andersyds al die leemtes tussen verbande "juridies" vul. Daarby kom dat die staat vele ander take moet vervul wat streng gesproke nie onder die juridiese tuisgebring kan word nie. Vandaar die "sekondêre", "a-tipiese", "nie-staátlike owerheidstake", "geheeltaak", "ordeningstaak", "kultuur-taak" e.d.m. wat ingevoer moet word onder die term algemene of publieke belang wat egter ewe eens aan die juridiese verbind moet word. Dit wil dus voorkom dat die beginsel van soewereiniteit in eie kring by die W d W, Stoker en L.J. du Plessis per slot van sake vanweë 'n verborge synshiërargie in die Calvinistiese kosmologie (volgens die wetskringe=leer) weer prysgegee word ten gunste van die subsidiari=teitsbeginsel sover dit die a-tipiese of nie-staatlike owerheidswerk betref.

Hierdie geesgenote uit Calvinistiese kring is egter ernstig bedag op staatstotalitarisme en die ganse gedagteworsteling is juis om die owerheidstaak streng prinsipieel en struktureel te begrens sodat staatsoor=heersing by die wortel afgesny kan word. Dit word ook beklemtoon dat die lewensverbande nie hiërargies georden is nie, maar as gelykwaardige lewensverbande naas mekaar, elk soewerein in eie kring. Tog word die staat

as 'n universele regsverband beskou en naas die newe=skikkende ordening word bv. gesê dat die staat die ander lewensverbande oorkoepel al is dit "slegs wat regshandhawing in algemene belang betref". Hierdie regshandhawing word egter as van so 'n ingrypende belang beskou dat dit weer die beginsel van soewereiniteit in eie kring, wat die waarborg teen staatsoorheersing moet wees, kragteloos maak en die ander verbande gevolglik in 'n sekere opsig weer prysgee aan die sterk arm van die swaardmag.

Om egter die ideaal van orde en harmonie vas te hou, word die doel van die owerheidsbemoeiing andersyds sterk beklemtoon nl. dat dit orde, vrede, harmonie tussen 'n menigvuldigheid van regsbelange op die staatsterritorium moet in stand hou. Albeda beklemtoon hierdie aspek as hy sê dat ons die staatstaak moet sien as die waak vir die orde in die meer pregnante betekenis van Bybelse vrede of shaloom wat beteken: vrede, welvaart, iets wat heel is, ongebroke, in orde is. In die sin was Salomo ook vrede-koning wat verdruktes bevry, swakkes help en met wysheid sy hele ryk tot die orde geroep het - Shaloom berus op reg, geregtigheid, naasteliefde. Dit is ware welvaart dit is die heil wat God vir hierdie wêreld bedoel het en dit gaan ook daarom in die politiek.[38] Hierdie voorstelling is inderdaad 'n pragtige ideaal en doelstelling vir die owerheidstaak, maar dit is aan die ander kant so wyd en sonder enige ingeboude prinsipiële begrensing en waarborge dat die owerheid omtrent alles kan aanpak ter wille van orde, vrede en welvaart. Die staat kan so sy grense uitermate oorskrei en ontwikkel

tot "heilsinstituut" vir die mensdom.

## 4 STAATSTAAK GEBASEER OP 'N SKRIFGEFUNDEERDE ONTOLOGIE

### 4.1 Inleiding

Alvorens 'n poging aangewend word om die staatstaak op grond van ons ontologiese uitgangspunt te beskryf, moet eers 'n kort samevattende terugblik gewerp word op ons gedagtegang en ter sake resultate tot dusver.

#### 4.1.1 Ontologiese uitgangspunt

Daar is gepoog om te kom tot 'n samelewingsleer vanuit 'n radikaal regse of Bybelse uitgangspunt gekontrasteer met die radikaal linkse maatskappykritiek en revolusie=gedagte van die "New Left" beweging. Huidige tendense, gedagterigtinge, omstandighede en probleme moet verre=ken word in die bepaling van die staats- en owerheidstaak. Dit is alleen 'n Skrifgefundeerde ontologie wat aan ons die gepoleerde lense bied waardeur ons die werklikheid kan sien en benader ten einde 'n antwoord te bied vir die vrae en probleme van vandag en môre. Die betekenis van hierdie breë ontologiese basis moet by die bepaling van die staatstaak rigtinggewend in berekening gebring word. (Hoofstuk I)

#### 4.1.2 Struktuuranalise en strukturele begrensing

Aandag is geskenk aan 'n struktuuranalise van die staat en daar is bevind dat wet en struktuur van mekaar onderskei moet word en dat die twee nie identiek is nie. Die wet geld vir die struktuur en die struktuur is dus self wet-subjek. Die funksionele struktuur=analise van die staat op grond van 'n modale hiërargie met ante- en retrosipasies is dus afgewys en 'n ander weg is opgegaan om die eiesoortigheid van die staat te bepaal nl. deur te vra na die ONTIESE WET vir die

staat. (Hoofstuk II). Die metode van <u>strukturele begrensing</u> van die owerheidstaak wat tot dusver in hierdie hoofstuk (V) gevolg is, gaan dus ook nie op nie en 'n ander metode sal gevolg moet word.

4.1.3 <u>Die nasionale as eiesoortige staatlike binding</u>

Vervolgens is die wetsontologie aangewend om rekenskap te gee van die eiesoortige binding wat die staatsver= band van anderssoortige verbande onderskei. Die nasionale binding van owerheid en onderdane op 'n begrensde territorium is (voorlopig) aangedui as die eiesoortige wet van die staatsverband. (Hoofstuk III). In die lig hiervan is die grondtrekke van die staat en die funksionering van die modaliteite in staatsverband benader. (Hoofstuk IV).

4.1.4 <u>Strukturele (funksionele?) begrensing van die owerheidstaak</u>

In hoofstuk V is tot dusver veral gewys op die behoefte aan 'n prinsipiële begrensing van die owerheidstaak (sowel as staatstaak in sy geheel). Die resultaat tot dusver is dat 'n strukturele begrensing op grond van die modale hiërargie met die aanwending van ante- en retrosipasies die staat tipeer as 'n univer= sele regsverband. As sodanig word die juridiese funksie van die staat oorbeklemtoon en die staat tot 'n oorkoepelende regsverband gemaak. Andersyds kan vanuit die gesigspunt van die juridiese nie rekenskap gegee word van die volle draagwydte van die owerheids= taak nie en kan dit dus ook nie struktureel effektief begrens word nie. Trouens die juridiese funksie self

bied geen waarborg teen grensoorskryding of onreg=matige optrede nie omdat dit nie in 'n ontiese wet veranker word nie. Die wetskarakter van die reg word nie bo alle twyfel vanuit die juridiese modaliteit gewaarborg nie sodat ons ten slotte geen waarborg teen staatsoorheersing en totalitarisme vanuit 'n funksionele (struktuur) begrensing verkry nie. 'n Ander weg moet dus gevind word en dit moet vir ons doel hier geskied op grond van die voorafgaande uit=eensetting wat hier kortliks herhaal is.

In plaas van 'n strukturele begrensing word gestel dat die ontiese wet van die verband sy grense en bevoegdhede aandui, maar dan met inagneming van die relasies en relasionele vervlegtinge met anderssoortige verbande sowel as met ander subjektiewe identiteite. Die verband stuit dus op eie ontiese wetsgrense sowel as op die wetsgrense van ander (eiesoortige en anderssoortige) verbande en subjektiewe identiteite. Alle moontlike relasies soos deur die Skrifgefundeerde ontologie in beginsel reeds gesuggereer en oopgedek, speel in die begrensing van die staats- en owerheids=taak ook 'n vername rol en mag nie verbygegaan word nie. Wat hiermee bedoel word sal vervolgens ver=duidelik word. Hiervolgens sal dit nie meer nodig wees om 'n tweedeling in die staatstaak nl. 'n tipiese en a-tipiese te poneer nie, maar kan eenvou=dig gepraat word van die <u>eiesoortige staats- en owerheidstaak</u> wat meteens die <u>wets- en relasionele begrensing</u> na vore laat kom. As subjektiewe skeppings=

realiteit sien ons die staat onmiddellik in onver=
breeklike relasie tot God, die soewereine, tot die
geldende wet en tot die res van die onderling-same=
hangende skeppingsverskeidenheid en die staats- en
owerheidstaak word mede deur hierdie relasionele
samehang bepaal en nie net deur sy eie ontiese wet nie.

4.2 Die eiesoortige staatstaak

Hierbo (IV.5) is reeds daarop gewys dat die staat (owerheid en onderdaan) op tweërlei wyse op die wet van God antwoord nl. institusionaliserend en geïnstitusionali=seerd en dat albei ewe belangrik is. Op hierdie wyse moet naamlik gestalte gegee word aan die geregtigheids=lewe van die staat, d.w.s. die staatlike gehoorsaamheid aan die wet van God. Daar word nou allereers aandag geskenk aan die institusionaliserende taak van die staat soos dit deur die owerheid behartig word.

4.2.1 Begrensing van die staats- en owerheidstaak

Die worsteling in Calvinisties-wysgerige kringe om die owerheidstaak struktureel te begrens, is van meer as net akademiese belang. In die lig van die feit dat die staat almeer aktiwiteite vir sy rekening neem, almeer terreine betree, sy burgery steeds omvattender wil versorg en in die proses die gevaar loop om die menselewe totaal, dus ook prefunksioneel, en binne alle ander lewensverbande te oorheers, is dit dringend noodsaaklik dat die bevoegdheid en bevoegdheidsgrense van die staatsverband (en die owerheid) prinsipieel aangedui moet word. Die klem val hier eerstens op owerheids<u>bevoegdheid</u>, maar tweedens op bevoegdheids=

grense wat uiteraard ten nouste met mekaar saamhang. Wanneer van die owerheid gepraat word moet steeds in gedagte gehou word dat ons met ampsdraers in die owerheidsamp te doen het en nie met 'n versaaklikte owerheidsinstelling nie.

4.2.1.1 Die soewereiniteit van God

In die eerste en vernaamste plek ontvang die owerheid sy bevoegdheid van die soewereine God self, uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is en wat die gewer is van die gesag en mag van die owerheidsamp. (Rom. 11:36; 13:1). Op die unieke eiesoortigheid van die staatsgesag is reeds onder III.3.4 hierbo gewys en dit word dus nie hier herhaal nie. Wat hier egter beklemtoon moet word, is dat die owerheid sy eerste en vernaamste (ons kan sê: absolute) begrensing juis vind in die belydenis van die ab= solute soewereiniteit van God Drie-enig. Die ower= heid moet dus buig voor God as absolute Heer en Koning en dit ook gestalte gee in sy staatlike belydenis: sy Nasionale grondwet of konstitusie. Dit vergestalt meteens ook iets van die nasionale eenheid tussen die burgers wat 'n uitdrukking is van die eiesoortige binding van die staatsverband.

4.2.1.2 Die sentrale religieuse liefdeswet

Volgens Taljaard moet die owerheid steeds in gedagte hou dat hy te doen het met mense as reli= gieuse wesens oor wie die soewereiniteit van God geproklameer is. Elkeen van hulle is persoonlik

verantwoordelik teenoor God vir die lewe wat hulle binne die besondere samelewingsverband voer. Daarom moet die owerheid allereers die wet wat vir die mens geld nl. die religieuse liefdesgebod (sowel die liefde tot God as die liefde tot die naaste) in ag neem en dit onder leiding van die ontiese wet wat vir die staat geld, positiveer vir die staatsverband. Hy sê verder: "Hence one can say that in positivizing laws to regulate life within any community, the authorities should positivize the religious law of love under guidance of the specific communal law for the complete life of all concerned within their specific domain, wherewith is included the structural laws peculiarized."[39]

Hierdie uitspraak word as van die uiterste belang beskou beide vir die kompetensie sowel as vir die begrensing van die owerheidstaak. Ons het immers nie hier te doen met 'n vae lex aeterna of lex naturalis wat daar êrens in die lug hang of soge= naamd in die rede van die mens gegiet is nie, maar ons het te doen met die wet van God wat vir ons in die Heilige Skrif gegee is. (Vgl. III.3.1 en III.3.4). Die regsnorme van "doen aan andere..." en "gee aan andere..." word ewe-eens aan die tweede tafel van Wet genormeer sodat ons ook hier te doen kry met egte Bybelse naasteliefde en nie met die humanistiese surrogaat nl. medemenslikheid nie. In hierdie verband het Zuidema (vry weergegee) opgemerk: "As daar ooit 'n tyd was wat ons die verskil tussen medemenslikheid (wat in die mens

self sy grond en sin moet vind) en naasteliefde (wat in God sy grond en sin vind), met ons hande leer tas het dan is dit in ons tyd. Die krag van die kommunisme bestaan sydelings in die swakheid van die nie-kommunistiese volke wat weier om tussen naasteliefde en medemenslikheid in hulle visie en praktyk te onderskei. Dit spruit ten diepste uit die wortel van die Godvergetendheid van die liberalistiese en sosialistiese emansipasiekultus."[40]

Die sentrale religieuse liefdesgebod is omvattend en ruim genoeg dat ons kan sê dat dit die owerheids=persone se taak is om hierdie wet van God - niks minder en niks meer nie - te positiveer vir die besondere heerskappygebied waaroor hulle aangestel is. Hiertoe besit die regeerders die bevoegdheid, maar in hierdie religieuse liefdeswet vind hulle ook die grense vir hulle positiveringsarbeid. Dit is alleen regsnorme en gepositiveerde wette wat ooreenstem met die sentrale religieuse liefdesge=bod wat regverdige menslike instellings (en reg=verdige wette) tot stand bring. Hierin vind die reg sy absolute norm en grens. Reg wat bots met hierdie wet van God is geen reg nie, maar onreg. Die reg self of dan ook die juridiese funksie van die staat vind sy normering in die sentrale liefdes=gebod soos vir ons in die Heilige Skrif gegee.
Vir die institusionaliserende taak van die owerheid is hierdie visie van deurslaggewende belang om waarlik regverdige menslike instellings tot stand

te bring.

4.2.1.3 Die ontiese wet vir die staat

Die owerheid is geroepe om die sentrale religieuse liefdesgebod onder leiding van die ontiese wet vir die staat te positiveer vir hulle besondere eie=soortige heerskappygebied, in hierdie geval die staatsverband. Die besondere ontiese wet wat geld vir die staat bepaal die eiesoortigheid daarvan en die owerheid vind sy bevoegdheid en grense ook in hierdie eiesoortigheid van die staat. "This law too will have to be reckoned with. As a matter of fact it is this law that determines every rule and regulation that is positivized by the authority concerned for the specific form of communal life."[41]

Hierdie ontiese wet bepaal verder die funksionering van al die modaliteite in staatsverband soos reeds hierbo aangetoon (IV.6.3.2). Die nasionale belang en ampsgeborgenheid van die burgers met die oog op die geïnstitusionaliseerde geregtigheidslewe in die staat (en ware roepingsvervulling in die Koninkryk van God) bepaal in beslissende mate die institusionalisering van regverdige regsnorme en regverdige instellings as kanale waardeur die geregtigheidslewe van die burgers kan vloei. Vol=gens hierdie betekenis figureer "die nasionale en burgerlike ampsgeborgenheid" as ontiese wet vir die staatsverband. Vir die owerheid moet dit steeds as leidende en rigtende motief vir hulle eie ampsbediening dien. Hoedat die eiesoortigheid

van die staat ook die eiesoortigheid van die ower= heidsamp bepaal, is reeds behandel en daar is ook gewys op die feit dat die amp sy eie begrensde ampsgesag meebring. (III.3.4.2)

Samevattend kan hier gesê word dat die owerheid sy eiesoortige taak op eiesoortige wyse (op sy heerskappygebied) moet uitvoer. Dit geld nie net een bepaalde aspek of funksie nie, maar is van toepassing op alle aspekte en funksies van die staatslewe. Dit is dus nie net die juridiese modaliteit en die juridiese funksie wat hierdeur geraak word nie, maar alle modaliteite en alle funksies van die staat. Deurgaans het dit egter as naaste doel om die nasionale en burgerlike belange te borg en te dien tot ware roepingsver= vulling in die Koninkryk van God.

Taljaard beklemtoon die feit dat dit in die verbands= lewe gaan om die behoud en versterking van die verband as 'n nuwe geaktualiseerde realiteit en nie soseer om die belange van sy indiwiduele lede nie. Hy stel dit soos volg: "Community as a con= crete whole has its own interests and that is its first priority. Community interests have priority over member interests, and within the community the interests of man as such have no priority at all, except as far as his religious freedom is concerned. But this will be safeguarded in any community that is concious of its own character as being religious= ly determined."[42]

Onder I 3.2.4.4.1 en III 3.3.4.3 is reeds kommentaar op hierdie siening gelewer en daarop gewys dat hier slegs 'n skynbare polarisasie tussen verbandsbelange en ledebelang is, maar dat dit in werklikheid nie bots nie. Nasionale en burgerlike belange is in die ontiese wet van die staat een en indien die nasionale belange normatief behartig word waarborg dit die burgerlike belange en indien die burgelike belange normatief gehandhaaf word waarborg dit die nasionale belange. Die burgers word geroep om saam te werk vir en te bou aan hulle een burg waarin hulle ampsgeborgenheid gewaarborg word en die owerheid is geroepe om hierdie burgerlike aksie en aktiwiteit te institusionaliseer en te kanaliseer.

4.2.1.4 Begrensing deur ontiese wette van anderssoortige verbande

Die owerhede word in hulle taakvervulling nie net begrens deur die eie ontiese wet van die staatsver=band nie, maar ook in net so 'n groot mate deur die ontiese wette van anderssoortige verbande. Die owerheid (en staat) word deur die soewereine God geroep en verplig om die Godgewilde verskeiden=heid in die skepping te erken en in te sien dat daar gelykwaardige anderssoortige verbande op die staats=territorium geaktualiseer moet word met die oog op hulle eiesoortige taak en roepingsvervulling. Die owerhede moet die ontiese wette van hierdie anders=soortige verbande erken en eerbiedig, daarvoor ruimte laat vir volle ontplooiing en sy onderdane

vryheid in hulle anderssoortige verbandslewe waarborg.

Die feit dat dit een en dieselfde persoon is wat gelyktydig in al die samelewingsverbande optree impliseer die onderlinge samehang van verbande. Maar hierdie verbande is uniek en eiesoortig elk volgens eie ontiese wet en onherleibaar tot mekaar. "It is evident that the communities as such are not subordinated to each other but that they are equipollent to each other. Each of them has a different task and vocation to fulfill on earth. They should not be seen as placed within a hierarchi= cal order, but as existing next to each other in a horizontal position...but between them there exists an intimate coherence, intertwinement and interlacement which should not be underestimated or ignored."[43]

In 'n ryklik gedivergeerde en gedifferensieerde verbandslewe binne die territoriale heerskappyge= bied van die staat behoort die owerheid die onder= linge samehang en vervlegting van gelykwaardige anderssoortige verbande in neweskikking tot mekaar dus raak te sien, te erken en tot samewerking te harmonieer. Nie dat die owerheid moet optree as dirigent wat "die orkes" op sy grondgebied in harmonie moet laat speel nie, maar in die woorde van Taljaard: "In community life care should be taken that the life of the religious being is not cut into pieces, neither should the member be forced to lead a double life or a life devided

in himself. Harmony within the community, harmony within communities and harmony within the life of the religious being should be given high priority in any community organization."[44]

Waar die owerheid hom egter skuldig maak aan bevoegdheids- en grensoorskryding, kan skerp reaksie en verset van die kant van die onderdane verwag word en sodanige verset kan in die lig van 'n samelewingsordening op grond van 'n Skrifgefun= deerde ontologiese siening ook as geheel-en-al regmatig beskou word.

Waar daar egter op die staatsterritorium nog nie so 'n mate van divergering van anderssoortige ver= bande plaasgevind het nie, moet die owerheid in sy taakvervulling gerig en gelei word deur sy eiesoortig= heid en mag staatsoorheersing nogtans nie gesanksio= neer word nie. Die konkretisering van anders= soortige verbande moet in so 'n geval aangemoedig en gestimuleer word waarna (indien dit realiseer) die grense en bevoegdhede van die nuut geaktuali= seerde verbande ten volle erken en geëerbiedig behoort te word.

Verbande moet egter nooit as staatsonderdane beskou word nie, maar dit gaan vir die owerheid steeds om die burgerskap van sy onderdane wat gereël moet word, ook wanneer hulle in ander verbande optree. Die owerheid het dus 'n bepaalde integrerings= funksie op sy grondgebied nl. om die regsbelange van sy onderdane in watter verband hulle ook al

optree te harmoniëer en te waarborg. In hierdie opsig het die owerheid die swaardmag van God ontvang, om as Sy dienaar die kwaad en die wetsoortreding regmatig te straf en te vergeld. Om dit te doen is "regverdige" wette, regverdige regspraak en regverdige wetstoepassing van owerheidsweë nodig. Dit beteken dat hierdie hele regsproses genormeer moet wees aan die wet van God. Indien die owerheid dus die pad geloop het wat tot dusver hier uitgestippel is sal in die woorde van Deutr. 4:8 gesê kan word:

"En watter nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?"

#### 4.2.1.5 Begrensing deur burgerlike belange

Die laaste paragraaf hierbo het ons as vanself teen 'n ander belangrike taak en grens van die owerheid laat stuit. Naas die gesagstruktuur van owerheid en onderdaan het ons in die staatsverband met "burgers" te doen wat owerheidsampsdraers en onderdane insluit. Soos reeds aangetoon (4.2.1.2) het die owerheid met mense as religieuse wesens te doen. Die owerheid mag hulle nie as mense totaal omvat of beheers nie. Die staat het slegs met een aspek van hierdie menselewe te doen en dit is sy burgerskap. "The community does not deal with human beings as such but with community members. Within the community the human being is qualified and the community qualified member is

not identical with the human being as a religious being."[45] Die feit dat die burger van die staat 'n religieuse wese is, plaas 'n bepaalde beperking op die owerheidsgesag en die feit dat hierdie religieuse wese 'n burger van die staat is, plaas 'n bepaalde taak op die owerheid. Enersyds mag die owerheid die burgers nie prefunksioneel (na sy hart) asook nie wat sy lewe in ander verbande betref oorheers en verswelg nie. Andersyds moet die ower=heid sorg dat die staatsburgers in hulle burgerskap geborg, beskerm en beveilig word met die oog op hulle ampsvervulling. Dit is wat met ampsgeborgen=heid bedoel word. Hieronder word lewe, veiligheid, beskerming, burgerlike vryheid en burgerlike regte verstaan, maar dan volgens die betekenis wat aan al hierdie dinge geheg moet word in die lig van God se skeppingsopdrag wat aan die mens in die begin gegee is nl. om die skepping te bewaak, te bewerk, te benoem en te beheers om langs hierdie weg te heers oor homself en oor al die skepseldinge. Sy burgerskap van die staat beteken dan dat sy lewe as burger geborg word met die oog op die uitvoering van sy goddelike opdrag. Die staat moet goeie lewensmoontlikhede vir die burgers skep en daartoe die nodige beskerming verleen. Dit geld in die eerste en vernaamste plek die biotiese lewe wat die onmisbare voorwaarde is vir die res. Alles wat hiermee gemoeid is, is die terrein van die staat. Die beskerming van die lewe van sy burgers is vir die staat dus prioriteit nommer een en om dit

te waarborg, het God aan die staat die sterk arm van die swaardmag d.w.s. sy besondere eiesoortige gesagstruktuur gegee.[46] Die normatiewe organisering van hierdie swaardmag op staatsterritorium is van lewensbelang vir die staat en omskep inderdaad die staat in 'n burg, 'n vesting van veiligheid en vastheid waarin die lewens van sy burgers geborg is. Die organisering en aanwending van die swaard=mag word egter ewe-eens aan die geldende ontiese wet vir die staat in onverbreeklike samehang met die religieuse liefdeswet genormeer. Dit skakel die anti-normatiewe organisering en aanwending van die swaardmag uit (of behoort dit te doen).

Die klem wat deur Strauss, Wessels e.a. gelê word op die beskawingsontwikkeling van die burgers by die bepaling van die wyse waarop die owerheidstaak uitgevoer word, is dus inderdaad belangrik. 'n Belangrike faset van die owerheidstaak is dan ook om op eiesoortige wyse kultuur- en beskawingsont=wikkeling by sy burgery te bevorder deur same=werking met anderssoortige verbande wie se taak en roeping dit juis mag wees om kultuur en beskawing te bevorder. Hier word gedink aan die onderwys- en opvoedingsinstellings, die kerk, die kultuuror=ganisasies e.d.m. Sommige van hierdie instellings sal grootliks vir finansiële steun van die staat afhanklik wees en hierdie steun moet van owerheids=weë gegee word sonder om die eie bevoegdheidsgrense te oortree en so in te meng in die interne lewe van die anderssoortige verband wat in 'n belangrike

opsig hulpdiens aan die staat verrig.

In hierdie opsig is dit belangrik dat die owerheid moet insien dat daar 'n bepaalde ewewigtige ver= houding tussen beskawingspeil (ook morele en geeste= like peil) en wetgewing moet wees. Dit was die filosoof Plato wat in sy Republiek reeds daarop gewys het dat wette ook in 'n sekere sin te goed kan wees vir 'n bevolking met die gevolg dat ver= volgings vanweë misdaad vermenigvuldig en tronke vol word. Wetgewing moet dus die morele, geestelike en beskawingspeil in ag neem en indien laasgenoemde laag is, kan dit met wetgewing nie verhoog word nie, maar alleen akuut gemaak word. Dit hou gevaar in vir die lewe van die staat en kan lei tot staats= ontbinding. Veel belangriker as wetgewing, regspraak ens. is die opvoeding en opheffing van die burgery en 'n owerheid wat dit besef sal meer geneig wees tot samewerking met en ondersteuning van die ander nie-staatlike lewensverbande wat as 't ware die lewensbloed vir die staatsliggaam en staatslewe voorsien. 'n Nadere uitwerk van die verhouding staat en skool, staat en universiteit, ens. soos deur Taljaard[47] gedoen is dus ook relevant hoewel dit hier nie verdere aandag kan ontvang nie.

4.2.1.6 Begrensing deur ander gelykwaardige state

Dit is nie moeilik om in te sien dat 'n staat en owerheid in 'n sekere sin deur sy eie fisiese vaderlandsgebied (d.w.s. die grense van sy eie grondgebied, lug en see) in sy taak begrens word

nie. Net so word hy ook deur die fisiese heerskappy-gebiede van ander state wat sy eie subjektiewe identiteit met hom deel begrens. Dit moet deur elke nasionale staat erken en eerbiedig word indien vrede en veiligheid blywend gewaarborg moet bly. Die beleid van besig te wees met en aandag te skenk aan eie interne staatlike belange en van geen inmenging in die interne belange van ander gelyk=waardige state nie, kan die grondslag vorm vir goeie internasionale verhoudinge en samewerking wat vandag ook van onmisbare belang vir eie nasionale veiligheid en welvaart is. Die owerheid het in hierdie opsig 'n taak wat met besondere staatsmans=wysheid op internasionale en diplomatieke vlak aangepak moet word in belang van die eie nasionale staat.

Dit kan egter nie nagelaat word nie om in hierdie verband te wys op die gevaar van internasionalisme wat in die lig van die eiesoortigheid van die staatsverband as 'n antinormatiewe verwikkeling gesien moet word. Temeer so as dit gebeur waarop Taljaard m.i. tereg wys as hy sê: "But the tendency is to construct a supercommunity and to invest it with power of authority over the communities concerned...it tends towards an absolutized community...of a certain type into which all subjective identities of the same type are fused together into one world-wide community of that type -"[48]. Die oortuiging dat hierdie anti-normatiewe verwikkeling tendeer tot die

openbaring van die ryk van die antichris en die Satan-geïnspireerde vergoddeliking van die mens berus m.i. op goeie grond.

Juis in hierdie opsig word die realiteit van die mag van die Bose en die sonde, waarmee die owerheid deurgaans moet rekening hou, ook duidelik. Want ten opsigte van die staat word die mag van die Bose en die verskeurende mag van die sonde daarin geopenbaar dat dit allereers gerig word teen die institusionalisering van regverdige instellings; dat dit tweedens 'n destruktiewe mag is wat hierdie gekonkretiseerde realiteit aftakel en innerlik laat ontbind (deur allerlei God- en staatsvyandige magte) en derdens dat dit die vrye nasionale state weer wil laat opgaan in 'n anti-christelike en anti-goddelike super gemeenskap wat die mens totalitêr omvat, beheers en diensbaar wil maak aan die ryk van die duisternis. Dat die owerheid 'n taak en roeping het om hierdie anti-normatiewe tendense en verwikkelinge te bestry, hoop ons om nog verder aan te toon en nader te kwalifiseer.

### 4.2.2 Die geïnstitusionaliseerde geregtigheidslewe van die staatsburger

Die gevaar bestaan dat ons die staatstaak met die owerheidstaak vereenselwig en die verband dus teore= ties laat opgaan in sy gesagstruktuur. Verder word die owerheidstaak begrens deur die juridiese funksie van die staat wat daarop uitloop dat die gesagstruk= tuur op sy beurt in die wetgewende, regsprekende en

uitvoerende magte opgaan. So word die staat teoreties geheel en al regsinstituut terwyl dit in die praktyk sy wiekslag oor alles, oor die hele lewe van sy burgers uitbrei.

Die staatstaak moet egter nie net vanuit die gesigs=punt van sy gesagstruktuur (owerheid-onderdaan) bekyk word nie, maar ook vanuit 'n burgerlike gesigspunt. Daarmee word bedoel dat die klem ook moet val op die burgerlike lewe; die burger se verantwoordelikheid en roeping; die burger se burgerlike amp en ampsge=borgenheid. Die klem val hier meer op die geïnstitu=sionaliseerde geregtigheidslewe van dié staat m.a.w. hoedat die burger op eiesoortig-staatlike of burger=like wyse gehoorsaam is aan die wet van God soos dit in die staat gekonkretiseer en gepositiveer is. Die instelling (instituut) skep dan die kanaal waardeur die gehoorsaamheidslewe van die burgers (aan God, Sy Wet en hulle owerheid) vloei. Hulle gehoorsaamheid neem dus 'n eiesoortige staatlike gestalte aan en die burgerlike of staatslewe word op die wyse 'n gehoorsaamheidsgestalte van Gods Woord; ons kan ook sê 'n gestalte van God se Koningskap (soewereiniteit) en Koninkryk op aarde.

Hierdie siening gaan terug op die beskouing van Taljaard dat die staat 'n unieke, eiesoortige binding verteenwoordig waardeur die eenheid van die staats=liggaam (soos 'n "sago poeding") beklemtoon word, maar terselfdertyd die subjektiewe identiteit van die burgers as religieuse wesens (die "sago korrels"

in die sagopoeding) nie opgehef of vernietig word nie.[49] Hierdie twee gedagtes is nader omskryf met die twee begrippe: die "nasionale binding" wat die eiesoortig=heid van die staat aandui en die "burgerskap" van die mens as religieuse wese wat daardie aspek of faset van sy lewe, wat die staat se verantwoordelikheid is, aandui. Tussen staat en burger is daar dus so 'n noue samehang dat wie "staat" sê meteens ook "burger" sê en wie "burger" sê meteens ook "staat" sê omdat die twee begrippe korrelaat is met mekaar. Staatstaak en staatsroeping rig dus die oog op die EEN skeppings=realiteit: die staat en burgerlike taak en roeping rig die oog op die taak en roeping van elke afsonder=like burger binne staatsverband. (Die mens as religieuse wese is immers persoonlik verantwoordelik en aanspreeklik vir sy lewe wat hy binne elke lewens=verband lewe, ook binne die staatsverband as burger, net soos binne die kerkverband as lidmaat en binne die gesinsverband as eggenoot, vader, moeder of kind, ens.)

In aansluiting hierby en ter illustrasie kan terloops verwys word na die roeping en taak van die kerk as eiesoortige verband. Wie hier slegs sou stilstaan by die eiesoortige taak en roeping van kerkvergaderinge en by die besondere ampte van ouderling en diaken (by die gesagstruktuur van die kerk) sal maar 'n baie beperkte en eensydige visie van die kerk as samelewingsverband opbou. Volle perspektief kan eers verkry word indien die roeping en taak van die

lidmaat, staande in die amp van die gelowige, in die lig van die Heilige Skrif vasgestel is. Trouens die Skrif lewer oorvloedige getuienis dat die klem juis val op die roeping en taak van die persoon in die amp en dan veral op die persoon in die amp van die gelowige. Dit sal nie anders wees wanneer ons kom by die ander lewensverbande nie. Die mens as reli= gieuse wese word deur God se Woord aangespreek, geroep, aangestel, verantwoordelik gestel en hy moet op God se Woord antwoord. Hierdie antwoord van die mens as religieuse wese is altyd radikaal en totaal of dit nou 'n antwoord in gehoorsaamheid of in ongehoorsaam= heid is.

Die vraag wat nou egter beantwoord moet word is: Hoe voer jy jou opdrag uit o, mens? of o, staat? Die antwoord in Skriflig en op grond van 'n Skrifge= fundeerde ontologie sal in kort wees: só dat die burgerlike lewe, die staatslewe diens aan God met die hele hart is: AANBIDDING! Dit is die roeping van die staat: om diensbaar te wees aan die soewereine God - om die volvoering van sy taak te sien as aanbidding!

## HOOFSTUK VI

## DIE EIESOORTIGE ROEPING VAN DIE STAAT

Die vraag wat ten slotte beantwoord moet word is: Hoe behoort die staatslewe ingerig te word sodat die staat as samelewingsverband sy opdrag tot eer van God en as diens aan God se Koninkryk kan uitvoer. Of om dit in aansluiting by die formulering wat reeds ter inleiding gebruik is te stel: Hoe kan die staat 'n gehoorsaamheidsgestalte van die Woord van God op aarde realiseer? Voorlopig is gesê dat dit die roeping van die staat is om diensbaar te wees aan die soewereine God en om die staatslewe só in te rig en die staatstaak só uit te voer dat dit aanbidding ("worship"), GODS-DIENS is. Teenoor die sekularisme van die "New Left" word die radikale, integrale en totale lewensheiliging wat deur die Woord van God geëis word, gestel. Die uitgangs=punt van 'n Skrifgefundeerde ontologie stel hierdie onont=wykbare eis as logiese uitkoms of kulminasie van ons denke oor die staat as eiesoortige skeppingsrealiteit. Die vraag is egter hoe dit verstaan moet word. Om hierdie vraag te beantwoord moet allereers uitgemaak word waarin die eiesoortige roeping van die staat gefundeer is; verder: tot wie hierdie roeping kom en uiteindelik: wat hou roepingsvervulling in.

### 1 DIE FUNDERING VAN DIE EIESOORTIGE ROEPING VAN DIE STAAT

#### 1.1 Die begrip roeping

Die begrip roeping word gebruik omdat dit ons meteens terugvoer na die uitgangspunt van ons eie aanvaarde

Skrifgefundeerde ontologie nl. "Die Heilige Skrif leer die absolute en regstreekse soewereiniteit van God oor alle dinge in watter verband en op watter terrein ook al, m.a.w. die soewereiniteit van God word ook oor alle samelewingsverbande en samelewingsvorme as skeppingsrealiteite geproklameer." (I.3.1.1) Ook die staat is dus 'n skeppingsrealiteit waaroor God se soewereiniteit geproklameer is en wat gevolglik Gode-subjek en wet-subjek is. Hierdie uitgangspunt het besondere en verreikende implikasies vir die staatslewe, wat verder oopgedek moet word. Die eiesoortige roeping van die staat vind sy fundering allereers in die soewereiniteit van God Drie-enig soos Hy Homself in Sy Woord geopenbaar het. Die begrip "roeping" voer ons dus met die staatstaak en staatslewe terug na die aangesig van God.

In hierdie verband word die gedagte aangesluit by wat dr. P.J. Coetzee oor "ONS ROEPING IN AFRIKA"[1] geskryf het. Hy sê:

"Sodra ons die woord "roeping" op die lippe neem, kom ons voor God se aangesig te staan...Die Calvinis het haas geen belangriker woord in sy woordeskat as juis die woord "roeping" nie. Hy besef dat hy nie maar doelloos in die lewe gewerp is en geen reisiger na nêrens is nie, maar dat hy deur God op 'n bepaalde tydstip, toegerus met gawes en talente en met sekere moontlikhede binne sy bereik binne die patroon van 'n unieke milieu (eenmalig, omdat die geskiedenis met steeds nuwe variasies soos 'n bergstroom voortdurend

in nuwe beddings vertak) geplaas is om 'n Goddelike opdrag uit te voer. Wanneer ons dus van "roeping" spreek, bring dit ons noodwendig by God uit."

1.2 <u>Die spreke, die Woord van God</u>

Wanneer dus gespreek word van die roeping van die staat open dit vir ons 'n perspektief op die dadige spreke, die "roepe", ja, op die lewende Woord van die soewereine God. Die klem val allereers daarop dat God Heer en Koning is (Soewerein); dat Hy heers oor Sy Koninkryk (onderdane) en dat Hy Koninklik, absoluut gesagvol spreek: DADIG SPREEK! Daarom roep sy spreke, Sy Woord, altyd 'n ANTWOORD te voorskyn. So het God se Skeppingswoord bv. die hemel en aarde uit niks tevoorskyn geroep. Sy skeppingswoord was meteens Sy skeppingsdaad, want "deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van Sy mond hulle hele leër...want Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan" (Ps. 33: 6 & 9, II Petr. 3:5). Die skepping het dus aan God se skeppingswoord beant= woord deur daar te wees soos Hy gewil en gespreek het.

Heyns onderskei in aansluiting by Barth 'n verskeiden= heid van gestaltes van die Woord van God, maar beklem= toon daarby dat dit één God is wat één Woord met verskillende gestaltes, artikulasies of sesure spreek. Hy vervolg: "En wie die veelkleurigheid van die Goddelike Woord nie raaksien nie, sal die rykdom van Gods spreke en daarom ook die misterie van die kerk nie begryp nie. Maar as die Woord in verskeidenheid van gestaltes tot ons kom en van die ganse kreatuur

gehoorsaamheid eis, spreek dit vanself dat daar ook 'n verskeidenheid van gehoorsaamheidsgestaltes onderskei sal kan word. Eén hiervan is die kerk. En wie hierdie gehoorsaamheidsgestalte in sy besonderheid wil verstaan, sal sy verband met die ander gehoorsaamheidsgestaltes moet nagaan."[2] Dit geld mutatis mutandis ook van die staat as 'n ander besondere of eiesoortige gehoor=saamheidsgestalte. Waarop die aandag hier gevestig moet word, is dat die verband as sodanig 'n gehoor=saamheidsgestalte van die Woord van God (in die ryke, volle, omvattende betekenis daarvan) moet wees. Uiteraard is die verbandslede geroepe om hulle beson=dere eiesoortige verband op so 'n wyse te aktualiseer dat dit inderdaad 'n woordgestalte sal wees en so aan sy eiesoortige roeping op aarde kan beantwoord. 'n Konpleksiteit van relasies kom hiermee in sig bv. die relasie tussen mens en verband en elk van beide se relasie tot God Drie-enig, tot Sy Woord (in die verskeidenheid van gestaltes) en tot die res van die skepping en skepseldinge.

Vir verdere verheldering moet ons egter terugkom op die verskeidenheid van Woordgestaltes wat deur Heyns onderskei word. Hy meen dat die rede waarom Barth tot 'n Christomonistiese verenging van die openbaring gekom het die feit is dat hy slegs <u>drie</u> gestaltes van die Woord onderskei het. Na sy oordeel is daar nie minder as ses nie nl. die Skeppingswoord, Voorsienig=heidswoord, Verlossingswoord, Vleesgeworde Woord, Skrifgeworde Woord en Gepredikte Woord. Dit is egter

nie ses verskillende Woorde nie, maar één Woord deur één God gespreek met één enkele bedoeling "God het dit nodig gevind om sy Woord telkens op 'n ander wyse te artikuleer - dit is 'n bewys van sy wysheid. Dat Hy dit ook effektief kón doen, is 'n bewys van sy almag, en dat dit tot ons heil geskied het, is 'n bewys van sy genade."[3]

Daar is volgens Heyns 'n unieke betekenis en onomkeer=bare volgorde in die Goddelike artikulasie van die Woord en ons moet hierdie volgorde vashou. God het met die Skeppingswoord en nie met die Verlossingswoord of Vleesgeworde Woord begin nie. Natuurlik mag dit ook nie uitmekaar geruk word nie, want dit is almal dade van die almagtige God "maar dan begin die 'groot dade van God' by die Skeppingswoord wat Hy soewerein en majesteitlik gespreek het."[4] Die Skeppingswoord is egter nie net kreatief nie, dit is ook imperatief. Dit is gawe en gebod: wat is, moet wees. Met die skepping is ook die wetmatigheid gegee. Die dinge is nie net in aansyn geroep nie, maar ook hulle besondere eiesoortigheid is bepaal. God se skeppingswoord het ook die wet wat geld vir die dinge en strukture bepaal. "As uiting van Gods wil het Sy Skeppingswoord die ganse skepping tot dienaar van God gemaak. En as dienaar het die skepping allereers die taak om Gods lof as Skepper te besing."[5] Hiervan getuig die sg. Natuurpsalms op treffende wyse. (Ps. 8, 19, 29, 33, 104 e.a.)

Wat God deur Sy Skeppingswoord tot bestaan geroep het,

word deur Sy Voorsienigheidswoord tot voortbestaan gedra en onderhou. Dit is volgens Heyns nie 'n soort bevriesing of fossilering van die Skeppingsgegewene nie, maar 'n dinamiese ontsluitingsproses wat gerig is op 'n definitiewe doel of bestemming wat meteens ook gestalte gee aan God se regering en leiding in die geskiedenis. Die twee aspekte van God se voor=sienigheidswoord vat Heyns soos volg saam: "onder=houdend kontinueer God die skepping en regerend lei Hy die skepping na sy bestemming."[6] 'n Verdere artikulasie van die Woord het vanweë die sonde nodig geword, sodat die voleinding (bestemming) tans alleen langs die weg van redding en verlossing bereik kan word. Dat dit God is wat met Sy Voorsienigheidswoord die skepping na sy bestemming lei, sluit menslike verantwoordelikheid egter vir geen oomblik uit nie; inteendeel, dit is juis die aard van God se voorsienige handelinge om te gebruik wat Hy gemaak het, in casu: die mens. Dit is vir ons siening van die roeping van die staat belangrik en is reeds meermale beklemtoon. Hier word dit bevestigend in die woorde van Heyns herhaal: "Die deelname van die mens in die historiese ontsluitingsproses van die kosmiese moontlikhede is dus 'n genormeerde proses: dit moet plaasvind in ooreenstemming met die spreke van God. So word gebou aan die Koninkryk van God. Vind hierdie gestaltegewing egter nie in ooreenstemming met die spreke van God plaas nie, loop dit uit op chaos en word die ryk van die duisternis uitgebrei."[7] Naas die soewereiniteit van God, en as uitvloeisel daarvan,

word die roeping van die staat dus gefundeer in <u>die spreke van God d.w.s. in Sy Woord</u>.

## 1.3 Die Koninkryk van God

Die staat word nie net geroep om 'n gestalte van die Woord van God in hierdie wêreld te wees nie, maar as sodanig ook 'n gestalte van God se Koninkryk. Kerk en staat gaan egter nie aan God se Koninkryk vooraf nie, maar kom juis voort uit God se soewereiniteit en vrymagtige spreke waardeur Hy sy Koninkryk oprig en bou.

Daar is dus die allernouste samehang tussen soewe= reiniteit van God, die spreke van God en die Koninkryk van God. By laasgenoemde wil ons met Floor[8] in besonder die <u>pneumatologiese</u> sowel as die <u>Woord= karakter</u> van die Koninkryk van God beklemtoon. Ook hier is die allernouste samehange. In die vleesge= worde Woord, Jesus Christus, het die Koninkryk van God reeds gekom. Sedert Pinksterdag word die Koninkryk in en deur die Heilige Gees gerealiseer in hierdie wêreld. In hierdie realiseringswerk gebruik die Heilige Gees die geskrewe en verkondigde woord wat Hy deur die burgers van sy Koninkryk laat uitdra na die uiterste eindes van die aarde, na alle nasies, volkere en tale. Dit is proklamerings- en roepings= aktiwiteit wat primêr van die Heilige Gees uitgaan in hierdie "laaste dae" d.w.s. in die tyd tussen Pinkster en wederkoms. Maar dit is ook vernuwings- en herskeppingsaktiwiteit van die Heilige Gees waarin

die burgers beide tempel en medebouers is, dus voorwerpe en terselfdertyd uitverkore werktuie. En sentraal in hierdie koninkrykswerk staan die Ampsdraer en Verbonds=hoof van die nuwe mensheid nl. Jesus Christus in wie die volheid van die Godheid liggaamlik woon. (Kol. 2:9 & 10) Die Heilige Gees tree op as "administra=teur" van die skatkamers van die Koning. (Joh. 16:14 & 15)

Hoewel die staat as skeppingsrealiteit in die skepping gefundeer is, het die verlossing in Christus en die vernuwing deur die Heilige Gees ook betekenis vir die roepingsvervulling van die staat. Dit kan sekerlik, juis vanweë die sonde, nie weggeredeneer word nie. Die klem val dus ook daarop dat God, die Drieënige is: Vader, Seun en Heilige Gees en dat dit die Drieënige God is wat werksaam is in die herskeppings en vernuwingswerk. Die evolvering van dit wat in die "aarde" oorspronklik ingesluit was, vind nie anders plaas as deur die Heilige Gees wat die skepping na sy, deur God bestemde, voleinding (vernuwing, herskepping en verheerliking) voer nie. Daarom roep die Heilige Gees ook om Sy leiding te soek en te volg in alle konkretiseringsarbeid sodat lewensverbande gestaltes van Gods Koninkryk kan wees. Dit beteken dat daar gebuig moet word voor die Koningsheerskappy van Christus. "Die aanvaarding van Gods heerskappy en die onderwerping aan Sy heerskappy het moontlik geword deur die koms van die Heilige Gees, want dit is die Heilige Gees wat mense bring tot die vreugde=volle erkenning dat Jesus Kurios, Koning is. (Vgl.

I Kor. 12:3)."[9]

## 1.4 Die eie ontiese wet

Met verwysing na die kompleksiteit van relasies wat in die behandeling van ons onderwerp na vore tree, is o.a. genoem: die relasie tussen mens en verband en elkeen van die twee se relasie tot God Drie-enig en Sy Woord. In hoofstuk III is reeds daarop gewys dat die staat 'n eiesoortige skeppingsrealiteit is. Verder is gewys op die relasie wet, hart en samelewings=verband (III.3.4) en voorts dat elke verband allereers te doen het met mense as religieuse wesens, mense as bondeling wat in direkte relasie tot God staan. (III.3.5) Wat vir ons doel hier belangrik is, is om in te sien dat die verband nie in sy indiwiduele lede opgaan of die individuele lede in die verband opgaan nie, maar dat elk sy eie subjektiewe identiteit behou. Dit hou in dat God met die afsonderlike lede sowel as met die verband handel. Om die voorbeeld van die kerk te gebruik: God handel met sy kerk sowel as met die afsonderlike lidmate. Die kerk het 'n roeping en die afsonderlike lidmate het ook 'n roeping en die twee roepings is ten nouste (onlos=maaklik) met mekaar verbonde, maar tog onderskeibaar. Die verskillende beelde wat in die Nuwe Testament vir die kerk gebruik word werp vir ons lig op hierdie stelling. Die apostel Petrus onderskei bv. die "lewende stene" van die "geestelike huis" (I Petrus 2:5, vgl. ook I Kor. 3:9, Matt. 16:18). Die apostel Paulus gebruik weer o.a. die beeld van die liggaam

en die lede (I Kor. 12:12-31) en betrek die verskeiden=heid (lede) in die liggaam op die ampte: "En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale" (vs 28). Die kerk is deur intieme gemeenskap en vereniging met Christus as Hoof die "liggaam van Christus". (Corpus Christi). Hierdie eenheid kom bv. tot openbaring by die Nagmaalstafel, waarvan Paulus in I Kor. 10:16 - 17 skrywe:

"Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood."

Ons aanvaar dat hierdie simboliese wyse van spreke oor die kerk wel 'n <u>ontologiese basis</u> het. "Much depends on our understanding of the necessary symbolical character of all theological language. It would surely be wiser to say that such a phrase as "the body of Christ" (meaning the church) is used realistically, ontologically, and <u>therefore</u> metaphori=cally or symbolically or analogically."[10]

Soos die funksie van 'n steen anders is as dié van 'n gebou en soos die funksie van 'n lid anders is as dié van 'n liggaam, so verskil die roeping van die indiwiduele lidmaat van die roeping van die kerk as sodanig. Die lidmaat kan bv. nooit (in sy indiwidualiteit) "volk van God", "liggaam van Christus",

"bruid van Christus", "geestelike huis" of "ekklesia", ens. wees nie.

Dieselfde beginsel geld t.o.v. die staat en sy burgers hoewel die binding en eenheid hier anders sal wees as bv. in die kerk van Christus, (of in die huwelik en gesin). Taljaard gebruik t.o.v. die staat die beeld van die sagopoeding om op sowel die subjektiewe identiteit van die burgers, wat gehandhaaf word, as op die unieke binding en eenheid van die staat as nuwe eiesoortige realiteit klem te lê.

Die rede vir hierdie stand van sake is dat die lede van die betrokke verband so met mekaar verenig word dat 'n nuwe eiesoortige subjektiewe realiteit tot stand kom bv. 'n huwelik, 'n gesin, 'n kerk, 'n staat e.d.m. Die ontiese wet vir die verband bepaal hierdie eiesoortigheid van elke verband en dit verskil van die ontiese wet (die sentrale religieuse liefdeswet) wat vir die mens as religieuse wese geld, hoewel dit tog aan die sentrale religieuse liefdeswet genaelstring is. Daar is dus 'n bepaalde samehang tussen die wet vir die verband en die wet vir die mens as religieuse wese. Ten diepste word hierdie samehang teruggevoer na die wil van God waarin die Goddelike wetsorde nog onverdeeld is en dus 'n een=heid vorm. Die wil van God vind uitdrukking in die één Woord van God waarna hierbo verwys is. Gevolglik is daar 'n noue samehang, maar tog ook 'n verskil tussen die roeping van die staat as skeppingsrealiteit (met 'n eie subjektiewe identiteit) en die roeping

van die mens (as religieuse wese). Die roeping van die staat is (dus ook) in sy eie ontiese wet gefundeer, maar dan tog in onlosmaaklike samehang met die sentrale religieuse liefdeswet waaraan dit genaelstring is. Daarom vind ons oorvloedige getuienis in die Bybel dat God volkere en nasies aanspreek en roep om Hom te erken, voor Sy hoë majesteit te buig, Hom te dien, Hom te loof en te prys. (Dan. 4:25, Jes. 10:5 - 8; 41:1 - 7; Ps. 117)

Daar moet dus gewaak word teen 'n verwarring tussen die roeping van die instelling en die roeping van die lede van die instelling, want, hoewel in baie noue samehang met mekaar, is dit tog verskillend en onder=skeie. Indien hier nie suiwer onderskei word nie, kan na twee kante gesondig word nl. 'n soort imperia=lisme van die instituut wat sy lede se taak oorneem of 'n soort indiwidualisering van die instituut wat die struktuur laat vervlugtig in sy lede. Hierdie gevaar is deur L. Floor tereg gesignalleer en sy gedagte word hier kortliks weergegee. Hy wys op wat hy noem "die derde dimensie" in die bekering nl. dat dit 'n nuwe benadering tot sowel as nuwe verhouding met die medemens in die Koninkryk van God impliseer. Dit bring mee dat die Koninkryk van God ook direkte betekenis vir die samelewing het. Dit moet met 'n nuwe geesdeurdring word nl. met die Gees van Christus. In die lewe van elke dag moet die Koninkryk van God gestalte kry. "Die gelowige staan in 'n bepaalde maatskaplike, politieke, sosiale en kulturele situasie waarin hy geroep is tot die Koninkryk van God en met

welke situasie hy nie noodwendig moet breek nie. Die nuwe verhouding tot God word gerealiseer in 'n nuwe verhouding tot die medemens."[11]

Die vraag is nou egter: wat die roeping en taak van die kerk in hierdie opsig is en hy antwoord: "Wel is dit die roeping van die kerk om in prediking en profetiese vermaning die gelowiges op te roep tot diensbetoon en om in 'n Saggeüs-gesindheid die skuld teenoor die naaste te bely en die nood van die naaste te lenig. Ook het die kerk die roeping om profeties die owerhede op te roep tot hulpbetoon teenoor die verontregte en die sosiaal swakkere in die samelewing."[12] In sy getuienis teenoor die staat behoort die kerk hom daarop te beroep dat hierdie wêreld God se wêreld is en dat "die staat, die maatskappye, die politiek en die wetenskap" nie onafhanklik van God is nie. Wel is al hierdie instellings onafhanklik van die kerk "Maar aangesien kerk en staat beide afhanklik is van God, het hulle die roeping om mekaar wedersyds by te staan."[13] Die Koninkryk van God word weerspieël in die verhoudinge in die samelewing.

Dit sal dus verkeerd wees indien die instituut vir homself die roeping en taak opeis wat aan die lede van die instituut as burgers van die Koninkryk van God toekom en vica versa. In hierdie verband sê Floor bv. in verband met die Kerk: "Behalwe diens=betoon aan die huisgenote van die geloof is dit nie die taak van die kerk om as instituut die nood van die naaste te lenig nie. Ons moet onderskeid maak tussen

kerk en Christene. Aan die instituut moet nie opgedra word wat die taak van indiwiduele gelowiges is nie. Wel kan die kerk leiding gee. Die kerk moet sy lidmate help om die Christen-wees te belewe, ook in die verskillende samelewingsverbande. Dit is die groot taak van die kerk om sy lidmate deur prediking en onderrig te mobiliseer tot diens aan die medemens."[14] Hy waarsku voorts teen wat W.H. Velema noem "subjekts=verwisseling". So 'n subjeksverwisseling vind plaas wanneer ons die kerk as amptelike instituut wil laat verrig wat die taak is van die gelowiges. Dit is wat die laaste tyd gaan gebeur. Daar word aan die kerk as amptelike instituut take toevertrou wat nie tot die kerk behoort nie. Dit vloei voort uit wat Velema noem 'n "diakonia-listiese kerkbeskouing" waarin die sosiale funksie van die kerk sterk beklemtoon word. "Die kerk staan nie as liggaam van Christus sui generis teenoor die wêreld nie, maar die kerk is self 'n deel van die wêreld. Die kerk het nie 'n kom-struktuur nie, maar 'n gaan-struktuur. Die kerk moet uitgaan in die wêreld om 'n diens aan die wêreld te lewer tot leefbaarmaking van die wêreld. Die wese van die kerk lê eintlik in die wêreld...Die kerk moet in verband met hierdie diens aan die wêreld geher=struktureer word...Diens bestaan in vernuwing van die maatskappy volgens die model van Karl Marx. Marx se maatskappykritiek is die nuwe kanon vir die kerk.."[15]

Voortvloeiend uit so 'n beskouing spreek dit haas vanself dat 'n oormatige klem op struktuurvernuwing

gelê sal word en dat aan struktuurvernuwing prioriteit toegeken moet word bo persoonlike bekering. Dit is, soos reeds gesien, die tipiese gedagtegang van die neo-marxiste en 'New Left' beweging. Dit spreek vanself dat daar van die bediening van die versoening volgens die evangelie van Christus nie veel oorbly nie en dat ons eintlik hier te doen kry met die sekularisme in sy ergste vorm.

Hierdie gedagtegang is met opset breed aangehaal ter illustrasie van wat gebeur wanneer daar 'n subjeks=verwisseling plaasvind bv. op kerklike terrein d.w.s. wanneer daar nie suiwer onderskei word tussen die mens as religieuse wese en die verband as eiesoortige subjektiewe realiteit nie. Floor waarsku tereg teen 'n soort van kerklike imperialisme en die funeste gevolge daarvan. Die wortel van die dwaling is dat die kerk in sy eiesoortigheid (d.w.s. volgens eie ontiese wet) nie suiwer onderskei word van die mens as religieuse wese nie met die gevolg dat die roeping van die kerk as instituut nie onderskei kan word van die roeping van die gelowige as lidmaat van die kerk nie.

Dieselfde dwaling kan t.o.v. die staat (en staatsburger) plaasvind. Daar is eenvoudig 'n roeping en taak wat aan die staat as eiesoortige subjektiewe realiteit toekom, wat hy alleen normatief kan en moet verrig. Daar is ook 'n eiesoortige roeping van die staats=burger as religieuse wese wat sy eie subjektiewe identiteit binne staatsverband behou het, wat hy

alleen normatief kan en moet verrig. Indien daar tussen hierdie twee 'n subjeksverwisseling plaasvind word beide se take en roepings skeef getrek met kwade gevolge vir 'n normatiewe ordening van die samelewing.

Dit spreek vanself dat ons nou ook nie weer na die anderkant moet sondig en die institute op liberalistiese wyse moet indiwidualiseer en laat opgaan in 'n konglo= moraat van sg. vrye, outonome indiwidue nie. Die balans moet behou word. En die balans kan alleen in Skriflig behou word as ons nl. insien dat die verband 'n nuwe, eiesoortige subjektiewe realiteit is waarin die subjektiewe identiteit van die mense as religieuse wesens wat daarin begrepe is nie opgehef word nie, maar onverswak gehandhaaf word. Taljaard waarsku egter in hierdie verband: "Tog moet ook onderskei word tussen die mens as religieuse wese aan die een kant en die religieuse wese as staatsburger aan die ander kant. Die staatsburger in sy indiwidualiteit (as sagokorrel) se roeping word m.i. begrond deur die ontisiteit van die staat. Sy subjektiewe identiteit as burger met eie taak en roeping mag nooit losgemaak word van dié van die staat nie - dit is aan die een kant genael= string aan sy menswees, d.w.s. aan sy religieus-wees en aan die ander kant aan sy burgerwees - d.w.s. soos hy bepaal word deur die ontiese wet van die staat." Hierdie onderskeiding word teruggevoer na die ontiese wet wat vir elkeen geld en dit fundeer weer op sy beurt elkeen se eiesoortige taak en roeping in Gods Koninkryk op aarde.

1.5 Die Skrifgeworde Woord van God

Besondere aandag moet nog aan die fundering van die roeping van die staat in die Skrifgeworde Woord van God geskenk word omdat dit die enigste bron van ons kennis van al die ander Woordgestaltes is. In hierdie verband sê Heyns tereg: "Die Bybel is die sleutel vir die verstaan van die oorsprong van die skepping in God; die Bybel leer ons dat God sy skepping onderhou en regeer; die Bybel ontvou aan ons God se verlossingsplan vir sy gevalle skepping; die Bybel getuig van die herskeppingswerk van Jesus Christus en die Bybel is die enigste bron vir die verkondiging van die kerk. Daarom glo ons nie in die Bybel nie - dit staan ook nie in een van ons geloofsbelydenisse nie - maar ons glo in die God van die Bybel. Die Bybel is 'n venster - die enigste betroubare venster - op die teenwoordigheid van die werkende God, nie op één enkele terrein van die lewe nie, maar op alle terreine van die ganse lewe."[16]

In die Bybel het die Woord van God, nie net vir die kerk nie, maar vir alle mense en lewensverbande sigbaar en hoorbaar geword. Meer nog: deur die actus van die Heilige Gees kom nie net die kerk nie, maar ook elke ander lewensverband in die greep van die Woord. In die Bybel word God geproklameer as Skepper, Onderhouer, Herskepper en Voleinder. Die roeping van die soewereine, sprekende God gaan deur middel van die Skrifgeworde Woord uit tot die staat. In die Skrifgeworde Woord ontmoet die mens en die verband die geopenbaarde wil van God en dit is alleen die staat met die Bybel wat

in staat sal wees om sy taak en roeping normatief, tot Gods eer en as diens aan God Drie-enig te kan uitvoer. Gesien die neergelegde beginsel dat die owerheid die sentrale religieuse liefdeswet onder leiding van die ontiese wet wat geld vir die staat moet positiveer vir die terrein waaroor gesag gevoer word, is dit duidelik dat die Skrifgeworde Woord inderdaad onontbeerlik is vir die roepingsvervulling van die staat.

Hierdie finale terugbinding van die roeping van die staat aan die Skrifgeworde Woord hou rekening met die volle, ryke openbaring van God sowel as met die volle aardse werklikheid waarin die staat sy roeping moet vervul Hierin is die sondeverskeurdheid van mens en skepping verdiskonteer. Hierin is egter ook die volkome verlossing en herskepping in Christus deur die Heilige Gees verdiskonteer. Hierin word die perspektief van hoop, wat die baan ook vir die staat oopbreek na die toekoms van Christus en na die nuwe hemel en nuwe aarde, geopen. Staatsroeping word hierdeur eskatolo= gies gerig: na die volle, sigbare openbaring van die Koninkryk van God. Dit hou egter ook in dat die staatsroeping anti-teties teen die ryk van die anti-chris gerig word.

Die belangrikheid en betekenis van die Skrifgeworde Woord in verhouding tot die eenheid van Gods Woord word ook deur Olthuis beklemtoon as hy sê dat die kerk weer die volheid en eenheid van die Woord van God moet ontdek. "The Word of God is one. But since man's fall, that Word also comes to us Inscrip=

turated and Incarnated. When mankind fell in Adam it no longer heard and understood the Word. To make it possible again for man to hear and do the Word, and thus live, God gave the Scriptures to enlighten man as to his place, his nature and his task. Finally, in the "last days He has spoken to us in His Son (Hebr. 1:1). The Word in its unity and in its diversity is the Power of God to life".[17] Die Bybel het vir ons die Woord van God "geherpubliseer" en so weer terugge=gee. "Because of our post Fall situation mankind must start with the Scriptures and meet Christ before it can again have its eyes opened to the Word holding for creation. Both the Scriptures and Christ point us to the Word of God as that by which all things are kept in life. The Scriptures structually add nothing to the Word of God; they republish, reproclaim it in such a way that creation can be redirected along the ways God originally planned. Christ adds nothing to the Word of God structurally: He is the Word of God made flesh for the re-creation and re-demption of the world."[18]

Gesien die prinsipiële aanvaarding dat God oorspronklik 'n gestruktureerde skepping daargestel het ('n skepping waarin die samelewingsverbande ingesluit was in die oorspronklike "aarde") vloei dit logies daaruit voort dat Gods Woord, in Sy eenheid en volheid, ook vir die verbande bedoel is; ook op die verbandslewe gerig is om dit volgens God se raadsplan en welbehae te ontplooi en te rig op hulle normatiewe funksionering in Sy

Koninkryk. Die Woord van God is in die Heilige Skrifte gevolglik ook aan die ander verbande (en nie net aan die kerk nie) teruggegee. Ons kan met groter klem Olthuis se eis dat die kerk die Woord van God in sy volheid en eenheid moet herontdek herhaal t.o.v. die staatsverband en t.o.v. elke ander samelewings=verband. Die radikaal regse, Bybelse standpunt kan nie anders as om juis onder aangryping van Gods Woord en Gees die eis te stel dat elke eiesoortige lewensver=band (en dus ook die staat) die Skrifgeworde Woord moet aanvaar as gesagvol en rigtinggewend vir sy terrein en "hele lewe" nie.[19] In hierdie Woord is die roeping van God wat uitgaan na die staat gesagvol geartikuleer. In die Skrifgeworde Woord het Gods roeping vir die Staat sigbaar, hoorbaar en verstaanbaar geword.

Goudzwaard wys daarop dat alle dinge (ook die staat) deur en tot Christus geskape is en vervolg:

"al de structuren van de wereld ook die van het staatsleven zijn door Hem als het Woord Gods geworden ...(Hy) heeft dus dit staatkundig leven naar eigen aard en karakter door zijn wil voortgebracht"[20] Daarom mag ons nooit, in die vervulling van ons politieke roeping, hierdie eie-aard van die staat uit die oog verloor nie, maar dit moet na eie aard en struktuur (dus eiesoortig) tot ontplooiing gebring word. Die staatslewe moet ontplooi en "ontsluit" na Christus toe, want dit is kragtens die skepping ook so aangelê. Wanneer die staat die burgerlike geregtigheid na die eis van Gods Wet nie meer nastreef nie is hy besig om

sy roeping te versaak en so 'n staat stuur af op ontbinding, aldus Goudzwaard.[21]

Die relevansie, gesag en lewensnoodsaaklikheid van die Skrifgeworde Woord vir die staat en staatslewe (sowel as vir die ander lewensverbande) is m.i. gefundeer in tweërlei stande van sake nl. die eenheid van die Wet van God en die eenheid van die mens as religieuse wese (die bondeling) m.a.w. dit is een Woord van God wat tot een mens kom (een hart) wat lewe binne 'n verskeidenheid van eiesoortige verbande. Die verband tussen verbond en Koninkryk van God kom hier wel in sig. Die verbond is nl. die fondament waarop die Koninkryk van God gebou is. Die mens as bondeling is kragtens die verbond gerig op die Koninkryk en bereik as bondeling sy bestemming in die Koninkryk van God. Sou hy as bondeling nie sy bestemming bereik nie, dus sy doel en bestemming mis, gaan hy (as bondeling) vanweë eie sonde en skuld verlore, want sonde het nie alleen die elemente van opstand, rebellie, ongehoorsaamheid en wetsoortreding nie, maar op grond van al die voorgaande ook: <u>jou doel mis</u>.

Hierdie siening is belangrik binne die raamwerk van ons uiteensetting tot dusver. Zuidema sê i.v.m. die verbondsgedagte:

"The Covenant of grace encompasses the totality of life eschatologically and dynamically from out of the past over the present and into the future. Should this gracious covenant and the effect of the Kingdom of Christ not totally permeate either the church or

the life outside of the church - who does not think here of Christ's parable of the leaven? - then the evil of the profanation of that area outside of the church unavoidably has its repercussions in a profanation of church life. The Christian or un-christian character of our political policy, attitude, activity, ideals, obedience and organization finds its repercussions in our church life, attitude, activity, policy, obedience and organization - and vica versa. God's Covenant, man's being grafted into God's Covenant and his responsibility (in that Covenant know of no devision of life and do not stop at church, state, political party, family or school boundaries. There is a one-ness in our human-ness and in our human dealing which corresponds to the oneness and totality of God's Covenant in Christ and to the oneness and singularity of the omnipotence in the heavens and "under the heavens" presented to Christ at his ascension."[22]

Die harte-religie is noodwendig vervleg met alle lewensverbande, maar dit is in finale instansie onder=worpe aan die onmiddellike relasie en verantwoordelik=heid "to God and to his grace and sactification, which is offered to us in our being bound to God's Word and his Christ through the work of his Holy Spirit."[23]

In aansluiting by die onverswakte handhawing van die eenheid van Gods Woord (+ verbond en Koninkryk) moet die eenheid van die religieuse liefdesgebod ook

onverswak gehandhaaf word. Dit geld weer eens nie net vir die kerk nie maar ook vir die staat en vir alle lewensverbande en wel op gronde soos pas hierbo uiteen=gesit. Die neiging bestaan vandag om die "tweede" gebod van liefde tot die naaste los te maak van die "eerste en groot gebod" van liefde tot God en die eerste in die tweede te laat opgaan. Dit loop uiteraard uit op 'n verabsoluteerde naasteliefde wat geen Bybelse naasteliefde meer is nie, maar 'n humanistiese mede=menslikheid wat gewortel is in die verabsolutering van die mens. Hierdie profanisering en sekularisering van naasteliefde het ten slotte niks meer te make met Bybelse naasteliefde wat in die Wet van God gegrond is nie.

Zuidema sê in hierdie verband:

"Rather, the neighborly love of the Christian as Christian is a reflection, an expression of his love towards his God. If not, it is not the neighborly love of a Christian, but 'Mitmenschlichkeit' of the (secularized, God-enstranged) humanist".[24]

Hy verklaar die sinsnede: "And the second is like unto it (the first)..." tereg soos volg:

"In order for something to be "like unto" something else, the former is not identical to the latter and precisely does not coincide with it. The Greek text is quite clear in this regard. For the word "like" the Greek has homoios, meaning: resembling, reflecting. But in no case identical to it. Not in the last

place because this second (and therefore not the first, and not at all the great) commandment demands of us to love our neighbor as ourselves, more precisely, requires of me that I love my neighbor as myself, whereas the love towards God does really not imply that I love God as myself."[25]

Voorts wys Zuidema daarop dat 'n mens met so 'n sekulari= sering van die tweede gebod van naasteliefde niks kan maak nie. Dit word tot 'n naiewe "mite" "what can one do with it, politically, in the situation in which Israel found itself, when neighboring nations intended to annihilate the Israeli people together with the Israeli state? How could Israel in that situation still be a serving love for his neighbor? Had it not loved its own survival, it would have been wiped off the face of the earth, thereby losing all opportunities to be ever again a serving love."[26]

Die lewe van die staat hang dus ook daarvan af dat die eenheid van Gods Wet gehandhaaf moet word en dat dit nie slegs te doen het met "die tweede tafel" van die wet nie, maar ook met die "eerste en groot gebod". Die staat is beslis aan die eerste en groot gebod gebonde (nl. om God lief te hê met die hele hart) en die staatsowerheid is geroepe om die religieuse liefdesgebod in sy geheel, sy eenheid en samehang vir die staatsterrein te positiveer. Anders kan die staat hoogstens 'n soort van humanistiese medemenslik= heid realiseer al word dit ook by die mooiklinkende term van "die geregtigheidslewe" van die staat genoem.

Ware lewensheiliging, ware aanbidding en ware GODS-DIENS is nie om voor die MENS te kniel en hom te dien nie, maar om God-Drie-enig te aanbid en Hom alleen as HERE (KURIOS) te erken en te dien. "I must love God because of God Himself, love Him for His word of salvation and because He wants to be my God...there is intercourse with God which does not take place via the other, and which differs wholly from all intercourse with one's neighbor."[27]

Die Woord van God (en in besonder die Skrifgeworde Woord waarin ons die religieuse liefdesgebod van God in Sy eenheid en allesomvattende gesagvolle spreke het), word dus voor die staatsowerheid (en dus ook vir die hele staatslewe) geopen en ter tafel gelê "in order that political life may be religion, not in the sense of will-worship, but as a worshipping of God in which the Kingdom of Heaven can take on form as well as demand reform. The Church is here in the first place, as a gracious act of God in Christ, to make this clear to its members by the light of God's Word, and to hold this before them in all ecclesiastical exercising of office. This is an essential part of the church's pastorate."[28]

Ten slotte word daarop gewys dat die staat vir sy eiesoortige roepingsvervulling dus onverswak gebind moet word aan die omvattende spreke van die alleenware en lewende God soos dit finaliter sy focus en brandpunt bereik in die Skrifgeworde Woord en daar nader in die Wet van God. Die staat staan hier as 't ware soos

die volk Israel eens voor hulle staatvorming op die grens van die land Kanaän gestaan het. Dit was vir hulle 'n keuse tussen GERÍZIM EN EBAL - berge waarop die seën en die vloek van die HERE gelê was:

"Kyk, ek hou julle vandag seën en vloek voor - die seën as julle luister na die gebooie van die Here julle God wat ek julle beveel; en die vloek as julle nie luister na die gebooie van die Here julle God nie, maar afwyk van die weg wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie." (Deutr. 11:26-29).

Die enigste heil vir die staat is vandag nog slegs geleë in die <u>luister</u> en die <u>doen</u> van die woorde van God. So word op verstandige wyse 'n huis op die rots gebou wat die storms van die radikaal-linkse en anti-Christelike magte kan trotseer om na God se bedoeling 'n burg vir sy burgers op aarde te wees.

## 2 INHOUD VAN DIE STAAT SE ROEPING

### 2.1 Die luister na die sprekende God

Uit wat tot dusver gesê is, is dit duidelik dat roeping primêr van God uitgaan. Dit is dus 'n roeping deur die soewereine God wat deur Sy Woord en Gees beslag lê op die geroepene en hom voor Sy aangesig bring. Wie sy roeping wil verstaan moet dus met God Drie-enig te rade gaan - in besonder soos Hy Homself in Sy Woord openbaar. Die besondere betekenis van die Skrifgeworde Woord, wat ook voor die Staat ter

tafel gelê word, is ook reeds opgemerk. Die eerste vereiste vir die verstaan van 'n roeping is dus om te luister - te luister wat God deur Sy magtige en dadige spreke in Sy Woord sowel as in sy werke in die geskiede=nis te sê het. Dit is deel van ons roeping en miskien 'n baie belangriker deel as wat hier neergepen kan word. As God ook die staat volgens Sy plan voortgebring het en op Sy Koninkryk gerig het dan verstaan ons dat die Woord ook op die staat en staatslewe gerig is en staat en staatslewe op die Woord. Dan moet daar ook in die staatslewe geluister word na die spreke en roepe van God wat tot die staat kom. Dit is reeds die eerste roersele van roepingsvervulling indien daar in die raadsale van die staatslewe gevra word na die Here en sy sterkte en Sy aangesig altyddeur gesoek word (Ps. 105:4).

2.2 Uit sondeslawerny tot gehoorsaamheid

Roeping het nog verder die betekenis dat uit 'n "ou" toestand of status tot 'n "nuwe" toestand, status, amp en diens geroep word. Roeping vind nie in 'n vakuum plaas nie. Die uitverkorenes is volgens die Bybel 'n heilige volk, 'n Koninklike priesterdom, 'n volk as eiendom verkry om te verkondig die deugde van Hom "wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig" (I Petr. 2:9) Hier is dus sprake van roeping uit 'n toestand van verlorenheid en duisternis (die slawerny en dood van die sonde) tot redding, vryheid, lig, lewe en diens. Die vorige toestand van sondeslawerny en dood (onvryheid) maak

lewe en diens onmoontlik. Daarom moet daar eers bevryding plaasvind. Maar die bevryding is altyd tot diens. Ware vryheid word so voorwaarde tot diens. Dit het ook betekenis vir die staatslewe. Die staat en staatslewe moet bevry word tot diens. Die vraag wat beantwoord moet word is hoe vryheid en diens in staatlike konteks verstaan moet word.

Vir 'n staatlike vryheidsbegrip, gegrond op 'n Skrifge= fundeerde ontologie moet ons aansluiting vind by wat L. Floor noem: "Die kosmiese dimensie van verlossing."[29]

Hy wys daarop dat die verlossing in Christus kosmiese afmetings het en die bevryding en verlossing van die ganse kosmos beoog. "Die verlossing is allesomvattend en dit het daarom ook terdeë politieke en maatskaplike aspekte. Ons sien dit duidelik in die Ou Testament. Verlossing is daar, sowel persoonlik as geestelike verlossing en ook bevryding uit politieke en maatskap= like druk. Die exodus uit Egipte is daarvan wel 'n sprekende voorbeeld."[30] Hy wys voorts die moderne, neo-marxistiese duiding van verlossing en bevryding as strukturele verlossing en bevryding af en wys daarop dat dit God is wat verlossing bewerk het (perfektum) en wat Sy Koninkryk op aarde realiseer. "Van hieruit gesien, kan ons volkome verlossing nie van onsself, van maatskappyvernuwing, van geweld, uit die loop van 'n geweer verwag nie,maar wel van die deurwerking van die Evangelie in die hart van die mens. Vernieude mense sal ou strukture van binne uit beïnvloed en verander en selfs nuwe strukture skep.

Jesus Christus is die kosmiese Christus, maar ons moet onthou dat Hy 'n Koning is wat regeer totdat Hy sy vyande onder sy voete gestel het. (I Kor. 15:25)".[31] Die verkondiging van die Koningskap van Christus het maatskappyvernuwende krag en waar die staat buig voor die soewereiniteit van God Drie-enig en voor die gesag van Sy Woord daar sal ook struktuurvernuwing plaasvind.

Die perfektum (of indikatief) van die Koninkryk van God bring sy eie imperatief met sig mee en hierdie imperatief eis radikale en totale bekering. Hierdie radikale en totale bekering slaan op 'n gans nuwe verhouding van die mens en die verband tot die soewereine God,tot Sy Woord (Wet), tot die self en die naaste, tot die res van die skepping sowel as tot die sonde en die Bose. Die radikale verhoudingvernuwing tot die Soewereine waardeur die hart van klip in die binneste vervang word met die nuwe hart van vlees breek deur in alle ander verhoudinge en beïnvloed dit totaal en beslissend. Dit het as resultaat dat die "nuwe hart van vlees" na die Woord van God luister en dit doen m.a.w. dit lei tot gehoorsaamheid aan die Wet van God as gestaltegewing van die verloste lewe van dank=baarheid. Dit is die enigste ware vryheid van die mens in watter lewensverband hy ook al optree en lewe.

Vryheid in hierdie sin is dus enersyds vryheid van sondeslawerny, wat deur die Heilige Gees gewerk word en andersyds vryheid tot gehoorsaamheid aan Gods wet. Ook hier moet die liberalistiese indiwidualisering van vryheid in die sg. menseregte en vryhede wat totaal

losgemaak word van die soewereine God en Sy Woord beslis afgewys word. Die agitasie vir maatskappyvernuwing en die sg. "strukturele verlossing" kom met name by die neo-marxiste en die "New Left" voort uit die afvallige wortel van hierdie humanistiese vryheidsbegrip. Die enigste afdoende antwoord hierop kan alleen gebied word deur die Bybelse vryheidsbegrip nl. bevryding uit sondeslawerny tot gehoorsaamheid aan die wet van God. Dit geld uiteraard elke subjek d.w.s. ook die staat as eiesoortige skeppingsrealiteit waaroor die soewereiniteit van God Drie-enig geproklameer is en wat geroep word tot gehoorsaamheid aan die Woord van God.

2.3 Geroep in 'n konkrete situasie en tydsomstandighede

Roeping vind ook nie in 'n vakuum plaas wat tyd en ruimte betref nie. Die roeping vind onder bepaalde tydsomstandighede plaas. Dit moet volbring word binne 'n bepaalde ruimte met alles wat dit as opgaaf vir die staat ter tafel lê. Staatstaak en staatsroeping sal altyd in Skriflig deur dieselfde ontiese wette (+ beginsels en norme) gelei word, maar dit sal steeds nuwe positiveringe eis namate tyd, omstandighede en behoeftes wissel en verander. Daarom is dit nie moontlik en ook nie nodig om voorskriftelik te wees nie. Roepingsvervulling dra nie 'n wettiese karakter nie, maar daar sit vryheid, dinamiek en beweging in omdat die leiding van die Heilige Gees deur middel van die Woord onlosmaaklik daaraan verbonde is. Roepingsvervulling het die aksent van reformasie en vernuwing op bogenoemde grond. Die roeping van die

staat in die Republiek van S A is vandag wat die objek= tiewe sy (wetsy) daarvan betref nog dieselfde as 100 jaar gelede maar sal subjektief (dus in die gehoorsaam= heid aan die kant van die wetsubjek nl. die staat) 'n ander toepassing vind. Oor 100 jaar verder sal dit weer van vandag verskil. Die besondere behoeftes van vandag en die besondere omstandighede bv. volkere-samestelling binne die nasionale staat sowel as wêreld= toestande wat tans heers, is almal faktore wat in ag geneem moet word as ons bv. vra: Wat is die R S A se roeping vandag? Dit geld ook van elke ander staat.

2.4 Staatstaak en staatsroeping

Dit spreek haas vanself dat taak en roeping nie van mekaar losgemaak kan word nie, maar ten nouste met mekaar verbind is. Tog is daar 'n verskil. Roeping is in elke opsig ruimer en omvattender en verleen 'n bepaalde dieptedimensie. Die roeping vind plaas met die oog op 'n sekere taak, maar veel gaan reeds in die roeping aan die taakuitvoering vooraf. Roeping maak ook 'n radikale verskil in die taakvolbrenging self. Dit gee daaraan 'n ander kwaliteit. Dit bring ook 'n nuwe dimensie by na die taakuitvoering afge= handel is. Wat word hiermee bedoel? Kortliks die volgende:

2.4.1 Die roeping en sending vind met gesag plaas en waar "roeping" ons voor die aangesig van die soewereine God te staan laat kom, soos reeds gesê, kan die implikasie dadelik ingesien word. Taak mis hierdie gedagte. Taak kan gewoon 'n plig wees wat afgehandel

moet word sonder enige roepingsbesef. Die soewereine God roep egter (die staat), beklee met gesag, stuur met gesag, gee opdrag met gesag, rus ook toe met gesag. In 'n tyd wat gekenmerk word deur 'n gesags=krisis is dit woorde wat miskien meer dikwels gehoor moet word. Die gesag van die Koning wat roep en wat stuur moet gestalte kry in die roepingsvervulling en taakvervulling van die staat.

2.4.2 Die tweede radikale verskil raak, soos die woord aandui, die HART. Dit is nie net belangrik wat gedoen moet word nie, maar ook hoe dit gedoen behoort te word. Laasgenoemde bepaal die kwaliteit van die doen sowel as die kwaliteit van die resultaat van die daad. 'n Skrifgefundeerde werklikheidsvisie bind beide mens en verband terug aan die sentrale religieuse liefdeswet wat die HART raak en rig. Wat in Skriflig dus vir ons duidelik moet wees, is dat geloof, hoop en liefde - ja die hele harte-gesindheid van die geroepe gesant van God allesbeslissend vir die kwaliteit van sy taakvervulling is (I Kor. 13). Dit geld ook die staat en staatstaak. Die "mooi so" van die Koning dek die hele handeling en neem veral die HART in ag. Die wyse waarop die staat sy roeping en taak vervul verleen besondere kwaliteit aan die staatslewe en realiseer bepaalde waardes. Ons verwys hier terug na twee eksistensiale van die aardse eksistent wat deur Taljaard onderskei word nl. subjektiwiteit en objektiwiteit (IV.1) en waarde=bepaaldheid (IV.5).

2.4.3 Roeping hou die gedagte van <u>antwoord en verantwoording</u> in. Na die taakvolbrenging moet die gesant hom voor sy Koning kan verantwoord nl. dat hy sy taak op verantwoordelike wyse uitgevoer het. Die element van rekenskap lê reeds in die begrip roeping opgesluit. Weliswaar word die standpunt nie gehuldig dat samelewingsverbande in die oordeel sal kom en voor God rekenskap moet gaan gee nie, maar wel die ampsdraers (owerheidsampsdraers sowel as onderdane). In persoonlike hoedanigheid sal verbandslede rekenskap moet gaan gee van hulle lewe binne die verbande. Hierdie werke sal dan ook aan die vuurproef onderwerp word. Elkeen se werk wat hy binne die lewensverbande gedoen het, sal in die oordeel aan die lig kom hoe=danig dit was. (Dus van watter kwaliteit) I Kor. 3: 12 - 15.

2.5 <u>Die roeping van die staat t.o.v. sy eie nasionale bestaan</u>

In die lig van die uiteensetting onder 2.4 hierbo is dit duidelik dat dit nie nodig is om weer die staatstaak of owerheidstaak in besonderhede te herhaal nie. Die vraag hier is: Hoe kan die staat sy taak op so 'n wyse vervul dat die staatslewe "aanbidding" of "GODS-DIENS" word. Die bedoeling is binne die raam=werk van ons werklikheidsbeskouing baie duidelik dat dit die aanbidding en diens van die alleen ware en lewende God van die Skrifte op die oog het (en geen ander god of die mens) nie. Verder: dat 'n radikale lewensheili=ging beoog word wat 'n antwoord bied t.o.v. die

sekularisme van die anti-sinteties linkse denke wat eintlik staatsvernietigend is. Ons het verder ook onderskei tussen die staat as eiesoortige skeppings=realiteit wat vir sy roepingsvervulling direk onder die wet van God geplaas word en die mens as religieuse wese wat sy eie subjektiewe identiteit binne staats=verband behou. Die bedoeling is hier nie om die roeping van die mens as mens te beskryf nie, maar om iets oor die roeping van die staat as eiesoortige verband te sê.

### 2.5.2 "Drieërlei roeping" volgens Stoker

H.G. Stoker onderskei wat hy noem 'n drieërlei roeping nl.

"Elke mens is a. 'n verantwoordelike indiwiduele persoon met 'n persoonlike roeping. b Elke samelewingskring (huwelik, gesin, volk, staat, en kerk asook maatskaplike kringe soos 'n industrie, hospitaal klub ens.) het 'n eie soewereiniteit met 'n eie verantwoordelike kringroeping. c 'n Ekumene met sy ekumeniese taak het sy verantwoordelike ekumeniese roeping. Hierdie drie roepings is onderling verbonde. Dit vorm 'n eenheid van drieër=lei roeping. Tussen hulle behoort die aangewese ewewig van geval tot geval bewaar te word. Die een mag nie ter wille van die ander versaak of verkrag word nie."[32]

In die lig van hierdie drieërlei roeping bepleit Stoker 'n driëerlei toekomstaak vir die skole nl.

a onderrig en opvoeding van ons kinders tot verantwoordelike persone en

b die nasionale vorming van ons jeug en hierby kom dan vandag 'n derde taak by nl.

c die ekumeniese. "Reeds op skool moet ons kinders geleer word wat ekumene is en beteken, dat en hoe die mensheid in al die onderskeie verbande vandag ekumenies word en ontwikkel en hoe hulle hulle daarin terug moet vind. Reeds op skool sal ons kinders moet ekumenies leer onderskei, leer om hulle ekumenies in te stel en om ekumenies te handel. Reeds op skool moet ons hulle voorberei om, as hulle volwasse en mondig is, aan die ekumene verantwoordelik deel te neem en selfs daarin leiding te gee. Met ander woorde: moet hulle ekumenies roepingsbewus gevorm word."[33] Hierdie drieërlei roeping, die persoonlike nasionale en ekumeniese, geld volgens Stoker nie net vir die skool nie, maar vir elke ander lewensverband.

In sover as wat Stoker beklemtoon dat ons 'n roeping te vervul het in die oikoumenè gè d.w.s. op die ganse "bewoonde aarde" moet hy gelyk gegee word. Maar dat die "ekumene" as normatiewe ontwikkeling gesanksioneer word lyk vandag meer bedenklik as toe hy in 1963 die aangehaalde artikel geskryf het.

Die tweede gedagte wat met instemming aangehaal is, is dat elke samelewingsverband 'n eiesoortige roeping het. Trouens dit is die uitgangspunt waarop die beredenering van die eiesoortige roeping van die staat berus. Hierdie tweede aanvaarding nl. dat

elke eiesoortige samelewingsverband 'n eiesoortige roeping in hierdie wêreld te vervul het, sluit egter prinsipieel die vorming van superstrukture van wêreldwye omvang uit. Dit is volgens die uiteensetting tot dusver antinormatiewe ontwikkelinge wat vanuit 'n Skrifgefundeerde werklikheidsvisie nie gesanksio= neer kan word nie en waarmee gevolglik nie samewerking gebied kan word nie. Die rede hiervoor is dat die sg. ekumeniese strukture almeer ontwikkel in die rigting om <u>dwang</u>-strukture te word wat op die interne terrein van die eiesoortige samelewingsverbande tree en dreig om hulle eiesoortige funksionering te oor= heers en op te hef. Hierdie uitwerking word almeer voelbaar op die terrein van die kerk, die staat en ekonomie, hoewel dit ook baie effektief deurwerk op sport en kultuurterrein. Dat hierdie superstrukture gekom het om te bly meen ons om saam met Stoker in Skriflig te erken, maar dit is geen rede waarom dit prinsipieel goedgekeur moet word nie. Trouens, dit skyn in Skriflig niks anders te wees as die kontoere en bodembereiding vir die openbaring van die anti= christelike wêreldryk nie. (Vgl. I.3.2.3, III.3.3.4.1, V.4.2.1.6).

Hierdie standpunt sluit egter nie internasionale samewerking uit nie, maar dan moet dit prinsipieel op grond van 'n Skrifgefundeerde werklikheidsvisie verantwoord kan word. (Vgl. III.3.3.3.2; 3.3.4; 3.4.5; 3.4.7; IV 6.2.1; 6.2.2 hierbo). Op grond hiervan blyk dit voldoende te wees om die roeping van die staat onder twee hoofde nl. <u>DIE NASIONALE</u>

en INTERNASIONALE in te deel. Onder laasgenoemde word die gedagte van internasionale verhoudinge en samewerking op grond van en met behoud van eie prinsipiële uit= gangspunte dan behandel. Die derde perspektief wat reeds in hoofstuk IV behandel is nl. die Koninkryks= perspektief dui nie op 'n aparte roeping nie, maar loop van meet-af-aan deur bogenoemde twee en staan dus nooit los daarvan nie. Tog word dit hier ten slotte samevattend in aansluiting by die inleiding as die knooppunt en kulminasiepunt van die hele gedagtegang aangebied (sien VI.2.5.5).

Daar is reeds gewys op die roeping van die staat om in gehoorsaamheid op die wet van God te antwoord deur enersyds regverdige instellings te realiseer en dit voortdurend reformatories in stand te hou. Verder dat die owerheid die sentrale religieuse liefdesgebod moet positiveer vir die terrein waaroor gesag gevoer word en dat die geregtigheidslewe van die staat juis langs hierdie kanale op staatlike wyse tot openbaring moet kom. Dit is aangedui met die onderskeiding wat by L.M. du Plessis aangetref is nl. INSTITUSIONALISE= REND en GEINSTITUSIONALISEERD.[34] (Vgl. IV.5) Die geregtigheidslewe van die staat, wat streng genormeer word aan die wet van God, kom dus op hierdie tweërlei wyse tot openbaring met die oog op die AMPSGEBORGENHEID van die burger.

Nou samehangend hiermee is ons begrip van burgerlike vryheid en "regte" wat hierbo uiteengesit is (VI.2.2) wat daarop neerkom dat die burger bevry moet word uit

die bande van sondeslawerny om sy taak en roeping in sy burgerlike amp normatief uit te voer. Met normatief word bedoel: ooreenkomstig die wet van God, as gehoorsaamheids- en dankbaarheidsdiens aan God en Sy Koninkryk.

Die "reg" van die burger word dus nie afgelei uit die vermeende fiktiewe, oorspronklike toestand waarin mense as vrye en outonome indiwidue in hulle selfstandigheid (op sigself) bestaan nie. So vals en fiktief as wat hierdie sg. oorspronklike toestand is, net so vals en fiktief is die sg. "menseregte" of "burgerlike regte en vryhede" indien dit in bogenoemde liberalisties-indiwidualistiese konteks aangetref word. Hierteenoor is teruggegaan na die skepping van die mens na die beeld van God en Sy oorspronklike <u>opdrag</u>, <u>aanstelling</u> en <u>toerusting</u> om sy ampsdiens as religieuse wese binne alle lewensverbande en in die wêreld te verrig. Amps=geborgenheid is die eiesoortige beskerming en waarborg wat die staat aan sy burgers moet verleen om hulle roeping binne alle lewensverbande in Gods Koninkryk uit te voer. Die staat is daardie lewens=verband wat so die lewe (bioties en andersinds) van sy burgers moet borg. Dit gaan in die term ampsge=borgenheid "om het behoud van ons bestaan" soos Polak dit uitgedruk het.[35] As ons bestaan self in gevaar gestel of opgehef word, spreek dit vanself dat daar van lewe, van taakuitvoering en van roepings=vervulling binne ander lewensverbande (op watter terrein ook al) geen sprake kan wees nie. Geen ander

lewensverband is deur God toegerus met die swaardmag om "die behoud van ons bestaan" te verseker en te waarborg nie.

Weer eens moet hierdie saak nie liberalisties, indi= widualisties verstaan word nie. Dit is die bestaan van die staat self as burg van die burgers wat hier op die spel is en dit gaan in die nasionale roeping van die staat om die lewe, behoud en welwese van die staat self as eiesoortige, Godgewilde, skeppings= realiteit. ('n Mens dink hier onwillekeurig aan die miershoop van die mierekolonie en die byekorf van die swerm bye wat dien as hulle burg. Hulle burg word instinktief, maar goed georganiseerd, gesamentlik (kollektief) en indiwidueel-verantwoorde= lik verdedig "om het behoud" van hulle bestaan. Elkeen vind sy weerbaarheid en geborgenheid slegs in hulle gesamentlike burg. Buite hierdie burg is hulle absoluut weerloos en 'n maklike prooi. Miskien is die wyse Salomo se raad aan die mens ook hier gepas om te gaan leer by die miere, die sprinkane en klipdassies. (Spreuke 30:25 - 31). Die verwysing is hier ook ten slotte na die koning met sy troepemag by hom!)

Die vraag is of hierdie beskouing nie in stryd is met Gods liefdeswet wat o.a. "selfverloënende, selfvergetende naasteliefde" eis nie. Die antwoord op hierdie vraag is m.i. reeds voldoende deur Vollenhoven, Zuidema e.a. gegee toe daarop gewys is dat die mens ook deur Gods wet beveel word om

homself as geskape na die beeld van God lief te hê. (vgl. III.3.4. 1 - 3 en VI. 1.5 hierbo). Die realiteit van die staat as 'n Godgewilde skeppings=realiteit is 'n gawe van God aan die mens; sy gesagstruktuur is deur God daaraan gegee (hy dra die swaard nie verniet nie, Rom. 13:4) en as sodanig is die staat 'n onmisbare lewensverband wat met dank=baarheid ontvang en met gehoorsaamheid aan Gods Wet in stand gehou moet word. Hierdie realiteit het aanspraak op sy burgers se liefde, trou, diens en verdediging wat nodig is om die nasionale staat te beskerm en te bou as veilige burg. Hierin kom die geïnstitusionaliseerde gehoorsaamheidslewe via kanale wat die staat bied, tot openbaring as burgerlike Koninkryksdiens.

Die perspektief van die ganse skepping nl. van hemel en aarde kom ook in die staatslewe ter sprake en die beskerming wat die staat sy burgers bied is nie net teen aardse en menslike bedreiginge nie, maar ook teen bose en antichristelike magte (sondemagte) wat dreig om die staat te ontbind en vernietig (Ef. 6). Dit gaan in die staatslewe ook ten diepste om die stryd tussen die Koninkryk van God en die ryk van die Bose. Daarom is die eerste en groot gebod van liefde tot God ook deurslaggewend vir die staatslewe. Indien dit so is kan die oproep om die nasionale belang te dien, om die burg van die burgers te beskerm, om hulle ampsgeborgenheid te waarborg met die oog op hulle roepingsvervulling in die Koninkryk van God nooit anti-normatief wees nie, inteendeel,

dit moet as nasionale roeping van die staat beskou word.

## 2.6 Staatsroeping t.o.v. anderssoortige verbande en ander lewensvorme

Uit wat reeds gesê is (vgl. V.4.2.1.4 en VI.2.5.2 hierbo) is dit duidelik dat anderssoortige samelewings=verbande geen staatsonderdane is nie, maar dat hier sprake moet wees van hartlike samewerking tussen gelykwaardige lewensverbande wat onderling met mekaar vervleg (en in 'n mate afhanklik) is en elk eiesoortige diens in die Koninkryk van God lewer. Die gesagsdraers van elke verband is verantwoordelik om die lewe van die eie verband te reël, te reguleer en te organiseer en die staat het geen bevoegdheid om die interne lewe van enige ander verband te reël of te reguleer nie. Die staat se roeping word streng begrens deur sy eie ontiese wet wat inhou dat die owerheid alleen die burgerlike belange van die onderdane moet reël, reguleer en beskerm. Dit is alleen in gevalle waar ander lewensverbande die burgerlike belange van die onderdane deur interne verbandsonreg bedreig of benadeel dat die staat 'n roeping het om dit te beskerm of te herstel. Dit moet ook slegs in gevalle geskied waar die ander lewensverband nie daarin kon slaag om die geskille tussen sy lede te besleg nie. In hierdie lig moet die apostel Paulus se vermaning aan die Korinthiërs gesien word (I Kor. 6:1 - 11). Die heiliges (lidmate van die kerk) word hier opgeroep om hulle "regsake" onderling te besleg en nie daarmee na die "regbank

en dit voor ongelowiges" te gaan nie. (vs. 6) Die feit dat die staat in sekere kringe as universele regsverband gesien word, het dit reeds algemene gebruik laat word om die behartiging van alle "regsake" of "regspraak" deur die "wêreldlike hof" te laat plaasvind. Die bevoegdheid van die staat kom alleen in sig wanneer 'n saak deur "die swaardmag" van die staat besleg kan word, want die swaardmag is deur God alleen aan die staat gegee. Geen ander lewensverband het bv. die reg en die mag om gevangenisstraf (met die keuse van staatsboetes) en doodstraf op te lê nie. Dit kan en mag die staatsowerheid alleen. Dit is ook die staat se Godgegewe roeping omdat hy die swaard nie verniet dra nie "want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf." (Rom. 13:4)

Die staat verkeer egter nie net met anderssoortige lewensverbande op dieselfde staatsterritorium of vaderlandsgebied nie. Daar is ook 'n ryke verskeiden= heidvan ander lewensvorme en groeperinge soos o.a. rasse en volke wat saamgevat kan word onder die hoof: kultuurgemeenskappe. Ons het reeds daarop gewys dat verskillende volke tot een nasionale staat geïntegreer kan word, maar dat die binding in staatsverband in so 'n geval minder heg is as wanneer een volk ook een staat sou vorm (III.3.3.3.2). Laasgenoemde mag as ideaal beskou word, maar was en is geen reële moontlik= heid nie. Selfs die Griekse polis het onderskei tussen burgers en vreemdelinge of inwoners ("Citizens and denizens") en vandag, waar migrasie 'n algemene ver= skynsel geword het, is so 'n toestand grootliks uitge=

sluit. Die staat is dus geroepe en het as interne taak om volke as eiesoortige kultuurgemeenskappe op sy grondgebied tot een staat saam te bind. Dit beteken hoegenaamd nie dat hulle identiteit opgehef moet word en hulle ook tot een volk geïntegreer moet word nie. Dit hoort nie by die staatsbevoegdheid of staatstaak en staatsroeping om volkere se bestaan op te hef of om nuwe volkere deur integrasie tot stand te laat kom nie. Die teenoorgestelde is ook nie waar nie omdat die staat 'n eiesoortige verband is wat nie sy ontstaan, gesag of voortbestaan van 'n of die volk ontvang nie. Die staat is m.a.w. nie 'n instrument van 'n volk nie. Die owerheid is nie die gesagsliggaam van 'n volk (of selfs meer as een volk) nie. Volkere is ook nie as volkere staatsonderdane (of burgers) nie. Die owerheid regeer nie in die eerste plek oor volkere as gedifferensieerde kultuurgemeenskappe nie net so min as wat die owerheid oor gesinne, kerke, skole, universiteite, bedrywe, kultuurorganisasies of verenigings regeer. Die owerheid behartig slegs die burgerlike belange van sy onderdane (wat staatsburgers sowel as inwoners insluit, maar nie samelewingsverbande en kultuurgemeenskappe nie).

Is dit nou die staat se roeping en taak om kultuurgemeenskappe se interne sake te reël, hulle identiteite te beskerm en te waarborg of in gevaar te stel en op te hef e.d.m.? Ons meen, op grond van alles wat tot dusver gesê is, van nee. Dit is die kultuurgemeenskap se eie taak en roeping om sy interne belange self te behartig en nie van die owerheid te verwag om dit vir

hom bv. d.m.v. wetgewing te doen nie. Net so mag die staatsgesag ook nie d.m.v. reëls, regulasies en wetge=wing iets doen wat die belang en identiteit van 'n kultuurgemeenskap kan skaad of in gevaar stel nie. Wetgewing met die oog op rasse- en volkere-integrasie sowel as rasse- en volkere-segregasie op staatsterrito=rium blyk oorskryding van staatsbevoegdheid te wees. Die proses van akkulturasie oor die grense van kultuur=gemeenskappe heen mag streng gesproke nie deur die owerheid beheer word nie, want dit is nie behartiging van die burgerlike belange van staatsburgers (of ander onderdane) nie, maar dit is die behartiging van die belange van kultuurgemeenskappe wat as sodanig nie onderdane is nie.

D.J. van den Berg wys m.i. tereg op die anderssoortig=heid van die staat as samelewingsverband en 'n volk as kultuurgemeenskap as hy sê: "Die nasionale same=lewingsvorm van die burgery val glad nie saam met die volksgemeenskap(pe) wat hulle op die staatsterritorium mag bevind naas ander gemeenskappe, maatskapsverhoudings en verbande nie. Heel dikwels hoor ons die uitspraak dat elke volk die reg het op nasieskap, die selfver=wesenlikende reg om vir sigself 'n onafhanklike staats=verband op die been te bring. Weens hulle inherente aardverskille is dit egter onmoontlik vir die volk as kultuurgemeenskap om te verander in 'n staatsverband met 'n permanente gesagstruktuur van owerheid en onder=daan. Hieraan steur die humanistiese dogma van volk=soewereiniteit - wat in sy universalistiese gedaante

die leuse "een volk, een staat" verkondig - hom egter nie. Dit is immers geloof in hierdie dogma wat aan= leiding gee tot die siening van die politieke party as 'n volksbeweging, en sodoende ten onregte die volk (of die volksverteenwoordigers in die parlement) as 'n magsfront sien wat in die owerheidsamp staan om te regeer in die eie belang van hierdie een volkse groepering onder die burgery."[36]

Die individualistiese teenhanger van hierdie humanistiese geloof in die soewereiniteit van die mens is volgens van den Berg te vinde in die gelykheidsideologie van "een mens een stem" of die dogma van die sg. regsoewe= reiniteit. "Waar eersgenoemde dogma die volksgemeenskap verhef tot allesomvattende openbare orde (waarvan kerk, gesin en staat maar organiese dele is) misken hierdie tweede dogma die eie reg van vrye gemeenskappe, vrye maatskapsverhoudings en vrye nie-staatlike verbande deur die staatsburgery te reduseer tot losstaande enkelinge (met slegs enkelingsregte of menseregte). Die blote getalsmeerderheid van hierdie enkelinge maak dan aanspraak op die owerheidsamp om ten koste van die regte van minderhede in hul eie belang te regeer."[37]

Hierdie beginsel van nie te oortree op die terrein van anderssoortige samelewingsverbande en kultuurgemeenskappe nie sny uiteraard na alle kante en geld nie net vir die staatsverband nie. Daar mag ook nie teenoor die staats= verband oortree word nie en indien dit wel die geval sou wees dan is die staat geroepe om homself op eiesoortige wyse te beskerm en te beveilig as burg

vir sy burgers. Die eiesoortige wyse wat hier vermeld word slaan op die eiesoortige gesag van die staat met die middele wat tot sy beskikking staan. Dit kan bv. voorkom dat 'n bepaalde volk op staatsterritorium so optree dat die nasionale of staatlike eenheid, welsyn of voortbestaan op die spel geplaas word. Dit is ook moontlik dat eiesoortige samelewingsverband soos die kerk, die skool en die bedryf sigself skuldig maak aan staatsgevaarlike of ondermynende bedrywighede wat hoegenaamd nie tuishoort by hulle eiesoortige roeping of taak nie. In sulke gevalle is die owerheid geroepe om die staat te beskerm en te beveilig deur die oortreders hok te slaan. Weliswaar bly dit steeds 'n moeilike saak om te beoordeel waar die grense hier getrek moet word, maar die beginsel self is duidelik.

'n Ander beginsel wat op die spel kom, is dat die owerheid die roeping het om die sentrale liefdesgebod onder leiding van die ontiese wet vir die staat te positiveer vir die terrein waaroor gesag gevoer word. Die beginsel is aanvaar dat 'n staat 'n grondgebied met bepaalde grense moet hê om 'n staat te wees. Die vraag is of volke elke tot 'n eie staatsvorming kan oorgaan sonder so 'n bepaalde begrensde grondgebied m.a.w. waar verskillende volke 'n gemeenskaplike grondgebied of vaderland deel soos die geval is in die Republiek van Suid-Afrika. So 'n moontlikheid kan op grond van die beginsel van die bestaan van gelykwaardige nasionale state wat naas mekaar bestaan en mekaar se gelykwaardigheid en gebiedsintegriteit

erken nie aanvaar word nie. Wel kan aanvaar word dat verskillende volke as eiesoortige kultuurgemeenskappe saam een staat, op 'n gemeenskaplike vaderlandsbodem en saamgebind onder een sentrale en ondeelbare gesag, kan bestaan. Besondere eise sal in so 'n geval aan die owerheid gestel word om die eenheid sowel as welsyn van die staat te handhaaf.

Met die oog op die Suid-Afrikaanse toestand, kan op grond van ons uitgangspunt twee kort opmerkings gemaak word. Eerstens kan die poging om vir swart volke onafhanklike nasionale state op hulle eie grondgebiede (soos dit histories gegroei het) te aktualiseer as in beginsel 'n normatiewe ontwikkeling beskou word mits dit aan sekere onmisbare voorwaardes voldoen. Hier word gedink aan voorwaardes soos een, onverdeelde grondgebied wat groot genoeg is en wat die potensiaal het om die volk en staat vir die voorsienbare toekoms te kan dra; die nuwe onafhanklike staat moet waarlik op alle gebiede lewensvatbaar wees en reeds die beskawingsontwikkeling ontplooi het wat selfregering moontlik maak, e.d.m. Indien hierdie ontwikkeling egter uit die humanistiese motivering van bv. volksoewereini= teit by die blankes of die swartes voorkom en nie uit die eiesoortige roeping van die staat wat gestalte moet gee aan die sentrale religieuse liefdesgebod nie, kan dit nie as 'n normatiewe ontwikkeling bestempel word nie. Indien bv. slegs <u>selfliefde</u> aan beide kante figureer moet dit as 'n nuttelose en selfs staatsge= vaarlike eksperiment afgeskryf word. Dit kan dan niks

as chaos en rampspoed vir die toekoms inhou nie.

Die tweede opmerking geld die binnelandse posisie en veral die volkereverhoudinge binne die nasionale staat, die Republiek van S A. Weliswaar is volkere as kultuur=gemeenskappe nie burgers van die staat nie en moet elke kultuurgemeenskap sy besondere eiesoortige roeping en taak vervul. Waar 'n hele aantal wyduiteenlopende volke op dieselfde staatsterritorium permanent vir eeue reeds gevestig is soos in die R S A, kom die owerheid voor besondere uitdagings en besondere vraag=stukke te staan. Hier is die verskil egter nie net volkere of kultuurverskille nie, maar ook diep-ingry=pende rasverskille, verskil in beskawingsontwikkeling, kleurverskille e.d.m. Die situasie is prakties een=voudig gestel, dat ontwikkelde kultuurvolke (blankes) dieselfde vaderlandsbodem en staatslewe moet deel met nog laag ontwikkelde natuurvolke (swartes e.a.) Hierby kom nog dat die blanke kultuurvolk oor die algemeen gekarakteriseer word deur die christelike godsdiens wat reeds eeue hulle verbondserfenis is terwyl die swartes tradisioneel nog grootliks veranker is in hulle eie natuurgodsdienste van voorvaderlike aanbidding e.d.m. Uit die aard van die saak sal die hoër ont=wikkelde en veral Christelike blanke volke minder begerig wees om hulle eie identiteit prys te gee ter wille van die nie-blanke volke.

Hierby moet vele faktore soos binnelandse agitasie vir politieke medeseggenskap en buitelandse druk van die kant van die internasionale gemeenskap vir die volle

erkenning van menseregte op die R S A verreken word. Hierby kom nog dat die binnelandse beleid van die owerheid wat betref die volkere-verhoudings en politieke medeseggenskap onder die aanvaarde Westminster model bepaalde leemtes en anomalieë geopenbaar het.[38] Die vraag is of 'n staatsbeskouing gegrond op 'n Skrifge= fundeerde ontologie vir ons 'n uitsig bied op hierdie oorweldigende binnelandse problematiek van veelvolkig= heid of kulturele pluralisme. Dr. P.J. Cillié merk in verband met die owerheidsbeleid op: "Die koers is ewenwel evolusie in die rigting van 'n veelvolkige nasie - of 'n volkeregroepering binne een staat as u verkies - 'n nasie van Wit, Bruin en Indiër, met die inskakeling van 'n onverminderbare minimum van swartes buite die tuislande as 'n meer afgeleë moontlikheid. In so 'n Suid-Afrika sal die strewe na volwaardige burgerskap vir al sy kinders moeisaam maar op die duur onstuitbaar verloop."[39]

Enkele riglyne wat ons tog meen getrek moet word is <u>eerstens</u>: dat ons aanvaar dat die huidige (en elke) owerheid kragtens sy amp geroepe is om institusionali= serend rigting te gee aan konstitusionele ontwikkeling in die R S A. <u>Tweedens</u>: dat kragtens die roeping van die staat die sentrale religieuse liefdesgebod van deurslaggewende betekenis geag moet word by enige konstitusionele vernuwing wat daar moet kom. Dit moet vir die owerheid bo alles om die gehoorsaamheid aan Gods wet gaan. Dit moet gaan om die heerskappy van God Drie-enig op alle lewensgebiede. Dit moet gaan om die toekoms van Gods Koninkryk en nie om die

seksionele belange van enige ras of volk nie. Derdens: Dit moet gaan om die nasionale belang soos genormeer aan die sentrale religieuse liefdesgebod. Die owerheid dra die swaard nie verniet nie. Die owerheid moet dus sy Godgegewe mag normatief gebruik ook met die oog op die staatsbelang. Die owerheid mag die Godgegewe mag nie misbruik nie, maar dit ook nie uit sy hande laat slaan nie. As dit deur aggressiewe, meesal antichristelike magte uit sy hande geslaan is, kan nie meer invloed op die toekoms van Suider-Afrika (en verder) uitgeoefen word nie. Die owerheid moet dus ook verantwoordelik omgaan met die toekenning van staatsburgerskap. Vierdens: Die owerheid moet die ampsgeborgenheid van sy burgers waarborg deur omvattende nasiebou. Vyfdens: 'n nasionale owerheidsbeleid moet die kanale skep waardeur die volke of kultuurgemeenskappe hulle bydrae kan lewer tot 'n veelvolkige nasionale staat wat 'n gehoorsaamheidsgestalte van die Woord van God hier aan die Suidpunt van Afrika kan realiseer. Dat daar gewerk moet word aan 'n nuwe regeringsvorm waarin volke met behoud van hulle identiteit hulle eie bydrae tot die regering en administrasie van die land kan lewer word deur ons uitgangspunte nie uitgesluit nie. Hoedat burgers deur volkskanale, bv. d.m.v. politieke partye hul bydrae tot die sentrale owerheidsverkiesing kan lewer, moet in besonderhede deur staatkundiges uitgewerk word. Die beginsel dat daar slegs een sentrale owerheid op 'n bepaalde staatsterritorium kan bestaan is m.i. duidelik. Sonder so 'n onbetwisbare hoogste gesagsliggaam kan daar nie regeer word nie.

By die bepaling van die owerheidsbeleid t.o.v. die kanalisering van die burgers se bydraes deur hulle eie volkskanale moet die toekoms van die Christendom in korrelasie met bestaande kultuurgemeenskappe (volke) beoordeel word en die baan of bedding vir hulle beleidsuitvoering gekies word met die oog op die grootste waarskynlikheid op sukses. Die deurslaggewende faktor moet nie ras, kleur of selfs volk wees nie, maar die Koninkryk van God moet prioriteit nommer een wees. Sou bv. koördinering van kragte tussen 'n Christelike blanke bevolking en 'n Christelike kleurlingbevolking waarskynlik die meeste kans op sukses met die oog op die toekoms hê, is dit die baan of bedding waarin toekomstige beleid gekanaliseer moet word met die oog op die behoud en uitbou van ons Christelike beskawings=erfenis.

Deurgaans moet egter in gedagte gehou word dat die sentrale liefdesgebod die hart raak en verander, die gesindheid en verhoudinge nuut maak; allereers in ons verhouding tot die soewereine God en van daaruit: ook ons verhouding tot ons naaste. Die ander eiesoortige samelewingsverbande is geroepe om in hierdie opsig hulle bydrae te lewer en hulle roeping te vervul. In hierdie verband het dr. P.J. Cilliè tereg opgemerk dat sonder 'n minimum van die Christelike deugde, prakties beoefen, sal geen konstitusionele reëlings slaag nie. Met die bereikbare maksimum sal selfs die slegste konstitusie beswaarlik kan misluk.[40] Wat ons nodig het aldus E. Runner, is 'n op die politiek=gerigte beklemtoning van die sentrale geloofskennis

wat ons van Jesus Christus en van die Woord van God besit.[41]

## 2.7 Staatsroeping op internasionale gebied

Daar ontwikkel almeer 'n intieme wisselwerking tussen intra-staatlike en interstaatlike beleid en optrede sodat die twee rigtings van staatlike verkeer en optrede nie van mekaar losgemaak kan word nie. Die binnelandse beleid wat deur 'n owerheid gevolg word beïnvloed onvermydelik sy buitelandse betrekkinge en die sg. "wêreldgemeenskap" het onvermydelike invloed op binnelandse regeringsbeleid. Dit is so a.g.v. die feit dat die wêreld deur die snelle verkeer en kommunikasiemedia tot 'n eenheid saamgesnoer is en in werklikheid klein geword het. Boonop het die wêreld onherroeplik die tydperk van internasionalisme ingegaan en die nasionale staat is net so onherroeplik deel van die "stategemeenskap" van die wêreld. Die ekumeniese bewegings het op alle terreine mode geword en elke staat word opgeroep om in die koor saam te sing al is dit soms, uit Bybelse oogpunt beskou, 'n kakofoniese koor waarin allerlei klanke van leuens, onwaaragtigheid en omgekeerde waardes gehoor word. Dan word dit inderdaad vir enige owerheid 'n moeilike saak om uit te maak wat die internasionale staatsroeping moet wees in 'n era en wêreld soos dit vandag is. Dit word nog moeiliker wanneer aan die toekoms gedink word, want die beslissing vir vandag lei en stuur die staat op 'n pad wat na môre en na die toekoms lei. Daar is dus 'n behoefte aan 'n vérsiende staatsbeleid

wat gegrond is op vaste beginsels en hierdie vaste beginsels, so glo ons, kan alleen uit Gods Woord verkry word.

Ten opsigte van die internasionale roeping moet ons dus ook staatstaak en staatsroeping onderskei en word hier slegs klem gelê op die beginsels wat staatstaak moet onderlê. Die staat word nl. geroep om 'n gehoor= saamheidsgestalte van die Woord van God in die wêreld te wees. As gehoorsaamheidsgestalte wat dus institu= sionaliserend en geïnstitusionaliseerd geantwoord het op die wet van God word dit dus ook 'n gestalte van Gods Koninkryk op aarde. Dus, kragtens interne staats= lewe wat op hierdie beginsels geskoei is, word die staat met die Bybel ook 'n getuienisgestalte te midde van ander state. Die wyse waarop die staat dus gekonkretiseer word ooreenkomstig Gods wet is reeds die belangrikste deel van sy roepingsvervulling op aarde. Dit moet onderliggend wees aan sy buitelandse betrekkinge met ander gelykwaardige state. Dit neem egter nie weg dat ook die buitelandse betrekkinge, beleid en optrede te alle tye die stempel van die sentrale religieuse liefdesgebod moet dra nie. Die staat met die Bybel as grondslag moet steeds 'n betrou= bare vennoot van onkreukbare integriteit wees wat poog om in alle betrekkinge, ooreenkomste en verbonde die waarheid te spreek en te doen.

Die leidende en rigtende motief van die staat se inter= nasionale roeping is, soos nou reeds afgelei kan word, ten diepste die belange van Gods Koninkryk wat gedien

moet word deur die belange van die eie nasionale staat met die oog op die lewensbeveiliging en ampsgeborgenheid van die burgers. Hierdie belange kan wel so met mekaar geïntegreer word omdat die sentrale liefdesgebod onder leiding van die ontiese wet vir die staat deur die gesagsdraers gepositiveer moet word vir die staats=terrein. Indien dit nie so gebeur nie sal Koninkryks=belang en staatsbelang telkens met mekaar in botsing kom en sal die nasionale steeds die voorkeur geniet bo die gehoorsaamheid aan Gods Woord.

2.7.1 Staatsroeping en internasionale welvaartsbeplanning

Dit is egter nie net die owerheid wat met gelykwaardige state betrekkinge aangaan nie. Ander samelewings- en kultuurverbande tree ook op internasionale terrein op en sal groot invloed uitoefen op die eiesoortig-staatlike betrekkinge. 'n Mens kan hier dink aan die geweldige invloed van die internasionale ekonomiese netwerk wat direkte invloed uitoefen op buitelandse staatsbeleid. Die vraag kan bv. gestel word in watter mate moet die nasionale owerheid meedoen aan die omvattende welvaartsbeplanning wat almeer inslag vind op internasionale terrein. Van Riessen stel dit in een van sy werke soos volg:

"In het algemeen kan men in ieder geval zeggen dat de moderne wereld in onze eeuw van de beperkte Controle door de wetgeving langzamerhand overgaat tot de methode van planning van het economiese leven zelf. En onmiddellijk blijk dan dat veel meer beoogd word dan de oplossing van de sociale

kwestie. Het doelwit is de welvaartsplanning. Men bedoelt niet de zieke plekken van het sociaal-economisch leven te cureren, maar men wenst een geheel nieuw stelsel daarvoor te creëren. Een stelsel waarin men hoopt vanuit een centrum het toekomstig verloop van de totale welvaart en van de spreiding daarvan te beheersen. De stabiliteit van dat stelsel is van het grootste gewicht, want van haar hangt de betroubaarheid van de toekoms=planning af."[42]

Hierdie WELVAARTSBEPLANNING soos voorgestaan deur o.a. F.L. Polak en K. Mannheim stel die staat voor die grootste uitdaging van alle eeue omdat dit in die lig van toekomstige ontwikkeling skynbaar die enigste oplossing bied en dit hier gaan, soos Polak dit uitdruk: "Om het behoud van ons bestaan."
Om maar een faktor te noem: Dit word bereken dat die wêreldbevolking oor ongeveer negentig jaar drie=maal sal verdubbel en dan ongeveer 30 000 miljoen sal wees en oor 850 jaar, wat maar 'n kort tydjie in die geskiedenis is, sal daar nog slegs staanplek op die oppervlakte van die aarde vir die mensemassa wees. Die enigste behoud skyn dan te wees 'n omvattende beheer en beplanning van die ganse lewe van die mens sodat die balans tussen bv. die bodem en natuurlike hulpbronne en die wêreldbevolking behoue kan bly. Dit sal 'n diepe ingrype in die menslike lewe noodsaaklik maak en die aangewese samelewingsverband om dit te doen is die staat. Uiteraard sal die staat 'n internasionale karakter

moet dra met volle beheer oor die ekonomie, industrieë, tegniek, wetenskap en sosiale strukture. Die beplanning sal uitgestrek word tot binne die kring van die huwelik, die gesin en die kerk. Die voortplanting van die menslike ras sal onder die beslag van hierdie "planning" kom, nie net in die sin dat dit beperk sal moet word nie, maar ook dat daar selektief voortgeplant moet word met uitskakeling van die ongewensde mensemateriaal en bestendiging van die gewensde. Hierby sal die rekenaar diens kan doen om te bereken watter man en vrou die gewensde nageslag sal lewer.[44] Ook hier blyk dit reeds meteens hoe die moderne, mondige mens ten slotte uitgelewer word aan die magte van wetenskap en tegniek wat sy menslikheid as sodanig kan ontneem. Die mens self sal dus moet verander om te kan aanpas en "survive" in die nuwe, veranderde omstandighede wat voor die deur staan. Hy sal met name ook in sy religie moet verander m.a.w. die "planning" is inderdaad bedoel om radikaal te wees, dus tot die wortel van die menslike bestaan te reik. Om dit te kan doen, sal die mens met sy outonome magte van wetenskap, tegniek en ekonomiese en sosiale beplanning moet ingaan nie net in die heiligdom van die menslike bestaan nie, maar ook in 'n sekere sin in die heiligdom van die soewereine God. Die deur is daartoe ook reeds geopen deur die outonome wetenskap wat lankal geleer het dat God nie bestaan nie, dat God dood is en daarom is daar ook nie so iets soos 'n heiligdom van God en mens nie. Die mondige mens

het sy lewe en toekoms in eie hande geneem in 'n milieu van sekularisme wat tot die wortels reik en hy gaan eiemagtig sy situasie beredder terwyl hy hierin homself aan geen "hoër" wet of norm gebonde ag nie. Dit skyn die enigste alternatief te wees van 'n diktatoriale staat m.a.w. dit is die oplossing wat vir Westerse lande aangedien word met die oog op die bedreiging deur 'n sosialistiese en kommunistiese diktatuur. "Men denke aan Mannheim die de planning van de opvoeding, de voorlichting en zelfs van de religie voorstelt om de mensen zoo te veranderen, dat zij aangepast zullen zijn bij de eeuw van de Wetenschappelijke planning. Zou deze geestelijke verandering niet slagen dan zal het enige alternatief volgens hem de dictatuur zijn."[45]

Dit is egter duidelik dat die allesomvattende welvaarts=beplanning van die mens vir en oor die hele lewe prinsipieel voortkom uit die wortel van die ongeloof wat ten duidelikste gemanifesteer word in die nuwe religie van die eeu nl. die geloof in die outonome mens met sy skynbaar outonome menslike magte van wetenskap, tegniek en "planning". Die leiding, sorg envoorsienigheid van God is hierin apriori uitgeskakel, maar ook enige ander moontlikhede wat 'n antwoord kan bied op die probleme van die toekoms word uitgeskakel. In hierdie hele redenering word eenvoudig uitgegaan van die valse premisse van die onvermydelike heerskappy van die wetenskap oor die menslike samelewing. Hierdie magte word nie slegs as "gereedskap" en "middele" gesien nie, maar dit

word verselfstandigde magte wat teenoor die mens en samelewing te staan kom en waaraan die mens uitge=lewer word. 'n Antinormatiewe ontwikkeling in die menslike samelewing word so gesanksioneer en genormeer as die gewensde en selfs die enigste moontlike.

Die antwoord vanuit die standpunt van 'n Skrifgefun=deerde ontologie op die sg. welvaartbeplanning is duidelik. Die mens as geskape na Gods beeld is kragtens sy oorspronklike skeppingsopdrag geroepe om die skepping te beheers asook te beplan om te voor=sien met die oog op die toekoms. Dit sou onverant=woordelik wees om dinge maar onbeheersd hulle loop te laat neem totdat die bestaan van die mensheid self in gevaar gestel word. Trouens dit is een van die basiese opgawes vir die staat om die burger se lewe te beveilig en te borg. Die behoud van ons bestaan is dus 'n kernsaak vir die staat. Die probleem is dus nie soseer dat daar op verantwoordelike wyse beplan en voorsorgmaatreëls getref moet word nie, maar veral hoe en deur wie dit gedoen moet word. Hier kom die internasionale roeping van die staat enersyds maar ook die roeping van ander samelewings=verbande andersyds weer in sig. Dit is nie die roeping van die staat alleen nie, maar van alle lewensverbande eiesoortig en gesamentlik om op die aarde voorsorg vir die toekoms te maak met die oog op 'n veilige en gelukkige voortbestaan van die mensheid. Die staat moet egter sy eiesoortige bydrae volgens sy ontiese wet ook in hierdie opsig lewer

wat inhou dat dit vir die staat ten enemale verbode is om die mens as religieuse wese in 'n alomvattende welvaartbeplanning te beheers soos die neiging by radikaal linkse denkers en beplanners klaarblyklik is. Die ekonomiese en ander verbande het ook hulle eiesoortige taak op internasionale terrein en dit is geensins die alleenheerskappygebied van die staat nie. Die staat kan wel t.o.v. ander gelykwaardige verbande samewerkend en selfs in gevalle van versuim stimulerend optree om die gewensde samewerking te verkry. Dit sou egter nie verantwoord wees om in bogenoemde verband die baba saam met die badwater uit te gooi nie. Groot erns behoort inderdaad gemaak te word met die Futorologie as wetenskap en op grond van huidige tendense en verskynsels moet daar 'n gesamentlike poging deur alle lewensverbande geloods word om die bewoonbare wêreld 'n veilige woonplek vir die mensdom te maak. Dit het klaarblyklik direkte invloed op die lewensmoontlikhede en veiligheid wat die staat aan sy burgers moet bied. Daar moet dus nie isolasie wees nie, maar samewerking tussen gelykwaardige state sowel as tussen die verskillende samelewingsverbande.

## 2.8 Staatsroeping in Koninkryksperspektief

Ter inleiding is daarop gewys dat die Koninkryk van God daar is waar aan die soewereine God se heerskappy gehoor gegee word en waar sy skepsels hulle in gehoorsaamheid aan Hom onderwerp. Die Koninkryk van God is so wyd as die skepping self en is 'n universele,

dinamiese, teenwoordige en toekomstige werklikheid wat 'n teen-werklikheid nl. die ryk van die Bose as vyand het. Verder is gesien dat die staat deur Gods Woord geroep word om op eiesoortige wyse antwoord te gee op God se Wet. So realiseer die staat 'n Woord-gestalte of Koninkryksgestalte op aarde. Nie dat die eiesoortige bydraes van lewensverbande aan die Koninkryk van God voorafgaan nie, maar juis andersom: Die soewereine Koningskap en heerskappy gaan vooraf aan en bewerk juis elke gestalte van Sy Koninkryk op aarde. Dit doen die Soewereine deur Sy Gees en Woord en gebruik in hierdie realiserings- en konkretiserings=werk die mens wat Hy roep, toerus, stuur en gebruik in Sy diens. Die mens as bondeling, dus in sy ge=skapenheid na die beeld van God en direkte betrokkenheid op God, sy Skepper en Vader, is dus as religieuse wese geroepe om gehoorsaamheidsgestaltes van die Woord van God te konkretiseer en te realiseer in al die same=lewingsverhoudings en samelewingsverbande. Dit moet die mens beide institusionaliserend sowel as geinstitu=sionaliseerd doen m.a.w. beide in die amp as gesags=draer wat regverdige instellings moet daarstel, organiseer, reël of reguleer sowel as in die amp van onderdaan wat binne die verbande, as kanale, sy gehoorsaamheidslewe en geregtigheidslewe gestalte moet gee.

Die lewe en diens aan God Drie-enig (die lewe in Sy Koninkryk) word dus nie 'n soort van donum super additum wat moraliserend of godsdienstig-kulties

tot die eintlike staatstaak of staatslewe (of enige ander verbandslewe) toegevoeg word nie, maar die hele staatstaak en staatslewe word self vanuit die wortel, vanuit die hart en dus radikaal en totaal geheilig tot diens aan God. Die hele staatslewe is so religieus bepaald m.a.w. (in hierdie geval) in gehoorsaamheid aan God se religieuse liefdeswet wat beide institusionaliserend en geinstitusionaliseerd gestalte moet kry in die staatslewe.

Dit is die staat as Godgewilde skeppingsrealiteit se eiesoortige antwoord (nl. deur sy owerheid sowel as sy onderdane) op die wet van God en as sodanig is dit die staat se eiesoortige roepingsvervulling in Gods Koninkryk op aarde - 'n staatslewe wat geheilig is in diens van die soewereine God Drie-enig.

Op hierdie wyse word die ryk van die Bose soos dit gestalte kry in die ryk van die antichris "in die laaste dae" ook op eiesoortig-staatlike wyse bestry en neergewerp nl. deur 'n gehoorsaamheidsgestalte van Gods Woord te realiseer. Die gehoorsaamheidsgestalte wat die staat realiseer, waarborg deur binne sy eie bevoegdheidsgrense te bly, die ruimte vir elke ander lewensverband om op net so 'n eiesoortige wyse hulle eie gehoorsaamheidsgestaltes te realiseer en dus ook op eiesoortige wyses die ryk van die Bose en die antichris te bestry en neer te werp. So kom Gods Koninkryk op aarde tot openbaring in die ryke en veelkleurige verskeidenheid van gehoorsaamheidsgestal= tes van die eiesoortige samelewingsverbande sowel as

kultuurverbande en ander ongeorganiseerde menslike verhoudings. Hoewel nog gebrekkig en voorlopig hou dit hoop vir die toekoms in: die toekoms van die Koninkryk van God op aarde! Nou is alles nog ten dele, maar geloof, hoop en liefde, hierdie drie" (I Kor. 13:13) open vir ons die perspektief op die toekoms waar die ganse skepping weer vrygemaak sal wees van die verganklikheid en die sonde en weer aan sy oorspronklike skeppingsdoel en Skeppingsopdrag sal beantwoord: 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarop geregtigheid woon! En die staat word van Godsweë geroep om hiertoe sy eiesoortige bydrae te lewer: Sy taak as roeping te vervul; as diens aan God Drie-enig; as GODS-DIENS, as AANBIDDING.

SUMMARY

THE STATE - IT'S TASK AND CALLING AS BASED ON A SCRIPTURAL ONTOLOGY

The study commences from an ontology instead of a cosmology since a cosmology narrows reality down to created reality only and does not provide for the knowledge of the Unseen (the Triune God of Holy Scriptures) which determines our knowledge of created reality.

This study is an attempt to supply an answer from the Biblical point of view on the secularization of the philosophy of the state which is mainly advanced ex the anti-synthetic leftist approach (the so called New Left movement).

The first chapter provides a broad principled basis in which an ontology of God, of the law, of creation and of mutual coherence is expounded.

The second chapter deals with a structural analysis of the state as currently met within the circle of the Philosophy of the Cosmonomic Idea and it is indicated that another method of approach is required as law and structure are not identical concepts.

The ontological principles developed in the first chapter are subsequently applied in chapter III to determine the uniqueness of the state as created reality as distinguished from other forms of communal life. In the next chapter attention is paid to the basic features of the state with special reference to the existential modality. This reveals a new perspective on the normative functioning of the modalities within the state.

The task of the state (chapter V) is considered from the dual point of view that it should be institutionalizing as well as institutionalised in order that the office of citizens and denizens should be secured to fullfill their personal vocation as religious beings i.e. to obey Gods commandments and live a life of worship.

According to this the (state)-authority should positivize the religious law of love under guidance of the specific ontic law of the state for the life of all concerned within it's specific domain.

Finally the distinctive calling of the state, elucidated from the viewpoint of God's sovereignty over the whole of creation and of his inscripturated Word as directed to all mankind, is expounded. The state, like each and everyone of the other types or forms of communal life, is thus called to obey God, live a life of worship, and in it's own unique way, promote the Kingdom of God on earth.

## VOETNOTE

### INLEIDING

1 De Groot, D.J., De Reformatie en de Staatkunde. T. Wever/Franeker 1955, p. 47 vv

2 Heyns, J.A., Die Kerk. N G K B 1977, Pretoria, p. 9

3 Ibid, p. 6

4 Ibid, p. 20

5 Ibid, p. 23

6 Von Meyenfeldt, F.H., "Enige algemene beschouwingen gegrond op de beteekenis van het hart in die Oude Testament" in Wetenschappelijke Bijdragen door leerlingen van dr. D.H. Th. Vollenhoven, p. 59.

HOOFSTUK I

1 Taljaard, J.A.L., Polished Lenses, Pro Rege, Potchefstroom, 1976, p. 190

2 De Groot, D.J., Reformatie en de Staatkunde, p. 47 vv.

3 Vollenhoven, D.H.Th., Geschiedenis der Philosophie, p. 18 vv.

4 Mekkes, J.P.H., Wysbegeerte en het Staatsleven in Wysbegeerte en Levenspraktyk, Kok/Kampen, 1948, p. 94

5 Dooyeweerd, H., Verkenningen uit Christelijk Perspectief Deel I, Buijten en Schipperheijn, Am. 1962, p. 86/87

6 Heyns, J.A., Sterwende Christendom, Tafelberg, 1969 p. 19 - 32

7 Kuyper, A., De Gemeene Gratie, Kok/Kampen 1932 deel 2 p. 279 vv.

8 Vgl. in hierdie verband die sg. "God is dood" teologie van persone soos: Gabriel Vahanian - The death of God, 1961
Harvey Cox - The Secular City, 1965
Thomas J.J. Altizer - The Gospel of Christian Atheism
William Hamilton - The New Essence of Christianity
Paul van Buren - The Secular meaning of the Gospel

9 Van Niftrik, G.C., Het bestaan van God (in de kentering van deze tijd) p. 49 vv.

10 Taljaard, J.A.L., a.w. p. 188 vv

11 De Ru, G., De Verleiding der revolutie Theologie en gemeente. Kok Kampen 1974, p. 19

12 Marcuse, Herbert, One Dimensional Man, Sphere Books Ltd., W.C.I., p. 11

13 Ibid p. 19

14 Taljaard, a.w. p. 80 vv.

15 Marcuse, H., a.w. p 12

16 Ibid p. 13

17 Heyns, J.A., Teologie van die Revolusie, Tafelberg, p.20 vv.

18 Marcuse, H., a.w. p. 117

19 Heyns, J.A., Teologie van die Revolusie, p. 21

20 Marcuse, H., a.w. p. 112

21 Ibid p. 19

22 Ibid p. 10

23 Ibid p. 21

24 Ibid p. 93

25 Ibid p. 105

26 Heyns, a.w. p. 24

27 Taljaard, a.w. p. 188 - 189

28 Taljaard, a.w. p. 190

29 De Ru, G., a.w. p. 7

30 Vgl. Philosophia Reformata 28ste Jrg. 1963 - Plato's Realisme, p. 97

31 Taljaard, a.w. p. 24, 25

32 Ibid p. 29

33 Marcuse, H., a.w. p. 14

34 Vollenhoven, D.H. Th., Het Calvinisme en de Reformatie van de Wysbegeerte, p. 22 - 48

Vgl. Heyns, J.A., Brug tussen God en mens, p. 54, Barth, K., Kirchliche Dogmatik 1/2 p. 505 soos aangehaal by Heyns, a.w. p. 54. Op die vraag waaroor die Bybel handel, antwoord Karl Barth: "Sie hat uns die Herrschaft des dreieinigen Gottes in dem fleischgewordenen Worte durch den Heiligen Geist bezeugt."

35 Vir 'n nadere uitwerk van 'n Skrifmatige Ontologie sien J.A.L. Taljaard: Polished Lenses, p. 28 vv.

36 Taljaard, a.w. p. 191

37 Taljaard, a.w. p. 191/192

38 Vollenhoven, a.w. p. 22

39 Vgl. in hierdie verband: Heyns, J.A., Brug tussen God en mens (N.G.K.B., Pretoria, p. 30 vv).

40 Kuitert, H.M., De spelers en het spel Ten Have, Amsterdam 1964, p. 34 - By Heyns, a.w. p. 30

41 Taljaard, a.w. p. 193

42 Ibid p. 49 vv

43 Ibid p. 55

44 Ibid p. 60

45 Ibid p. 61

46 Vgl. Dooyeweerd, H., A Critique of Theoretical Thought

- Vernieuwing en Bezinning
- De Wijsbegeerte der Wetsidee

47 Vgl. Stoker, H.G., Beginsels en metodes in die wetenskap, Pro Rege Pers Bpk, 1961, Potchefstroom, p. 159 vv.

48 Vgl. Taljaard, J.A.L., a.w. p. 72 vv

49 Ibid p. 73 - 149

50 Stoker, H.G., Oorsprong en Rigting Band II, p. 105

51 Spier, J.M., Van Thales tot Sartre, J.H. Kok N.V. Kampen, 1959, p. 36 vv van wie se samevattende uiteensetting hier gebruik gemaak word.

52 Vollenhoven, D.H. Th., Geschiedenis der Wijsbegeerte Bnd. I. T. Wever M X M L Franeker, p. 475 vv.

53 a.w. p. 41

54 a.w. p. 48

55 Du Plessis, L.M., Die Juridiese relevansie van Christelike geregtigheid, p. 92

56 Spier, a.w. p. 51

56a Taljaard, a.w. p. 82 vv

57 Ethica Nikomacheia. Bk. 5 H 1. aangehaal by du Plessis a.w. p. 99. "Justice in this sense, then, is not part of virtue but virtue entire, nor is the contrary injus= tice a part of vice but vice entire (1130 a 9 - 12)

58 Du Plessis, a.w. p. 287

59 Ibid p. 311

60 Vgl Heyns, J.A., Die mens (Bybelse & Buitebybelse mensbeskouings, Sacum, p. 1 - 66)

61 Vgl. Jean Jacques Rousseau, Contrat Social Vert. G.D.H. Cole, London, 1930 p. 5 vv.
Baanbrekers van die Humanisme T. Wever, Franeker
Versamelwerk deur ds. S.J. Popma, dr. J.P.A. Mekkes, dr. J. Waterink, dr. S.U Zuidema, p. 125 vv.

62 Vgl. Kraan, D.J., Een Christelijke Confrontatie met Marx, Lenin en Stalin, Kok/Kampen, p. 62 vv.

63 Heyns, a.w. p. 72

64 Heyns, a.w. p. 73

65 Vollenhoven, D.H.Th., Het Calvinisme en de Reformatie van de Wysbegeerte p. 22 - 48

66 Von Meyenfeldt, F.H., Enige algemene beschouwingen gegrond op de betekenis van de hart in die Oude Testament IN Wetenschappelijke Bijdragen door leerlinge van dr. D.H.Th. Vollenhoven, p. 59

67 Taljaard, a.w. p. 198

68 Vgl. Vollenhoven, Geschiedenis der Wijsbegeerte, p. 17
Dooyeweerd, H., Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 34

69 Vgl. Heyns, Die mens, p. 84

70 Taljaard, J.A.L., Die bondeling in verband, Koers, Jrg. 32 no. 5 & 6, Des. 1964, p. 288

71 Heyns, J.A., a.w. p. 91

72 Taljaard, a.w., p. 199

73 Opera LIII, 167 + Opera XXV, 664

74 Dooyeweerd, H., A new Critique of Theoretical Thought, Vol. III p. 176 - 188

75 Dooyeweerd, H., Verkenningen B & S, 1962, p. 102

76 Stoker, H.G., Beginsels en Metodeleer, p. 171 - 173

77 Stoker, a.w. p. 173

78 Vollenhoven, D.H.Th., Inleiding in die Wysbegeerte (Kollege Diktaat) In Afrikaans verwerk deur J.A.L. Taljaard, Pro Rege Potchefstroom, 1968, p. 67

79 Taljaard, a.w. p. 231

80 Ibid p. 232

81 Ibid p. 49

82 Du Plessis, L.M., Die Juridiese Relevansie van Christelike geregtigheid. Ongepubliseerde proefskrif vir Doctor Legum, Potchefstroom, 1978, p. 711 vv.

83 Ibid p. 716

84 Dooyeweerd, H., Verkenningen, p. 104

New Critique of Theoretical Thought p. 627 vv.

85 Inleiding in die Wysbegeert (Isagoge Phil) p. 71 - 72

86 a.w. p. 195 vv

87 Taljaard, a.w. p. 198

88 Vollenhoven, Inleiding in die Wysbegeerte, p. 72

89 Taljaard, a.w. p. 232 & 247

90 Ibid p. 242/243

91 a.w. p. 73

92 Stoker, H.G., Beginsels en metodeleer, p. 162 - 163

93 Dooyeweerd, H., New Critique Vol. I & II, p. 542 - 543

94 Stoker, a.w., p. 162/163

95 a.w. p. 199 - 231

HOOFSTUK II

1 Brunner, H. Emil, Gerechtigkeit Zürich, Zwingli 1943 p. 85 aangehaal by L.M. du Plessis, a.w. p. 484 vv

2 Van Eikema Hommes, H.J., The material Idea of the Law-state - Phil. Ref. Jrg. 43, 1978, p. 49 vv.

3 Ibid p. 50

4 Vgl. Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, translated by Johan Kraay, The Craig Press, New Jersey 1968, Introduction by R.J. Rushdoony p. vii

5 Ibid p. VIII

6 Ibid p. IX

7 Sölle, Dorothee, Politische Theologie, 1971 p. 78 aangehaal by dr. L. Floor: Die Koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy, R G N publikasie no. 50 p. 27

8 Floor, L., Die Koninkryk van God en die vernuwing van die Maatskappy, p. 25

9 Kuitert, H.M., Anders gezegd, 1970, p. 90 by Floor a.w. p. 26

10 Vgl. du Plessis, a.w. p. 700 - 711

11 Ibid p. 701

12 Ibid p. 702

13 Spier, J.M., Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte, Sacum 1972, p. 25 by du Plessis a.w. p. 702

14 Dooyeweerd, H., Van Peursen's critische vragen by "A critique of theoretical thought", Phil. Ref. 25: 97 - 150, p. 114 - 115 by du Plessis, a.w. p. 703

15 Du Plessis, a.w. p. 704

16 Ibid p. 705

17 Stoker, H.G., Oorsprong en Rigting II, Kaapstad, Tafelberg 1970, p. 263 vv by du Plessis a.w. p. 706

18 Du Plessis, a.w. p. 706

19 Taljaard, a.w. p. 80

20 Dooyeweerd, H., A New Critique of theoretical thought Vol. III & IV, p. 414

21 Ibid p. 414

22 Kuyper, F., Christelijke Politiek van A tot Z in A R S 37 Jrg. no. 8, Augustus 1967

23 Du Plessis, a.w. p. 741

24 Ibid p. 581

25 Ibid p. 739

26 Donner, A.M., "Bijdrage tot de discussie over de Staatstaak" in Rechtsgeleerde opstellen, p. 177 - 187

27 Berghuis, W.P., De begrenzing der Overheidstaak, Ref. Wetensch. Samenkomst. V U 1947

28 Groen, K., De taak der Overheid, A R S 19de Jrg. 1949

29 Donner, A.M., a.w. p. 186

30 Donner, A.M., a.w. p. 183

31 Du Plessis, L.M., a.w. p. 568 - 588

32 Ibid p. 576

33 Ibid p. 577

34 Ibid p. 23

35 Ibid p. 578

36 Ibid p. 579/580

37 Ibid p. 716/717

38 Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought p. 401 vv.

HOOFSTUK III

1 The Myth of the State, p. 295 -296, vgl. Church and Politics in: prof. dr. S.U. Zuidema - Communication and confrontation, p. 36 - 51.

2 Hobbes, T., Leviathan (Everyman Ed) H. 17 p. 87 by A.R.M. Murray: An Introduction to Political Philosophy (Cohen & West Ltd. London), p. 99.

3 Vgl. Gorowitz, S., Rawls, J., A Theory of Justice IN Contemporary Political Philosophers, Edited by Anthony de Crespigny and Kenneth Minogue (Methuen & Co. London) p. 278 - 9

4 Toward an understanding of politics and government from a Christian point of view IN Christian Politics - False Hope or Biblical Demand (Jubilee Ent-Ltd. Indiana Pennsylvania p. 4

5 Jonker, W.D., Die Brief aan die Romeine (N.G.K.B. & U. 1967), p. 173

6 De Ru, G., De verleiding der revolutie (Theologie en gemeente, Kok Kampen 1974, p. 21 vv.

7 a.w. p. 199

8 a.w. p. 750

9 De Graaff, A.H., The educational Ministry of the Church - A Perspective , U V 1966, p. 115.

10 Troost, A., Casüistiek en Situatie-Ethiek, Libertas N.V. Utrecht's 1958, p. 365

11 Ibid p. 366

12 Van Dyk, R., Mens en medemens, 1969, p. 60 by A. Troost a.w. p. 369 - 370

13 a.w. p. 61

14 a.w. p. 115

15 a.w. p. 734

16 a.w. p. 272 - 273

17 Ibid p. 274

18 Vgl. Troost, A., a.w. p. 362 vv.

19 Ibid p. 364

20 Vgl. Vollenhoven, D.H.Th., Inleiding in die Wysbegeerte (Isagoge Philosophiae), p. 73.

21 Ibid p. 75

22 a.w. p. 201

23 a.w. p. 203 - 204

24 Ibid p. 204

25 Ibid p. 204 - 205

26 Frankel, J., International Politics - Conflict and Harmony, Penguin Books 1973, p. 104 - 105

27 Vgl. Verklarende Afrikaanse Woordeboek, Kritzinger, Labuschagne en Pienaar, p. 451.

28 Vgl. in hierdie verband du Plessis, a.w. p. 326

29 Strauss, H.J., Staatsleer I, 1969, p. 28

30 Vgl. Vollenhoven, Isagogé, p. 73

31 a.w. p. 29

32 Vgl. Taljaard, a.w. p. 208

33 Ibid p. 204

34 Ibid p. 54

35 Ibid p. 55

36 Du Plessis, L.M., a.w. p. 700 sien I.3.2, 1.5 hierbo.

37 Stoker, H.G., Oorsprong en Rigting II, p. 263 en by du Plessis a.w. p. 706

38 Vgl. du Plessis a.w. p. 713 en 764 vv. en D.H.Th. Vollenhoven: De Consequent Probleem historische Methode, Phil. Ref. 26, Jrg. p. 1 - 34.

39 Du Plessis, a.w. p. 715

40 Taljaard, a.w. p. 199

41 Ibid p. 60

42 Ibid p. 61

HOOFSTUK IV

1 Vgl. Taljaard, a.w. p. 208 en 209

2 a.w. p. 210

3 a.w. p. 491 - 496; 569 - 573 en 703

4 a.w. p. 813 - 817

5 a.w. p. 216

6 a.w. p. 101

7 Taljaard, a.w. p. 221 - 222

8 Vgl. du Plessis a.w. p. 770 vv.

9 Vgl. Floor a.w. p. 27 - 30 en du Plessis a.w. p. 770

10 a.w. p. 777

11 Ibid p. 800

12 Vgl. die Kritiek van F. Kuyper (4.1) Donner, A.M., Berghuis en Groen (4.2) en Du Plessis, L.M., (4.3).

13 a.w. p. 753 vv.

14 Ibid p. 812

15 Taljaard, a.w. p. 108

16 Vgl. Du Plessis, a.w. p. 764

17 Vgl. Hommes, H.J. van Eikema, De Elementaire grondbegrippen der rechtswetenschap (Kluwer-Deventer 1972) p. 219 vv.

18 Ibid p. 226

19 Ibid p. 226

20 Vgl. Taljaard, a.w. p. 223

21 Ibid p. 224

22 Vgl. Strauss, H.J., (Klasdiktaat) Staatsleer I, 1969 p. 25

23 Ibid a.w. p. 25

24 Taljaard, a.w. p. 100

25 Ibid p. 25

26 Hommes, a.w. p. 259

27 a.w. p. 25

28 a.w. p. 739

29 Taljaard, a.w. p. 101

30 a.w. p. 101

31 a.w. p. 327

32 Taljaard, a.w. p. 101 / 102

33 Hommes, a.w. p. 375

34 a.w. p. 24

35 Taljaard, a.w. p. 102

36 Ibid p. 24

37 a.w. p. 403 vv.

38 Taljaard, a.w. p. 227

39 a.w. p. 24

40 a.w. p. 23

41 Sien II 4.2 hierbo

42 Die aard en die rol van die reg; 'n wysgerige besinning RAU, Johannesburg, 1970, p. 72 vv.

43 Potgieter, P.J.J.S., L.J. du Plessis as denker oor staat en politiek, PU vir CHO, 1976, p. 95

44 Vgl. Hommes, a.w. p. 468

45 a.w. p. 104

46 a.w. p. 105

47 Frankel, J., International Politics - Conflict and Harmony (Penguin Books) p. 104

48 Du Plessis, L.M., a.w. p. 743

49 Ibid p. 744

50 a.w. p. 106

51 Taljaard, a.w. p. 106

HOOFSTUK V

1 Wessels, F.J.H., Die Owerheidstaak, akademiese proefskrif D.Phil., U O V S, 1957, p. 144.

2 Kuyper, A., Locus de Magistratu, p. 321

3 Wessels, a.w. p. 144 - 145

4 Ibid p. 145

5 Polet, G.H., De Staatstaak by Goddelike ordinantie, A R Staatkunde 25/9, 1955, p. 272

6 a.w. p. 707

7 Ibid p. 707 - 708

8 Van Riessen, Ir.H., De Maatschappy der Toekomst, T. Wever, Franeker, 1952, p. 62

9 Wessels, a.w. p. 4

10 a.w. p. 201

11 Polet, G.H., De staatstaak by Goddelike ordinantie A R Staatkunde 25/9 September 1955, p. 288 aangehaal by Wessels a.w. p. 706 - 707. Vgl. W. Banning: Het vraagstuk van de Arbeid Amsterdam, 1946, p. 108.

12 a.w. p. 26

13 Dooyeweerd, H., De Beteekenis der Wetsidee voor Rechtswetenschap en Rechtsphilosophie, Kampen 1926, p. 58, aangehaal by Wessels, a.w. p. 27

14 Vgl. Wessels, a.w. p. 28

15 Diepenhorst, P.A., Groen's Ongeloof en Revolutie, p. 23 by Wessels, a.w. p. 29

16 Dooyeweerd, H., A New Critique Vol. II, p. 247, Wessels, a.w. p. 29

17 Dooyeweerd, H., a.w. p. 72, by Wessels, a.w. p. 30

18 Vgl. Wessels, a.w. p. 622 - 748

19 Ibid p. 123

20 Ibid p. 125

21 Ibid p. 754

22 Ibid p. 755

23 Ibid p. 756

24 Ibid p. 758

25 Strauss, H.J., Christelike wetenskap, Sacum Bpk., Bloemfontein, 1953, p. 35, Wessels, a.w. p. 758.

26 a.w. p. 759

27 Ibid p. 760

28 Ibid p. 763

29 Stoker, H.G., Die aard en die rol van die reg - 'n Wysgerige besinning, R A U, Johannesburg, 1970, p. 15

30 Ibid p. 77

31 Potgieter, P.J.J.S., L.J. du Plessis as denker oor Staat en politiek, PU vir C H O, 1976, p. 99

32 Stoker, a.w. p. 26 - 27

33 Potgieter, a.w. p. 101

34 Potgieter, a.w. p. 102

35 Potgieter, a.w. p. 103

36 Du Plessis, L.J., Die moderne staat, Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1941, p. 80

37 Potgieter, a.w. p. 109

38 Albeda, W., Naastenliefde en Revolutie in een christelijke politiek. A R S Jrg. 38, no. 4, April 1968. Vgl. ook in hierdie verband die volgende:

a Stellinga, J.R., De Welvaartstaat, A R S Jrg. 35, no. 5, 1965, p. 137

b Hoogendijk, W.C.D., Jnr., Cuius Regio Eius Religio? A R S Jrg. 34, no. 7 & 8, 1965

39 a.w. p. 60 - 61

40 Zuidema, S.U., Het Communisme in Ontbinding, p. 207

41 Taljaard, a.w. p. 60

42 Ibid p. 200. Vgl. in hierdie verband die beeld van die sagopoeding wat deur Taljaard gebruik word (p. 204)

43 Ibid p. 237

44 a.w. p. 216

45 Ibid p. 200

46 Ibid p. 227

47 Ibid p. 243 vv.

48 Ibid p. 242 - 243

49 Ibid p 203, 204

HOOFSTUK VI

1 Republiek en Koninkryk - Enkele opstelle ter besinning oor ons burgerskap in die R S A en die Koninkryk van die hemele. Pro Rege Pers Bpk. Potchefstroom, 1964, p. 91

2 Heyns, J.A., Die Kerk, N.G.K.B., Pretoria 1970, p. 9

3 Ibid p. 9

4 Ibid p. 10

5 Ibid p. 11

6 Ibid p. 12

7 Ibid p. 14

8 Floor, L., Die Koninkryk van God en die vernuwing van die samelewing, p. 2 vv.

9 Ibid p. 3

10 Richardson, A., Introduction to the Theology of the New Testament (S C M Press, Ltd. London 1958) p. 257. Vgl. Paul S. Minear, Images of the Church in the New Testament (Westminster Press, Philadelphia 1960) p. 21

11 Floor, L., a.w. p. 42

12 Ibid p. 43

13 Ibid p. 44

14 Ibid p. 44

15 Ibid p. 63

16 Heyns, Die Kerk, p. 18

17 Olthuis, J.H., The Word of God and Biblical Authority PU vir CHO, I B C Studiestuk F 1 no. 101, April 1976, p. 10

18 Olthuis, a.w. p. 11

19 Vgl. Runner, E., Scriptural Religion and Political Task in Christian Perspectives 1962 p. 155 vv.

20 Goudzwaard, B., Bybel en Politiek in A R S Jrg. 34 no. 4 April 1964, p. 98

21 Ibid p. 98 - 99

22 Zuidema, S.U., Communication and Confrontation, Assen/ Kampen, 1972, p. 45

23 Ibid p. 45

24 Ibid p. 108

25 Ibid p. 109

26 Ibid p. 109

27 Ibid p. 108

28 Ibid p. 51

29 Floor, L., a.w. p. 30

30 Ibid p. 30

31 Ibid p. 31

32 Stoker, H.G., Hoe is ons roeping wêreldwyd?, Pro Rege Potchefstroom, 1963, p. 19

33 Ibid p. 19

34 Vgl. Du Plessis, L.M., a.w. p. 770 vv

35 Polak, F.R., Om het behoud van ons bestaan. Leiden 1951. Vgl. K. Mannheim Diagnosis for our time, London 1950

36 van den Berg, D.J., Volk en staat in "Roeping en Riglyne", kwartaalblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, Junie 1979, p. 7

37 Ibid p. 7

38 Vgl. die Aktualiteitsreeks van die Instituut vir Suid-Afrikaanse Politiek, PU vir CHO:

1 Kriek, D.J., Politieke alternatiewe vir S A op soek na 'n nuwe Paradigma

2 Potgieter, P.J.J.S., Die nuwe konstitusionele bedeling noodsaaklik. (1)

3 Cillié, P.J., Konstitusionele verandering in S A (2) Regeringstandpunte

4 van Heerden, W., S A se bevolkingsvraagstuk - Is daar 'n oplossing?

5 De Villiers, R.M., Konstitusionele verandering in S A (Opposisie standpunte)

39 a.w. p. 14

40 Ibid p. 14

41 Runner, E., Scriptural Religion and Political Task. Christian Perspectives 1962, p. 155 vv

42 Van Riessen, I.H., Mondigheid en de Machten, p. 209, Vgl. ook sy: Maatschappy der Toekomst

43 Polak, F.L., Om het behoud van ons bestaan, Leiden 1951
Mannheim, K., Diagnosis of our time, London 1950

44 Vgl. Kaufmann, R., De Mensenmakers, Amsterdam 1965, by van Riessen, a.w. p. 124

45 Mannheim, K., Diagnoses of our time p. 49, 71, 128.

**BRONNELYS**


ALBEDA, PROF. DR. W., NAASTENLIEFDE EN REVOLUTIE IN EEN CHRISTELIJKE POLITIEK
A R S Jaargang 38 no. 4, April 1968

BAANBREKERS VAN HET HUMANISME, REDAKSIE VAN PROF DR S.U. ZUIDEMA
T. Wever, Franeker

BAVINCK, DR. H., CHRISTELIJKE EN NEUTRALE STAATKUNDE (REDE TER INLEIDING VAN DE DEPUTATEN-VERGADERING GEHOUDEN TE UTRECHT OP 13 April 1905)
Hilversum Witzel & Klemkerk

BEENENKAMP, DR. C., MENSCH EN MAATSCHAPPIJ IN
A R S Jaargang 13

BERGHUIS, MR. W.P., DE BEGRENZING DER OVERHEIDSTAAK
Ref. Wetensch. Samenkomst V U 1947

BERKOUWER, PROF. DR. G.C., DE MENS HET BEELD GODS
Dogmatische Studiën J.H. Kok
N.V. Kampen 1957

BRUNNER, H. EMIL, GERECHTIGKEIT
Zurich, Zwingli 1943

CHRISTIAN POLITICS, FALSE HOPE OR BIBLICAL DEMAND
EDITOR: PROF. JAMES W. SKILLEN
Jubilee Enterprises Ltd. Indiana Pennsylvania

CILLIé, DR. P.J., KONSTITUSIONELE VERANDERING IN SA (2), Regeringstandpunte I S A P
Akt. Reeks no. 13 September 1977

CONTEMPORARY POLITICAL PHILOSOPHERS, EDITED BY ANTHONY DE CRESPIGNY AND KENNETH MINOGUE
Methuen & Co. London

DEGENAAR, DR. J.J., OP WEG NA 'N NUWE POLITIEKE LEWENSHOUDING
Filosofiese Opstelle, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad

DE GRAAF, ARNOLD H., THE EDUCATIONAL MINISTRY OF THE CHURCH - A PERSPECTIVE U V 1966

DE GROOT, DR. D.J., DE REFORMASIE EN DE STAATKUNDE
T. Wever, Franeker 1955

DELFGAAUW, G.J.J.A., DE STAATSLEER VAN HOEDEMAKER
J.H. Kok N.V. Kampen 1963

DE PREE, DR. W.A., MAATSCHAPPIJKRITIEK & THEOLOGIE KRITIEK
Van Gorcum & Comp. N.V. Assen 1971

DE RU, DR. G., DE VERLEIDING DER REVOLUTIE
Kok Kampen 1974

DE VILLIERS, R.M., KONSTITUSIONELE VERANDERING IN SUID-AFRIKA (3)
Opposisie standpunte I S A P
Aktualiteitsreeks no. 14 Oktober 1977

DIEPENHORST, DR. I.A., HISTORISCH-CRITISCHE BIJDRAGE TOT DE LEER VAN DEN CHRISTELIJKEN STAAT
N.V. Noord-Hollandsche Uitgevers Mpy. Amsterdam

DONNER, A.M., BIJDRAGE TOT DE DISCUSSIE OVER DE STAATSTAAK
Rechtsgeleerde Opstellen

DOOYEWEERD, PROF. DR. H., A NEW CRITIQUE OF THEORETICAL THOUGHT VOL. I - IV
Presb. Ref. Publ. Co. 1969

IN THE TWILIGHT OF WESTERN THOUGHT
Presb. & Ref. Publ. Co. 1960

VERKENNINGEN IN DE WIJSBEGEERTE, DE SOCIOLOGIE EN DE RECHTSGESCHIEDE=NIS
Christelijk Perspectief, Buijten en Schipperhijn, Amsterdam 1962

THE CHRISTIAN IDEA OF THE STATE
The Craig Press Nutley New Jersey 1968

DE BETEEKENIS DER WETSIDEE VOOR RECHTSWETEN. & RECHTSFILOSOPHIE

VERNIEUWING EN BEZINNING OM HET REFORMATORISCHE GRONDMOTIEF

DE STRIJD OM HET SOEVEREINITEITS=BEGRIP IN DE MODERNE RECHTS- EN

| | |
|---|---|
| | STAATSLEER<br>Amsterdam 1950 |
| | DE CRISIS IN DE HUMANISTISCHE STAATSLEER<br>S.W. Melchior-Amersfoort 1931 |
| DU PLESSIS, L.J., | DIE MODERNE STAAT<br>Pro Ecclesia, Stellenbosch 1931 |
| DU PLESSIS, L.M., | DIE JURIDIESE RELEVANSIE VAN CHRISTELIKE GEREGTIGHEID<br>D.Leg. proefskrif, PU vir CHO Desember 1978 |
| | CALVYN OOR STAAT EN REG<br>I B C reeks F 1974 |
| ELLUL, JACQUES, | THE POLITICS OF GOD AND THE POLITICS OF MAN<br>Willem B. Eerdmans Publ. Co. Grand Rapids Michigan |
| FERREIRA, L.J., | TRANSFORMASIE AS TEORETIESE BENADERING VIR 'N WêRELDSTAAT<br>M.A.-verhandeling, U O V S, Bloemfontein, 1972 |
| | ONTKENNENDE STELLINGNAME TEENOOR DIE NASIONALE STAAT<br>T C W 14de Jaargang 3 & 4 kwar= taal, 1978 |
| FLOOR, DR. L., | DIE KONINKRYK VAN GOD EN DIE VERNUWING VAN DIE MAATSKAPPY<br>R G N Publ. Reeks no. 50<br>Pro Rege Pers Bpk. Potchefstroom 1974 |
| FRANKEL, JOSEPH | INTERNATIONAL POLITICS, CONFLICT AND HARMONY<br>Penguin Books 1968 |
| GISH, ATHUR, G., | THE NEW LEFT AND CHRISTIAN RADICALISM<br>William B. Eerdmans Publ. Co. Grand Rapids, Michigan 1969 |
| GROEN, MR. K., | DE TAAK DER OVERHEID<br>A R S 19de Jaargang 1949 |

GOUDZWAARD, DRS. B., BIJBEL EN POLITIEK
A R S Jaargang 34 no. 4 April 1964

HEYNS, PROF. DR. J.A., BRUG TUSSEN GOD EN MENS (OOR DIE BYBEL)
N.G.K.B., Pretoria, 1976

DIE EVANGELIE IN KRISIS
Tafelberg Uitgewers 1966

DIE KERK
N.G.K.B. Pretoria 1977

OP WEG MET DIE TEOLOGIE
N.G.K.B., Pretoria 1973

STERWENDE CHRISTENDOM - 'N TEOLOGIE IN DIE GREEP VAN 'N TYDGEES
Tafelberg Uitgewers

TEOLOGIE VAN DIE REVOLUSIE
Tafelberg

DIE NUWE MENS ONDERWEG OOR DIE TIEN GEBOOIE
Tafelberg 1970

DIE MENS - BYBELSE EN BUITE BYBELSE MENSBESKOUINGE
Sacum Bpk.

HOLLANDER, MR. J., OVER CHRISTELIJKE POLITIEK EN CHRISTELIJKE PARTYVORMING
A R S Jaargang 38 no. 5 Mei 1968

HOMMES, H.J. VAN EIKEMA, THE MATERIAL IDEA OF THE LAW STATE
Phil Ref. Jaargang 43 1978

DE ELEMENTAIRE GRONDBEGRIPPEN DER RECHTSWETENSKAP - EEN JURIDISCHE METHODOLOGIE
Kluwer - Deventer 1972

HOOFDLIJNEN VAN DE GESCHIEDENIS DER RECHTSFILOSOFIE
Kluwer - Deventer 1972

HOOGENDIJK, MR. W.C.D., JNR. CUIUS REGIO EIUS RELIGIO?
A R S Jaargang 34 no. 7 & 8

| | |
|---|---|
| | Junie - Augustus 1964 |
| JONKER, DR. W.D., | OP WEG MET DIE TEOLOGIE<br>N.G.K.B. Pretoria, 1973 |
| | DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE<br>N.G.K.B., Kaapstad 1967 |
| KALSBEEK, L., | DE WYSBEGEERTE DER WETSIDEE - PROEVE VAN EEN CHRISTELIJKE FILOSOFIE<br>Christelijk Perspectief<br>Buijten en Schipperheijn<br>Amsterdam 1970 |
| KAUFMANN, R., | DE MENSENMAKERS<br>Amsterdam 1965 |
| KOK, PROF. DR. P. DE B., | CHRISTELIKE WYSBEGEERTE - STANDPUNTE EN PROBLEME I<br>Sacum Bpk., Bloemfontein |
| | DIE GRONDSLAE VAN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE<br>T C W Jaargang 4 Eerste en tweede kwartaal 1968 |
| KRAAN, DR. D.J., | EEN CHRISTELIJKE CONFRONTATIE MET MARX, LENIN EN STALIN<br>J. H. Kok, N.V. Kampen 1953 |
| KRIEK, PROF. D.J., | POLITIEKE ALTERNATIEWE VIR S A OP SOEK NA 'N NUWE PARADIGMA<br>I S A P Akt. Reeks no. 6, September 1976 |
| KUYPER, DR. A., | DE GEMEENE GRATIE DEEL I<br>Kok Kampen 1932 |
| KUYPER, F., | CHRISTELIJKE POLITIEK VAN A TOT Z<br>A R S Jaargang 37 no. 8 Augustus 1967 |
| KWANT, R.C. & HOUTEN, D.J., | MAATSCHAPPIJKRITIEK<br>Sansom Uitgeverij Aphen aan de Rijn 1976 |
| MACINTIRE ALASDAIR | MARCUSE<br>Fontana/Collins |

MANNHEIM, K., DIAGNOSIS OF OUR TIME
London 1950

MARCUSE, HERBERT ONE DIMENSIONAL MAN
Sphere Books Ltd. W.C.I.

MEKKES, J.P.A., PROEVE EENER CRITISCHE BESCHOUWING VAN DE ONTWIKKELING DER HUMANISTISCHE RECHTSSTAATTHEORIEëN
Libertas-Drukkerijen Utrecht
Rotterdam 1940

MINEAR, PAUL, S., IMAGES OF THE CHURCH IN THE NEW TESTAMENT
Westminster Press, Philadelphia

MONTGOMERY JOHN WARWICK THE SUICIDE OF CHRISTIAN THEOLOGY
Bethany Fellowship Inc. Minneapolis Minnasota

MURRAY, A.R.M., AN INTRODUCTION TO POLITICAL PHILOSOPHY
London Cohen & West Ltd. 1968

OLTHUIS, PROF. DR. J.H., THE WORD OF GOD AND BIBLICAL AUTHORITY
Reeks F I B C no. 101, April 1976

THE REALITY OF SOCIETAL STRUCTURES
T C W Jaargang 13; 3de en 4de kwartaal 1977

POLAK, F.R., OM HET BEHOUD VAN ONS BESTAAN
Leiden 1951

POLET, G.H., DE STAATSTAAK BY GODDELIJKE ORDINANTIE
A R S Jaargang 25 September 1955

POTGIETER P.J.J.S., L.J. DU PLESSIS AS DENKER OOR STAAT EN POLITIEK
I B C F 5 no. 2, Potchefstroom 1976

DIE NUWE KONSTITUSIONELE BEDELING (1) NOODSAAKLIK
I S A P Akt. Reeks no. 15
Oktober 1977

REPUBLIEK EN KONINKRYK ENKELE OPSTELLE TER BESINNING OOR ONS BURGERSKAP IN DIE R S A EN DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE

| | |
|---|---|
| | Pro Rege Pers Bpk. Potchefstroom 1964 |
| RICOEUR, PAUL, | POLITIEK EN GELOOF - (GEKIES EN INGELEI DEUR AD PEPERZAK) Amboboeken/Utrecht Tweede Druk |
| RIDDERBOS, DR. H., | DE KOMST VAN HET KONINKRIJK J.H. Kok N.V. Kampen 1950 |
| ROSSLEE, DR. D.D., | KERK EN STAAT IN NEWESKIKKENDE VERBAND T C W Jaargang 3 no. 1 & 2 |
| ROUSSEAU, JEAN JACQUES, | CONTRAT SOCIAL - VERTALING VAN G.D.H. COLE London 1930 |
| RUNNER, PROF. DR. E., | SCRIPTURAL RELIGION AND POLITICAL TASK Christian Perspectives 1962 |
| SPIER, J.M., | ORIëNTERING IN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE VERTALING H.J. & D.F.M. STRAUSS Sacum Bpk. |
| | VAN THALES TOT SARTRE (WIJSGEREN UIT OUDE EN NIEUWE TYD) J.H. Kok N.V. Kampen 1950 4de druk |
| | INLEIDING IN DIE WIJSBEGEERTE DER WETSIDEE J.H. Kok, N.V. Kampen 1959 |
| STELLINGA, DR. J.R., | DE WELVAARTSTAAT A R S Jaargang 35 no. 5 1965 |
| STOKER, PROF. DR. H.G., | EEN EN ANDER OOR MENSLIKE VRYHEID Oordruk uit Festschrift H.J. de Vleeschouwer, Pretoria 1960 |
| | OORSPRONG EN RIGTING BAND I Pro Rege Pers Bpk. 1967 |
| | BEGINSELS EN METODES IN DIE WETENSKAP Pro Rege Pers Bpk. Potchefstroom 1961 |

STOKER, PROF. DR. H.G., DIE KOSMIESE DIMENSIE VAN GEBEURTENISSE
Phil. Ref. no. 1 - 2, 29ste Jaargang 1964

DIE AARD EN DIE ROL VAN DIE REG - 'N WYSGERIGE BESINNING
R A U Publ. Reeks A 36, 1970

HOE IS ONS ROEPING WêRELDWYD?
Pro Rege Pers Bpk. Potch. 1963

STRAUSS, PROF. H.J., STAATSLEER I (KLASDIKTAAT)
U O V S, Bloemfontein 1969

GRONDBEGINSELS VAN DIE CHRISTELIKE STAATSFILOSOFIE
T C W Jaargang 1 no. 2 November 1965

CHRISTELIKE WETENSKAP
Sacum Bpk. 1953

STRAUSS, PROF. D.F.M., DE DENKE OOR DIE REGTE VAN DIE MENS
T C W Jaargang 5 3de kwartaal 1969

TALJAARD, J.A.L., POLISHED LENSES
Pro Rege Pers Potchefstroom 1976

DIE BONDELING IN VERBAND
Koers Jaargang 32 no. 5 & 6 Desember 1964

AURELIUS AGUSTINUS
Koers Jaargang 25 Oktober 1957 no. 2

KURSUS IN LEWENS- EN WêRELDBE= SKOUINGSLEER EN MENSLIKE SAME= LEWINGSVERBANDE
Pro Rege Potchefstroom 1963

TROOST, A., CASUISTIEK EN SITUATIE - ETHIEK
Drukkerij Libertas N.V. Utrecht 1958

VAN DEN BERG, D.J., VOLK EN STAAT
Roeping en Riglyne, Junie 1979

| | |
|---|---|
| **VAN DER VYVER, PROF. DR. J.D.,** | MENSEREGTE<br>I B C PU vir CHO 1974 |
| | DIE JURIDIESE SIN VAN DIE LEERSTUK VAN NATUURLIKE MENSEREGTE<br>Phil. Ref. Jaargang 31 Mei 1964 no. 11 |
| **VAN DER WALT, PROF. DR. S.J.,** | DIE MENS GODS BEELD<br>Koers Jaargang 30 no. 10 April 1963 |
| **VAN DER WALT, PROF. S.P.,** | GODS WET EN "DIE ANDER WET"<br>Pro Rege, Potchefstroom 1968 |
| **VAN HEERDEN, W.,** | SUID-AFRIKA SE BEVOLKINGSVRAAGSTUK: IS DAAR 'N OPLOSSING?<br>I S A P Akt. Reeks no. 1 |
| **VAN NIFTRIK, PROF. DR. G.C.,** | HET BESTAAN VAN GOD IN DE KENTERING VAN DEZE TIJD<br>J.N. Voorhoeve Den Haag 1971 |
| **VAN RIESSEN, DR. IR.H.,** | MONDIGHEID EN DE MACHTEN<br>Christelijk Perspectief DEEL XI 1967, T. Wever, Franeker |
| | DE MAATSCHAPPIJ DER TOEKOMST<br>T. Wever, Franeker, 1952 |
| | KNOOPPUNTEN DER MODERNE CULTUUR<br>Wattman Delft 1964 |
| | FILOSOFIE EN TECHNIEK<br>J.H. Kok N.V. Kampen 1949 |
| **VAN ROOYEN, J.H.P.,** | KERK EN STAAT<br>D.Phil. Proefskrif V R B Kleine der A 3 - 4 Groningen 1964 |
| **VAN SCHAKEL, M.W.,** | TUSSEN SCYLLA EN CHARYBDIS<br>A R S Jaargang 30 Kok Kampen 1960 |
| **VAN WYK, DR. J.A.,** | VERNUWING OF REVOLUSIE<br>N.G.K.B. Pretoria |
| **VENTER, PROF. DR. E.A.,** | WYSGERIGE TEMAS<br>Christelike Wysgerige Opstelle<br>Sacum Bpk. Bloemfontein |
| | GESAGSBESKOUING BY CALVYN MET |

VERWYSING NA DIE MODERNE PARLEMEN=
TêRE STAAT 1947

VERPLANKE, DR. C.J., "ART 36 OP DRIFT"
A R S Jaargang 34 no. 5 & 6
Mei / Junie 1964

VOLLENHOVEN, PROF. DR. D.H.Th., GESCHIEDENIS DER WIJSBEGEERTE
BAND I
T. Wever, MCML Franeker

INLEIDING IN DIE WYSBEGEERTE
(ISAGOGE PHILOSOPHIAE)
Kollegediktaat verwerk deur
J.A.L. Taljaard
Pro Rege Pers Bpk. Potchefstroom
1968

HET CALVINISME EN DE REFORMATIE
VAN DE WIJSBEGEERTE

WENTSEL, DR. B., DE KOERS VAN DE KERK IN EEN
HORIZONTALISTISCH TIJDPERK II
J.H. Kok B.V. Kampen 1972

WESSELS, DR. F.J.H., DIE OWERHEIDSTAAK DEEL I & II
D.Phil. Proefskrif U O V S 1957

GRONDSLAE VAN DIE VOLKEREG
T C W Jaargang 4 4de kwartaal1969

WIJSBEGEERTE EN LEVENS= PRAKTIJK, RED. H.J. en J.M. SPIER
J.H. Kok N.V. Kampen 1948

ZUIDEMA, PROF. Dr. S.U., COMMUNISME IN ONTBINDING
N.V. Gebr. Zomer & Kennings
Uitgev. Mpy Wageningen

OP DE TWEESPRONG - DE GEREFORMEERDE
KERKE EN DE WERELDRAAD VAN KERKEN
T. Wever, Franeker

COMMUNICATION AND CONFRONTATION
Assen/Kampen 1972

DE MENSCH ALS HISTORIE
T. Wever, Franeker 1948

DE REVOLUTIONAIRE MAATSCHAPPIJ=
KRITIEK VAN HERBERT MARCUSE

ZYLSTRA, A., TENZIJ: SCHRIFTUURLIJKE BEGINSELEN VOOR HET STAATSLEVEN Buijten en Schipperheijn Amsterdam 1950

ZYLSTRA, B., CHALLENGE AND RESPONSE: ADDRESS BEFORE THE NATIONAL CONVENTION OF THE CHRISTIAN LABOUR ASSOCIATION OF CANADA 1960 Snelgrove